# REGVERDIGMAKING EN DIE GEVOLGE DAARVAN

Friedrich De Wet (voel vry om my te kontak by fwdewetjr@gmail.com)

# Inhoudsopgawe


**1. Regverdiging vir regverdigmaking ... 4**

**Leerstellings is belangrik ... 7**

Leerstellings help om God beter lief te hê ... 9

Leerstellings help om jou naaste meer soos jouself lief te hê ... 9

Leerstellings bewaar van dwaling ... 12

**Werkswyse ... 13**

**2. Basiese konteks van Romeine ... 17**

**Romeine is God se woord ... 17**

**Die menslike skrywer ... 18**

**Die tyd van skrywe ... 21**

**Die ontvangers ... 21**

**Die doel ... 23**

**Die tema ... 24**

**Basiese oorsig ... 25**

**Die oorgang in argument ... 26**

**Die kosbare oorsaak en wonderlike gevolg ... 29**

**Deel A: Regverdigmaking ... 31**

**3. 'n Definisie vir regverdigmaking ... 32**

**Regverdigmaking is 'n forensiese deklarasie ... 32**

**Regverdigmaking is vir sondaars ... 36**

**Regverdigmaking is genade ... 37**

**Regverdigmaking is in Jesus se werk ... 39**

**Regverdigmaking is dubbele toerekening ... 40**

**Regverdigmaking is deur geloof alleen ... 43**

**Regverdigmaking is tot God se eer alleen ... 47**

**4. Skrif bewys regverdigmaking ... 49**

**Regverdigmaking is 'n Forensiese deklarasie ... 52**

Die hof situasie ... 52

Die Regter en sy karakter ... 55

Die standaard ... 60

Die uitspraak ... 67

**Regverdigmaking is vir sondaars ... 68**

**Regverdigmaking is genade ... 76**

**Regverdigmaking is in Jesus se werk ... 79**

**Regverdigmaking is dubbele toerekening ... 90**

**Regverdigmaking is deur geloof alleen ... 94**

**Regverdigmaking is tot God se eer alleen ... 106**

**Deel B: Hoop ... 108**

**5. Die gevolge van regverdigmaking ... 109**

**Die inhoud van die hoop ... 109**

**Die belewenis van die hoop ........ 120**
**Die sekerheid van die hoop ........ 131**

**6. Roem in God ........ 144**

**Appendix A: Jakobus 2:14-26 ........ 145**
**Ware sekerheid van saligheid ........ 147**
**Die nutteloosheid van 'n sê-so-geloof ........ 149**
**Die dwaasheid van 'n sê-so-geloof ........ 155**
**'n Ware geloof en sekerheid van saligheid ........ 159**

**Kontak die skrywer ........ 169**

## 1. Regverdiging vir regverdigmaking

Martin Luther het gesê dat die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof die artikel is wat bepaal of die kerk besig is om te staan of besig is om te val.[1] Deurdat hierdie leerstelling weer in die skrif ontdek is, na dit vir etlike jare deur die Rooms katolieke kerk bedek is, het daar lewe in die kerk gekom. Dit is in hierdie leerstelling waar die evangelie duidelik straal. Soveel so dat wanneer Paulus die rede gee waarom die evangelie God se krag tot redding is, sê hy: "Want die geregtigheid van God [regverdigmaking] word daarin [die evangelie] geopenbaar uit geloof tot geloof."[2] Wanneer die krag van God tot redding uit die kerk uitgehaal word, moet ons ook nie verwag om te sien dat mense se lewens verander om aan God eer te bring nie. So 'n kerk sal eerder weer gefokus raak om te roem in die goedheid van die mens as in God. So 'n kerk is besig om te val. Net so is dit ook vir elke individuele gelowige: Neem regverdigmaking as fondasie weg en die persoon stort terneer in 'n hopelose puin. Om 'n geloofslewe sonder regverdigmaking te probeer bou, is soos om in dryfsand te spartel; net 'n vaste fondasie sal vordering moontlik maak.

Hierdie leerstelling was duidelik vir Martin Luther van onskatbare belang. Regverdigmaking deur die geloof moet egter ook vir elke gelowige van onskatbare belang wees. Eintlik is dit tot so 'n mate van belang dat wanneer die inhoud van hierdie leerstelling nie bekend is nie, daar selfs twyfel kan wees of mens werklik 'n gelowige in die eerste plek is.[3] As regverdigmaking deur die geloof verlore is in die Christen se lewe, is die evangelie verlore. Daar is nie 'n ander evangelie as dit nie.[4] Dit is juis regverdigmaking wat die diepste verlange van die sonde-belaste hart bevredig.[5] Hierin alleen lê die gronde vir ons hoop.

Luther het hierdie stryd met die sonde en 'n swaar gewete goed geken. As 'n student van regte het hy goed verstaan wat God vereis wanneer die wet oortree word.[6] Tydens sy studies in regte het hy eenmaal 'n noue ontkoming in 'n storm gehad. 'n Weerligstraal het hom amper getref. In sy angs het hy uitgeroep na St. Anna om hom te red. As sy hom red, het hy gesê, sou hy sy lewe toewy om 'n monnik te wees. Teen die tyd was hy egter nog nie gered nie en het nie die evangelie geken nie. Hy was wel bewus daarvan dat hy 'n sondaar is en dat God regverdig is. Nadat hy die storm oorleef het, word hy toe 'n monnik in 'n Augustynse orde, een van die strengste ordes. Hier het hy dag en nag probeer om God se goedgunstigheid te wen. Hy het dae lank gevas. Om sy liggaam te bedwing, het hy homself gekasty. Hy het langer ure as al sy makkers gebid. As daar een monnik was wat sou hemel toe gaan as gevolg van sy goeie werke, as dit moontlik was, dan sou dit Martin Luther gewees het. Hy het so gereeld

---

[1] *Soos aangehaal deur Packer (2016:vii).*
[2] *Rom. 1:17.*
[3] *In Galasiërs 3:4-5 is Paulus bekommerd dat sy werk tot die Galate tevergeefs was omdat hulle die evangelie van regverdigmaking deur die geloof verruil het vir 'n redding wat deur hulle eie goeie werke van die wet bewerk word.*
[4] *Gal. 1:6-9.*
[5] *Sien White (2001:19)*
[6] *Kuiper (2007:160).*

vergiffenis van sondes gesoek deur dit te gaan bely, dat die vader van belydenis wat oor hom aangestel is, begin dink het dat Martin probeer om stokkies te draai van sy daaglikse werk.[7]

Tog, in al Luther se goeie werke kon hy nie rus kry vir sy gemoed nie. Sy gewete het hom die heeltyd aangekla. Die goeie werke waarmee hy gepoog het om God te behaag, het juis die teenoorgestelde effek gehad. In plaas daarvan dat hy voel sy saak met God kom reg, is hy net verder gedompel onder skuld en skaamte. Hoe kan hy voor ‘n regverdige God staande bly? In hopeloosheid het hy uitgeroep: “waar vind ek ‘n genadige God?”

Net so ook is dit met elke mens wat bewus is van sy sonde teen ‘n heilige God. Daar is geen skuilplek van Sy deurdringende oë nie; Hy sien tot in die hart en die gedagtes. Selfs ons beste werke is soos vuil lappe in sy oë. Ons kan onsself hoe mooi toedraai in die wit linne van ons goeie werke, maar wanneer God na ons kyk sien hy hoe die etter van ons sonde ook dié lappe deurdrenk.[8] Ons kan niks doen om ons sonde af te betaal en die skaamte daarvan te dek nie. Saam met Paulus moet ons uitroep: “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?”[9]

Vir Paulus kom die antwoord in Jesus Christus se geregtigheid wat aan hom toegereken word. Vir Luther het daar ook hierdeur lig gestraal vir sy donker gewete. Martin het uiteindelik besef wat “geregtigheid van God” in Romeine 1:17 beteken. Vroeër het hy gedink dat dit hier in Romeine beteken dit die eienskap van God waarmee hy sondaars gee wat hulle verdien, naamlik, die ewige oordeel. Nou het hy gesien dat die geregtigheid van God iets is wat van God af kom wat hy genadiglik aan sondaars gee. Dit is Jesus wat in hulle plek die wet volmaak gehoorsaam het en geregtigheid verwerf het. Deur geloof ontvang mens dan hierdie volmaakte geregtigheid as jou eie en God sien jou ook so – as volmaakte wetsgehoorsame.[10] Sproul (1998:94) sê van hierdie gebeurtenis:

> Once Luther grasped Paul’s teaching in Romans, he was reborn. The burden of his guilt was lifted. The crazed torment was ended. This meant so much to the man that he was able to stand against pope and council, prince and emperor, and, if necessary, the whole world. He had walked through the gates of paradise, and no one was going to drag him back.

Hierdie evangelie bring ook vir ons vandag ware vrede vir die belaste gewete en verseker vrye toegang tot God.[11] Daarom hou dit die individuele gelowige staande, maar ook die kerk.

---

[7] *Sproul (1998:84-85).*
[8] *Sien Jes. 64:6.*
[9] *Rom. 7:25.*
[10] *Sien MacArthur (1991:x).*
[11] *Soos ons sal sien in Rom. 5:1.*

Christene het nodig om kennis te dra van die omvang van regverdigmaking, want hulle val elke dag in sonde. Die wete dat ek gesondig het en dat God wat regverdig is, dit weet, bring veroordeling. Veroordeling laat 'n mens hopeloos. En 'n hopelose mens is een wat in die mag van Satan is: "want kom ons eet en drink maar, want môre gaan ons dood."[12] Wanneer die hopeloosheid mens beetpak, trek dit net verder af tot erger duisternis van die sonde. Daarop volg verdere veroordeling en maak die greep van hopeloosheid nog sterker tot 'n eindelose spiraal wat daal in die ewige verdoemenis in. Sonder die evangelie van regverdigmaking deur die geloof sal gelowiges net dieper en dieper in die sonde ingetrek word sodat daar nie eers 'n sigbare verskil tussen die kerk en die wêreld is nie. Enige gebou sonder 'n goeie fondament slaan krake en sink weg in die wêreld in. Gee dit net tyd en die gebou is gelyk met die grond.

Hoe gaan daar lewe en verandering onder gelowiges kom? Waarop sal ons fokus? Sal ons meer kuiers reël? Meer aktiwiteite organiseer wat gerig is op spesifieke ouderdomsgroepe? Die erediens meer vermaaklik inrig? Veroordeling op veroordeling op die mense fel (want miskien sal hulle harder werk as die vlamme van die hel hulle aanhits)? Sal ons 'n god verkondig wat so "lief" is vir sy kinders dat hy nie sonde in hulle lewens wil stop sit nie? Gaan ons ekstatiese geestelike belewenis op ekstatiese belewenis bewerk sodat mense daardeur verseker word dat hulle nog God se kinders is? Nee, die fokus moet elders wees.

Wanneer iemand se huis op dolomiet gebou is, kan die eienaar soveel polyfilla gebruik soos hy wil. Die ongelyke mure kan nie die gewig van die dak op hou nie. Vroeër of later sal dit 'n puinhoop wees. Hy kort 'n stewige fondasie. Wanneer 'n knie se kraakbeen weggeskaaf is, kan die rugbyspeler soveel pyndoders gebruik soos hy wil. Een of ander tyd gaan die bene verbrokkel. Hy kort 'n gesonde knie. Wanneer 'n sondaar hopeloos is, kan die mens soveel "geestelike aanvullings" neem soos hy wil. Die dood is al op die drumpel van sy hart; hy is 'n hartklop weg van die hel se poorte. Hy kort Jesus se geregtigheid.

Martin Luther se antwoord weergalm tot ons uit die eeue van geskiedenis tot vandag toe; dit eggo met Calvyn en resoneer met Jonathan Edwards; ons hoor die vibrasies daarvan in die groot ontwaking; dieselfde frekwensie klink in Spurgeon se prediking en word deur Lloyd-Jones beaam: Jesus se geregtigheid. Jesus as die gekruisigde bied 'n stewige fondasie waarop die gelowige voor God kan staan. Sy bloed kan werklik die swart gewete skoon sprinkel. Sy geregtigheid kan die skaam en naakte sondaar edel beklee.

Hierdie helde in die geloof het dit egter bely omdat hulle gesien het dat God dit in die Bybel leer. Ons word ook in hierdie kosbare evangelie onderrig wanneer Paulus aan die Korintiërs skrywe wat sy een doel was wanneer hy hulle besoek het: "ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en *Hom as gekruisigde*."[13] Paulus brei ook uit

---

*[12] Sien Horton (2011:617).*
*[13] 1 Korintiërs 2:2.*

oor wat hy bedoel met Jesus as gekruisigde. Jesus het aan die kruis gehang "Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word *geregtigheid van God* in Hom."[14] Hier sien ons wat Luther die "wonderbare ruiling" genoem het. Die gelowige se sonde word op Jesus gelaai aan die kruis en hy word hanteer as sondaar. Hy dra God se ewige oordeel en word vervloek in die gelowige se plek. Die gelowige ontvang Jesus se geregtigheid as sy eie en word daarvoor geseën met die ewige lewe. Die Seun word deur die Vader verwerp sodat die gelowige aangeneem mag word as kind van God. Dit laat ons saam met Mathetes, 'n Christen in die vroeë kerk, lofsing:

> He Himself took on Him the burden of our iniquities, He gave His own Son as a ransom for us, the holy One for transgressors, the blameless One for the wicked, the righteous One for the unrighteous, the incorruptible One for the corruptible, the immortal One for them that are mortal. For what other thing was capable of covering our sins than His righteousness? By what other one was it possible that we, the wicked and ungodly, could be justified, than by the only Son of God? O sweet exchange! O unsearchable operation! O benefits surpassing all expectation! that the wickedness of many should be hid in a single righteous One, and that the righteousness of One should justify many transgressors![15]

Ons kan met reg sê dat gesonde geestelike lewe, vir die gelowige en die kerk om staande te bly, in die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof lê. Hier moet die fokus wees. Dit is net wanneer 'n mens besef wat aan die kruis gebeur het dat die bose kringloop van veroordeling gebreek kan word en daar ware vryheid van die mag van sonde aanbreek. Die sekere hoop wat regverdigmaking deur die geloof bied is soos 'n magneet. Dit trek die gelowige uit die put van veroordeling, deur die dryfsand van moedeloosheid en op die weg om God al meer te ken en te geniet.

## Leerstellings is belangrik

Om regverdigmaking deur die geloof te verstaan is daar deeglike studie nodig. Die Bybel, God se Woord, moet ernstig bestudeer word. Daar moet kennis opgedoen word, want geloof is nie net 'n handeling nie, maar mens glo tog ook *in iets*. Geloof het 'n inhoud, met ander woorde. Hierdie inhoud moet verander hoe ons oor onsself dink. Dit moet verander hoe ons dink oor God. En hierdie opdrag is nie net vir teoloë, predikante, ouderlinge of pastore nie. Wanneer Jesus gevra word om die wet op te som, het Hy nie geantwoord: "*pastore* moet die Here hul God liefhê met hul hele hart en hul hele siel" nie. Hy het gesê "*jy* moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, hele siel *en jou hele verstand*."[16] Die persoon wat beweer dat dit nie belangrik is om die orgaan tussen die ore te aktiveer tydens aanbidding nie, is ongehoorsaam. Inteendeel, dit is liefdeloos teenoor God. Net so ook sal dit liefdeloos wees

[14] *2 Korintiërs 5:21.*
[15] *Soos aangehaal deur White (2001:20).*
[16] *Matt 22:37.*

van die “gewone” gelowige om te leef asof dit nie belangrik is om te ken en te verstaan wat God in die Bybel openbaar oor belangrike leerstellings nie.

Baie Christene kry koue rillings wanneer hulle die woord “leerstellings” hoor, maar leerstellings is belangrik. Dit moet egter aversie in ons hart wek as dit menslike versinsels is. Hoewel, as dit ‘n getroue uiteensetting is van dit wat God in die Bybel leer, moet ons dit nie kant toe stoot nie. Byvoorbeeld, daar is nie een ware Christen wat sal ontken dat Jesus God is nie. Dat Jesus God is, is ‘n leerstelling. Net so is dit ‘n leerstelling dat God drie-enig is. ‘n Leerstelling is nie maar ‘n mensgemaakte ding om weg te gooi nie. Sekerlik is dit ‘n menslike artikulasie, maar dit is ‘n artikulasie van dit wat God in die volheid van die Bybel oor ‘n saak leer. Hy sê nie noodwendig alles wat daar te sê is oor ‘n onderwerp elke keer wanneer Hy dit noem nie. Dit beteken wel nie dat dit onbelangrik is om deeglike kennis van die onderwerp te hê nie. Die blote feit dat God iets genoem het, beteken klaar dat dit belangrik is. *Want ons leef nie van brood alleen nie, maar van elke woord wat van God se mond af voortgaan.*

So is dit met die leer van die drie-eenheid, byvoorbeeld. Daar is nie een plek in die Bybel waar dit uiteengesit word dat binne die een Wese, wat God is, daar ewig drie gelyk in waarde en gelyk-ewige Persone, naamlik, die Vader, die Seun en die Heilige Gees bestaan nie.[17] Daar is wel talle tekste wat leer dat daar net een Goddelike wese is. Baie tekste leer dat daar drie onderskeie Persone is wat elkeen geïdentifiseer word as God. Menigte kere word dit geleer in die Bybel dat elke Persoon ten volle en ware God is. Daarom aanbid ons nie drie gode nie, maar een God. Ons aanbid nie net een persoon as God nie, maar drie. Ons aanbid hierdie drie Persone as elk ten volle God; die Vader is nie belangriker as die Seun en die Gees nie en omgekeerd.[18] So artikuleer ons God se waarhede sodat ons die inhoud daarvan beter verstaan en God beter kan aanbid, maar ook om teen dwaalleer te staan.

Wanneer ‘n getroude man sy vrou beskryf, is daar hoofsaaklik twee redes daarvoor. Dit is, in die eerste plek, om vir sy vrou te sê hoe mooi sy is. Hy sal vir haar vertel van haar skoonheid en wys hoedat hy dit geniet. Hy wil graag hê sy moet liefgehê voel. In die tweede plek sal hy vir ander mense vertel hoe kosbaar sy vrou is. Hy doen dit om sy vrou te onderskei van ander vroue. “Nee, dit is nie daardie een met so en so nie. Dit is die so en so een.” Op dieselfde manier is dit hoe ons leerstellings gebruik. Dit is, in die eerste plek, sodat ons nog beter vir die Here kan sê hoe lief ons vir Hom is (en ook dat ons werklik vir Hom lief is en nie een of ander versinsel van ons eie denke nie). In die tweede plek, is dit sodat ons self ‘n sekere saak beter kan verstaan sodat ons daarvolgens kan leef. Dit is ook sodat ons vir ander duidelik kan sê wat ons glo sodat hulle saam met ons deel kan kry aan die verlossing wat in Jesus is. Verder help duidelike leerstellings die Christen om valse leer te kan uitken, want as jy mooi weet hoe jou vrou lyk, gaan jy haar nie met ‘n ander een verwar nie.

---

*[17] Sien White vir die oorspronklike definisie in Engels (1998:26).*
*[18] Vir ‘n deeglike, maar eenvoudige uiteensetting asook bewys vanuit die Bybel aangaande die leer van die drie-eenheid, sien “the forgotten trinity” (White, 1998).*

### Leerstellings help om God beter lief te hê

Kyk maar hoe maak Paulus nadat hy een van die mees sistematiese uiteensettings gegee het aangaande die mens se redding in Romeine 1:18-11:32. Hy bars uit in lofsang!

> 33 O, DIEPTE van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! 34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? 35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? 36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Gesonde dogmatiek (dit is leerstellings) lei tot warm doksologie (om God te aanbid). Of dit is ten minste veronderstel om so te wees. Dogmatiek sonder doksologie is soos om 'n seilskip en kompas te hê, maar geen wind om jou by jou bestemming te bring nie. Dit gaan nie eindig om God werklik lief te hê nie. Dit is soos om die woorde te hê om jou vrou mee spesiaal te laat voel, maar nooit op die punt kom om dit vir haar te sê nie. Sy gaan nie geliefd voel nie. Dit is niks werd nie. Dit is liefdeloos. Net so ook is doksologie sonder dogmatiek sonder meer leeg. Dit is soos om dinge vir jou vrou te sê wat glad nie strekking op haar het nie. En wat sal dit nie afgee nie!? Dit is soos om 'n seilskip te hê met 'n magtige wind wat jou aandryf, maar geen benul hê waar jy wil wees nie en in die verkeerde hawe dok. Dogmatiek sonder doksologie is liefdeloos en so ook doksologie sonder dogmatiek. Ons wil die Here ons God nie liefhê met net ons hart nie. Ook nie met net ons verstand nie. Maar ons wil die Here ons God liefhê met ons hele hart, hele siel en hele verstand.

### Leerstellings help om jou naaste meer soos jouself lief te hê

Ons formuleer nie net leerstelling om God mee lief te hê nie. Want die tweede gebod wat daarmee gelykstaan om God lief te hê, is om jou naaste lief te hê soos jouself.[19] Jy moet jouself liefhê, maar ook ander rondom jou liefhê. Dit is 'n realiteit dat mense verewig vernietig sal word in die hel onder God se regverdige oordeel.[20] Liefde moet ons dryf om Jesus aan hulle te verkondig sodat hulle nie vir ewig verlore gaan nie as hulle in Hom glo.

Jesus roep die wêreld op om ag te slaan op hulle siele. Hulle moet ag slaan op dit wat goed is vir hulle: "Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?" Hulle moet om die beswil van hul eie siele Hom opsoek: "elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind."[21] Hiervoor is die inhoud van 'n mens se geloof van onskatbare belang. Dit is net die ware Jesus wat die weg, die waarheid en die lewe is. Daar is net een Seun van God waardeur ons toegang tot die Vader het.[22] As jy die verkeerde Jesus het, het jy die

[19] *Matt. 22:39.*
[20] *Open. 20:11-15.*
[21] *Sien Matt. 16-24-28.*
[22] *Joh. 14:6.*

verkeerde verlossing. Dit is soos om te gryp vir 'n tou wanneer jy val, net om met 'n brandpyn agter te kom dit is 'n slang waaraan jy vashou. So ook word daar baie valse leer verkondig wat met 'n ewige brandpyn pik. Ter wille van jou eie siel, soek die regte Jesus en die regte verlossing. Waarom sal jy die hele wêreld as tydelike bate win net om aan jou siel ewig skade te ly? Verloor nou eerder alles om Jesus vir ewig te kry.

Wanneer ek weet dat ek as individu 'n sondaar is en in gevaar van God se ewige en regverdige oordeel is, en weet dat Jesus verlossing bied, sal dit liefdeloos wees as ek stil bly. Want ek weet mos dat elke mens rondom my ook 'n sondaar is en daarom in gevaar van God se ewige en regverdige oordeel is.[23] Ek wil nie vir my buurman die verkeerde Jesus verkondig nie. Dis soos wanneer hy in dryfsand weg sink en in plaas van 'n tou gooi ek vir hom 'n dik, vet geelslang. Dit sal liefdeloos wees, want 'n valse Jesus pik soos die Satan self.

Daarom skryf, Judas (Jesus se broer, nie Iskariot nie) uit liefde aan "gewone" gelowiges: "stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is."[24] Hy vermaan hulle om ernstig en hard stryd te voer vir die inhoud van hulle geloof wat klaar geopenbaar is in Jesus en deur die apostels aan die kerk oorgelewer is. Hy doen dit, "Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat ... onse Here Jesus Christus verloën." Dit is so 'n ernstige saak vir Judas dat die gelowiges die ware inhoud van die geloof bewaar, aangesien hulle wat dit verwerp "die straf van die ewige vuur ondergaan."[25] Hy wil graag hê dat ander mense ook moet deel kry aan die verlossing wat hy in Jesus het. So moet dit ook met ons wees.

Nie net is die regte inhoud van ons geloof belangrik vir ons ewige saligheid nie, maar ook vir ons vreugde in hierdie lewe. Die Bybel is vol van die vreugde wat daarin is om God te ken en hom lief te hê. Dawid sê, "U is my Here, daar is vir my niks goed bo U nie."[26] Asaf roep uit, "Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie ... dit is vir my goed om naby God te wees."[27] Paulus bely dat in vergelyking daarmee om Jesus intiem te ken, alles anders nikswerd is.[28] Ons sien dat dit werklik vreugde en vervulling gee om God te ken. Selfs wanneer Jesus 'n definisie gee vir die ewige lewe is die fokus nie soveel oor die duur daarvan nie, maar eerder oor wat gebeur: Die ewige lewe is om God te ken.[29]

Ek vra altyd vir mense waar ons eendag die meeste vreugde sal hê. Is dit die hemel of die hel? Natuurlik is die plek waar ons die meeste vreugde sal hê die hemel. Verder vra ek hulle dan waarom dit die geval is. Dit is hier waar mense baie keer die kern mis en waarom dit nie

---

*[23] Rom. 3:19-20.*
*[24] Jud. 3*
*[25] Jud. 4-7.*
*[26] Ps. 16:2.*
*[27] Ps. 73:26 en 28.*
*[28] Fil. 3:8*
*[29] Joh. 17:3.*

deurslaan in hulle lewens nie. Die rede hoekom ons die meeste vreugde in die hemel sal hê, is nie omdat ons ons geliefdes weer gaan sien nie, alhoewel dit groot rede is om bly te wees. Die rede is ook nie dat ons vry gaan wees van al ons lyding nie, alhoewel dit iets is om na uit te sien. Die grootste rede is omdat ons God volkome gaan ken soos Hy ons ken.[30] Hierdie kennis is 'n intieme liefde. Dit is om in volle gemeenskap met God te leef, soos ons in Romeine 5:2 sal sien. Dit is waarvoor ons gemaak is.[31] Dit is ons vreugde. En ons gaan dit nie net eendag hê nie, ons kan reeds nou al meer daarvan beleef.

Paulus leer ook dat die Bybel juis vir hierdie rede gegee is. Dit is gegee om ons te onderrig in die gesonde leer, verkeerde leerstelling te weerlê, goeie werke uit te wys en wanpraktyke af te sê. Dit alles sodat die gelowige volkome toegerus te wees om God lief te hê met sy hele hart, siel en verstand.[32] Aan Titus sê Paulus ook dat kennis van die waarheid in ooreenstemming is met 'n godvrugtige lewe.[33] Dit is soos Paulus dit later verklaar dat die gesonde leerstellings juis mense dryf om hulself toe te wy aan goeie werke.[34] Gesonde leerstellings lei dus tot 'n gesonde lewe.

Verder is dit in so 'n gesonde lewe, om God en jou naaste lief te hê soos jouself, waarin daar groot baat lê en baie vreugde is. Om God se bevele uit te voer is ons kos. Terwyl Jesus se dissipels kos koop, het Jesus by 'n Samaritaanse put gaan sit. Hy het die Samaritaanse vrou vertel dat Hy die Messias is en sy het tot bekering gekom. Toe sy dissipels egter terugkom met kos en dit vir Jesus aanbied, sê Hy "Ek het voedsel om te eet waar julle nie van weet nie."[35] Dit was om Sy Vader se wil te doen. Daarom word ons ook geleer in God se wet "dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan."[36] So, om die bevele wat God gee, te gehoorsaam, is net so nodig vir ons geestelike welstand soos kos vir ons liggaam is. Jesus, na sy menslikheid, het hierdie goed geken. Hy wens dit ook vir sy dissipels dat "my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word."[37] Jesus se blydskap is om sy Vader lief te hê en sy dissipels vir wie hy sy lewe neergelê het. Jesus beveel ons om bly te wees, maar Hy leer ons ook hoe om dit te doen.

Een van hierdie belangrikste dinge wat Jesus ons leer sodat ons bly kan wees in Hom, is regverdigmaking deur die geloof. In Titus 3:7-8 lees ons dat Jesus verskyn het:

> sodat ons, *geregverdig* deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe. Dit is 'n betroubare woord, en ek wil hê dat jy hierdie dinge beslis

---

*[30] 1 Kor. 13:12*
*[31] Hand. 17:27.*
*[32] Sien 2 Tim. 3:16-17.*
*[33] Tit. 1:1.*
*[34] Tit. 3:8.*
*[35] Joh. 4:32 en 34.*
*[36] Deut. 8:3.*
*[37] Joh. 15:11.*

> bevestig, *sodat* die wat in God glo, sorg kan dra om goeie werke voor te staan; *dít is wat goed en nuttig is vir die mense.*[38]

Om leerstellings te ken, spesifiek ook regverdigmaking deur die geloof, is dus belangrik vir ewige redding, maar ook vreugde in hierdie lewe. Deur dit te ken en deeglik te verstaan wat die Bybel daaroor leer, sal goed wees vir jouself. Dit sal egter nie net goed wees vir jouself nie, maar ook vir jou naaste met wie jy dit deel. Dit sal liefdevol wees teenoor jouself en teenoor jou naaste om die rykdom van die evangelie te ontdek en verder te verken. Ons gaan juis sien watter implikasies die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof vir die gelowige se lewe het. Leerstellings is dus belangrik omdat dit ons help om God en ons naaste beter lief te hê. Om in hierdie waarhede te verdiep, groei mens, al besef mens dit nie eers noodwendig nie. Soos Donald Barnhouse, 'n pastoor wat elf jaar lank weeklikse uitsendings oor die brief Romeine gehad het, sê:

> A scientist may say that mother's milk is the most perfect food known to man, and may give you an analysis showing all its chemical components, a list of the vitamins it contains and an estimate of the calories in a given quantity. A baby will take that milk without the remotest knowledge of its content, and will grow day by day, smiling and thriving in its ignorance. So it is with the profound truths of the word of God.[39]

### Leerstellings bewaar van dwaling

Wanneer die gesonde leer ingedrink word, bring dit heilsame groei, maar wanneer valse leer ingedrink word bring dit onheilspellende verval. Die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof sal die gelowige van 'n menigte dwaallere beskerm. Natuurlik kan leerstellings self ook dwaling wees en daarom moet dit altyd aan die Skrif getoets word en vanuit die Skrif verkry word. Hierin was die Bereane vir ons 'n voorbeeld. Selfs toe die apostel Paulus by hulle aankom, het hulle hom getoets aan die Woord van God. Hulle het die Skrifte ondersoek en gevind dat dit werklik so is soos wat Paulus verkondig en gevolglik tot bekering gekom.[40] Ons moet op ons hoede wees teen dwaalleer. Jesus waarsku ons teen dwaalleraars. Paulus waarsku ons teen dwaalleraar, so ook Petrus en Judas. Ons sien die waarskuwings teen valse profete en hul boodskappe regdeur die hele Skrif.

In vandag se tyd kan mense geld maklik vervals. Daar is honderde maniere hoe geld vervals kan word en ook weer honderde merkies waaraan hulle getoets kan word. Om hierdie valse note egter uit te ken, is dit nie so effektief om elke keer elke nuwe valse noot te bestudeer nie. Mens kan 'n valse noot uitken, wanneer die regte een goed bekend is. Enige noot wat van die regte noot verskil, moet tog 'n vervalste een wees. Vandag is daar ook baie valse evangelies en valse weergawes van Jesus wat rondgaan. Dit is jammer dat baie mense verlei

---

[38] *Beklemtoning my eie.*

[39] *Soos aangehaal deur MacArthur (1991:xi).*

[40] *Hand. 17:10-12.*

word na allerhande vreemde kulte en sektes toe agter ‘n vreemde evangelie en ‘n valse Jesus aan. In hierdie valse kerke word die Christen se vryheid altyd weggeneem en die groep of die leier kry mag oor die mense. Die gesag skuif gewoonlik weg van die Skrif af na ‘n spesifieke groep of persoon toe. Die manier hoe genade ontvang word, word gewoonlik gekanaliseer deur ‘n ander middelaar of middel as Jesus, die enigste middelaar, en geloof die enigste middel. Wanneer ‘n slagoffer in die hande is van so ‘n valse leer, ly hy gewoonlik skade aan sy sak en aan sy lyf. Stories oor seksuele wanpraktyke is welbekend en finansiële uitbuiting is aan die orde van die dag. Ons moet onsself en ons naaste hiervan beskerm deur die ware evangelie goed te ken.

Soos die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof hanteer word, sal die evangelie duidelik straal. ‘n Menigte dwaallere sal aangespreek word wanneer die hart van die evangelie goed bekend is. Dit is hierdie leerstelling wat die mens aan Christus alleen bind, sonder enige bemiddeling van ‘n struktuur tussen die gelowige en Christus. Die verwydering van sulke mensgemaakte strukture bring ware vryheid vir die Christen. Dit is so dat wanneer die leerstelling van regverdigmaking deur geloof wegval, die Christen se vryheid daarmee saam val. Gevolglik is dit ryp grond vir dieselfde gruwels om mag oor mense te kry as wat die Roomse kerk uitgedink het. Sonder die vryheid wat die Christen in regverdigmaking deur geloof het, is die weg oop om weer ‘n slaaf gemaak te word van menslike tradisies.[41] Dit is daarom vir ons en ons naaste se Christelike vryheid belangrik om regverdigmaking deur die geloof te ken.

## Werkswyse

Tydens my jare op universiteit het ek soms langs vreemde mense in die eetsale vir geselskap gaan sit. Gesprekke begin gewoonlik om uit te vind in watter koshuis jy is of waarvandaan mens kom. Dit is net ‘n kwessie van tyd voor die gesprek uitloop op wat ‘n mens studeer. As ek “teologie” geantwoord het, het dit maklik gebeur dat ek die koue skouer gekry het. Daarom het ek ‘n meer interessante naam daarvoor gekies. Ek hou daarvan as mense probeer uitvis wanneer presies “geestelike ingenieurswese” ‘n studierigting geword het (want deesdae is dit maklik om te glo dat so ‘n ding tot stand sal kom). Ander het meer belang gestel in “langtermyn lewensversekering.” Ek het dan begin verduidelik hoe ons brûe bou om by mense se harte uit te kom. Of verduidelik hoedat daar ‘n manier is om, eerder as wat mens verseker is van geld na die dood, verseker te wees van lewe na die dood. Vinnig is die grap wel oor en probeer ek die gesprek na die evangelie toe stuur.

In die tyd was dit effektief gewees om die persoon sommer direk te vra waar hy gaan wees as hy vanaand te sterwe sou kom? In die hemel of in die hel? Dit kan tog maklik gebeur; niemand van ons is van lewe verseker nie. Dit is ‘n feit dat elkeen van ons sekerlik sal sterf. Soos ek hierdie gesprekke aangeknoop het, was dit baie min dat ek met ‘n ateïs te make gehad het.

---

[41] *Sien White (2001:14)*

Meeste van die studente was kerkgangers, is steeds in die kerk en was al daar van kleins af. Hier sit mense voor my wat al 20 jaar en langer in die kerk is. Die antwoorde was soms "ek gaan vir seker hel toe." Ten minste het die persoon besef dat hy 'n sondaar is en verdien God se regverdige oordeel. Maar ag, hoe hopeloos! Ander kere was die antwoord "ek weet nie. Ek hoop so; ek probeer my bes." Ag, hoe verward! Soms het ek die antwoord gekry "hemel toe, want ek is 'n goeie mens. Ek is darem nie so sleg soos die en die nie." Hoe mislei! Die meeste van hierdie studente is al hul hele lewe lank in 'n kerk en hulle ken nie die evangelie nie.

Aanvanklik was ek erg geskok. Ek kon nie verstaan hoedat mens in Christen kringe kan beweeg en nie die inhoud en implikasies van die evangelie ken en verstaan nie. Week na week onder prediking, onder toesig van ouderlinge in die huis van ouers – en die evangelie maak nie deel van hul kennis uit nie. Naderhand was dit nie meer 'n skok nie, want dit blyk die norm te wees in ons land. Nou is dit net 'n gevoel van jammerte. Soveel mense loop sonder hoop rond. Soveel mense is verward en soveel is verlei. Hulle spartel rond in die dryfsand van hul sonde en sink weg. Die evangelie, 'n helder ligbaken van hoop, 'n standvastige basis wat hulle weer staande kan maak, is wat hulle nodig het.

Daarom is die behandeling van die hierdie onderwerp vir my baie naby aan die hart. Dit het my lewe verander. Dit verander nog steeds my lewe. Regverdigmaking deur die geloof hou my staande en wanneer ek dit vergeet stort my lewe in duie. Ek weet dat hierdie evangelie nie net die oplossing vir my sonde probleem is nie, maar ook vir dié van elke ander mens. Dit wys vir my wie God is, wie ek is, dat ek hoop het om by God te mag wees en dat ek vir seker by Hom sal wees. Dit leer my van redding en gee vir my versekering dat ek deel daaraan het. Ek wens dat die waarheid hiervan elke mens tref en bly maak.

Veral skryf ek hierdie in Afrikaans, want Afrikaanssprekendes het dit ook nodig – broodnodig. Dit lyk vir my of daar nood is aan 'n getroue, maar eenvoudige verduideliking van die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof is. Daar is baie Engelse boeke waarna ek mense graag verwys, maar dit is tog so dat 'n mens beter in jou moedertaal verstaan (en teologiese Engels is aanvanklik baie vreemd). Daarom skort daar 'n toeganklike werk in Afrikaans wat hierdie leerstelling getrou en eenvoudig verduidelik vir die "gewone"[42] gelowige.

Met "getrou" word bedoel dat ek wil bly by wat die Bybel sê. Ek wil die betekenis kry wat die Bybel leer en nie my eie in forseer nie. God het al die kos wat die skape nodig het in sy Woord gepak en gegee om sy skape te voed. Daarom wil ek hulle voed met die regte kos en nie my eie menslike, dwase wysheid volg nie. Hiervoor, om getrou te bly aan wat God sê, verwys ek hoofsaaklik na meer letterlike vertalings van die Bybel. Dit is omrede die doel van sulke

---

[42] *Ek bedoel die persoon wat nie teologiese opleiding het nie, maar steeds ook die plig het om God lief te hê met sy hele verstand.*

vertalings is om so min as moontlik te interpreteer. Die gevolg is wel dat dit soms lomp en moeilik lees. Dit verg meer inspanning, maar die vrug is dat mens deegliker studie doen van wat God werklik sê en nie maar net wat mense dink nie. Hier moet ons die voorbeeld van die Bereane onthou.[43]

Soos ons deur Romeine 5:1-11 werk, gaan ek hoofsaaklik die Ou Afrikaanse Vertaling (1933/33; OAV) gebruik. Dit sal goed wees om die gedeelte en betrokke verse in ander vertalings na te gaan. Soms sal ek Engelse vertalings gebruik indien dit lig werp op 'n sekere onderwerp. Ons moet egter onthou dat vertalings presies dit is – *vertalings* van die Bybel. En dit is nie moontlik om te vertaal sonder om te interpreteer nie. Soos die Italiaanse slagspreuk sê, "traduttore – traditore!" Dit beteken "Vertaler – Verraaier!" Natuurlik is dit, eg Italiaans, 'n oordrywing met dalk 'n titsel te veel passie dat dit verkeerd verstaan kan word. Ons vertalings verraai ons darem nie. Ons vertalings is God se woord in so verre dit ooreenstem met die oorspronklike geïnspireerde tekste. Ons moet wel onthou dat dit vertalings is en dienooreenkomstig moeite doen om vas te stel of vertalings ooreenstem of nie en as hulle verskil, uitvind waarom hulle verskil. 'n Punt van verskil tussen goeie vertalings sal 'n aanduiding wees dat 'n belangrike punt van interpretasie nagespeur moet word.

Hier en daar sal ek egter van die OAV vertaling afwyk en my eie vertaling gee soos ons deur die teks werk. Wanneer dit gebeur sal ek aandui waar ek van die OAV afwyk en 'n verduideliking gee. Verder verwys ek na belangrike Griekse woorde, omdat ek dink dit kan die leser baat. Dit is aangesien ons so na as moontlik aan die geïnspireerde tekste wil bly. Wanneer ek na die Grieks verwys, doen ek dit wel nooit sonder om dit te verduidelik nie en ek gee ook die Strong's dictionary nommer van die woord sodat die leser dit self kan nagaan.[44]

Ons kan egter nie net na individuele woorde kyk en verwag ons gaan weet wat hulle beteken nie. Woorde moet in hul konteks gelees word. Daarom sal ons vers vir vers en soms woord vir woord beweeg deur Romeine 5:1-11. Elke woord moet in die konteks van sy vers gelees word en elke vers in die konteks van sy paragraaf. Elke paragraaf moet ook in die konteks van die res van die brief gelees word. Ons sal dus stadig beweeg, maar deeglik, sodat ons kan sien dit regtig is wat God leer en nie menslike tradisie nie.

Met eenvoudig word nie bedoel afgewater nie. Dit beteken nie dat dit maklik gaan wees om te verstaan en sonder diepte sal wees nie. Ek gaan steeds die konsepte wat moeilik is om te verteer, uitlig en selfs die vinger daarop hou. Verder gaan ek daarna streef om die waarhede wat ingewikkeld is, te verduidelik. Dit beteken, waar nodig, ek nie teologiese terme gaan vermy nie, maar dit sal verduidelik. Ek sal nie verval in Griekse grammatika waarvan die algemene persoon nog nie gehoor het nie. Daarvoor gee ek voetnotas as iemand dit wil

---

[43] *Lees Hand. 17:10-15.*

[44] *Op die internet is daar vrye toegang om die woordeboek definisies te kry. Hier is een voorbeeld van so 'n webtuiste: http://studybible.info/strongs. Strong's numbers is ook beskikbaar op meeste bybel sagteware.*

nagaan vir verdere studie. Waar dit egter nodig is om grammatika te verduidelik, sal dit vanuit Afrikaans en Engels demonstreer word. Die "gewone" gelowige het ook die kapasiteit en die plig om die waarheid te ken en te verstaan. Dit is my taak om daarmee te help. Sit daarom jou konsentreer-keps op en span jou dink-varkies in soos jy deur hierdie boek werk. Dit gaan nodig wees.

In Romeine 5:1a gaan ons leer dat ons rede het om te hoop. Die rede vir hoop is regverdigmaking deur die geloof. Hieraan sal ons die meeste van ons tyd spandeer om vanuit die Skrif deeglik te wys wat die Here hieroor leer. In die res van Rom. 5:1-11 gaan ons sien wat die gevolge van regverdigmaking deur die geloof is. Daarom, as gevolg van regverdigmaking deur die geloof, gaan ons in 5:1b-2 leer wat die inhoud van die hoop is. Die inhoud is, naamlik, volle vreugde in volle gemeenskap met God. Dit is hierdie hoop wat 'n mens dryf om anders te leef. In 5:3-4 sien ons dat die gelowige nie net rede het om te hoop nie, nie net die inhoud van die objektiewe hoop ken nie, maar dit ook subjektief beleef. Die Here werk ook in sy kinders om hulle te verseker dat hulle werklik deel het aan die wonderlike verlossing wat daar in Jesus is. Verder leer ons in 5:5-10 dat God nie die gelowiges oorlaat aan hulself om aan te hou glo totdat hulle eendag aan die inhoud van hulle hoop deel kry nie. Hier wys die Here vir ons *dat* en *hoekom* hy gelowiges in die geloof hou. Die Vader maak seker dat nie een van sy kinders verlore gaan nie. Hier vind ons groot troos daarin dat God volkome red. In 5:11 sluit ons af om in God te roem wat alles gee en doen vir verlossing. Hy moet al die eer kry en ons wil dit vir Hom gee.

Kom ons wei soos honger skape in die Goeie Herder se milde weivelde. Kom ons myn soos geldgieriges in die skatte van God se Woord in. Soos pasgebore babatjies smag na melk, laat ons ook só smag om die evangelie in te drink. Kom, en soos leergierige dissipels laat ons Jesus se leringe bestudeer.

## 2. Basiese konteks van Romeine

Die brief aan die Romeine is ‘n wonderlike geskenk aan gelowiges. Deur die eeue heen het die Here juis hierdie boek in die Bybel gebruik om die evangelie helder te laat skyn vir sy kinders. Omdat die Here se Woord ewig geldend bly, gryp Hy vandag nog sy kinders aan met die duidelike uiteensetting van die evangelie hierbinne. Romeine is ‘n myn van teologiese rykdom, maar ook eenvoudig genoeg dat kinders die melk daarvan kan drink en groei. John MacArthur, ‘n welbekende pastoor wat die Skrif getrou uitlê, sê van die brief:

> Romans will delight the greatest logician and captivate the mind of the consummate genius, yet it will bring tears to the humblest soul and refreshment to the simplest mind. It will knock you down and then lift you up. It will strip you naked and then clothe you with eternal elegance.[1]

Martin Luther het ook gesê:

> Romans is worthy not only that every Christian should know it word for word, by heart, but occupy himself with it every day, as daily bread for the soul. It can never be read or pondered too much, and the more it is dealt with the more precious it becomes, and the better it tastes[2]

Hoewel ons nie die hele brief gaan bestudeer nie, net 3:19-28 en 5:1-11, is dit steeds belangrik om ‘n oorsig van die brief en die konteks te hê. Konteks is belangrik, want soos Don Carson sê “a text without a context becomes a pretext for a prooftext.”[3] Wanneer ‘n teks vanuit sy konteks losgeskeur word, kry mens alle rede om dit te gebruik om enigiets daarmee te bewys. Ons hoef nie baie lank te dink om ‘n voorbeeld hiervan te kry nie. Almal het sekerlik al gesien hoe iemand een versie gebruik om alles wat hy sê te bewys en te regverdig. As die versie egter in sy konteks gelees word, is dit duidelik dat wat die persoon sê, nie dieselfde is wat God sê nie. Ons wil nie ook onsself daaraan skuldig maak nie.

### Romeine is God se woord

Ons moet onthou dat wanneer ons Romeine lees elke woord daarvan, selfs die lidwoorde, God is wat met ons praat. Elke woord is ten volle God se woord. As daar enigiemand is wat God se stem wil hoor, laat hom die Bybel oopmaak; As daar enigiemand is wat wil hê God moet met hom praat, laat hy luister na dit wat in hierdie 66 boeke staan. Wanneer God praat moet ons luister, ons durf nie ‘n dowe oor vir hom gooi en hom ignoreer nie. God is gesagvol en sy Woord het dieselfde gesag as hy self. Dit is omrede God se woord presies gelykstaan met homself en dit wat hy is. Hy kan nie ‘n valse beeld van homself voorhou nie en ook nie

---

[1] *MacArthur (1991:xi).*
[2] *Soos aangehaal deur Moo (1996:22).*
[3] *Carson (1996:115).*

lieg nie. Ook omdat God nie kan lieg nie, kan hy nie op een plek iets sê en op ‘n ander plek die teenoorgestelde leer nie. Hy kan nie homself weerspreek nie. Ons weet ook dat God perfek is, geen verandering ondergaan nie en self geen foute maak nie. Omdat die Bybel God se woord is, weet ons dat die moontlikheid nie eers bestaan dat God ‘n fout maak nie en ook dat daar dan werklik nie eers ‘n fout in die Bybel is nie. God se woord is dus gesagvol, sonder teenstrydigheid, onfeilbaar en foutloos. Dit is as gevolg van hierdie kennis dat ons met ontsag die boek van Romeine moet nader.

## Die menslike skrywer

In Rom. 1:1 lees ons dat Paulus die menslike outeur van Romeine is. Daar is geen dispuut oor die outeurskap van Romeine nie.[4] Dit word algemeen aanvaar dat Paulus die skrywer van die brief is. Dit is hierdie selfde Paulus wat vroeër ‘n vername fariseër asook ‘n vervolger van die kerk was.[5] Hy het by die voete van Gamaliël, een van rabbi Hillel se dissipels, gesit.[6] Deur sommiges is Gamaliël “die skoonheid van die wet” genoem, omdat hulle van mening was dat hy in sy persoon die wet so perfek uitgestraal het.[7] Gevolglik, wanneer Paulus noem waarop hy vroeër geroem het, toe hy nog nie gered was nie, sê hy dat hy, volgens die Fariseër tradisie, die wet volmaak gehou het. Daar kan nie aanklag teen hom gebring word nie. Hy was onberispelik.[8] So het Paulus dan, toe hy nog nie vir Jesus geken het nie, op sy eie werke van die wet staat gemaak om gered te word:

> As iemand anders meen dat hy op die vlees kan vertrou, ek nog meer. Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, ’n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, ’n Fariseër; wat ywer betref, ’n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik.[9]

Paulus weet dus baie goed hoe die Jode oor die wet dink en hoe hulle dit verkeerd gebruik. Hy ken dit persoonlik. Na die Here hom op die Damaskus pad gered het, praat hy egter in ‘n ander trant oor die wet:

> Want ek getuig van hulle [die Jode] dat hulle ’n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.[10]

---

[4] *Murray (1997:xiii).*
[5] *Fil. 3:5-6.*
[6] *Hand. 22:3.*
[7] *MacArthur (1991:xiii).*
[8] *Fil. 3:6.*
[9] *Fil. 3:4-6.*
[10] *Rom. 10:2-4.*

Gereeld in Paulus se briewe sien ons hoedat hy die verkeerde gebruik van die wet afwys.[11] Die Jode het probeer om die wet te gehoorsaam sodat hulle hul eie staanplek voor God kan verdien. Hulle wou hulleself regverdig deur die werke van die wet. Hierteen skryf Paulus dat ‘n mens die wet wettiglik moet gebruik. En een so ‘n wettige gebruik is om vir mense te wys dat hulle sondaars is en in nood is van die Verlosser.[12]

Paulus noem dat die wet ‘n tugmeester na Christus toe is.[13] ‘n Tugmeester was ‘n slaaf wat se een werk was om ‘n behoorlike oorveeg uit te deel. Hy is aangestel oor ‘n kind om hom te foeter as hy ongehoorsaam is. Praat van ‘n onpopulêre vent! Volgens hierdie metafoor is die wet dan veronderstel om die mens te foeter elke keer as hy dink hy kan homself red. Die wet moet die mens so slae gee dat hy na Jesus toe hardloop vir redding.[14] Die mens moet sy staansreg voor God op ‘n ander plek as in sy eie goeie werke soek. Hy moet sy skaamte nie met sy sonde bevlekte goeie werke probeer dek nie. Hy moet ‘n bedekking vir sy skaamte buite homself soek. Dit vind hy net in Christus Jesus. Jesus beklee naakte sondaars met Sy geregtigheid. Die wet moet die sondaar daarna dryf.

Paulus ken die verkeerde gebruik van die wet eerstehands en weet daarom ook hoe om dit te weerlê. Hiervan gaan ons in Romeine baie sien wanneer ons regverdigmaking deur die geloof bestudeer. Verder sien ons dat hierdie Paulus, wat ‘n Hebreër van Hebreërs is, deur Jesus afgesonder is om ‘n sendeling te word vir die heiden nasies.[15] Paulus was ‘n pionier sendeling. Hy moes die evangelie gaan verkondig waar dit nog nie voorheen gehoor is nie. Hy moes Jesus as die fondament lê en nie op iemand anders se fondasie bou nie.[16] Wanneer ons hierdie in gedagte hou, sal dit ons beter help verstaan wat Paulus gedryf het om die brief aan die Romeine te skryf. Dit het daarom ‘n invloed op hoe ons die doel van die brief verstaan.

Hiervoor, sy sending taak, was Paulus goed onderlê. Hy is baie vaardig in die taal wat regoor die wêreld gepraat is, naamlik, Grieks. Hy ken filosofie en is selfs so goed belese dat hy heidense skrywers kan aanhaal.[17] Die feit dat hy ‘n Romeinse burger is, het dit vir hom vergemaklik om rond te toer.[18] Al hierdie dinge het Paulus uiters bekwaam gemaak om vir die Jood ‘n Jood te word en vir die Griek ‘n Griek, sodat hy in alles wat hy doen sommige mense kan red.

---

[11] *Galasiërs en 2 Kor. 3 is goeie voorbeelde hiervan.*
[12] *1 Tim. 1:8-11; Rom. 3:20.*
[13] *Gal. 3:24.*
[14] *Dit is natuurlik nie al waarvoor die wet gebruik word nie. Dit is wel een gebruik wat goed vasgelê moet word. Die wet moet ook gebruik word om gelowiges nou te leer hoe om God lief te hê. Die wet leer ons dan nie net dat ons nie onsself kan red nie, maar ook hoe ons, noudat ons gered is, God kan liefhê. Kyk byvoorbeeld hoe Paulus oor die wet in ‘n positiewe lig praat in Gal. 5:22-23 en Rom. 13:8-10.*
[15] *Hand. 26:17.*
[16] *Rom. 15:20 en 1 Kor. 3:10.*
[17] *Sien Hand. 17:28 en Tit. 1:12.*
[18] *Hand. 22:25.*

Sy agtergrond het hom egter nie net bekwaam gemaak om die evangelie duidelik te verkondig nie, maar ook om geskille binne die gemeentes tussen die mense in die kerk wat van verskillende geloofsagtergronde kom, op te los. Omdat hy beide Jode en bekeerlinge uit die heidendom ken, het hy ook baie wysheid daarin gehad hoe die evangelie hul gedrag behoort te bepaal wanneer hulle aan sake raak wat iemand se gewete pla. Hierdie sien ons, byvoorbeeld, in Romeine 14 wanneer daar geskille oor kos, drank en heilige dae is.

Paulus het sy gawes wat hy van die Here ontvang het met groot ywer aangewend vir sy Koning. As 'n gesant van Jesus het hy die Christus se koninkryk verkondig oral waar hy gegaan het. Paulus het geleef as 'n burger van Jesus se koninkryk. Hy leer ook die gelowiges deur woord en daad hoe 'n burger van die Koninkryk homself moet gedra in die gemeente, in die wyer gemeenskap en ook teenoor die staat. Hierdie pak Paulus veral in Romeine 12-16 uit. Ons moet net onthou dat wanneer mens vrede met God verklaar, verklaar mens tegelyk vyandskap met die wêreld.[19] Dit is nie moontlik om 'n burger van twee koninkryke gelyktydig te wees nie.[20] Mens kan nie twee here dien nie. Daarom, toe Paulus hom begin beywer vir die koninkryk van die lig, het hy baie weerstand gekry van die koninkryk van die duisternis. Paulus het geweldig gely vir die evangelie:

> Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na. Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring — dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders; in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid. Behalwe dit alles my daaglikse bekommernis, die sorg vir al die gemeentes.[21]

Terwyl ons Romeine lees moet ons hierdie geloofstryd wat Paulus het, sowel as alle ander gelowiges, konstant in gedagte hou. Jesus het dit aan sy dissipels belowe, dat as hulle Hom, wat die Leermeester is, vervolg het, hoeveel te meer sal hulle nie sy dissipels vervolg nie.[22] Daarom kan Paulus, wat deur sy voorbeeld lei, ook aan sy seun in die geloof, Timotheus, sê: "En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, *sal* vervolg word."[23] Vervolging is 'n realiteit vir gelowiges. As 'n herhalende tema deur die brief sien ons hoe Paulus teenstand kry en die evangelie moet verdedig teen aantygings wat daarteen ingebring word.[24] Ons gaan veral hierdie tema van lyding in Romeine 5:3-4 teëkom.

---

[19] *Jak. 4:4.*
[20] *Matt. 6:24*
[21] *2 Kor. 11:24-28.*
[22] *Joh. 15:20.*
[23] *2 Tim. 3:12 (klem is my eie)*
[24] *Sien byvoorbeeld Rom. 3:3 en 31, 6:1 en 15.*

## Die tyd van skrywe

Die tyd van die skrywe is belangrik om te bepaal wat die samestelling van die gemeente was in Rome. Was dit net Jode? Was dit net heidene? Of was dit gemeng? Die gehoor aan wie Paulus se brief bedoel is, sal implikasies hê vir die verstaan van die woord "wet" en "onder die wet" in Romeine. Die rede waarom die tyd van die skrywe sal bepaal wie die gehoor is, is omdat keiser Claudius al die Jode uit die stad verdryf het.[25] Keiser Claudius het toe in 54 n.C. gesterwe.[26] Gevolglik, vanaf 54 n.C. was dit vir Jode weer moontlik om terug te keer na Rome.[27] In die jaar 64 n.C. het daar weer groot vervolging van die kerk uitgebreek onder die regering van keiser Nero.[28] In die middel hiervan is daar 'n spasie van 12 jaar waarin die kerk relatief rustig kon groei in gemeenskap van gelowiges en onder die geklank van prediking. Dit is in hierdie tyd wat die brief na die Romeine toe kom. Belangrike implikasies hiervan, wat ons in aanmerking moet neem soos ons deur die brief werk, is dat die gemeente in hierdie tyd ook uit Jode kon bestaan.

Paulus het die brief tydens die einde van sy derde sendingreis geskryf. Hy was op pad Jerusalem toe om aalmoese wat hy in Griekeland en Macedonië ontvang het, vir die armes in Judea uit te deel. Hy het in Korinte oorgebly vir 'n tydperk van 3 maande (Hand. 20:2-3) in ongeveer 57 AD.[29] Dit is waarskynlik dat hy die brief in hierdie tydperk aan die Romeine geskryf het. Ons vermoed so, want Paulus noem dat hy tuis gaan by Gaius (Rom. 16:23); Gaius was 'n inwoner in Korinte wat deur Paulus gedoop is (1 Kor. 1:14). Verder noem Paulus ook dat Priscilla en Aquila die Romeine moet groet (Rom. 16:3). Ons lees in Handelinge 18:2 dat Paulus hulle raak geloop het in Korinte toe die Jode onder Claudius moes vlug. Dit bevestig vir ons dat Romeine geskryf is in die tydperk van 12 jaar waar daar relatiewe vrede in Rome was vir die gelowiges. Ons moet dan onthou dat dit moontlik is dat die gemeente uit beide Jode en heidene kon bestaan.

## Die ontvangers

Soos vroeër genoem, is daar implikasies vir hoe ons die samestelling van die gemeente sien. Veral, en die belangrikste, is hoe ons dit verstaan wanneer Paulus na "wet"[30] en "onder die wet"[31] verwys. Dit is daarom belangrik om te weet met wie Paulus praat sodat ons beter kan verstaan hoekom hy sekere dinge sê asook hoe hy dit sê. Met wie jy praat het 'n beduidende invloed op hoe woorde verstaan word. As ek vir die handelaar by die mark vra: "gee my 'n wortel" gaan dit vreemd wees as hy reageer met "die wortel van vier is twee." So ook wanneer ek in 'n wiskunde klas sit en die juffrou vra my "gee my die wortel van vier" en ek haal uit my

---

[25] *Jonker (1976:13).*
[26] *Cavendish (2004).*
[27] *Hays & Duvall (2011:742).*
[28] *Kuiper (2007:8)*
[29] *Volgens Moo (1996:ad loc.) is die jaar 57 n.C. mees waarskynlik, alhoewel 'n jaar of twee beide kante toegevoeg mag word.*
[30] *Byvoorbeeld Rom. 3:19-20.*
[31] *Byvoorbeeld Rom. 6:14*

tas ‘n helder oranje wortel met die nommer vier ingekerf uit my sak uit. Dit is dieselfde woord, maar die konteks dui vir my spesifiek aan watter betekenis van die moontlikhede van wortel bedoel word. Daarom is dit belangrik om die konteks van die brief aan die Romeine ook reg te hê.

In die tyd toe Paulus die brief aan die Romeine gestuur het, was die samestelling van die gemeente[32] gemeng. Die gemeente het bestaan uit beide Jode en heidene.[33] Dat daar Jode in die gemeente was, is seker. In Romeine 16:3 vra Paulus dat Priscilla en Aquila gegroet moet word. Ons weet dat ten minste Aquila ‘n Jood was.[34] Verder word Andronicus, Junias en Herodion, wat stamgenote van Paulus was, ook gegroet.[35] Dit beteken hulle is van dieselfde volk as Paulus afkomstig, en Paulus was ‘n Jood. Ons gaan nie vanuit die argumente in Romeine probeer bewys dat daar wel Jode was nie, want ons sal eerder uit die duideliker tekste werk en vandaar na die minder duideliker tekste gaan.[36] Bogenoemde bewyse is genoegsaam om te staaf dat daar wel Jode teenwoordig was.

Die gemeente het egter nie net uit Jode bestaan nie, maar ook uit bekeerlinge van die heidendom. Deur eenvoudig te kyk wie gegroet word in Romeine 16 is dit genoegsaam om te weet dat heidene ook in die gemeente teenwoordig was. In Romeine 11:13 word daar ‘n direkte opdrag en waarskuwing aan die heidene in die gemeente gegee. En dit is dat hulle moet let op die gevolge van ongeloof in die voorbeeld van Israel wat ongelowig geword het. In Romeine 15:1-13 word die gemeente aangemoedig om eensgesind te wees. Paulus doen dit deur te verwys dat Jesus gesterf het om, in die eerste plek die verbond met die Joodse vaders te bevestig. Asook, in die tweede plek, dat dit vervulling van ‘n hele rits profesieë aangaande die heidene is. Hulle sal almal saam, Jood en heiden, God dien. Dit is wat die gemeente in Rome moet doen, hulle as Jode en Heidene, moet God eensgesind saam dien. Die gemeente het dus uit ‘n gemengde groep van Jode en bekeerlinge uit die heidendom bestaan.[37]

Wanneer ons dus met tekste werk soos “wet” en “onder die wet” moet ons nie te vinnig wees om aan te neem dat Paulus net met Jode praat nie. Die nabye konteks binne die konteks van die res van die brief sal moet bepaal hoe sulke woorde en frases gelees behoort te word.

---

[32] *Of dit een gemeente of meer was in nie nou ter sprake nie.*
[33] *Natuurlik Jode en heidene wat tot geloof gekom het met hulle kinders. Met heidene word bedoel mense wat vroeër nie die God van Israel aanbid het nie. Hulle was oor die algemeen afgodsdienaars. Hulle het egter nou tot geloof gekom in die een ware God wat homself in die Ou Testament openbaar het.*
[34] *Hand. 18:2.*
[35] *Rom. 16:7, 11.*
[36] *Hierdie is een van die belangrikste hermeneutiese beginsels. Hermeneuse gaan daaroor om eerder die betekenis vanuit die teks te kry as om daarin te lees wat jy graag wil hê dit moet beteken. Hermeneutiese beginsels begelei ons dan om eerder te hoor wat die Here sê as wat ons wil hê Hy moet sê. Hierdie beginsel vorm deel daarvan dat die Bybel homself verklaar. Omdat God die Bybel geïnspireer het, is daar nie teenstrydigheid nie. ‘n Duidelike teks mag dan ‘n minder duideliker teks verklaar, juis omdat dit nie in stryd kan wees wanneer dit oor dieselfde onderwerp praat nie. Sien Sproul (2009:51-53) en Kaiser & Silva (2007:71-72).*
[37] *Die meerderheid kommentatore stem hiermee saam (Moo, 1996:ad loc.).*

## Die doel

Die rede waarom Paulus die brief geskryf het, is tweeledig. In die eerste plek weet ons dat Paulus, die pionier evangelis, graag in Spanje ook die evangelie wou verkondig (Rom. 15:23-24). Die evangelie is op daardie stadium nog nie in Spanje gehoor nie. Tot dusver het die gemeente in Antiochië Paulus ondersteun in sy sendingwerk. Spanje is egter te ver sodat Paulus prakties ondersteun kan word deur daardie gemeente. Daarom het Paulus 'n nuwe gemeente benodig om sy sendingwerk te ondersteun. Ons sien in Rom. 15:24 dat Paulus aangehelp wil word deur die gemeente in Rome. Paulus het dus hierdie brief aan die gemeente in Rome geskryf om homself bekend te stel. Hy het die evangelie baie sistematies uiteengesit in hierdie brief sodat dit wat hy verkondig, duidelik sigbaar kan wees vir die Romeine. Sodoende kan die Romeine 'n duidelike beeld hê van wie hierdie Paulus is wat hulp van hulle vra. Moontlik was dit ook om sommige lasterlike stories wat mense teen Paulus aangebring het, te bekamp (Rom. 3:8). Hier is weer die tema van Paulus se lyding en vervolging wat hy beleef. Hy is telkemale al belaster deur dwaalleraars en omdat sulke beswadderinge sy verkondiging van die evangelie kan beïnvloed, is dit nodig dat hy dit regstel.[38]

Die tweede rede waarom Paulus die brief geskryf het, was om sekere probleme wat teenwoordig in die gemeente was, aan te spreek. Omdat die evangelie 'n vervulling is van die Ou Testament is daar gereeld vrae rakende die wet en sekere dwaallere wat uit versteurings van die wet ontstaan. Omdat die nuwe verbond die vervulling van die ou verbond is, is daar vrae rakende die volk wat verbind was aan die verbond.[39] Vrae of God dalk nie sy beloftes aan Israel gehou het nie moet aangespreek word.[40] Verder is dit byvoorbeeld geskille oor kos en godsdienstige dae (Rom. 14:1-15:13); oor vrae of die heidense owerheid gehoorsaam moet word (Rom. 13:1-7); praktiese maniere hoe Christene hulle behoort te gedra in die kerk en in die samelewing (Rom. 12).

Paulus het dus nie net 'n dissertasie geskryf om sy leer aan die Romeine bekend te maak nie. Hy het ook op 'n pastorale vlak 'n brief aan hulle geskryf sodat die evangelie wat hy verkondig hulle denke vernuwe en hul lewens verander. Paulus se lewe, sy praktiese toepassing van die evangelie, word gevolglik ook aan hulle bekend. Sodoende is Paulus besig om die gemeente toe te rus sodat hulle hom verder kan help in sy roeping om die evangelie oor die hele wêreld bekend te maak.

---

[38] *Die hele brief 2 Korintiërs is 'n voorbeeld hiervan.*
[39] *Byvoorbeeld Rom. 3:1.*
[40] *Hierdie sien ons veral in Rom. 9:1-11:32.*

## Die tema

Met tema word bedoel een sentrale gedagte waarby alle of meeste fasette van die brief kan inpas. As tema van die brief, om nie te verval in komplekse en fyn genuanseerde argumente nie, stel ek eenvoudig voor dat dit eenheid met Christus is. Eenheid met Christus is 'n belangrike konsep in Paulus se denke, daarom die vele gebruike van "in Christus," "deur Christus" en "saam Christus" in sy briewe.

Eenheid met Christus is eenvoudig dat Jesus sondaars aan homself bind. Wanneer Paulus die gelowiges vervolg en hy op pad na Damaskus is, verskyn Jesus aan hom en vra: "Saul, Saul, waarom vervolg jy *My*?"[41] Paulus vervolg gelowiges, maar Jesus sê dat Paulus *Hom* vervolg. Dit is omdat gelowiges in eenheid met Christus gebind is. Hy bind hulle tot so 'n nou eenheid met homself dat hulle sondes syne word en sy geregtigheid hulle s'n; dit is wat ons regverdigmaking noem. Gelowiges se verbintenis met Jesus is so eg dat, omrede Jesus verheerlik is, hulle ook verheerlik sal word;[42] dit is wat ons verheerliking noem. Gelowiges het so werklik deel aan Jesus dat sy lewe oorvloei in gelowiges dat hulle anders en al meer heilig begin lewe; dit is wat ons heiligmaking noem.[43] Gelowiges se verbintenis met Jesus is suiwer uit genade. Dit kom nie van hulself af nie, maar van God af;[44] dit is wat ons soewereine genade noem.[45]

Dit presies wat in die eerste 11 hoofstukke van Romeine gebeur wanneer Paulus verduidelik hoe God sondaars red. In Romeine 1:1-15 beskryf Paulus sy roeping om die evangelie wat sentreer rondom Jesus se werk (Rom. 1:3-4) te verkondig. Daarna, in 1:16-4:25 word regverdigmaking deur die geloof verduidelik en verdedig. Vanaf 5:1-11:36 is dit eintlik een lang argument dat God sorg dat sy kinders, die wat geregverdig is, verheerlik sal word (dit is verheerliking). Hiervan maak heiligmaking ook uit, want dit is hoe dit lyk en die uitwerking daarvan wanneer God sy kinders bewaar (Rom. 6:1-23; dit is heiligmaking). In Romeine 9:1-11:36 word die rede gegee waarom God mense volkome red (dit is sy uitverkiesende, soewereine genade).

Daar is ook sekere praktiese implikasies vir gemeenskap van gelowiges wanneer mens deel het aan Jesus. As almal tot eenheid gebind is met Jesus, het ons tog almal ook eenheid met

---

[41] *Hand. 9:4 (beklemtoning my eie).*

[42] *Fil. 3:21 en 1 Joh. 3:2.*

[43] *Heiligmaking beteken basies dat 'n mens al meer en meer soos Jesus word. Belangrik om te let is dat dit 'n uitvloeisel daarvan is dat 'n mens gered is. Dit is nie die rede hoekom 'n mens gered word nie. Jesus se geregtigheid is al rede en basis hoekom 'n mens gered word.*

[44] *1 Kor. 1:30.*

[45] *Soewerein beteken dat God kan doen wat hy wil. Niemand kan hom forseer of sê dat hy iets moet doen nie en Hy laat ook nie toe dat Hy beperk word deur enigiets anders as sy wese nie (sien Ps. 115:3 en Dan. 4:35). Soewereine genade beteken dus dat God genade gee soos Hy wil. Dit is eg genade. Dit sien ons in Romeine 9:15-16: "Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is."*

mekaar. Daarom word die beeld van ‘n liggaam gereeld gebruik om die kerk te beskryf. Hierdie liggaam, wat die kerk is, wat onderdanig is aan haar Hoof, Jesus, het dan sekere verpligtinge. Hulle moet mekaar liefhê en opbou in die waarheid.[46] Die liggaam het egter nie net verpligtinge teenoor haarself nie, maar ook teenoor die samelewing rondom haar. Die kerk moet onderdanig wees aan die gesag van die staat, omdat sy haar Hoof se gesag, as die bron van gesag, daarin erken.[47] Verder moet sy, net soos haar Hoof goedgesind is teenoor alle mense, ook goedgesind wees teenoor alle mense.[48]

## Basiese oorsig

Vir sommiges mag ‘n kort uiteensetting aangaande die inhoud van die brief aan die Romeine handig wees. Dit is soortgelyk aan ‘n inhoudsopgawe. Hierdie is my eie indeling as poging om die student wat beywer om die brief te bestuur, te begelei.[49]

1) Inleiding (Rom. 1:1-15)
2) God red volkome in Christus Jesus (1:16-11:36)
   a) Regverdigmaking in Jesus
      i) Elke mens is onder sonde (Rom. 1:18-3:20)
      ii) God maak die gelowige regverdig (Rom. 3:21-4:25)
         (1) Abraham is ‘n voorbeeld hiervan (Rom. 4:1-25)
   b) Die vaste en sekere hoop van dié in Jesus (Rom. 5:1-8:39)
      i) Van regverdigmaking tot verheerliking (Rom. 5:1-11)
      ii) Die heerskappy van dood of van genade (Rom. 5:12-21)
      iii) Dood vir die ou heerskappy, lewend vir die nuwe (Rom. 6:1-14)
      iv) Nou in staat om godvrugtig te lewe (Rom. 6:15-23)
      v) Vry van die wet en sy veroordeling (Rom. 7:1-6)
      vi) Die volmaaktheid van die wet en die boosheid van die sonde (Rom. 7:7-13)
      vii) Die gelowige se stryd met inblywende sonde (Rom. 7:14-25)
      viii) Lewe onder leiding van die Gees (Rom. 8:1-25)
      ix) Verlossing is vas in die Vader se uitverkiesing, die Seun se volmaakte werk en die Gees se intrede (Rom. 8:26-39)
   c) Die genadige uitverkiesing in Jesus van individue (Rom. 9:1-11:36)
      i) Het God nie misluk met Israel nie? (Rom. 9:1-5)
      ii) Die uitverkiesing van individue (Rom. 9:6-29)
      iii) Dit is God wat gelowiges regverdig (Rom. 9:30-10:13)
      iv) Die voorbeeld in Israel wat met ongelowiges gebeur (Rom. 10:14-11:10)
      v) Waarskuwing om te let op die voorbeeld in Israel (Rom. 11:11-32)

---

[46] *Ef. 4:15.*
[47] *Sien Rom. 13:1-7 en 1 Pet. 2:13-14.*
[48] *Sien Rom. 12:9-21 en Mat. 5:43-48.*
[49] *Vergelyk met Harrison & Hagner (2008:ad loc.), Moo (1996:ad loc.) en Murray (1997:ad loc.) vir meer volledige uiteensettings.*

   vi) Doksologie vir God in sy handeling met die mens (Rom. 11:33-36)
3) Die transformerende krag in Jesus (Rom. 12:1-15:13)
   i) Die verandering van die denke (Rom. 12:1-2)
   ii) Die gedrag binne die gemeente (Rom. 12:3-8)
   iii) Die gedrag binne die samelewing (Rom. 12:9-21)
   iv) Die gehoorsaamheid aan die staat (Rom. 13:1-7)
   v) Optrede wat die laaste dae betaam (Rom. 13:8-14)
   vi) Sensitiwiteit vir geloofsgroei (Rom. 14:1-15:13)
4) Afsluiting van die brief (15:14-16:27)
   i) Paulus se reisplanne (Rom. 15:15-33)
   ii) Begroetings (16:1-23)
5) Afsluitende doksologie (16:25-27)

## Die oorgang in argument

Romeine 5 is moontlik die belangrikste oorgang in Paulus se argument. Hy bevestig hoe vas en seker gelowiges se hoop is. Dit is vir ons belangrik om van hierdie hoop te hoor, want ‘n hopelose mens is ‘n ellendige mens. Die skip wat geen ligbaken het nie, is een wat op die rotse loop. Hy wat geen hoop vir beter het nie, is een wat stagneer. Die sondaar wat niks anders as dood en verwerping in die gesig staar nie, is een wat broei in die sonde. Dit is óf ‘n lustelose depressie waarin almal en alles afgekraak word óf ‘n vergryping aan die naaste en vinnigste sondes. “Laat ons eet en drink, want môre sterf ons!”[50] is die uitroep en denke van hopeloses. Al vooruitskouing wat dié armsalige mens het, is die dood.[51] Die mens wat niks anders as die dood het om na uit te sien nie, is in die mag van die Satan.[52] Hopeloosheid is daarom ‘n walglike smeerboel vir sonde. C.S. Lewis som die kortsigtigheid van hopeloosheid mooi op:

> it would seem that our Lord finds our desires, not too strong, but too weak. We are half-hearted creatures, fooling about with drink and sex and ambition when infinite joy is offered us, like an ignorant child who wants to go on making mud pies in a slum because he cannot imagine what is meant by the offer of a holiday at the sea. We are far too easily pleased.[53]

Allerhande oplossings word gesoek om die jammerlike toestand van die mens te verbeter, maar dit is alles ‘n gryp na strooihalmpies. Daarom het Luther met reg gesê dat die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof die leerstelling is wat bepaal of die kerk staan of val. Dit is net hierdie leerstelling wat die gelowige hoop gee om hom uit die vrotspul van die sonde te trek. Daar is geen ander hoop as dit nie. In Romeine 5:1-11 gaan ons die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof sien en die gevolge daarvan vir die gelowige bestudeer. Ons

---

*[50] 1 Kor. 15:32.*
*[51] Rom. 8:6.*
*[52] Heb. 2:14-15.*
*[53] Lewis (1942).*

gaan sien hoe regverdigmaking deur die geloof ‘n objektiewe basis vir ‘n objektiewe hoop bied, maar ook ‘n subjektiewe basis om te weet dat jy as individu werklik daaraan deel het en daarvan verseker is.[54]

Volgens Martin Lloyd-Jones is Romeine 5 die sleutel om die res van die boek te verstaan.[55] Mens kan amper sê dat hierdie hoofstuk die kern van die boek is. Vers 1 begin met ‘n “daarom.”[56] Dit dui vir ons aan dat wat nou volg, gegrond is op wat vroeër gesê is. Daar is ‘n basis en ‘n gevolg. Die gevolg is “ons het vrede met God.” Wat hierdie vrede is en die implikasies daarvan, sal in die uitlegging van die teks in meer detail verduidelik word. Die effek van hierdie vrede word in die res van die brief verder deur Paulus uitgebou. Die basis vir hierdie vrede met God is “omdat ons uit die geloof geregverdig is.” Paulus het in die voorafgaande hoofstukke die mens se jammerlike toestand en sy nood aan regverdigmaking gestipuleer (1:18-3:20). Gelukkig, hiermee saam het hy ook die blye nuus verkondig dat God vir ons geregtigheid in Jesus aanbied om deur geloof omhels te word. Regverdigmaking gaan dus Romeine 5:1 vooraf en die gevolge daarvan word na 5:1 uitgebou. Alles hang saam op die woordjie “daarom” in vers 1.

Wanneer ons dus Romeine 5:1-11 bestudeer moet ons besef dat dit in ‘n oorgang is van Paulus se argument. Die oorgang is spesifiek om te wys wat die gevolge is van regverdigmaking deur die geloof. Hier is wel ‘n ding om na fyn op te let, veral vir die een wat geïnteresseerd is in die fyner argumente van teologie, maar ook vir die gelowige wat reg wil dink sodat sy lewe daardeur beïnvloed word. Dit is dat na regverdigmaking in Paulus se argument volg verheerliking, nie heiligmaking nie.[57] Heiligmaking kom eers ter sprake in hoofstuk 6. In hoofstuk 5 wil Paulus eers die gelowige daarvan verseker dat sy hoop vas en seker is. Dit is vas en seker, want God doen alles. Hy gee geregtigheid. Hy verklaar die gelowige regverdig, en wanneer God ‘n uitspraak maak, kan dit nie teruggetrek word nie. Daarom bewaar God ook die gelowiges. Wanneer God iets doen, kan niemand hom teëstaan nie. As God red, red Hy volkome. Geen halwe werk is by Hom te vind nie. Wat Hy begin voer hy enduit deur.

Paulus wil hierdeur seker maak dat die gelowige nooit van sy hoop in Jesus Christus beroof word nie. Daarom het ons sy beeld van die wapenrusting.[58] Sonder die hoop van redding, sal die gelowige verbrysel word deur Satan se listige planne.[59] Hy sal sy staanplek verloor en val. Daarom is die enigste rede waarom ‘n gelowige heiligmaking sal ondergaan, wanneer hy

---

*[54] MacArthur (1991:270).*
*[55] Lloyd-Jones (1971:1). Die Dokter, soos sommige hom genoem het, het van 1955 tot 1968 elke week vanuit die boek Romeine gepreek. Dit was ‘n totaal van 366 preke. Hy het net tot by hoofstuk 12 gekom voordat hy opgeneem is in heerlikheid.*
*[56] Die Grieks is οὖν/oen (Str 3767).*
*[57] Sien Lloyd-Jones (1971:2-7).*
*[58] Ef. 6:10-20; 1 Tess. 5:8-9.*
*[59] MacArthur (1991:270).*

verseker is van sy hoop. Dit is wat Paulus hier in Romeine 5 doen. Dit is ook wat die apostel Johannes doen. Hy verseker die gelowiges dat, omrede God se liefde vir hulle, hulle 'n vaste en sekere hoop op verheerliking het. Dan sê hy: "elkeen wat hierdie hoop [van verheerliking] op Hom het, reinig homself."[60] Hierdie moet vir ons 'n vermaning en 'n bemoediging wees. As jy vordering wil maak in geloofsgroei, maak seker jy het hoop. Jou hoop lê net in die volmaakte werk van Jesus. Kyk na Hom! Daar is jou hoop. Nie net is dit vir jou as individu belangrik om te besef nie, maar ook wanneer ons mekaar met die waarheid bedien. Maak seker jou broer of suster in die geloof het hoop in Jesus se werk en nie een of ander strooihalmpie nie.

Hier in Romeine 5:1-11 is dit 'n oorgang om te verduidelik wat die gevolge is van regverdigmaking deur die geloof, wat in die voorgaande hoofstukke verduidelik is. Hoewel, voordat dit in Rom. 6 verduidelik word watter verandering die evangelie in 'n gelowige se lewe bring, word die standvastigheid van die hoop eers hier in Rom. 5 verduidelik. Hierdie hoop is werklik soos 'n magneet wat die gelowige uit die smeerboel van sy sonde trek. Geen hoop is gelyk aan geen vordering in geloofsgroei nie. Daar is dan twee hoof fokusse in hierdie elf verse van Rom. 5: (1) Regverdigmaking as rede vir hoop en (2) die hoop self as gevolg van regverdigmaking. Hierdie hoop kan verder ingedeel word in die objektiewe hoop wat vas in Jesus se volmaakte werk en subjektiewe hoop dat die individu werklik deel het aan Jesus en dat God die individu sal red. Natuurlik is daar geen subjektiewe hoop as daar nie 'n objektiewe basis daarvoor is nie. Daarom word die objektiewe basis vir hoop deeglik verduidelik in hierdie paar verse asook hoe dit oorspoel tot subjektiewe belewenis dat ek as individu werklik daaraan deel het.

---

[60] *1 Joh. 3:3.*

## Die kosbare oorsaak en wonderlike gevolg

**Rom. 5:1**

Daarom, omdat ons uit die geloof geregverdig is, het ons vrede met God deur ons Here, Jesus Christus[1]

Ons het nou al 'n redelike aanloop in die boek gehad om die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof te bestudeer. In hierdie vers gaan ons nou begin. Ons gaan egter net eers die frase "omdat ons uit die geloof geregverdig is" bestudeer.

Die eerste ding om op te let is dat die frase 'n redegewende bysin is. Ons sien dit in die koppelwoord "omdat."[2] Met ander woorde, hierdie frase, waarin die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof vervat word, dien as die basis waarom ons vrede met God het. Dit gee die rede waarom ons nou vrede met God kan hê. Vroeër het ons nie vrede met God gehad nie, maar in regverdigmaking het daar iets gebeur dat daardie status verander het. Die tweede ding om op te let, is dat regverdigmaking iets is wat in die verlede gebeur het en dat dit 'n werklike gevolg in die hede het. Die werkwoord "ons *het* vrede met God" is in die teenswoordige tyd. Met ander woorde, die regverdigmaking wat in die verlede gebeur het, was effektief en het daarom werklik 'n gevolg in die hede. Ons kan dan sê dat die regverdigmaking in die verlede gebeur het en afgehandel is, want dit bereik wat dit bedoel was om te bereik, naamlik dat ons nou vrede met God het.

Ons kan gevolglik met reg sê dat regverdigmaking deur die geloof die basis is vir hoop. Hier in Rom. 5:1 sien ons 'n oorsaak en 'n gevolg. Die oorsaak is regverdigmaking en die gevolg is hoop. Daarom word hierdie boek verder opgedeel in twee hoofgedeeltes. Die eerste is om regverdigmaking deeglik te bestudeer en die tweede is om die hoop as gevolg van regverdigmaking in die res van Rom. 5:1-11 na te gaan.

---

*[1] Hierdie is 'n verandering aan die vertaling van OAV. Die woord "dan" is vervang met "daarom" soos die Engelse KJV en ESV dit ook doen. Die Griekse woord ter sprake is οὖν (Str 3767). Die woord het hoofsaaklik twee betekenisse: (1) Dit wil 'n gevolg van 'n voorafgaande proposisie of handeling aandui. (2) Dit wil groter klem plaas op dit wat op die oomblik bespreek word. Die OAV het die tweede opsie gekies, die KJV en ESV het egter die eerste gekies. Konteks moet bepaal hoe Paulus dit gebruik het. Aangesien Paulus besig is in 'n oorgang in sy argument om uit te wys wat die gevolge van regverdigmaking deur die geloof is, is die eerste opsie getrou en in lyn met die konteks. Verder het ek ook "vrede by God" verander na "vrede met God." Die voorsetsel "met" bring die dinamika van die Griekse voorsetsel πρός/pros (Str. 4314) beter na vore. Die Griekse voorsetsel saam met die akkusatief naamval het meer 'n idee van beweging na 'n plek toe as bloot om by 'n plek te wees (wat deur die datief naamval aangedui sou word). Ons kry dus meer die idee van iets wat gebeur om in 'n rigting in te gaan. Dit wys dan vir ons dat hierdie verhouding van vrede wat ons nou met God het, nie staties is nie, maar dinamies. Van God se kant af is Hy vrede gesind. Hy beoefen en bewerk vrede. Hy is nie ongeïnteresseerd nie, maar aktief betrokke vir ons welstand.*

*[2] Die woord "omdat" is nie in die Griekse teks nie, maar word opgesluit in die deelwoord δικαιωθέντες. Hierdie gebruik is ook sigbaar in die Engelse gebruik van die deelwoord "having been justified."*

Nou moet ons egter eers studie in die res van die Bybel maak om vas te stel presies wat regverdigmaking deur die geloof hier in Rom. 5:1a beteken. Om dit makliker te maak om te onthou gaan ek eers 'n definisie vir regverdigmaking gee en verduidelik. Daarna sal ek elke aspek van die definisie vanuit die skrif verduidelik en toepas. Dit gaan wel nie 'n koue, gevoellose hantering van die leerstelling wees nie. Dit moet ons opgewonde oor God se groot genade maak wanneer ons sien hoe liefdevol hy met sulke wrokke soos ons werk. Dit moet ons uit ons sluimer wakker ruk wanneer ons sien hoe God sonde haat. Dit moet ons rustig maak wanneer ons sien hoe Jesus se bloed genoeg is. Dit moet ons harte laat smelt wanneer ons sien hoe warm God se liefde vir ons in Jesus is. Kom aanbid God saam met my terwyl ons sy Woord indrink. Gesonde dogmatiek lei tot warm doksologie.

# Deel A: Regverdigmaking

## 3. 'n Definisie vir regverdigmaking

Dit is nodig om baie spesifiek te wees wanneer hierdie leerstelling bespreek word, aangesien daar al so baie afgewyk is van die gesonde leer van die Skrif aangaande regverdigmaking deur die geloof. Die evangelie was, is en sal Satan se nommer een teiken wees om te vernietig. As hy die Christen se gronde van hoop kan verwyder, kan hy weer mag oor die persoon kry. Daarom is dit belangrik om duidelik die suiwer leer te onderskei van die dwaalleer. Eers sal 'n definisie van regverdigmaking deur die geloof gestel word. Verder in hierdie hoofstuk gaan ek die definisie kortliks verduidelik. Om verdere klaarheid oor regverdigmaking te bewerk sal ek deurlopend ook vinnig stel wat regverdigmaking deur die geloof nie is nie en dit aan dit einde van die hoofstuk opsom. In die volgende hoofstuk sal noukeurige aandag daaraan geskenk word om dit vanuit die Skrif te bewys.

> Regverdigmaking is (1) 'n eens-en-vir-altyd **forensiese deklarasie** van God, die Regter, oor (2) 'n goddelose **sondaar** wat (3) aan die **genade** in Jesus Christus deel kry, naamlik, (4) Jesus se **aktiewe- en passiewe gehoorsaamheid**, (5) wat as die sondaar se eie **toegereken** word, (6) deur middel van **geloof alleen**, (7) tot **God se eer alleen**.[1]

### Regverdigmaking is 'n forensiese deklarasie

Die woord "regverdigmaking"[2] is een wat in die konteks van 'n hof gebruik word. Regverdigmaking is dus iets wat in die hof gebeur. Dit is forensies, met ander woorde. Forensies beteken basies dat 'n saak ondersoek moet word om by 'n konklusie te kom. Die hof is juis daar sodat geregtigheid geskied. Hiervoor het die hof 'n regter wat die saak aan die hand van die land se wette moet ondersoek. Die regter wil seker maak of iemand wel die land se wette oortree het of nie. Sou 'n regter na sy ondersoek vind dat die persoon nie die wette oortree het nie, maar dit gehou het, word die persoon regverdig verklaar (vrygespreek): Die regter slaan met sy hamer en sê: "Regverdig." Die geregverdigde mag dus in die land deelneem as burger. Hoewel, as die regter vasstel dat die beskuldigde die wette oortree het, verklaar die regter die oortreder as doemwaardig: Hy slaan sy hamer en sê: "Onregverdig." Die oortreder ontvang sy vonnis en word weggesleep om sy straf uit te dien.

So is regverdigmaking in die Bybel iets wat in God se hof gebeur. Hy is die Regter van die heelal en almal en alles is verantwoordbaar teenoor hom. God is koning van die wêreld en hy het 'n landswet waarmee hy regeer.[3] Hierdie Regter van die wêreld is regverdig. Daarom duld hy nie oortreding van sy wet nie. Hy het die goeie lief en daarom haat hy wat boos is. Hy is heilig en daarom kan hy nie onheiligheid verdra nie. Hy is lig en daar is geen duisternis in hom

---

[1] *Vergelyk die Westminster confession of faith hoofstuk 11, die Nederlandse geloofsbelydenis artikel 20, die Heidelbergse kategismus Sondag 23 asook die London Baptist confession (1689) hoofstuk 11. Sien ook Hodge (19:kindle loc. 30503) en Heyns (1978:311-314) se opsommings aangaande die leerstelling.*

[2] *Die Grieks is δικαιόω/dikaioō (Str 1344) wat beteken "verklaar regverdig."*

[3] *Hier verwys ek na die morele wette en nie na die seremoniële en siviele wette onder die bediening van die ou verbond nie.*

nie.[4] Hy is die waarheid en kan nie lieg nie. Daarom moet elke morele wese, wat engele en mense is, verantwoording van hul lewe onder sy wet doen voor dié Regeerder. Soos God van aardse regeerders verwag, doen hy nog beter. God verwag van aardse regeerders om die wat kwaad doen, te straf en die wat goed doen, te beloon.[5] Dienooreenkomstig, en nog beter, veroordeel God die oortreders van sy wet met die ewige dood, maar beloon Hy die wat sy wet volkome gehoorsaam met die ewige lewe.[6] Daar is ook geen tweegesig voortrekkery by God nie. Hy gee vir elkeen, maak nie saak wie of wat hy is nie, presies wat hy verdien. Dit doen Hy volmaak.

God het dus ‘n kosmiese hof waarvan hy die Regter is. Hy meet elkeen wat voor hom staan se lewe aan sy standaard, naamlik die wet.[7] Daarna gee Hy die uitspraak. Hierdie uitspraak van die Regter is foutloos. God is die beste Regter, want hy ken die gedagtes en die hart van die mens.[8] Hy het nie ‘n jurie nodig om raad te gee nie. Sy uitspraak is dus onfeilbaar omdat Hy alwys is en nie kan lieg nie. Daarom, wanneer Hy ‘n uitspraak maak, is dit eens-en-vir-altyd. So ‘n deklarasie van God sal en kan nooit teruggetrek word nie.

Wanneer ‘n mens voor hierdie volmaakte Regter verskyn, is daar een van twee moontlik uitsprake. Of Hy ondersoek jou lewe en vind dat jy niks anders as sy wet gedoen het jou hele lewe lank nie en dan deklareer hy: “Regverdig!” Hy bevestig met Sy uitspraak dat die persoon werklik regverdig is. Hiervoor beloon Hy jou met die ewige lewe om ewig in sy koninkryk en in sy teenwoordigheid te leef. Of Hy ondersoek jou lewe en vind dat jy sy wet oortree het, op enige punt, en dan deklareer hy: “Onregverdig!” Hy bevestig met sy uitspraak dat die persoon werklik onregverdig is. Hiervoor vergeld Hy die oortreder met die ewige dood om, buite sy koninkryk en weg van sy genadige en goedgunstige teenwoordigheid, onder sy toorn ewig gebukkend te gaan.

Voor ons kyk na die mense wat geregverdig word, moet ons net eers ‘n baie belangrike punt van detail uitklaar. Ek kan nie genoeg beklemtoon hoe belangrik hierdie punt is nie. Om hierdie reg te verstaan het verreikende pastorale implikasies vir hoe ‘n mens jouself sien sowel as hoe jy reageer wanneer jy onder sondebesef verkeer. Die belangrike punt is dat regverdigmaking *forensies* is.

Forensies het daarmee te make dat dit ‘n uitspraak in die hof is wat *oor* ‘n persoon gelewer word. Dit is nie in die konteks van ‘n hospitaal waar iets *met of in* die persoon moet gebeur nie. Daar is dwaalleraars wat volhou dat regverdigmaking beteken dat God ‘n mens self

[4] *1 Joh. 1:5.*
[5] *1 Pet. 2:13-14.*
[6] *Rom. 2:6-11.*
[7] *Rom. 3:19-20; 8:33.*
[8] *Rom. 2:16*

verander dat die persoon self 'n meer regverdige mens word.[9] Ons gaan egter in ons studie van die Skrif sien dat dit nie die geval is nie, maar 'n giftige dwaalleer is wat baie mense mislei en hul lewens vernietig. Wat die Skrif leer oor regverdigmaking is dat dit iets objektief oor die persoon is eerder as om die persoon subjektief te verander.[10] *Die objektiwiteit bestaan buite die mens in God se uitspraak op grond van Jesus se volkome werk namens die sondaar.* Ons kan so ver gaan om te sê dat die gelowige se eie goeie werke niks bydra tot sy regverdigmaking nie, behalwe dat Jesus nog daarvoor ook moes sterf. Dit is omdat selfs ons beste werke, steeds soos vuil lappe voor God se oë is.

Dit is as gevolg van hierdie waarheid dat gelowiges werklik regverdig voor God kan wees, maar gelyktydig steeds sonde pleeg. Dit is hiervandaan waar die hervormers se kreet *simul iustus et peccator* (gelyktydig 'n regverdige en 'n sondaar) kom. Ons kan dit nog duideliker stel: objektief voor God se regbank is ek regverdig, maar subjektief sondig ek steeds in my persoon. Regverdigmaking self maak dus nie dat ek subjektief verander en al meer regverdig word en al minder sondig nie.

Ek kan gruwelik sondig, soos Dawid met Batseba, maar steeds voor God se regbank perfek regverdig wees omdat dit 'n *forensiese* uitspraak *oor* my is. Regverdigmaking lê dus objektief in God se oë en nie subjektief in my ervaring nie. As ek waarlik 'n gelowige is, is ek regverdig voor God selfs al voel ek dit of nie. En hoe belangrik is hierdie nie vir 'n persoon wat sukkel met sonde nie! As ek hierdie werklikheid besef, sal my eerste reaksie na ek gesondig het nie wees om my saak met God te probeer reg maak nie, want dit is klaar reg. Dit sal my keer om weer myself te wil red met my eie goeie werke. Verder sal dit my keer om veroordeel en hopeloos te voel, want ek het hoop op grond van die objektiewe forensiese geregtigheid. Hierdie alleen gee die basis om 'n ware berou oor sonde te hê. Naamlik, 'n berou wat ontstaan vanuit liefde teenoor God omdat mens teen Hom gesondig het en sy vaderlike ontevredenheid opgewek het.[11]

---

[9] *Dit is byvoorbeeld die Rooms katolieke wat leer dat God geregtigheid in die gelowige ingiet of instort. In die Engels is dit "infused righteousness."*

[10] *Regverdigmaking kom natuurlik nie sonder subjektiewe verandering nie, maar dit* ***is*** *nie subjektiewe verandering nie. Fundamenteel is dit in 'n ander kategorie as subjektiewe verandering. Subjektiewe verandering is die proses van heiligmaking waardeur die Vader met sy Gees werk om ons al meer soos Jesus te maak. Regverdigmaking is nie heiligmaking nie. Regverdigmaking is 'n eens-af gebeurtenis terwyl heiligmaking 'n voortdurende proses is. Regverdigmaking is objektief terwyl heiligmaking subjektief is. Hoekom dit die geval is dat regverdigmaking nie sonder heiligmaking kom nie, moet verstaan word met eenheid in Christus. As 'n gelowige deel kry aan Jesus, dat sy geregtigheid die gelowige s'n word en die gelowige se sonde Jesus s'n word (wat regverdigmaking is), kry hy ook deel aan die nuwe lewe. Mens kan nie deel hê aan Jesus en nie deel hê aan die nuwe lewe nie. Daarom, omdat die gelowige deel het aan Jesus, het hy beide regverdigmaking en heiligmaking. Die twee moet egter nooit verwar en gemeng word nie, maar dit mag ook nie van mekaar geskei word nie (Sien Buchanan, 2016:246-248). In essensie, om die twee te skei, is om Jesus te skei – en dit kan nie.*

[11] *Na regverdigmaking word 'n mens aangeneem as God se kind (Gal. 4:4-5; Horton, 2011:643). Daar is 'n skuif in verhouding. Vroeër was mens 'n kind van Satan (Joh. 8:44) en 'n vyand van God (Rom. 5:10). As mens nou deel van God se huisgesin geword het, gooi Hy mens nooit uit nie. God se kinders kan nie verwerp word nie. Hoewel, omdat Hy hulle Vader is en die beste vir hulle wil hê, duld Hy nie sonde nie, want dit is skadelik. Dat God se kinders sonde pleeg verhoed ook dat hulle Sy beeld uitleef. God wil hê dat sy kinders moet deel in sy heiligheid en*

As ‘n mens die fout maak om te dink dat regverdigmaking ‘n subjektiewe verandering is, soos die Rooms katolieke leer, neem dit hoop weg. God se objektiewe uitspraak en Jesus se volmaakte werk bied ‘n ferm en stewige basis vir hoop, want Hulle het nie fout gemaak nie. Skuif die fokus egter weg van God se objektiewe werk na die sondige mens se eie subjektiewe werk en die basis vir hoop verbrokkel. As die rede hoekom jy voor die heilige en volmaakte God mag staan jou eie goeie werke is, sal jy nooit vrede hê nie. Selfs jou beste werk is vuil in God se oë.[12] Satan weet dit, en daarom kom hy as aanklaer om jou hoop en vreugde te steel.

Een van twee dinge gebeur: Aan die een kant besef jy dat jy nooit by God se standaard sal uitkom om by Hom te mag wees nie. Gevolglik gooi jy handdoek in. Hopeloos gee jy jouself oor aan tweede beste, “kom ons eet en drink want môre sterf ons.” Gegrendel in Satan se kloue sit die een met ‘n verdoemde gewete toegesluit! Aan die ander kant kan valse hoop weer gekweek word. Dit gebeur wanneer God se standaarde in ‘n mens se denke verlaag word. Dit kan alleen gebeur as mens Sy karakter aantas, en dit is afgodery. Maak God minder heilig en minder regverdig en jy staan ‘n kans om dalk die standaard te haal. Dit is presies wat die fariseërs gedoen het. Daarom het hulle gedink hulle kan hulself red, want hulle het ‘n valse god gehad. Buiten die probleem dat hierdie jou wegtrek van Jesus en deur hom gered te word – wat katastrofies is – is daar nog ‘n probleem.

‘n Minder heilige en regverdige God is een wat minder genadig en minder liefdevol is. Hoe minder om te vergewe, hoe minder genade is gegee, en hoe minder hoef hy geprys en liefgehê te word. Want die een vir wie baie vergewe is, het baie lief.[13] Hoe kleiner die prys wat Hy moes betaal hoe goedkoper die liefde. Verander aan God se geregtigheid en heiligheid en dit is ‘n godjie wat nie aandag gryp om geprys te word nie. Is dit nie presies wat sondaars wil hê nie? Die aandag moet nie op God se goedheid wees nie, maar op die “wonderlike” sondaar self. Hierdie valse godsdiens haal alle vreugde uit wat daar in God te vinde is en moet dit ook maar weer in wêreld se dinge gesoek word. Daarom was die fariseërs se harte ver van die Here af, want die valse here wat hulle geskep het, was dit nie waardig nie. So ook gebeur dit met ons, as ons aan God se karakter peuter, peuter ons ook op die ou end met ons godsdiens en ons aanbidding. Die fokus skuif weg van God af en na die mens se eie sondige begeertes toe. Dit is jammer dat hierdie arm godsdiens sigbaar word in soveel gelowiges se leë aanbidding. ‘n Koue doksologie is as gevolg van arm dogmatiek, want goeie dogmatiek lei tot warm doksologie.

---

*geregtigheid. Dit is die familietrekke: soos God heilig is, so is sy kinders; soos God liefdevol is, so is sy kinders; soos God die waarheid lief het, so ook sy kinders ens. Wanneer een van God se kinders sondig, hoef hulle nie sy verwerping te vrees nie, maar wel sy liefdevolle tugtiging. Dit is vaderlike ontevredenheid nie vyandige teëstand nie.*

[12] *Jes. 64:6.*

[13] *Luk. 7:47.*

Ons het nou gesien dat dit belangrik is om te verstaan dat regverdigmaking 'n objektiewe forensiese uitspraak in die hof is. Dit is nie net belangrik vir ons redding nie, maar ook vir ons lewe van aanbidding. Ons moet waak om nie regverdigmaking te verwar met subjektiewe verandering nie, want dit neem ons basis vir hoop weg. Nou gaan ons verder om die definisie van regverdigmaking te verklaar.

## Regverdigmaking is vir sondaars

Noudat ons gekyk het na die hof, die regter, die standaard en die uitspraak, gaan ons kyk na diegene wat voor die regbank van God regverdig verklaar word. Die definisie sê dat God, die regverdige Regter, oor goddelose sondaars die deklarasie maak dat hulle regverdig is.

Wat hier bedoel word met sondaar is dat dit 'n persoon is wat God se wet oortree. Want sonde is wetteloosheid.[14] Hierdie persoon het dus God die koning se landswette oortree. Die persoon is gevolglik in homself onregverdig en daarom waardig van die straf, die ewige dood. Die oplettende persoon sal nou egter 'n kwelling hê: "maar is God nie onregverdig en leuenagtig om die uitspraak te maak dat die persoon regverdig is, alhoewel hy onregverdig is nie?"

Dit is die regte konklusie tog as die persoon onregverdig is deurdat hy die wet oortree het. As dit die geval is, is God 'n leuenagtige, onbetroubare, konkelende regter waarvan ons genoeg het op hierdie stukkende en sondige wêreld. Dit sal verskriklik wees as God onregverdig is, want dit beteken dat waar hy regeer daar nooit vrede kan wees nie. Sonde sal net voortwoed onder Sy regering. En ons weet goed en ken intiem watter skade sonde aanrig in ons eie lewens en die mense rondom ons. O, dat ons net kan vry kom van sonde! As dit die geval is dat God onregverdig is, het ons nie veel om na uit te sien om in sy koninkryk en in sy teenwoordigheid te wees nie.

Hoewel, daar is mense wat verkies dat God nie regverdig moet wees nie. Dit is sondaars wat geen hoop van genade het nie, sondaars wat nie genade wil hê nie of sondaars wat nie hul sonde wil prysgee nie. Hierdie mense het die duisternis liewer as die lig. Dit is hulle wat sleg goed noem, wat lig duisternis maak en duisternis lig en wat soet bitter maak en bitter soet.[15] Die soete brood van Jesus se liggaam is vir hulle bitter en sy goeie bloed is vir hulle afskuwelik. God se wyse plan van redding is vir hulle dwaasheid. Die vreugde in God se teenwoordigheid is hulle smart. Ja, vir hulle sou dit 'n vreugde wees as God nie regverdig is nie. Dit bewys net hoe totaal verdorwe die mens in sy sonde is.

Gelukkig is dit nie die geval nie. Dank die Here, julle wat smag na geregtigheid! Die Skrif is vol daarvan dat God regverdig is en dat sy koninkryk bestaan in geregtigheid en vrede.[16] Waar Hy

---

[14] *1 Joh. 3:4.*
[15] *Jes. 5:20.*
[16] *Byvoorbeeld, Rom. 14:17; 2 Pet. 3:13-14*

is, is daar geen meer sonde nie. Sonde en sy gevolge het verdwyn: "God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."[17]

Hoe is dit dan moontlik dat God sondaars regverdig kan verklaar maar gelyktydig waar en opreg kan wees? Die eerste ding om op te merk is dat as God dit doen, is dit genade. Dit is genade omdat die persoon wat regverdig verklaar word, in homself 'n goddelose sondaar is. Die sondaar het niks in homself wat God moet beweeg om hom regverdig te verklaar nie. Inteendeel, hy moet verdoem word. Tog hoor ons dat goddelose sondaars regverdig verklaar kan word. Dit is omdat hierdie goddelose sondaars genade ontvang en dit is genade alleen (*Sola Gratia)*. Hoewel, God moet egter genade kan gee sonder om Sy eie karakter van geregtigheid en heiligheid te verraai. Daar moet dus aan God se geregtigheid voldoen word. Hierin, dat daar aan God se geregtigheid voldoen moet word, is twee aspekte. Die eerste is God moet 'n manier kry dat die sondaar se sondes regverdig gestraf word presies soos dit gestraf moet word. Die tweede is die Here moet 'n manier kry dat die sondaar die wet perfek onderhou het. Met ander woorde, hy moet nie net 'n hoorder van die wet wees nie, maar 'n doener. So, hy moes God perfek liefhê met sy hele hart, siel en verstand en sy naaste soos homself. Dus, om aan God se geregtigheid te voldoen moet nie net (1) die skuld van die sondaar afbetaal word nie, maar ook (2) aan God se standaard, sy wet, voldoen word. Die sondaar moet nie meer 'n sondaar wees nie, maar 'n regverdige. Ons sal nou sien hoedat hierdie alles in Jesus saamtrek.

## Regverdigmaking is genade

*Genade is om nie te ontvang wat jy verdien nie en om te ontvang wat jy nie verdien nie.* Jy kry iets wat jy nie moes kry nie en dit wat jy moes kry, kry jy nie. In die konteks van die sondaar wat voor God in die hof staan beteken dit dat die sondaar nie die straf kry wat hy verdien nie. Eerder as die ewige straf, kry hy die ewige beloning. Eerder as wat oor hom uitgespreek word: "Onregverdig! Verdoem!" word daar verklaar: "Regverdig! Geseënd!"

Regverdigmaking is as gevolg van God se genade. Die sondaar het niks gedoen om God te beweeg om dit te gee nie. Inteendeel, al wat die sondaar gedoen het was om God te beweeg om hom te straf. God kan hierdie genade gee en regverdig bly, omdat hierdie genade, soos die definisie dit stel "in Jesus Christus" te vinde is. Die antwoord vir hoe God beide genadig en regverdig kan wees lê dus in dit wat Jesus gedoen het.

Voor ons egter verder gaan, moet ons net nog een ding van genade van nader bekyk. Genade is verniet vir die persoon wat dit ontvang. Hy kry iets sonder dat hy daarvoor gewerk het. Genade is wel nie verniet vir die persoon wat dit gee nie. Om genade te gee kom altyd teen

[17] *Op. 21:3-4.*

‘n prys. Ons kan kyk hoe groot genade is deur te kyk hoe groot dit is wat ons ontvang, maar ons leer genade ook ken deur te kyk hoe duur dit die persoon kos wat dit gee. Hoe duurder die persoon betaal, hoe groter is ons bewondering vir die persoon se genade.

Jesus wil Simon, die Fariseër, leer wat genade is en wat die effek daarvan op die begenadigde is. Hy vertel aan Simon hierdie gelykenis:

> ’n Sekere geldskieter het twee skuldenaars gehad; die een het vyfhonderd pennings geskuld en die ander een vyftig; en omdat hulle niks gehad het om te betaal nie, het hy dit aan altwee geskenk. Sê nou, wie van hulle sal hom die meeste liefhê? En Simon antwoord en sê: Ek veronderstel dié een aan wie hy die meeste geskenk het. En Hy antwoord hom: Jy het reg geoordeel.[18]

Die feit dat die geldskieter geld geleen het aan die twee skuldenaars, is nog nie genade nie. Dit is om geld te leen. Dit is anders as genade. Genade is nie ‘n lening nie. Hulle sou die geld, op hulle woord terugbetaal. Toe die dag vir hul vereffening egter aanbreek, het hulle niks oor om mee te betaal nie. Hulle het dus geld verniet gekry en dit op gebruik. Die geldskieter het geld uit sy sak gehaal, maar dit nie teruggekry nie. Hy is 550 pennings armer, terwyl die een man 500 pennings ryker geword het en die ander 50. Die geldskieter het nou ‘n keuse van twee. Eerstens kan hy kies dat hulle dit moet terugbetaal op ‘n latere stadium of hy kan hulle nou dadelik hof toe sleep. Dit sal nie genadig wees nie, maar hy is ook nie verplig om hulle genade te gee nie. Die laaste opsie wat oorbly, is genade. Hy kan hulle die skuld afskryf. Dit sal wel beteken dat hy 550 pennings betaal het. Die twee skuldenaars het egter ryker geword sonder dat hulle daarvoor gewerk het. Ons sien dan nou dat vir die een wat genade ontvang dit verniet kom, maar die een wat genade gee, moet daarvoor betaal. Dit is genade.

Ons moet egter nie net saam met Simon leer wat genade is nie, maar ook die effek daarvan op die persoon wat dit ontvang. Goedkoop genade wek goedkoop liefde. Maar genade wat ten duurste aangekoop is, wek die warmste liefde. So was dit sigbaar in Simon, die Fariseër, se lewe. Omdat hy gedink het hy het nie so baie genade van God nodig nie, omdat God in sy oë nie so regverdig is nie, kon Simon homself regverdig voor God; hy kon uit sy eie swak pogings genoeg doen om sy afgod se standaard te bereik. Daarom het hy nie Jesus gegroet met ‘n soen nie; hy het nie Sy kop gesalf met olyf olie nie; hy het nie eers een van sy slawe gevra om Jesus se voete te was nie. Goedkoop liefde vanweë goedkoop genade. Die sondares, aan die ander kant, het Jesus se voete gewas met haar trane en dit afgedroog met haar hare. Simon wou nie Jesus soengroet nie, maar die sondares het Jesus se voete onophoudelik gesoen. Simon wou nie eers goedkoop olie gebruik vir Jesus se hoof nie, hierdie sondares het die duurste olie gebruik vir Jesus se voete. Warm liefde vanweë duur genade. Hierdie vrou het besef hoe duur die Here betaal het om haar regverdig voor Hom te maak. Daarom sê Jesus

[18] *Luk. 7:41-43.*

ook: “Haar sondes wat baie is, is vergewe, [ons kan dit sien] want sy het baie liefgehad; maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief.”[19]

## Regverdigmaking is in Jesus se werk

Die genade wat God vir sondaars in Jesus het, is groot! Hoe meer hierdie besef word, hoe warmer word ons liefde vir God. Ons moet nou vasstel wat God in Jesus gedoen het dat ons sondes werklik regverdig gestraf is presies soos dit gestraf moes word. Dit is die eerste van voldoening aan geregtigheid in God se hof. Die tweede aspek om aan God se geregtigheid te voldoen is dat die persoon ‘n doener van die wet moet wees om by God se standaard uit te kom.

In ons definisie het ons gehoor dat die genade waaraan ‘n goddelose sondaar deel kry in Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid is. Aktief is iets wat Jesus doen. Passief is iets wat aan Jesus gedoen word. Jesus se aktiewe gehoorsaamheid verwys daarna dat Hy die wet volmaak gehoorsaam het namens die gelowige. Jesus se passiewe gehoorsaamheid verwys daarna dat Hy die gelowige se sondes en straf op hom geneem het en daarvoor God se toorn aan die kruis gedra en dit ontledig het.[20] Jesus se aktiewe gehoorsaamheid het iets vir gelowiges gegee terwyl sy passiewe gehoorsaamheid iets weggeneem het. Dit wat Jesus se aktiewe gehoorsaamheid gee is geregtigheid, naamlik, volkome wetsgehoorsaamheid. Dit wat Jesus se passiewe gehoorsaamheid wegneem is ongeregtigheid, naamlik, oortreding van die wet. Wanneer hierdie aan ‘n sondaar gegee word, word hy ‘n regverdige.

Ons kyk nou eers na Jesus se aktiewe gehoorsaamheid. Jesus is as ware mens gebore, gelyk aan ons in alle opsigte, tog sonder sonde.[21] Hy is onder die wet gebore en het dit volmaak nagekom. Hy is besny op die agtste dag. Hy is gedoop deur die profeet Johannes die Doper om aan alle geregtigheid te voldoen. Toe Hy geskel is, het hy nie teruggeskel nie. Sy tong het hy in toom gehou terwyl die spotters om as die middelpunt van hul vermaak hanteer. Toe Hy geslaan is, het hy nie uitgevaar teen die oortreder nie. Selfs toe Sy vyande sy lewe soek, het hy gebid: “vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”[22] Toe sy vriende Hom verlaat, het hy homself steeds aan hulle toegewy en uit liefde vir hulle die kruis aangekleef. Ja, selfs toe Sy Vader hom verlaat, het hy na God gesoek met sy hele hart, hele siel en hele verstand en uitgeroep: “*My* God, *My* God waarom het my verlaat.”[23] Jesus het die hele wet, om God lief te hê en Sy naaste soos homself, volmaak uitgevoer tot en met sy laaste asem. Hy was ‘n regverdige, ‘n doener van die wet. Hy het die ewige lewe verdien deur aan God se volmaakte standaard te voldoen. Dit het Hy gedoen sodat Hy dit vir elkeen kan gee wat in Hom glo.

---

[19] *Luk. 7:47.*
[20] *Sien Horton (2011:490) en Berkhof (1939:kindle loc. 7678)*
[21] *Heb. 4:15.*
[22] *Lukas 23:34.*
[23] *Mat. 27:46 (beklemtoning my eie).*

Nie net gee Jesus sy volmaakte geregtigheid vir die gelowige as die gelowige se eie nie. Jesus neem ook die gelowige se sonde op homself asof dit sy eie is. In Jesus se passiewe gehoorsaamheid het hy die oordeel vanweë hul sonde wat oor gelowiges moes kom, op homself geneem. Toe Petrus Jesus drie maal uit selfsug verraai het, was Jesus reeds besig om die oordeel vir Petrus se liefdeloosheid te dra. Dawid, wat 'n egbreker en 'n moordenaar was, se sonde was op Jesus en hy is daarvoor dood gemaak aan die kruis. Selfs elke gelowige van vandag se sonde het Jesus op homself geneem en God se vervloeking daarvoor gedra in sy eens-en-vir-altyd offer.[24] Hy het die presiese straf van hel daar aan die kruis gedra. Hy het die bittere beker van God se toorn opgeneem en dit gedrink. Hy het dit gedrink tot die laaste druppel toe. Daar is nie eers meer een druppel van wraak wat 'n gelowige van God se hand sal ontvang nie. Jesus het dit klaar gemaak. Ons weet dit, want Jesus is nie meer dood nie. Die loon vir die sonde was die dood.[25] As Jesus nie meer dood is nie, is daar ook nie meer 'n loon vir die sonde oor nie. Hy het opgestaan.

Ons sien hier dat Jesus alles gedoen het wat nodig is vir verlossing. Daarom kan ons sê Christus alleen (*Solus Christus)*. Daar is nêrens anders 'n kanaal waardeur God genade kan uitstort as deur Jesus Christus nie. Niemand anders kon die straf wat die regverdige Regter uitdeel vir gelowiges dra en dit klaar maak nie. Niemand anders het die wet volmaak gehou sodat daar aan die regverdige Regter se geregtigheid voldoen kan word nie. Daarom sê Jesus: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."[26] Petrus beaam ook hierdie woorde deur te sê: "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."[27]

Ons het gesien dat Jesus alles bewerk het wat vir verlossing nodig is. Nou gaan ons sien dat mense daaraan deel kry. Hierdie is belangrik, want God die regter moet 'n regverdige uitspraak in die hof maak en Hy kan dit nie doen as die persoon steeds 'n sondaar is of nie ware geregtigheid het nie. Die persoon moet 'n regverdige word voordat die Regter 'n eerlike en opregte uitspraak kan lewer.

## Regverdigmaking is dubbele toerekening

Toerekening beteken basies 'n transaksie of 'n uitruiling. In regverdigmaking is dit dat die gelowige se individuele ongeregtigheid, sy eie oortredings van die wet, wat hy gedoen het, nou doen en nog gaan doen, aan Jesus toegereken is. Jesus word daarvoor veroordeel sodat die gelowige nie daarvoor veroordeel word nie. Dit is egter 'n dubbele toerekening en nie 'n enkele toerekening nie. Jesus gee sy volmaakte geregtigheid aan die gelowige asof dit die

[24] *Rom. 6:10.*
[25] *Rom. 6:23.*
[26] *Joh. 14:6*
[27] *Hand. 4:12.*

gelowige se eie is. Die gelowige het dus nou geregtigheid, alhoewel dit van 'n ander bron as homself kom. Daarom noem ons dit ook 'n vreemde geregtigheid, want dit het 'n ander oorsprong as die persoon self. Dit kom van Jesus af. Dit is Jesus se volmaakte wetsgehoorsaamheid en nie die gelowige se eie wetsgehoorsaamheid nie. Daarom roep Paulus ook uit: "[Ek begeer om] in Hom gevind te word, *nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie*, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof."[28]

Hiervoor kan twee beelde vanuit die Skrif gehaal word. Die eerste beeld is van klere. Om in God se teenwoordigheid te mag verskyn moet die mens skoon klere aan hê wat heilig is. Ons klere is egter bevlek vanweë ons eie sonde en daarom is ons nie waardig om in God se teenwoordigheid te staan nie. Uit God se genade laat God die gelowige se vuil klere uitgetrek word en daar word skoon en heilige klere aan hom voorsien.[29] Ons weet dat dit Jesus se geregtigheid is waarmee gelowiges beklee word.[30] Gevolglik mag die gelowige voor God staan. Jesus het weer die gelowige se vuil klere aangetrek en is daarvoor veroordeel.

Die ander beeld kry ons in die vorm van 'n gedragsbrief. Paulus skryf dat Jesus aan die kruis vasgespyker is saam met ons skuldbrief.[31] Hierdie skuldbrief, of gedragsbrief, het die inskripsies gehad van oortredinge of gehoorsaamheid. Omdat ons gedragsbrief net getuig het van ons oortreding het dit ons tot die dood veroordeel voor die regverdige God. Die genade is egter dat Jesus met ons skuldbrief aan die kruis vasgespyker is en dat Hy dit uit die weg geruim het en dit verdelg het.[32] Hy het as't ware ons brief gevat en sy naam daarin geskryf asof dit sy eie was. Hy het sy brief geneem en sy naam daarin doodgekrap en die gelowige se naam daarin geskryf asof dit die gelowige se eie is.

Dit kan ook met 'n rapport uitgebeeld word. Omdat daar aan God se geregtigheid voldoen moet word, is die vereiste 100% wetsgehoorsaamheid om in die hemel te kom. Dit moet 100% wees, want as dit 99.99% was, beteken dit dat God se wet êrens gebreek is. Aangesien God volkome regverdig is, moet hy elke sonde straf, selfs al was daar honderde goeie werke. Ons het almal in elk geval ver te kort geskiet daaraan. Eintlik is ons almal in die minus. Jesus het egter 100% op sy rapport. Hy ruil sy rapport uit met elke gelowige. Dit is die wonderlike ruiling. Dit is dubbele toerekening.

Op grond van dubbele toerekening is die gelowige werklik objektief regverdig. Ons kan ook sê dat die gelowige nou 'n aktuele geregtigheid het.[33] Dit is nie dat die gelowige self regverdig

---

*[28] Fil. 3:9 (beklemtoning my eie).*
*[29] Sien byvoorbeeld Josua die hoëpriester (Sag. 3).*
*[30] Gal. 3:27.*
*[31] Kol. 2:14.*
*[32] Sien Stott (1986:271-272).*
*[33] Sien Buchanan (2017:220-232) vir 'n vollediger verduideliking van aktuele en deklaratiewe geregtigheid.*

word en dit uitoefen nie (dit sal beteken dat die persoon subjektief regverdig is). Aktuele geregtigheid beteken dat die gelowige werklik geregtigheid besit wat voldoen aan God se standaard. Die aktuele geregtigheid is die produk van om regverdig te lewe. Met ander woorde, ‘n persoon wat regverdig leef, het geregtigheid as produk daarvan. Die gelowige het ‘n aktuele geregtigheid, maar nie as ‘n produk van sy eie regverdige lewe nie, maar as produk van Jesus se regverdig lewe. Noudat die gelowige hierdie vreemde aktuele geregtigheid het, kan God die regverdige Regter ‘n ware en opregte forensiese eens-en-vir-altyd deklarasie maak. Wanneer iemand se aktuele geregtigheid bevestig word deur ‘n regter noem ons dit deklaratiewe geregtigheid. In plaas daarvan dat die goddelose sondaar as deklaratiewe bevestiging van die Regter hoor: “Onregverdig! Verdoem!” kan die gelowige nou, as gevolg van Jesus se aktiewe en passiewe geregtigheid wat aan hom toegereken is as sy eie aktuele geregtigheid, in ‘n deklaratiewe bevestiging hoor: “Regverdig! Geseënd!”

‘n Belangrike punt om hier ook te begryp is dat regverdigmaking daar is omdat daar geregtigheid van ‘n ander oord kom as die gelowige self. Dit is ‘n vreemde geregtigheid. Dit is nie die gelowige se eie werke van die wet wat gereinig word deur Jesus se bloed en daarom as geregtigheid by God gereken word nie.[34] As dit die geval was dat gelowiges se eie werke gereinig word en as hul geregtigheid voor God dien, beteken dit dat die mens nog ‘n bydra tot sy eie verlossing het. Dit is byvoorbeeld die dwaling wat die Roomse kerk verkondig en baie ander valse kerke wat die evangelie verdraai.[35] Hierdie dwaling word baie sterk afgewys in die Skrif.[36] God doen alles en daarom kan die mens nie in homself roem nie, maar net in God. As ‘n mens dink dat jou eie werke van die wet jou regverdig voor God maak, verwerp ‘n mens Jesus Christus en die genade wat in Hom te vinde is. Soos Paulus sê: “Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe.”[37] Verder sê Paulus ook: “Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.”[38]

Regverdigmaking is ook nie ‘n subjektiewe verandering waarin geregtigheid by die gelowige ingemeng[39] word sodat die gelowige self subjektief meer regverdig begin optree nie. Soos ons al gesien het, is dit ‘n objektiewe forensiese deklarasie *oor* die gelowige in die hof. Ons het nou gesien dat God daardie deklarasie kan maak sonder om te lieg, want Jesus se geregtigheid word aan die gelowige toegereken en die gelowige se ongeregtigheid aan Jesus (dubbele toerekening). Dit is ook ‘n objektiewe werk. Dit verander die gelowige se *status*, nie sy persoon nie. Dit is ‘n vreemde geregtigheid wat van ‘n ander oord af kom, nie die gelowige se eie geregtigheid nie. Dit is objektief, nie subjektief nie. Ons het gesien watter skade dit kan

---

*[34] Grudem (2004:kindle loc. 19791)*
*[35] Trent (1547) se uitspraak aangaande regverdigmaking hoofstuk 7.*
*[36] Byvoorbeeld, Rom. 3:27-28, 4:1-3; Ef. 2:8-9.*
*[37] Gal. 2:21.*
*[38] Ef. 2:8-9.*
*[39] Die tegniese term in die Engels is “infuse” of “infusion.”*

maak wanneer regverdigmaking subjektief verstaan word en verwar word met heiligmaking. Dit is dan g'n basis vir hoop nie. Dit is dan egter teenstrydig met Rom. 5:1 wat ons juis leer dat regverdigmaking die basis vir hoop is, en dat dit 'n baie stewige basis is.

## Regverdigmaking is deur geloof alleen

Ons het nou gesien dat God in sy hof opreg en waaragtig goddelose sondaars regverdig kan verklaar, omdat hulle genade vind in Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid wat as hulle eie toegereken word. Ons moet wel nog beantwoord *wie* deel kry aan die dubbele toerekening van Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid en *hoe* hulle daaraan deel kry.

Die antwoord is kort: enige vrot sondaar wat nie meer wil staat maak op sy eie onvolmaakte werke van die wet om voor God te mag staan nie. Dit is eerder hy wat in geloof staat maak dat Jesus se werk genoeg is. Die uitnodiging is vir almal sonder om 'n onderskeid te tref tussen ekonomiese klas, ras of geslag. Jesus sê dat hy die een wat na Hom toe kom vir verlossing nooit weg sal gooi nie.[40] Jesus roep uit aan almal wat wil hoor: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig."[41] Dit is 'n belofte van God, as iemand in Jesus glo, het die persoon deel aan die genade wat in Jesus is en gevolglik is daar geen meer veroordeling vir hom nie.[42] Waarom sal jy, o hopelose siel, jou lewe so haat? Hier word lewe en vreugde en oorvloed in Jesus aangebied. Verloor eerder alles om Jesus te kry, want in Hom, en in Hom alleen, is daar hoop. In Jesus het jy alles wat nodig is vir verlossing.

Wie deel kry aan die genade in Jesus is dus enigiemand wat na hom toe gaan in geloof.[43] Geloof is dan die middel hoe die persoon deel kry aan Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid. As ons hier praat van geloof, praat ons van die handeling om te glo. Partykeer as ons van geloof praat, praat ons van, sê nou, die inhoud van die Christelike geloof. Dit is dan nie die handeling om te glo nie, maar die inhoud waarin daar geglo word. Ons fokus nou op wat dit beteken om te glo wanneer ons van geloof praat. Wanneer 'n mens glo, glo 'n mens tog in iets. Daar is altyd 'n inhoud waaraan daar deur geloof vasgehou word. Dit is egter nie al nie, geloof stel tog iets meer as om net te weet van die inhoud. Dit is een ding om net

---

[40] *Joh. 6:37.*

[41] *Mat. 11:25.*

[42] *Hand. 2:38-39.*

[43] *Die mense wat na Jesus toe gaan in geloof doen dit egter net omdat die Vader hulle trek (Joh. 6:44). Ons, as mense wat nie God se verborge plan ken nie, moet ons egter nie besig hou met vrae soos "is ek uitverkies?" of "is die Vader besig om my te trek?" nie. Dit is die verborge dinge van die Here en ons het opdrag om ons nie daarmee besig te hou nie (Deut. 29:29). Sy weë is in elk geval hoër as ons s'n en ons sal dit nie kan verstaan nie, al probeer ons hoe hard (Jes. 55:8-9). Ons moet eerder ag slaan op dit wat Hy wel geopenbaar het en ons daarmee besig hou. God se bevel is "bekeer en glo." Dit is ook die manier hoe Hy sy kinders na hom trek. Moet dus nie vra "is die Vader besig om my te trek?" nie. Luister eerder na die bevel en wanneer jy sien dat jy na Jesus gaan in geloof, kan jy sê "ja, die Vader is besig om my te trek."*

te weet dat 'n mens geld kan belê. Dit is 'n ander ding om dit dan werklik te gaan belê. Mens sal net geld belê as mens *vertrou* dat dit profyt kan lewer. Soos Spurgeon ook geloof illustreer: "The merchant places his money in the care of a banker, and trusts altogether to the honesty and soundness of the bank."[44] Geloof is dan om, nie net te ken nie, maar ook om te vertrou dat die inligting betroubaar is.

Geloof is dan kennis en vertroue. Om in Jesus te glo, is om ware kennis van hom te hê en daarin te vertrou. Die inhoud is dat God na ons sondaars uit genade en uit sy vrye welbehae toe kom en verlossing in Christus aanbied. Die belofte, die inhoud van die geloof, is dat Jesus genoeg is om ons voor God die Regter regverdig te maak. Jesus, met sy aktiewe en passiewe gehoorsaamheid, word aan sondaars aangebied sodat hulle voor God staande mag bly. Ons moet dit eintlik sterker stel: sondaars word beveel om in Jesus te glo, en deur dit te verontagsaam, dompel mens jouself net nog verder in die skuld.

Geloof het die inhoud van God se belofte reg, maar vertrou ook dan dat Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid genoeg is om my voor God te regverdig. As ek glo dat Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid genoeg is, sal ek nie meer probeer boetedoening doen om my sondeskuld af te betaal nie. Ek sal ook nie meer goeie werke doen om myself te bewys dat ek voor God mag staan nie. Ek het dit alles klaar in Jesus Christus! Hy het al my skuld afbetaal met sy passiewe gehoorsaamheid en hy het aan God se wet voldoen in my plek en vir my plek voor God verdien met sy aktiewe gehoorsaamheid.

Ons kan hierdie vertroue van geloof uitbeeld: As 'n soldaat sy bene se werking verloor in 'n geveg, kan hy nie meer op sy eie bene staat maak om hom staande te hou nie. Hy het niks in homself om sy gewig mee te dra nie. Hy moet homself geheel en al toevertrou aan iets anders om hom regop te hou en hom rond te beweeg. Gestel nou 'n makker sien hom op die slagveld lê. Hy besef dat sy gevalle vriend niks kan doen om homself uit die gevaar van die vyand te verwyder nie. Die gevalle soldaat is totaal hopeloos in homself. Die makker hardloop na sy gevalle vriend, tel sy volle gewig op sy skouer en begin te hardloop na veiligheid. Die gevalle soldaat kan of vertrou dat sy vriend genoeg krag in sy bene het om hom tot veiligheid te dra en hom daarby berus. Of hy kan skop en skreeu sodat sy vriend hom neersit en probeer met sy pap arms onder die koeëls uit kruip wat elkeen soos 'n klaagsang verby hom vlieg, gereed om hom in die graf te sit. Sy arms is net nie sterk genoeg om sy gewig tot veiligheid te dra nie. Sy lewer gaan gesplits en sy hart in flarde geruk word.

So is dit met elke mens. Vanweë sy sonde is hy in die gevaar van God se aankomende toorn. Die swaard van die Here is klaar uit sy skede en is gereed om te slag. Die pyl wat dronk moet word met die sondaar se bloed is klaar op die snaar. Die Here het sy boog reeds gespan en is gerig op die donker hart. Dit is net 'n kwessie van tyd onder die Here se lankmoedigheid voor

[44] *Spurgeon (2015:42)*

die pyl vlieg. En die Here mis nie ‘n enkele skoot nie. Nie een van hierdie sondaars sal met hul eie pogings uit hierdie gevaar kom nie. Inteendeel, elke werk wat hulle doen, maak die oordeel net nog swaarder en bring dit nader. Hoewel, vanuit die Vader se liefde het Hy egter vir Jesus gestuur om die gelowiges op te tel en hulle na veiligheid te dra.[45] Omdat gelowiges besef dat hulle  niks in hulself het om hul van onder God se toorn uit te bring nie, vertrou hulle hulself geheel en al op Jesus toe om hul gewig te dra en na veiligheid te bring. Hulle weet dat hulle boetedoening en goeie werke soos daardie twee pap arms is wat nie genoeg is om hulle na veiligheid te bring nie. Daarom maak hulle nie staat op hulself om hul gewig te dra nie, maar berus hulle daarby dat Jesus se twee bene, sy aktiewe en passiewe gehoorsaamheid, sterk genoeg is om hulle tot veiligheid te dra. Hulle plaas hulle volle gewig, nie op hul eie bene nie, maar op Jesus s’n. Onthou, Jesus tel elkeen op wat sy hand uit geloof in die lug steek vir hulp; Hy slaan nie een oor nie – dit is Sy belofte.

Dit is hieroor dat Paulus sê “Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.”[46] Geloof wat in Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid vertrou, maak nie staat op eie werke van die wet om voor God geregverdig te word nie. Geloof staan teenoor werke van die wet om jouself te regverdig.[47] Geloof leer dit is genade alleen in Jesus alleen. Hierdie geloof sê ook dat dit deur geloof alleen (*sola fide*) is dat mens deel kry aan die genade. Deur geloof, apart van goeie werke, kry mens deel aan Jesus en word ‘n mens geregverdig.

Hierdie geloof waardeur ‘n mens aan die genade in Jesus deel kry, is egter ook ‘n geskenk en genade in dit self. Ons lees van Paulus dat “dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly.”[48] Elders lees ons ook dat verlossing in geheel, insluitend die geloof waarmee mens daaraan deel kry, genade is.[49] Jesus sê ook dat ons sonder hom niks kan doen nie, nie eers een goeie werk nie.[50] Dit is omdat die onwedergebore persoon totaal dood in sy sonde is. Die gevolg daarvan is, soos Paulus van dié persoon sê, wat nie Gees het nie, hy “kan God nie behaag nie.”[51] Hy kan niks doen om gehoorsaam aan God te wees en hom bly te maak nie. Dit is natuurlik geloof ingesluit, want

---

*[45] Elke beeld is maar altyd gebrekkig. Dit is nie die bedoeling hier om te dink dat wanneer God genade gee dat dit weerstaan kan word nie. Wanneer God soewerein besluit om te red, kan niemand hom weerstaan nie (Ps. 115:3; Dan. 4:35). Wanneer Jesus mense kom red, verander Hy eers hulle harte deur die Gees sodat hulle hom nie sal teen staan wanneer Hy hulle optel nie.*

*[46] Rom. 3:28*

*[47] Hier mag iemand wonder aangaande Jakobus 2:24 wat sê: “Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?” Gaan dit nie loodreg in teen dit wat Paulus sê nie? Paulus sê dan: “Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.” Die vraagstuk aangaande Jakobus 2:14-26 word in appendix A bespreek. Dit is belangrik om hierdie teks deeglik te bestudeer, want dit lyk skynbaar soos ‘n teenstrydigheid. Ons weet egter dat God homself nie kan weerspreek nie. Wanneer dieper studie van Jakobus gemaak word, sal ons sien dat daar geen teenstelling is nie.*

*[48] Fil. 1:29.*

*[49] Ef. 2:8-9.*

*[50] Joh. 15:5.*

*[51] Rom. 8:8.*

geloof is ook ‘n daad van gehoorsaamheid aan God se bevel “bekeer en glo.” Ja, vir die onwedergebore persoon is die evangelie en om daarin te glo net dwaasheid.[52] As iemand wel kan glo, is dit net omdat God genadiglik sy hart verander het deur die wedergeboorte wat die Heilige Gees bewerk om hom ‘n nuwe skepsel te maak wat nou aan God gehoorsaam kan wees.[53] Want “niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.”[54] Selfs om te glo is daarom genade en God alleen moet die eer daarvoor kry.

> Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.[55]

Hier is dit weer belangrik om te sê wat regverdigmaking deur geloof nie is nie. Regverdigmaking is nie dat die Here sy standaard van voldoening aan geregtigheid verlaag nie. Daar is dwaalleer wat beweer dat geloof die nuwe goeie werk word wat God vereis om voor hom geregverdig te word.[56] Dit beteken immers dat God se standaard verander het (ons weet egter dat God, en daarom ook sy standaard, nie kan verander nie).[57] Vroeër was dit volkome gehoorsaamheid aan die wet, want “nie die hoorders van die wet [is] by God regverdig nie, maar die daders van die wet [sal] geregverdig word.”[58] As God egter nou net vereis dat geloof die goeie werk word waardeur mens geregverdig word, in pleks van die wet gehoorsaam, het God sy standaard verander. Dit is kamma “makliker” gemaak. Sou dit die geval wees dat die handeling om in Jesus te glo nou die nuwe “goeie werk” is, beteken dit dat die mens steeds verantwoordelik is om homself te red. Dit is dan nie meer genade nie. Verder, dit is ‘n geloof wat eerder op homself vertrou as in die inhoud van geloof. Dit is soos om jouself te probeer op trek aan jou eie skoenveters. Sterkte daarmee! Nog meer, dié handeling om te glo, is Christus-loos. Dit is sonder inhoud, want dit ontken Jesus se volkome aktiewe en passiewe gehoorsaamheid. Net so erg, dit wil van God se eer steel, sodat die mens tog ook iets het om op te roem. As iemand dit sê, verkondig hy ‘n ander Jesus en God as die Bybel.

Die pastorale implikasies hiervan is weer verreikend. Weereens kan dit mens hopeloos laat of valse hoop gee. Dit is dieselfde wat gebeur wanneer mens die objektiwiteit van regverdigmaking weggooi en dit subjektief maak. Die vastigheid skuif weg van Jesus se volmaakte werk na die sondaar se onvolmaakte werk toe. Eerder as om op Jesus se volmaakte werk staat te maak, steun die sondaar weer op sy eie bene. Die vreeslik jammer ding is dat sondaars se bene nie sterk is nie. Buiten dat hul hoop op ‘n ander plek lê as Jesus, wat die

[52] *1 Kor. 2:14.*
[53] *2 Kor. 5:17; Ef. 2:10; 1 Joh. 5:1.*
[54] *1 Kor. 12:3*
[55] *Ef. 2:8-10.*
[56] *Sien ‘n voorbeeld van hierdie dwaling in die Dordse leereëls waar die dwalinge verwerp word VD 2:4.*
[57] *Num. 23:19; Jak. 1:17.*
[58] *Rom. 2:13*

gevolg het dat hulle ‘n ander evangelie het en nie deel kry aan die redding nie, laat dit hulle ook wanhopig in hierdie lewe. Die persoon wat staat maak op sy eie geloof as “goeie werk” om by God geregverdig te word, is onstandvastig. Hy ossilleer heeltyd tussen kortstondige blydskap en sekerheid wat dadelik verval tot selfveroordeling by die fynste opmerking van wisselvalligheid in geloof en geloofsgehoorsaamheid. Die sondaar wat so slinger tussen hoop en wanhoop is soos ‘n dronkaard op straat: Hy gaan net homself of iemand anders seer maak. Buiten dit word daar net nog meer skaamte vir hom opgehoop. Laat die sondaar eerder ‘n inhoud van sy geloof hê anders as homself, naamlik Jesus, en sy gewig volkome op die Christus plaas om voor God se regbank staande te bly.

## Regverdigmaking is tot God se eer alleen

Ons definisie sê aan die heel einde dat God, en hy alleen, al die eer moet kry (*soli Deo gloria*). Wanneer ons dit sê, beteken dit tog dat God ook al die werk gedoen het dat ons geregverdig kan word. Want as ons ‘n aandeel daarin gehad het, sou ons tog ook kon eer neem daarvoor. Maar nou is dit die geval dat God alles gedoen het. Hy het Jesus gestuur om ons sondes te betaal met sy passiewe gehoorsaamheid. Jesus het aan God se standaard voldoen deur die wet volkome te gehoorsaam in sy aktiewe gehoorsaamheid. God het ons laat deel kry aan Jesus se redding deur genade en dat Hy ook selfs die geloof as ‘n geskenk gee. Ja, alles vir ons redding kom van God af. “Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit[59] ... Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem.”[60]

Ons kan saam met baie gelowiges deur die eeue hierdie heerlike waarheid van regverdigmaking deur die geloof bely soos dit verwoord is in die London Baptist confession (1689), hoofstuk 11:

> Those whom God effectually calls he also freely justifies. He does this, not by infusing righteousness into them, but by pardoning their sins, and by accounting and accepting them as righteous, not for anything done in them or by them, but for Christ's sake alone. They are not justified because God imputes as their righteousness either their faith itself, or the act of believing, or any other act of obedience to the gospel. They are justified by God imputing Christ's active obedience to the whole law, and his passive obedience in death. By faith they receive and rest on his righteousness, and this faith they do not have of themselves, for it is the gift of God.

Nou kan ons hierdie hoofstuk afsluit deur kortliks ook saam te vat wat regverdigmaking deur die geloof nie is nie:

---

[59] *Rom. 3:27.*
[60] *1 Kor. 1:30-31.*

Regverdigmaking is nie God, die Regter, wat sy standaarde verlaag en ‘n sondaar (1) **op grond van sy geloof** of (2) **eie subjektiewe geregtigheid** regverdig verklaar nie. Regverdigmaking is nie dat (3) **die gelowige self progressief subjektief verander** word om meer regverdig te word deur geregtigheid in hom in te meng nie. Regverdigmaking is nie (4) **net die vergiffenis van sonde** nie.

## 4. Skrif bewys regverdigmaking

> Regverdigmaking is (1) ‘n eens-en-vir-altyd **forensiese deklarasie** van God, die Regter, oor (2) ‘n goddelose **sondaar** wat (3) aan die **genade** in Jesus Christus deel kry, naamlik, (4) Jesus se **aktiewe- en passiewe gehoorsaamheid**, (5) wat as die sondaar se eie **toegereken** word, (6) deur middel van **geloof alleen**, (7) tot **God se eer alleen**.

Noudat die definisie verklaar is, gaan ons ‘n deegliker studie van die Bybel maak om te sien dat dit werklik is wat die Here vir ons in sy Woord leer. Soos ons in die vorige hoofstuk gesien het, het die definisie ‘n basies en gemaklike logiese vloei: God maak ‘n waaragtige en opregte deklarasie dat ‘n onregverdige sondaar regverdig is. Al hoe dit kan wees, is as daar genade aan die sondaar bewys is. Die vraag bly egter hoedat God opreg kan wees en dat daar werklik aan sy standaarde van geregtigheid voldoen is wanneer Hy genade gee. Dit het ons gesien, is in Jesus se aktiewe en passiewe geregtigheid. Hierdie aktiewe en passiewe gehoorsaamheid van Jesus word toegereken as die sondaar se eie. Omdat Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid voldoen aan God se standaarde van geregtigheid, en dat dit nou werklik die sondaar se eie is, kan God hom waaragtig en opreg as regverdige deklareer in die kosmiese hof. Enige sondaar kan aan Jesus se geregtigheid deur middel van geloof deel kry. Omdat alles wat nodig is om voor God geregverdig te word, insluitend geloof, gawes uit God se hand is, moet Hy alleen die eer kry.

Ons gaan dieselfde logiese lyn in ons studie van die Skrif volg. Ons sal al die elemente in ‘n studie van Romeine 3:19-28 binne sy konteks sien. Eers sal ons Rom. 3:19-20 bestudeer en daarna Rom. 3:21-28. Die konteks van Rom. 3:19-20 is dat Paulus hoofsaaklik van 1:18-3:18 besig is om te redeneer dat alle mense sondaars is en nie voldoen aan God se standaard om die wet te gehoorsaam nie. Rom. 3:19-20 is aan die einde van hierdie argument en kom gevolglik met die konklusie dat niemand vanuit hulle eie goeie werke voor God regverdig sal kan staan nie. Hulle het dus ‘n geregtigheid van ‘n ander oord af nodig. Die geregtigheid wat van ‘n ander oord af kom sal ons in Rom. 3:21-28 sien. Ons gaan egter nou eers net kortliks Paulus se argument tot dusver volg.

In Rom. 1:18-31 het hy beredeneer dat heidene almal sondaars en afgodsdienaars is, waaroor daar nie veel twyfel is nie. Paulus sluit af met hierdie lys van al die heidene se gruwelike sondes:

> [28] En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan ’n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: [29] hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; [30] nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge,

> ongehoorsaam aan die ouers; [31] onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, [32] mense wat — al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien — dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.[1]

Mens kan amper hoor hoe die Jood in die gehoor reageer: "Ja, sê hulle, Paulus. Sê hulle!" Net soos die Jood sy amen daarop klink, dat die heidene 'n spul vrot sondaars is wat God se oordeel verdien, verskuif Paulus die fokus na die Jood self: "Daarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging; want waarin jy 'n ander oordeel, veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge."[2] Die Jood wat met soveel ywer die heiden veroordeel het, word nou kriewelrig. Paulus se vinger druk nou op die Jood se sonde-sweer. Eina! Paulus wys uit dat die Jood maar dieselfde dinge doen. Die etter van hulle sonde is dalk net bietjie meer verskuil onder 'n selfregverdigende kleed en 'n geur van skyngeloof: "En meen jy, o mens wat hulle oordeel wat sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die oordeel van God sal ontvlug?"[3] Paulus lê die Jood se skynheiligheid bloot:

> [17] Kyk, jy dra die naam van Jood en steun op die wet en beroem jou op God, [18] en jy ken sy wil en onderskei die dinge waar dit op aankom, omdat jy uit die wet onderrig word, [19] en jy is oortuig dat jy 'n leidsman is van blindes, 'n lig vir die wat in duisternis is, [20] 'n opvoeder van onverstandiges, 'n leermeester van onervarenes, omdat jy die beliggaming van die kennis en die waarheid in die wet het — [21] jy dan, wat 'n ander leer, leer jy jouself nie? Jy wat preek dat 'n mens nie mag steel nie, steel jy? [22] Jy wat sê dat 'n mens nie owerspel mag pleeg nie, pleeg jy owerspel? Jy wat 'n afsku van die afgode het, pleeg jy tempelroof? [23] Jy wat jou op die wet beroem, onteer jy God deur die oortreding van die wet?[4]

Paulus lys aan die Jood eintlik die tien gebooie in 'n staccato van vrae of hy dit miskien volmaak onderhou het. Vir die Jood wat nog reg maak en sy lippe begin trek om teë te praat, sluit Paulus die mond met 'n aanhaling wat God self sê aangaande die Jode: "Want, soos geskrywe is, die Naam van God word om julle ontwil onder die heidene gelaster."[5] "Maak nou oop jou mond, ou broer, en jy verklaar God tot 'n leuenaar" sê Paulus. Soos die apostel Johannes dit ook beaam: "As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie."[6] As God, wat alles weet en nooit kan lieg nie, sê jy is 'n sondaar, dan is jy 'n sondaar. God kyk verder as die mens en sien ook die verskuilde dinge in die hart raak. Snoer eerder jou mond as om nog verder te bewys hoe dwaas jy is. Sit en bly stil.

---

[1] *Rom. 1:28-32*
[2] *Rom. 2:1.*
[3] *Rom. 2:3.*
[4] *Rom. 2:17-23.*
[5] *Rom. 2:24 aangehaal uit Esg. 36:22.*
[6] *1 Joh. 1:10.*

Paulus het nou hoofsaaklik beredeneer dat beide Jode en heidene, maak nie saak wie of wat jy is nie, sondig is. Net om seker te maak, as daar dalk nog iemand soos ‘n steeks donkie nie na Paulus wil luister nie, haal Paulus ‘n hele rits tekste vanuit God se woord aan. Dit doen hy om te wys dat alle mense, volgens God self, sondaars is. Dit is Paulus se oortuigendste argument, want net ‘n dwaas sal teen God se woord ingaan. En ons wil nie onsself dwaas hou nie, wil ons?

> [10] soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. [11] Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. [12] Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. [13] Hul keel is ’n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. [14] Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid. [15] Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. [16] Verwoesting en ellende is in hulle paaie, [17] en die weg van vrede ken hulle nie. [18] Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie.[7]

Noudat alle mense te kenne gegee is dat hulle sondaars is, wys Paulus vir hulle in Rom. 3:19-20 wat in God se hof gebeur. Die uitkoms is dat niemand in hulself voor God regverdig verklaar sal word nie. Die teenoorgestelde van regverdig verklaar, wat alle mense in hulself verdien, is die uitspraak van verdoemenis en die daaropvolgende straf van die ewige dood. Hierdeur berei Paulus die mens voor om mooi te luister wat verder volg in verse 21-28, naamlik, regverdigmaking deur die geloof. Paulus weet dat die mens wat tot die besef kom dat daar geen hoop in homself meer is nie, dit op ‘n ander plek sal soek. Buchanan sê hiervan: “The best preparation for the study of this doctrine [of justification] is neither great intellectual ability, nor much scholastic learning – but a conscience impressed with a sense of our actual condition as sinners in the sight of God.”[8] Die inhoud van Rom. 3:21-28 is dan soos water vir die een wat van dors vergaan. Dit is lig wat die donker hart verhelder. Dit is ‘n vaste en stewige fondament waarop die sinkende gewete tot bedaring kan kom. Nadat Paulus enige valse hoop vermorsel het, lê hy nou die fondasie vir ware hoop. Dit is in hierdie konteks waarin ons Rom. 3:19-28 gaan bestudeer:

> [19] Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees; [20] aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde. [21] Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, [22] die geregtigheid naamlik van God deur [middel van] die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; [23] want almal het gesondig en dit ontbreek

---

[7] *Rom. 3:10-18.*

[8] *Buchanan (2016:208). “Justification” is die engelse woord wat gebruik word vir regverdigmaking.*

hulle aan die heerlikheid van God, [24] en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. [25] Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening [of 'n toorn-blusser] deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God — [26] om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak [of verklaar] wie uit die geloof in Jesus is. [27] Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit. Deur watter wet? Van die werke? Nee, maar deur die wet van die geloof. [28] Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.

## Regverdigmaking is 'n Forensiese deklarasie

Wanneer ons hierdie saak, dat regverdigmaking 'n forensiese deklarasie is, in Rom. 3:19-20 ondersoek, moet ons let op hierdie vier punte: (1) Die hof situasie, (2) die Regter en sy karakter, (3) die standaard en (4) die uitspraak met die daaropvolgende beloning of vonnis.

### Die hof situasie

Ons sien die hof situasie hier in Rom. 3:19-20. In die eerste plek is die woord "geregverdig sal word" die duidelikste aanduiding hiervan. Dit is die Afrikaanse vertaling van dikaioō uit die Grieks.[1] Hierdie woord word baie in die konteks van 'n hof gebruik vir wanneer iemand regspraak lewer. 'n Regter moet aan die hand van die wet die beskuldigde se lewe ondersoek en 'n uitspraak lewer. Die regter kyk dus of die beskuldigde regverdig of onregverdig is. 'n Regverdige persoon is iemand wat geregtigheid het, terwyl 'n onregverdige persoon ongeregtigheid het. As iemand geregtigheid het, beteken dit dat hy die wet volmaak gehoorsaam het en geregtigheid as produk daarvan het. As iemand ongeregtigheid het, beteken dit dat hy die wet oortree het en ongeregtigheid as produk daarvan het. Met ander woorde, 'n regverdige is iemand wat die produk van volmaakte wetsgehoorsaamheid, geregtigheid, het en 'n onregverdige is iemand wat die produk van wetsongehoorsaamheid, ongeregtigheid, het.[2] Wanneer die regter nadat hy sy ondersoek voltooi het, sê "dikaioō" (ek

---

[1] *In die Grieks δικαιόω (Str. 1344).*

[2] *Daar is 'n fyn onderskeid wat hier in gedagte gehou moet word. Daar kan van twee maniere gepraat word dat iemand "regverdig" is. Ons het nou die een manier gesien. Ons kan dit die 'dat' manier noem. Met ander woorde, ons het gesien 'dat' iemand geregtigheid het. Iemand is regverdig, want hy geregtigheid het. Dit is wanneer ons van buite en objektief na die persoon kyk en 'n konklusie oor die persoon maak. Iemand kan geregtigheid hê sonder dat hy dit self bewerk het, want Iemand kon dalk die produk van Sy eie regverdige lewe vir hom gegee het. Die ander manier hoe ons oor iemand as "regverdige" kan praat is die 'hoe' manier. Ons stel dan nie belang dat 'n persoon geregtigheid as produk het nie, maar 'hoe' hy dit bewerk het. Ons kyk dus nie na dit wat die persoon het nie, maar na die persoon self. Ons sien dat die persoon regverdig optree omdat hy die wet gehoorsaam. Die persoon is dus subjektief regverdig. In die leerstelling van regverdigmaking is hierdie onderskeid van groot belang, want wanneer Jesus se geregtigheid aan ons toegereken word, beteken dit nie dat ons subjektief verander sodat ons self meer regverdig begin optree nie. Ons word nie in daardie subjektiewe sin regverdiges nie. Eerder, wanneer Jesus se geregtigheid aan ons toegereken word, beteken dit dat Jesus namens ons aan God se standaarde voldoen het sodat ons verhouding met God verander. Dit is dus nie ons self wat*

verklaar regverdig) beteken dit dat hy niks fout vind by die beskuldigde nie, maar eerder dat die beskuldigde die wet volkome nagekom het. Die regter het gevind dat die persoon geregtigheid het en bevestig dit met sy uitspraak "Regverdige!"

Ons sien duidelik dat dikaioō op hierdie wyse, as 'n verklaring, op verskeie plekke in die Skrif gebruik word. Een so 'n duidelike teks is Luk. 7:29: "En toe die hele volk en die tollenaars dit hoor, het hulle God *geregverdig* deur hulle te laat doop met die doop van Johannes."[3] Natuurlik kan hierdie nie beteken dat die mense God verander het om hom meer regverdig in homself te maak nie, want God is klaar volmaak en kan en sal daarom nie verander nie. Dit beteken eerder dat die mense, deur hulle te laat doop met Johannes se doop van bekering, erken dat God die waarheid praat. Hulle erken dat hulle sondaars is, soos God in die prediking van Johannes gesê het. Daarmee bely hulle ook dat hulle die Verlosser nodig het van wie Johannes net die voorganger was om die pad voor te berei. Dat hulle God "geregverdig" het, kan in hierdie konteks net beteken dat hulle 'n openlike uitspraak gelewer het van dit wat hulle verstaan hoe die stand van sake is.

Nog 'n voorbeeld hoe dikaioō op hierdie manier gebruik word, is Rom. 8:33: "Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit *wat regverdig maak*."[4] Hier het ons veral weer die konteks van 'n hofsaak. Daar is iemand wat beskuldiging inbring teen die beskuldigdes, God se uitverkorenes. Dan moet daar ook 'n regter wees wat 'n ondersoek in stel en 'n opvolgende deklarasie maak. In hierdie vers sien ons dat God hierdie regter is wat "regverdig maak."[5] Hierdie kan netsowel met "regverdig verklaar" vertaal word, aangesien dit duidelik is dat daar 'n uitspraak gelewer moet word teen die aanklag dat die uitverkorenes skuldig is. Die volgende vers, Rom. 8:34, maak dit selfs nog duideliker: "Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het." Die teenoorgestelde van regverdig verklaar is om te veroordeel. Die regter kan, wanneer hy vind dat die beskuldigde 'n wetverbreker is, "katakrinō"[6] (ek veroordeel) deklareer. Vanweë hierdie deklarasie van verdoemenis moet die vonnis ook uitgedien word. Hierdie vers sê egter dat Jesus reeds die vonnis namens die uitverkorenes uitgedien het en dat daar gevolglik geen meer veroordeling oorbly nie. Daarom kan God opreg en waaragtig die uitspraak in die kosmiese hof maak dat die uitverkorenes regverdig is.

---

*verander nie, maar iets buite onsself. Dit is God se verhouding met ons wat verander word. Daarom word ons regverdiges genoem, nie omdat ons sonder sonde leef nie, maar omdat God ons so sien op grond van Jesus se geregtigheid en nie ons eie nie. Hou dus altyd die subjektief-objektief onderskeid in gedagte wanneer daar gepraat word van 'n regverdige persoon.*

[3] *Beklemtoning my eie.*

[4] *Beklemtoning my eie.*

[5] *Hierdie is ietwat van 'n ongelukkige vertaling. Daar is menigte deeglike studies van die gebruik van hierdie woord in die konteks van die hof bewys. 'n Beter vertaling van dikaioō in hierdie teks sal werklik "regverdig verklaar" wees. Sien byvoorbeeld Berkof (1939:kindle loc. 10417-10443), Hodge (2014: Kindle loc. 30571-30841), Horton (2011:630-631) en White (2001:74-88).*

[6] *Die Grieks is κατακρίνω (Str. 2632).*

In die Septuagint, die Griekse vertaling van die Ou Testament wat in Jesus en die apostels se tyd in gebruik was, is daar ook talle voorbeelde hoe dikaioō op hierdie manier gebruik word. Die Hebreeuse woord wat vertaal is as dikaioō is tsadek.[7] In Deut. 25:1 word hierdie werkwoord, tsadek, juis ook gebruik in ‘n spesifieke tyd[8] om aan te dui dat dit ‘n regsuitspraak is: “As daar tussen manne ’n twis is en hulle na die gereg kom en die regters hulle vonnis en die regverdige *regverdig verklaar* en die skuldige skuldig verklaar...”[9] Hier is dit duidelik, die regter moet die saak ondersoek tussen die twee manne wat stry gekry het. Die een wat regverdig is, moet die regter regverdig verklaar en die een wat die moeilikheidmaker is, moet gevonnis word. Dit is ook belangrik om hier op te let dat die uitspraak nie die persoon subjektief verander nie. Dit verander nie die stand van sake nie, dit verklaar net hoe die stand van sake is. Ons sien dan duidelik in hierdie teks dat die woord dikaioō as ‘n objektiewe deklarasie in ‘n hofsaak gebruik word.

Nog ‘n voorbeeld vind ons in Jes. 5:23: “[die regter] wat vir ’n omkoopgeskenk die skuldige *regverdig verklaar* en die reg van die regverdige hom ontneem.”[10] In hierdie teks word die volk, en veral ook die leiers, baie skerp aangespreek omdat hulle God en sy wet verlaat. Een so ‘n voorbeeld hoe die volk afvallig van God raak, is wanneer hulle begin om die reg te verdraai vir hulle eie voordeel. Korrupsie is nie net ‘n probleem in Suid-Afrika nie! Dit is sonde wat van nature uit die mens se hart opborrel. Sonder om nou verder daarop in te gaan, kan ons hier ook baie duidelik die gebruik van die woord tsadek, en hoe dit vertaal word as dikaioō, sien. Dit is ‘n deklarasie oor ‘n persoon, sonder dat dit die persoon subjektief verander. Die skuldige persoon, wat nog omkoopgeskenke ook gebruik, word regverdig verklaar deur die korrupte regter. Dit is dus ‘n forensiese uitspraak in die hof oor die persoon, of dit nou ‘n waaragtige of ‘n valse uitspraak is, sonder om die persoon self te verander oor wie die uitspraak gelewer word. Want toe die regter die uitspraak gemaak het dat die goddelose omkoper regverdig is, het hy nie skielik ‘n vroom en opregte burger van die land geword nie.

Daar is nog tekste om te bestudeer waar die konsep van regverdigmaking na vore kom. Ons gaan egter net na nog een teks kyk waarin ons kan vas stel dat regverdigmaking werklik ‘n forensiese deklarasie is. ‘n Voorbeeld hiervan is Heb. 11:4: “Deur die geloof het Abel ’n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy *getuienis ontvang* het dat hy *regverdig* was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het.”[11] God het die saak van Kain en Abel ondersoek. Aangesien Abel geglo het, en sy dade dit ook bevestig, beteken dit dat Abel reeds deur middel van geloof aan Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid deel gehad het. Abel het dus Jesus se toegerekende geregtigheid gehad en God het gevolglik aangaande Abel die uitspraak

---

*[7] Die Hebreeus is צדק (Str. 6663).*
*[8] Dit is in die hif’il tyd.*
*[9] Beklemtoning my eie.*
*[10] Beklemtoning my eie.*
*[11] Beklemtoning my eie.*

gelewer dat hy regverdig is deurdat God Abel se offer aanvaar het. Kain het die getuienis ontvang dat hy nie regverdig is nie, omdat hy vanweë ongeloof nie deel aan Jesus se toegerekende geregtigheid het nie.

Noudat ons vasgestel het dat die konsep van forensiese regverdigmaking in die Bybel te vinde is en dat die woord dikaioō meestal gebruik word om dit te verwoord, kan ons verder in Rom. 3:19-20 vas stel dat dit ‘n hof situasie is. Die volgende bewys dat ‘n hofsaak hier te sprake is, is die woorde “aangesien uit die werke van die wet geen vlees *voor Hom* geregverdig sal word nie.”[12] Die plek waar hierdie deklarasie van regverdigmaking plaas vind is “voor Hom.” Die woorde dui tog daarop dat die hele wêreld voor God gebring is, en Hy moet nou iets met hulle doen. Dit gaan nie nou oor die mens se optrede nie, maar oor God se optrede. Die hele wêreld is stil voor Hom, want elke mond is toegestop, en wag dat Hy iets moet sê. Die uitsig is egter bleek vir elke mens, vanweë hulle sonde het hulle niks meer om te sê nie. Hulle kan nie hulself in hierdie kosmiese hof meer verdedig nie. Dit lei ons sommer ook na die volgende bewys dat ‘n hofsaak ter sprake is. Die hele wêreld, wat swyg, is “voor God doemwaardig.”

Die woord “doemwaardig” is vertaal vanaf hipodikos[13] in die Grieks. Hierdie woord word ook in die konteks van ‘n hof gebruik.[14] Dit beteken dat die persoon onder die regter se uitspraak is. Of anders gestel, hy wag dat die regter die deklarasie moet lewer. Ons kan dit ook vertaal met “onderhewig aan regspraak” voor God. Hier in Rom. 3:19 kry ons die beeld van die hele wêreld wat in God se hof staan, hulle het niks meer vir hulself te sê nie, en wag nou dat God sy deklarasie maak: “Regverdig!” of “Onregverdig!”

Die laaste aanduiding dat ons ‘n hof situasie in hierdie verse kry, is die woord “wet.” Die wet is duidelik die standaard waaraan God die mense toets in sy forensiese ondersoek. Dit sou deur “werke van die wet” wees dat hulle voor God geregverdig word. Dit beteken dat hulle die wet moes gehoorsaam en as hulle dit gehoorsaam het, besit hulle geregtigheid as produk daarvan. Dit is die geval “omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word.”[15] Dit is ook dan aan die hand van die wet dat mense weet of hulle God se standaard bereik het of nie, “want deur die wet is die kennis van sonde.” Ons gaan later weer terugkom na presies wat hierdie woord “wet” hier beteken en wat die standaard is.

### Die Regter en sy karakter

Noudat ons vasgestel het dat ‘n hof situasie hier ter sprake is, kan ons na die volgende belangrike punt toe beweeg, naamlik die Regter en sy karakter. Dit is belangrik om mooi te verstaan wie hierdie Regter is, want die hele wêreld staan “voor *Hom*.” Die bedoeling is nie

---

*[12] Beklemtoning my eie.*
*[13] In die Grieks ὑποδικός (Str. 5267).*
*[14] Sien Louw en Nida (1989:554) wat hipodikos voeg in die semantiese veld van reguitsprake.*
*[15] Rom. 2:13*

om hier ‘n volledige uiteensetting te gee van God se eienskappe nie. Alleen dit wat betrekking daarop het dat God ‘n uitspraak in die hof maak sal ondersoek word. Ons gaan vervolgens nou eers sien dat God, die Regter, volkome regverdig is; Hy gee vir elkeen presies wat hy verdien. Hierdie gaan ons sien in Rom. 2:6-11. Die konteks van hierdie verse is om te wys dat alle mense sondaars is, dat hulle nie aan God se standaard voldoen het nie en die opvolgende oordeel wat hulle verdien. Hierdie verse wil dan wys dat God regverdig is wanneer hy hierdie oordeel vel:

> 6...die regverdige oordeel van God 7 wat elkeen sal vergeld na sy werke: 7 aan die wat
> deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en onverganklikheid soek — die ewige
> lewe; 8 maar aan die wat eiesinnig en aan die waarheid ongehoorsaam, maar aan die
> ongeregtigheid gehoorsaam is — grimmigheid en toorn; 9 verdrukking en benoudheid
> oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek;
> 10 maar heerlikheid en eer en vrede vir elkeen wat goed doen, vir die Jood eerste en
> ook vir die Griek. 11 Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie.

In kort sien ons hier dat God die wat onregverdig is, m.a.w. verbrekers van sy wet, vergeld met die ewige dood van “verdrukking en benoudheid.” Die Here beloon die wat volkome gehoorsaam is aan sy wet met die “ewige lewe.” Hy gee vir elkeen presies wat hulle verdien. Hy word ook nie beïnvloed deur die persoon se ekonomiese klas, ras of geslag nie: “Daar is geen aanneming van die persoon by God nie.” Daar is geen voorkeur vir die sogenaamde “onderdruktes” sowel as geen invloed op Hom van die “bevoorregtes” se geld nie. Die Here kyk verby die vel tot in die hart. Geen geslag kan appelleer dat God bevooroordeeld is nie, want hy hou elke geslag daarvoor verantwoordbaar of hulle hul komplimentariese[16] kant gebring het om God se beeld uit te leef, want “God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.”[17] God is dus altyd volkome regverdig wanneer Hy ‘n deklarasie in die hof maak.

Ons weet dat ons menslike regters, te danke aan die Here, nie altyd onregverdig is nie. Tog, selfs al wil hulle graag regverdig wees in hul uitsprake, maak hulle soms foute omdat hulle nie al die inligting tot hulle beskikking het nie. Nie so met God nie. Daar is nie een ding in hierdie wêreld waarvan Hy nie weet nie. Hy ken elke individu so goed dat hy weet wat hulle gaan sê nog voordat die woorde op hul tong is.[18] Die verste en donkerste hoeke van enige hart is vir

---

*[16] Man en vrou is nie dieselfde nie en moet nooit dieselfde gesien word nie. Man en vrou is na God se beeld geskape, nie net man of net vrou nie. As dit die geval was, dan moes ons daarna streef om of net mans of net vrouens te wees. Nou is dit wel nie geval nie. Man en vrou is in God se beeld geskape. Daarom het mans hulle taak om hul deel as man uit te leef sodat God se beeld sigbaar word in sy doen en late. As net die man egter getrou is aan sy roeping, maar die vrou nie, word ‘n gebrekkige beeld van God uitgestraal. Beide die vrou en die man moet hul roeping as man of vrou gehoorsaam nakom, want saam leef hulle God se beeld komplimentaries uit. Man en vrou is gelyk in waardigheid, maar is verskillend in rolle. Sien veral die boek “Good” (Parnell & Strachan, 2014) verniet beskikbaar by: https://document.desiringgod.org/good-en.pdf?ts=1439242141*

*[17] Gen. 1:27.*

*[18] Ps. 139:4.*

Hom sigbaar en dit lê oop en bloot voor Hom sodat God dit getrou kan beoordeel.[19] Ja, ek en jy kan niks vir die Alwyse wegsteek nie. Hy lees ons soos 'n boek.[20] Daarom het hy al die inligting tot sy beskikking om 'n getroue en regverdige uitspraak te lewer.

Wat verder aansluit daarby dat God 'n ingeligte en regverdige uitspraak lewer, is ook dat God altyd die waarheid praat. Dit is nie moontlik dat Hy iets anders as die waarheid kan praat nie, want Hy is self die waarheid.[21] Iets is waar, omdat God dit sê of doen. Hy tree altyd getrou op aan sy karakter.[22] Hy is nie 'n tweegesig wat die een dag só en die ander dag anders is nie. Hier is daarom een ding wat God nie kan doen nie: God kan nie lieg.[23] Wat 'n verligting, o jy wat honger en dors na geregtigheid; geregtigheid sal geskied. Kyk hoe opreg is God! God sal elkeen getrou vergeld vir sy werke. Daarom sê die Here ook vir ons dat ons nie mag wraak neem nie, want dit behoort aan Hom en hy sál dit doen.[24]

Nie net is God regverdig en altyd waaragtig nie, maar Hy het dit ook lief. Die Here begeer waarheid en dat geregtigheid geskied.[25] Dienooreenkomstig haat Hy sonde en sondaars, "Want U is nie 'n God wat behae het in goddeloosheid nie; die kwaaddoener sal by U nie vertoef nie. Die onsinniges sal voor u oë nie standhou nie; U haat al die werkers van ongeregtigheid."[26] Die Here het dus ook groot motivering vanuit sy liefde vir geregtigheid en die waarheid dat Hy sal sorg dat dit geskied. Hierdie Regter van die wêreld het 'n ywer dat dinge reg verloop. Om dan te dink dat God nie die sonde sal straf soos dit hoort of gehoorsaamheid sal beloon soos dit verdien nie, is absurd.

Die Bybel maak dit vir ons duidelik dat God met groot ywer die sonde uitdelg.[27] Wanneer Habakuk tot God bid, maak hy juis staat op God se regverdigheid. Habakuk sien al die sonde in sy samelewing in Juda en hy roep uit in gebed: "Hoe lank, o Here, roep ek om hulp, maar U hoor nie; skreeu ek tot U: Geweld! — maar U help nie?"[28] Hy roep hierdie uit want hy weet dat God regverdig is en sonde nie sal duld nie. Tog lyk dit asof God die sonde duld. Dan antwoord God vir Habakuk: "Aanskou onder die nasies en merk op, en staan verstom,

---

[19] *Heb. 4:12.*

[20] *Ps. 139:16.*

[21] *1 Joh. 1:5 (let op hoe lig en waarheid staan teenoor leuens en duisternis).*

[22] *Daarom kan Moses bid: leer my U weë dat ek U kan ken (Eks. 33:13), want God se optrede en wie Hy is kan nie losgemaak word van mekaar nie. Hy tree so op omdat hy so is en omdat hy so is tree hy so op.*

[23] *Num. 23:19; Tit. 1:2.*

[24] *Rom. 12:19.*

[25] *Ps. 51:8.*

[26] *Ps. 5:5-6; Ps. 33:5.*

[27] *Ons moet in gedagte hou dat die Here nie soos 'n mens is nie. Ons word soms sonder goeie rede kwaad. Wanneer ons kwaad word, is die woede ook nie altyd proporsioneel reg met die oortreding nie. Ons kan hewig oorreageer of wispelturig wees. God is nie so nie. Sy woede is altyd berekend en reg teenoor sonde. Hy raak nie onnodig kwaad nie. Wanneer die saak uitgesorteer is, bly hy ook nie meer kwaad nie. God is konsekwent is sy woede teenoor sonde.*

[28] *Hab. 1:2.*

verstom; want Ek gaan iets in julle dae doen wat julle nie sal glo as dit vertel word nie."[29] Die Here kondig aan hoedat hy die sonde gaan straf.

Hy gaan die Chaldeërs, die Babiloniërs, gebruik om Juda te straf vir die sonde. Hierdie Babiloniërs word beskryf as 'n bose en woeste volk. Habakuk reageer baie verbaas hierop met die volgende opmerking: "*U, wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie* — waarom aanskou U die trouelose, swyg U wanneer die goddelose dié verslind wat regverdiger is as hy?"[30] Dit mag dalk vir ons bietjie voor op die wa klink soos Habakuk hier bid. Dit is egter nie, want Habakuk ken God se karakter. Hy weet dat God regverdig is en dat hy dit lief het. Daar is nie 'n manier hoedat God sonde kan aanskou en dit duld nie. Tog, weereens, lyk dit so vir Habakuk en daarom hierdie uitroep van verbasing: "Wat dan nou van die Babiloniërs wat selfs nog meer goddeloos is as Juda? Wat gaan met hulle gebeur?"

In antwoord op Habakuk se verbasing kondig die Here gevolglik ook die straf oor die Babiloniërs aan.[31] In die middel van die oordeel oor Babilonië, en eintlik enige ander volk wat sondig optree, sê die Here hierdie verstommende vers: "die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek." Die Here sê hier dat hy sal bekend maak vir die hele wêreld wie en hoe Hy is. Daar sal nie 'n gebrek aan kennis wees nie. Is daar 'n gebrek aan water in die see? Nee, die see is propvol water. Net so sal God kennis van wie hy is in elke kop van die mens giet sodat elke gaatjie gevul is. God gaan dit wys deur wat hy doen. Elke siel sal weet dat God regverdig is en die sonde nie duld nie. Almal sal sien en weet wie die Here is. Almal sal ontsag hê: "Maar die Here is in sy heilige tempel — swyg voor Hom, o ganse aarde!"[32]

Ons het in die geskiedenis die bevestiging hiervan dat God die sonde nie duld nie. Dat God nie sonde kan verdra nie is bewys met historiese feite. Juda is verpletter deur die Babiloniërs.[33] Babilonië is uitgewis deur die Meders en Perse.[34] Hierdie is nie koue harde feite nie, dit skreeu passievol met oortuiging tot ons vanuit die geskiedenis om nie ligtelik om te gaan met God se heiligheid nie! Hierdie selfde waarheid weergalm in Sodom en Gomorra; dit blaas vir ons deur Josua se trompette; dit is perkussie in Gideon se kruike; dit is 'n gedreun van Noag se wolke; dit is 'n tienvoudige klaagsang in Egipte. As dit egter nie genoeg is om iemand te oortuig dat God sonde haat nie, is God nie van stryk gebring nie. Die hele aarde sal met 'n gedruis vol met kennis van sy heerlikheid word soos die see met water vol is. En Hy het hierdie openbaring van homself gedirigeer tot 'n crescendo aan die kruis. Hier het ons die duidelikste bewys dat God geensins sonde onder die mat in sal vee nie. Hy het dan selfs nie

---

[29] *Hab. 1:5.*
[30] *Hab. 1:13 (Beklemtoning my eie).*
[31] *Hab. 2:2-20.*
[32] *Hab. 2:20.*
[33] *2 Kon. 25.*
[34] *Dan. 5.*

eers sy eniggebore, kosbare Seun oorgeslaan nie. Ons moet wel nie vir een oomblik dink dat Jesus self sonde gehad het nie.[35] Dit is omdat Hy homself so nou aan sy mense verbind het dat Hy hulle sonde op homself geneem het asof dit sy eie is. Hiervoor het Jesus die volle oordeel van God gedra en is verwerp as 'n vervloekte.[36] Hy is nie anders behandel omdat Hy God se Seun is nie. Daarom het Jesus ons ook werklik losgekoop met sy kosbare bloed van al ons vervloeking en verwerping wat ons verdien het. Die kruis is dan 'n teken van genade, want daar hang Jesus en nie ek nie. Dit is egter nie net 'n teken van genade nie, maar ook van God se regverdige oordeel oor sonde, want daar *hang* Hy.

> And so he was lifted up upon a tree and an inscription was attached indicating who was being killed. Who was it? It is a grievous thing to tell, but a most fearful thing to refrain from telling. But listen, as you tremble before him on whose account the earth trembled!
>
> He who hung the earth in place was hanged.
> He who fixed the heavens in place was fixed in place.
> He who made all things fast was made fast on a tree.[37]

So dan, as God nie eers sy eie Seun gespaar het nie, hoeveel te meer sal hy geen geduld vir sondige rebelle hê nie. Jesus se bloed het gevloei as gevolg van God se oordeel op sonde, maar hoeveel te meer sal bloed nie vloei wanneer Jesus in al sy mag terugkom nie! Daar kom 'n dag wat vasgemaak is.[38] God het bepaal dat koning Jesus die oordeel finaal kom uitgiet. Die straf is 'n geweldige straf waarin God sy heilige woede uitgiet. Ons het beelde in die Ou Testament wat 'n idee gee van hoe intens dit is. Een so 'n voorbeeld is die goddeloses wat vergelyk word met druiwe in 'n parskuip. Die woede van die Here word uitgebeeld met 'n man wat hierdie druiwe pars. Hy verpletter die druiwe onder sy voete. Voetstamp na voetstamp dryf in die midde van die druiwe in. Die druk op die druiwe is so hoog dat die lewenssap spat; Hy trap die parskuip so verwoed dat sy klere rooi bevlek word soos met bloed. Sy klere, versadig met die bloed, drup rooi slierte, donker riviere sypel oor deurdrenkte grond.[39] "Maar hoog sal die Here van die leërskare wees deur die strafgerig, en die heilige God sal Hom as die Heilige laat ken deur geregtigheid."[40] O, wee die onregverdige daardie dag! Ons God is 'n verterende vuur.

Ons God is goed en kan daarom nie die kwaad duld nie. Omdat Hy die goeie lief het, haat hy die bose. Gevolglik sal waar Hy is net die goeie wees. Daarom is Sy koninkryk een van

---

[35] *Heb. 4:15*
[36] *Gal. 3:13; Heb. 13:12.*
[37] *Mileto van Sardis, wat om en by 180 n.C. gesterf het, soos aangehaal deur White (1998:184).*
[38] *Hand. 17:31; Rom. 2:5.*
[39] *Jes. 63:2-3; Op. 14:19-20.*
[40] *Jes. 5:16*

geregtigheid en vrede.[41] Elkeen wat regverdig in Jesus is, kan hierna uitsien. Hierin is daar, deur die Heilige Gees se werk, groot vreugde vir die ware gelowige, "Want die koninkryk van God is … geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees."[42] Nou, "Wees bly in die Here en juig, o regverdiges! En jubel, alle opregtes van hart!"[43]

Dit is voor hierdie Regter waaraan die hele wêreld onderhewig is vir sy juridiese uitspraak.

### Die standaard

Die standaard waaraan God die Regter die wêreld in sy hof meet, kan ook nie van sy karakter geskei word nie.[44] Met ander woorde, die standaard wys nog meer vir ons hoe die Regter van die wêreld is. Hy is immers in elk geval ook die bron van die standaard. Wat ons spesifiek van die Here gaan sien soos ons na die standaard kyk, is sy morele perfeksie. Ons kan dit ook sy heiligheid noem, alhoewel ons net in gedagte moet hou dat dit nie al manier in die Bybel is hoe daar van God se heiligheid gepraat word nie.[45] Soos ons nou na die standaard kyk, moet ons onthou dat dit ook ons nog meer van God se karakter leer.

In die hof is daar 'n standaard waaraan daar in die forensiese ondersoek gemeet word of 'n persoon skuldig is of nie. So is daar ook in God se hof 'n standaard, naamlik die "wet." Dit is vanuit hierdie wet dat ons weet of ons sonde het of nie. Dit is ook aan die hand van hierdie wet waardeur God bepaal of die persoon wat voor hom staan regverdig is of nie. Ons moet nou kyk hoe die woord "wet" hier in Rom. 3:19 en 20 gebruik word.

In hierdie twee verse is daar ten minste vier moontlike maniere hoe die woord "wet" gebruik word. Ons gaan nou vir 'n oomblik ons konsentreer-kepse moet opsit en ons dink-varkies inspan om klaarheid hieroor te kry. Gelukkig het Douglas Moo,[46] wat seker die volledigste kommentaar oor Romeine tot op hede geskryf het, die vier maniere al vir ons opgesom hoe die woord "wet" hier in Rom. 3:19-20 moontlik gebruik kan word:

(1) Wet kan beteken die volle Ou Testamentiese kanon;

---

*[41] Ps. 85:11.*
*[42] Rom. 14:17.*
*[43] Ps. 32:11.*
*[44] Eks. 33:13.*
*[45] Ek verkies om van God se heiligheid te praat as dit wat Hom anders maak as alle ander dinge (sien Eks. 15:11; 1 Sam. 2:2; Jes. 40:25). Dit wat die Here anders maak, is al sy eienskappe saam, want niemand is soos Hy nie. God se heiligheid is dus inherent wie hy is. God se heerlikheid, aan die ander kant, is weer wanneer God sy heiligheid sigbaar maak. Ons kan net God se heiligheid leer ken deur die openbaring van sy heerlikheid. Wanneer ons egter sien wie God is, en dat Hy God is en niemand anders nie, vereis dit aanbidding. Daarom word God se heiligheid en sy heerlikheid gekoppel met aanbidding (sien Jes. 6:3; Hab. 2:14 en 3:3; Ef. 1:4 en Ps. 96). Alle mense moet God dus God aanbid en omdat God altyd waarheid vereis, moet Hy ook volmaakte aanbidding vereis. Dit is dan hoe God se morele perfeksie gekoppel is aan sy heiligheid; Vanweë Sy heiligheid sal hy sorg dat hy al die aanbidding kry.*
*[46] Moo (1996:ad loc.)*

(2) Wet kan beteken die Mosaïese wette (dit is al die wette wat aan Moses gegee is, naamlik, die morele wette, soos die tien gebooie, die seremoniële wette, soos wat in die tempel moet gebeur, en die siviele wette, soos wat in Israel se staat moet gebeur en die burgerlike owerheid moet sorg dat dit uitgevoer word);
(3) Wet kan die morele vereistes van slegs die tien gebooie beteken; en
(4) Wet kan die algemene morele vereistes wat aan alle mense geopenbaar is, beteken.

Ons gaan wel nou sien dat die woord "wet" werklik net op twee maniere in hierdie verse gebruik word. In die eerste plek, word "wet" gebruik as die volle Ou Testament openbaring wat neergeskryf is (m.a.w. die Ou Testament kanon). In die tweede plek, word "wet" gebruik as die algemene morele vereistes waaraan die mens moet voldoen. Hier is Rom. 3:19-20 weer:

> [19] Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees; [20] aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.

Ons gaan begin met die eerste geval van die woord "wet" in "nou weet ons dat alles wat die wet sê." Wat het die wet gesê sodat ons nou weet dat die hele wêreld doemwaardig is voor God? Dit is wat gesê is in die vorige nege verse (Rom. 3:10-18), daardie hele rits aanhalings vanuit die Ou Testament waarvan baie uit die Psalms en profete is. Die Psalms en die profete, onder andere, het gesê dat alle mense sondig is, hulle het giftige woorde, bloeddorstige voete en geen ontsag vir die Here nie. Paulus gebruik dan die woord "wet" hier in die eerste geval as die volle Ou Testament kanon. Die hele Ou Testament, as God se woord, verdoem die mens oor hul sonde. Die hele kanonieke openbaring van God in die Ou Testament sê dit.

Die tweede geval van "wet" in vers 19 is egter meer van 'n kopkrapper. Die moeilikheid ontstaan wanneer ons wil bepaal wie die mense is wat onder die wet is. Daarvoor moet ons egter reeds weet wat met "wet" bedoel word in hierdie geval. As ons wel kon weet wie die mense is, kon ons makliker weer bepaal wat met die wet hier bedoel word. Byvoorbeeld, as hier slegs na die Jode verwys word, moet dit die openbaring wees wat God aan die Jode gegee het en hulle daaraan verantwoordbaar hou (onthou, nie alle mense was so bevoorreg soos die Jode om die besondere openbaring van God in die Ou Testament te ontvang nie; Rom. 3:1). Dit is wel nie so maklik om sommer te sê dat Paulus hier net praat van die Jode nie, want ons weet dat sy gehoor gemeng is. Daar is ook ander tekste, soos Rom. 6:14, wat sê dat alle mense vroeër onder die vereiste van die wet was en beheers is deur sonde, maar noudat hulle onder genade is, is dit nie meer die geval nie. Ons kan daarom nie sommer net aanneem dat Paulus hier met net die Jode praat nie. Ons sal die konteks nog meer moet verspied.

Ons kan in die frase "sodat elke mond gestop en die *hele wêreld* voor God doemwaardig kan wees" die gevolg daarvan sien dat die wet iets vir die mense wat onder die wet is, sê. Die gevolg van die wet, wat iets vir die mense onder die wet sê, is dat die *hele wêreld* nou voor God doemwaardig is. Die hele wêreld sal tog net doemwaardig wees as die wet 'n spesifieke ding vir die *hele wêreld* sê. Hieruit kan ons weet dat die hele wêreld "onder die wet" is. Die tweede gebruik hier in Rom. 3:19 van die woord "wet" kan dus nie na die Mosaïese wette[47] of die tien gebooie, soos hulle aan Israel openbaar is, verwys nie (want die hele wêreld het nie die Mosaïese wette ontvang nie). Verder, ons kan "wet," soos dit die tweede keer voor kom in 3:19, nie weer verstaan as kanonieke openbaring nie, want die woord "onder" die wet wys vir ons dat daar 'n sekere vereiste is waaraan die mense gemeet word. Dit is nie net iets wat aan die mense gesê word nie, maar eerder iets waaraan hulle gemeet word. Dit is dan juis aan hierdie vereiste waaraan die psalmdigters en die profete die lewens van alle mense gemeet het sodat hulle die geïnspireerde[48] uitsprake van 3:10-18 kon maak. Die sondes wat gelys word in 3:10-18 is van toepassing op alle mense, Jode en heidene. Ons weet dit, want Paulus, met sy geïnspireerde interpretasie daarvan, pas hierdie tekste op alle mense toe. Voor hy met die rits aanhalings begin, sê hy eers hierdie: "[9] Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is, [10] soos geskrywe is..." Hy haal juis die tekste aan om sy argumente van die vorige hoofstukke te staaf, naamlik dat almal sondaars is.

Wat is hierdie vereiste, of wet, waaraan die profete en die psalmdigters alle mense van die wêreld gemeet het? Dit het Paulus al vroeër in Romeine behandel. In kort is die antwoord dat, omdat die Here die mens na sy beeld geskape het, en God is moreel perfek, moet die mens ook 'n morele wese wees. Dit is hoekom selfs die heidene weet dat die sondes wat hulle doen verkeerd is in die oë van die Here en dat hulle die dood daarvoor verdien.[49] So kan Paulus ook aangaande die heidene, "wat geen wet het nie," sê dat omdat hulle "van nature die dinge van die wet doen, hulle vir hulleself 'n wet is, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon dat die werk van *die wet in hulle harte geskrywe staan*, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig."[50] God se morele vereistes is dus op alle mense se harte geskrywe. Die feit dat hulle in hul gewete hul optredes wil regverdig of veroordeel, getuig daarvan. Alle mense het dus God se algemene morele vereistes en word daaraan verantwoordbaar gehou (Natuurlik word die Jode nog meer verantwoordbaar gehou omdat hulle nog meer openbaring ontvang het). Daarom sal

---

*[47] Dit is al die wette wat die Here deur Moses aan die volk gegee het.*

*[48] Met inspireer word hier bedoel die spesiale werking van die Heilige Gees sodat Hy op so 'n manier in die menslike skrywers gewerk het dat die eindproduk presies is wat God wil sê in mense se woorde. Die eind produk is dan 100% Goddelik en 100% menslik. Ons weet nie presies hoe die Heilige Gees dit regkry nie, maar ons weet dat hy doen. Sien tekste soos 2 Tim. 3:16; 2 Pet. 1:20-21; Heb. 3:7 en 4:7; 2 Sam. 23:2; Luk. 1:1-4 om te sien dat die Bybel ten volle God se woorde is, maar ook ten volle mense se woorde is. 'n Goeie boek oor hierdie tema is Sproul (2005) se Scripture alone. Sien ook die Chicago Statement on Biblical inerrancy.*

*[49] Rom. 1:32.*

*[50] Rom. 2:14-15 (beklemtoning my eie).*

ons die tweede verskyning van "wet" in 3:19 verstaan as die algemene morele vereistes waaraan die mense verantwoordbaar gehou word voor God.[51]

Noudat ons die gebruike van die woord "wet" in vers 19 vasgestel het, kan ons verder ook vers 20 bestudeer. Hier in vers 20 kry ons die frase "aangesien *uit die werke van die wet* geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie." Geen "vlees" beteken maar net geen "mens" nie. Geen mens sal dus uit werke van die wet deur God, nadat hy die forensiese ondersoek gemaak het, regverdig verklaar word nie. Hier sien ons dat God 'n standaard het waaraan hy alle mense se dade meet. Die mense moes in hul dade aan hierdie standaard voldoen deur hulle "werke van die wet." Niemand het dit reggekry nie. Hier moet ons weer wet verstaan as die algemene morele vereiste wat God aan elke mens geopenbaar het, want dit is die hele wêreld wat in God se hof staan. Weereens, natuurlik, sal die Jood nog skerper geoordeel word, want hy het meer openbaring ontvang.

Die laaste keer wat "wet" voorkom in vers 20 is die frase "deur die wet is die kennis van sonde." Moontlik kan dit dieselfde verstaan word, soortgelyk aan die eerste gebruik in vers 19, as die hele Ou Testament wat die mens te kenne gee dat hy sondig is voor God. Omdat God, wat nie kan lieg nie, die uitsprake van 3:10-18 maak, weet die mens dat hy sondig is. Alhoewel, selfs al verstaan ons "wet" hier in die laaste gebruik in vers 20 as die kanonieke openbaring van God in die Ou Testament, is dit steeds nie los van die algemene morele vereiste nie. Dit is omrede die kanonieke openbaring van die Ou Testament slegs die uitsprake maak soos mense se lewens gemeet word teen die standaard van die algemene morele vereistes. Op die ou end moet "wet" tog ook hier verstaan word as die algemene morele vereistes.

Hier in vers 20 leer ons dat die wet dan soos 'n spieël is. Dit is egter 'n interessante spieël wat anders werk as ons spieëls. Wanneer mens in ons gewone spieëls kyk, wys dit vir ons wat ons met ons eie oë gewoonlik sien. Die spieël van die wet is anders. Wanneer 'n mens daarin kyk, sien 'n mens hoe lyk jy in God se oë. Kom ons kyk nou na hierdie algemene morele vereistes om te sien waarvoor God kyk en hoe ons in Sy oë lyk.

Die maklikste plek om hierdie vereistes raak te sien is in die eerste hoofstuk van Romeine (Rom. 1;18-25). Hier sien ons dat alle mense kennis dra van God se goddelikheid en van sy

---

[51] *Moo (1996:ad loc.) gee 'n ander verklaring vir "die wat onder die wet is." Hy is van mening dat dit die Jode is en dat wet daar die sfeer van God se openbaring beteken. Hulle moes dus aan nog hoër vereistes voldoen, maar het ook meer openbaring gehad as die heidene. Hy redeneer dan dat Paulus hier 'n argument maak van die meerdere na die mindere toe. As die Jode, wat meer openbaring gehad het, gesondig het en skuldig is, hoeveel te meer nie ook die heidene, wat nie eers meer openbaring gehad het nie. Hy meen dan dat, omdat die Jode misluk het met hul meer openbaring, Paulus kan konkludeer dat die hele wêreld dan doemwaardig is voor God, omdat die heidene vir seker slegter as die Jode sou vaar. Ek verskil egter van Moo (dit gebeur nie baie nie) op hierdie punt, omdat dieselfde standaard hier tog gebruik moet word as dié wat die profete en psalmdigter moes gebruik om hul geïnspireerde uitspraak ook aangaande heidene te maak.*

ewige krag. Hierdie kennis is wat God aan die mens bekend maak deur die skepping. Wanneer God iets doen, misluk hy nie, daarom het alle mense werklik kennis van God omdat hy dit suksesvol openbaar. Dit is ook oor hierdie werklike kennis dat hulle sonder verskoning is voor God. Hulle kan nie sê: "Ek het nie geweet nie."[52] Omdat hulle hierdie kennis het, is daar sekere verantwoordelikhede wat daarmee saamkom. Hulle moes God verheerlik, dank, geprys en erken het as God.[53] Dit sluit tog aan by die eerste tafel van die tien gebooie, naamlik om God lief te hê. Alle mense weet dus hulle moet God lief hê. Dit is egter nie waar dit stop nie. Liefde vir God kring altyd verder uit sodat 'n mens die ander mense ook rondom jou lief het. God se wet vir naasteliefde is dan ook op alle mense se harte ingegraveer, want alle mense is na God se beeld geskape. Daarom kan Paulus ook aangaande die heidene, na hy 'n hele smeerboel van die gruwelike sondes wat mense met mekaar doen, opgenoem het, sê dat hulle hul morele verpligtinge ken: "mense wat — *al ken hulle die verordening van God goed*, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien — dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen."[54]

Ons sien dus dat alle mense 'n basiese begrip het van wat dit is om God lief te hê en weet dat hulle dit ook moet doen. Alle mense het ook 'n basiese begrip van naasteliefde. Hierdie dinge is so eg deel van 'n mens dat jou gewete nie daarvan vrykom nie, maar juis aktief is om of te regverdig of te veroordeel.

Ons sien juis hoe 'n wetgeleerde so deur sy gewete gepla is. Dit is in die geskiedenis toe Jesus die gelykenis van die barmhartige Samaritaan vertel het.[55] Die wetgeleerde gaan na Jesus toe en vra vir Hom: "Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?" En Jesus, omdat hy weet die man die wet sal ken, vra vir hom: "Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?" Die wetgeleerde wat goed opgelei is, antwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself." Jesus is beïndruk met die man se antwoord en sê vir hom: "Jy het reg geantwoord; doen dit, en jy sal lewe." Hier moet ons net gou stil staan.

Wat baie opvallend is, is dat Jesus, wanneer die man vra wat hy moet doen om die ewige lewe te kry, nie vir hom sê "bekeer en glo!" nie. Hy sê vir hom: "doen die wet en jy sal die ewige lewe beërwe." Hy doen dit op 'n ander plek ook. Wanneer die ryk jong man na Jesus toe kom en dieselfde vraag vra, antwoord Jesus: "Jy ken die gebooie: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag niemand te kort doen nie; eer jou vader en jou moeder."[56] Jesus is nie deurmekaar wanneer hy hierdie dinge sê nie. Hy gaan homself ook nie teë in sy ander uitsprake dat 'n mens net na hom toe

---

[52] *Rom. 1:20.*
[53] *Rom. 1:21, 25 en 28.*
[54] *Rom. 1:32 (beklemtoning my eie).*
[55] *Luk. 10:25-37.*
[56] *Mar. 10:19.*

moet kom in geloof as ‘n mens die ewige lewe wil hê nie. Hierdie dinge hou verband met mekaar. Wat Jesus hier wil doen, is hy wil wys dat God ‘n standaard het vir enigiemand wat voor Hom regverdig verklaar wil word. Hy wil ook vir ‘n mens wys hoe onmoontlik dit vir jouself is. Hierdie wetgeleerde “wou homself regverdig”[57] en daarom was dit vir Jesus eers nodig om te wys hoe hoog die standaard van God se vereistes is en dat dit daarom vir hom onmoontlik is om homself te regverdig. Jesus wou vir die man wys dat hy geen hoop in homself het nie. Hierdie wetgeleerde kort ‘n ander manier om voor God regverdig te wees as sy eie werke. Hy kort ‘n Verlosser wat die wet in sy plek gehoorsaam en hom regverdig sal maak. Jesus wil vir die man wys dat hy Hom, die Christus, nodig het. Die wetgeleerde, aan die ander kant, omdat hy homself wou regverdig, weet ook dat as hy die standaard van God se vereistes verlaag, hy daarby sal kan uitkom en uit sy eie werke geregverdig kan word. Daarom vra hy vir Jesus: “En wie is my naaste?” Nou gaan Jesus vir die wetgeleerde wys net hoe hoog God se standaard is en dat hy daaraan te kort skiet.

Jesus vertel vir die wetgeleerde die gelykenis van die barmhartige Samaritaan om vir die wetgeleerde te wys presies wat God se wet vereis en hoe hoog die standaard is. Ons ken die gelykenis goed. Die man wat vanaf Jerusalem loop, waar hy waarskynlik die Here aanbid het as ‘n pelgrim, word deur rowers aangeval. Hy word vir die dood gelos om te beswyk aan sy wonde. Daar kom ‘n priester verby wat klaar is met sy werk by die tempel.[58] Hy het dus niks om te vrees as hy sou onrein word wanneer hy die man help nie. Die priester is egter net haastig en selfsugtig om by die huis te kom nadat hy sy diens gelewer het in Jerusalem, waar die tempel is, en daarom gaan hy by die half-dooie man verby en maak asof hy niks gesien het nie. Dieselfde met die leviet. Die hartseer van die saak is dat die priesters en die leviete veronderstel was om die volk te leer om die wet te gehoorsaam en ‘n voorbeeld te stel. Hulle het dus goed geweet wat hulle plig was. Hulle weet dat die wet ons leer om barmhartigheid te bewys.[59] Hulle het geweet dat hulle die man moes help, want Skrif leer “hou ’n weldaad nie terug van hom aan wie dit toekom as dit in jou mag is om dit te doen nie.”[60] Dit was vir seker in hul albei se mag om die half-dooie man te help.

In kontras met die priester en leviet, wat nou net hulle werk klaar gemaak het, is ‘n Samaritaan wat nou baie bedrywig is. Hy is op reis met besigheid. Terwyl hy verdiep is in sy werk, kom hy oor die pad van hierdie arme, half-dooie man. Hy neem tyd om uit te draai na die man, sy wonde te versorg en hom op sy donkie te laai sodat hy hom in versorging kan plaas. Hy is egter so besig hy kan nie eers langer met die beseerde man in die herberg vertoef nie. Hy

*[57] Die woord dikaioō word weer hier gebruik, maar natuurlik kan die man nie van homself ‘n deklarasie in die hof maak dat hy regverdig is nie. Hoe dikaioō hier gebruik word is dat die man homself wil reg maak sodat wanneer hy deur die regter ondersoek word, die regter die uitspraak “regverdig!” sal maak. Hy wil dus self die wet doen en met sy eie goeie werke deur God regverdig verklaar word.*

*[58] Ons weet dit omdat die priester “afgaan.” Mense gaan altyd “op” na Jerusalem en wanneer hulle vandaar weggaan, gaan hulle “af.”*

*[59] Hos. 6:6 en Mat. 23:23.*

*[60] Spr. 3:27.*

moet dadelik die volgende dag al weer met sy besige lewe verder gaan. Hy los net geld vir die herbergier en sê hy sal wanneer hy terugkom die oorskot terugbetaal, al weet hy nie eers hoe lank dit mag neem voordat die half-dooie man volkome genees nie. Die Samaritaan het uit sy pad gegaan om barmhartigheid aan hierdie man te bewys. Nog meer, ons weet dat die Samaritane en die Jode niks van mekaar gehou het nie. Daarom het die Samaritaan ook nog teen sy natuurlike aversie van Jode ingegaan om barmhartigheid te bewys. Watter kontras is die nie tussen die Samaritaan en die priester en die leviet nie!

Jesus sluit dan die gelykenis af en vra vir die wetgeleerde: "Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het?" Die wetgeleerde antwoord Jesus se vraag verstandig soos dit iemand betaam wat die wet ken: "Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het." Let op, Jesus het nie gevra, "wie is my naaste?" nie, maar "vir wie kan ek 'n naaste wees?" Met ander woorde, naaste liefde vereis van my om aktief te kyk hoe ek ander mense kan bedien. Daarom kan die apostel Johannes verstom ook uitroep: "Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?"[61]

Die standaard wat Jesus hier stel, is hoog. Dit is egter so hoog, omdat God so heilig is. Daardie wetgeleerde kon dit nie haal nie. Paulus kon dit nie haal nie. Ek en jy kan dit nie haal nie; ons skiet ver te kort om aan God se geregtigheid te voldoen. Nie een van ons kan sê "ek is volmaak barmhartig" nie. Dit is presies waarvoor God soek in sy forensiese ondersoek in die kosmiese hof. Hoe lyk ons lewens as ons onsself teen daardie standaard meet? Hoe lyk ons wanneer ons in God se spieël kyk? 'n Gesonde gewete kla ons aan en spreek net verdoemenis uit. Maar los Jesus egter hierdie wetgeleerde, en ons ook, net so hopeloos? Nee.

Toe Jesus hierdie gelykenis vertel het, was hy juis besig met sy laaste optog as pelgrim na Jerusalem waar die paasoffers gebring moes word. Die vlekkelose Lam self stap na sy slagting op Golgotha om sy mense se ongeregtigheid op hom te neem en sy geregtigheid vir hulle te gee. Hier stap Jesus, die barmhartige God, besig om die wet volmaak in ons plek te vervul. Hy wys vir ons wat dit beteken om waarlik lief te hê. Hy gaan in gelowiges se plek vervloek word sodat hulle in sy plek geseën kan word. Die Regverdige in ruil vir onregverdiges. Die Seun van God in ruil vir kinders van die duiwel. Die Geliefde in ruil vir vyande. Hierdie selfde barmhartige God roep jou nou om jou geloof te plaas op Jesus se twee bene, sy aktiewe en passiewe gehoorsaamheid, om jou staande te hou voor God se regbank. Sal jy jou vertroue plaas op Jesus se volmaakte werk of met jou eie wankelrige pogings jouself probeer regverdig voor dié regverdige en moreel perfekte Regter?

Ons het nou die hof situasie, die karakter van die Regter asook die standaard waaraan hy die beskuldigdes voor Hom meet sodat hy 'n juridiese deklarasie kan maak, bestudeer. Ons het

---

[61] *1 Joh. 3:17.*

in Rom. 3:19-20 gesien dat die standaard waaraan God al die mense meet die "wet" is. Die woord "wet" word in hierdie geval gebruik om die algemene morele vereistes wat aan alle mense geopenbaar is, aan te dui. As iemand deur God die regter regverdig verklaar wil word, moet hy voldoen aan God se eise. Hy moes die morele wette wat aan hom openbaar is volkome gehou het. Nou gaan ons kyk na die juridiese deklarasie wat God maak na sy forensiese ondersoek aan die hand van die wet.

### Die uitspraak

Hier in Rom. 3:19-20 het ons dan die beeld van die kosmiese hof waarvan die moreel perfekte en opregte God die Regter is. Met Sy deurdringende oë ondersoek hy elke mens van die hele wêreld wat voor hom moet kom verantwoording doen. Met die hoë standaard van sy wet meet Hy elkeen se lewe. Almal is stil en wag vir die uitspraak oor hulle. O, hoe geseënd is die wat, nadat God hul lewe ondersoek het en gevind het dat hulle geregtigheid het, dat hulle die wet volkome gehoorsaam het, hoor: "regverdig!" Ewige en volkome gemeenskap met God wag op hulle. Hulle sal aan God se heerlikheid deel hê. Hoe gelukkig is dit om onskuldig gevind te word wanneer jy valslik aangekla is! Want God se regverdiges word werklik ongeldig aangekla, soos ons later in meer diepte sal sien: Hulle straf is reeds uit die weggeruim; Daar is klaar aan God se geregtigheid namens hulle voldoen; Die gronde vir enige klag teen God se uitverkorenes is saam met Jesus begrawe om nooit weer by God se kinders te kom spook nie; Daar is geen meer veroordeling vir die een wat in Jesus is nie.[62] Dit is wonderlik dat geregtigheid in God se hof geskied.

Wanneer God so 'n uitspraak deklareer in sy hof is dit altyd waaragtig, want dit is sy karakter. God kan nie lieg nie. Daarom, as God iemand regverdig deklareer, is die persoon werklik regverdig. Verder, God maak nie foute nie. Hy sal nooit sy uitsprake hoef terug te trek nie. So, as Hy iemand regverdig deklareer, is die persoon so verewig. Dus, indien God iemand regverdig deklareer, sal daardie persoon nooit weer onregverdig word nie. Ons weet dat die enigste rede hoedat ons sondaars deur die waaragtige God regverdig verklaar kan word, is omdat Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid werklik ons s'n geword het deur dubbele toerekening. Dit het ons deelagtig geword deur middel van geloof. Die implikasie dat God nooit 'n uitspraak terugtrek nie, is dat Hy sal sorg dat 'n ware gelowige in die geloof bly. Hierdie is dan ook een van die gevolge van regverdigmaking wat ons in die res van Romeine 5:1-11 sal sien. Dit is eintlik die hooffokus van Romeine 5:1-11, naamlik, dat God die gelowiges bewaar.

Om egter weer terug te kom by die hof situasie in Rom. 3:19-20, lyk dinge nie so blink vir ons mense nie. Ons almal staan voor die moreel perfekte Regter en hy het self gesê "Daar is niemand regverdig nie."[63] Daarom, as gevolg van die vrotspul van ons sonde wat aan ons kleef

---

[62] *Rom. 8:1.*
[63] *Rom. 3:10.*

met ‘n ewige stank van die dood, “sal geen vlees voor Hom geregverdig word nie.” Die heilige God kan nie kyk na hierdie dinge wat in ons harte aangaan en dit goedkeur nie. Ons is net ‘n spul wat niks anders as ongeregtigheid het om vir Hom te wys nie. Hy trek sy neus op met veragting. Sy opregte uitspraak, met vlammende oë, oor ons, sondaars in onsself, moet wees katakrinō (ek veroordeel): “Onregverdig! Vervloek!” Daar is niks fout met dié uitspraak nie. Dit is niks minder as die waarheid nie. Dit is presies wat ons verdien. Dit sal goed en reg wees, sodat geregtigheid geskied, dat God die uitspraak van veroordeling maak en die ewige vonnis vel: Diepe duisternis al is daar flikkerende vlamme; pynlike eensaamheid al is daar eenderse geselskap; geen vreugde al is daar net sonde. Dit is om ewig afgesny te wees van God, die bron van lewe, ons vervulling, ons vreugde, die Gewer van elke goeie gawe en geskenk. Hy is die lig; in Sy geselskap is daar heilsame gemeenskap en om hom te ken en lief te hê is volheid van vreugde. O, hoe verskriklik om van *Hom* afgesny te word!

Noudat ons die Regter en sy hof in Rom. 3:19-20 bestudeer het, gaan ons aan beweeg na die mense wat in die beskuldigde bank sit. Voor ons dit doen wil ek net noem dat dit belangrik is om te onthou dat daar in Jesus genade is en ons sal daarvan hoor sodra ons gesien het hoe afskuwelik ons toestand voor God is. Soos ons egter gesien het in die gelykenis wat Jesus aan Simon die Fariseër vertel het, sal ‘n groter sondebesef tot warmer liefde lei tot die Een wat ons begenadig het. Dit is omdat ons ‘n groter begrip kry van sy ryke barmhartigheid en hoe groot sy liefde is dat hy bereid was om so ‘n duur prys te betaal. Hierdie alles kan wel net gebeur as ons bereid is om eerlik te kyk na ons eie sonde. Ons moet besef hoe diep die gat van ons sonde is voordat ons sal begryp hoe ver Jesus geduik het om ons sinkende wrakke te red. Die beste voorbereiding om van genade te hoor, is om te weet jy het dit broodnodig. Net die soldaat wat besef dit is klaar met hom as hy op sy eie pogings staatmaak om hom uit die gevaar te verwyder, sal sy volle gewig toevertrou aan sy makker. So moet ons ons totale hulpeloosheid besef voor die volmaakte Regter. Ons moet weet dat daar geen alibi is wat ons kan verdedig voor die alwetende, heilige en waaragtige God nie. Ons monde moet toegestop word.

## Regverdigmaking is vir sondaars

James Buchanan ‘n Engelse predikant van die 1800’s het ‘n werk oor regverdigmaking deur die geloof geskryf wat die toets van tyd deurstaan het. Dit is seker een van die mees volledige werke op hierdie leerstelling tot op hede. Buchanan het nie net baie akademiese geletterdheid gehad nie, maar ook diep pastorale insig. Hy het geweet hoe nodig dit vir die mens is om te besef hoe vreesaanjaend sy toestand voor God is met die gevolg dat hierdie persoon erns sal maak met die studie van die leerstelling aangaande regverdigmaking deur die geloof. Hy het hieromtrent die volgende gesê:

> A deep conviction of sin is the one thing needful in such an inquiry,— a conviction of the fact of sin, as an awful reality in our own personal experience,— of the power of sin, as an inveterate evil cleaving to us continually, and having its roots deep in the

> innermost recesses of our hearts,— and of the guilt of sin, past as well as present, as an offence against God, which, once committed, can never cease to be true of us individually, and which, however He may be pleased to deal with it, has deserved His wrath and righteous condemnation. Without some such conviction of sin, we may speculate on this, as on any other, part of divine truth, and bring all the resources of our intellect and learning to bear upon it, but can have no suitable sense of our actual danger, and no serious desire for deliverance from it. To study the subject [of justification] with advantage, we must have a heartfelt interest in it, as one that bears directly on the salvation of our own souls; and this interest can only be felt in proportion as we realize our guilt, and misery, and danger, as transgressors of God's Law. The Law is still, as it was to the Jewish Church, "a schoolmaster to bring us to Christ, that we may be justified by faith"; and the Law must be applied to the conscience, so as to quicken and arouse it, before we can feel our need of salvation, or make any serious effort to attain it. It is the convinced, and not the careless, sinner, who alone will lay to heart, with some sense of its real meaning and momentous importance, the solemn question—" How shall a man be just with God?"[1]

Kom ons berei ook ons harte voor vir die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof en nie net ons verstande nie. Voor ons dan by die genade in Rom. 3:21 kan kom, moet ons eers nog 'n bietjie bly in verse 19-20. Ons weet ons staan in die hof voor die Regter wat die beskuldigdes aan die hoë standaard van die wet meet. Hoe lyk ons voor Hom? In kort, ons lyk nie goed vir hom nie, want "geen vlees sal voor Hom geregverdig word nie." Ons het nie aan God se eise voldoen nie. Ons het nie 'n geregtigheid wat op standaard is nie. Ons skiet te kort aan die hoë verwagting. "Onregverdig! Verdoem!" Is al wat ons moet hoor nadat God ons saak ondersoek het.

Ons moet nou in meer detail die vraag beantwoord: "Hoe lyk ons voor Hom?" Daar is drie dinge in hierdie vraag om na op te let. Die eerste is dat ons voor *God* is. Ons het reeds gekyk na die regverdige en waaragtige karakter van God. Ons weet dat Hy sonde en sondaars haat en 'n ywer het om dit uit te roei. Dit is belangrik om rekening te hou met die Persoon voor wie ons staan. Die tweede punt van belang is dat ons *voor* God staan. Dat ons voor God staan skep die verwagting dat daar iets moet gebeur. God moet iets met ons doen, want ons is tog voor Hom gebring vir 'n rede. Die rede is dat God die forensiese ondersoek moet onderneem om 'n regverdige uitspraak te maak en sorg dat geregtigheid geskied. Sy uitspraak bepaal of die persoon voor hom beloon gaan word of 'n vonnis moet uitdien. Ons het ook al gesien dat 'n persoon óf met die ewige lewe beloon word óf met die ewige dood vergeld word. Die laaste punt om deeglik te ken, is dat *ons* voor God staan. Ons moet mooi verstaan wie ons is wat voor die drie-maal heilige God staan. Wanneer ons weet hoe God is, asook hoe ons is, sal ons weet wat die uitkoms sal wees van God se forensiese ondersoek. Dit is van onskatbare belang,

---

*[1] Buchanan (2016:208).*

want ons ewige toestand hang daarvan af. Ewigheid hang in die weegskaal teenoor ons tydelik lewe. As die skaal van ons gewete goed werk, sal ons weet watter saak die gewigtiger een is en dienooreenkomstig die nodige aandag daaraan skenk.

In Rom. 3:19-20 is die konklusie op Paulus se argument dat alle mense sondaars is. Die konklusie dat "geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie" is gegrond op die basis dat alle mense sondaars is. Omdat alle mense sondaars is, en nie aan God se volmaakte eise voldoen het nie, daarom sal niemand in hulleself deur God regverdig verklaar word nie. Hierdie basis vir Paulus se konklusie, dat alle mense sondaars is, vind ons in Rom. 3:10-18. Dit is Paulus se finale en kragtigste argument om ons van ons sonde te oortuig, omdat dit God self is wat aan die woord is. In hierdie verse sê God, wat die harte van mense ken, hoe ons almal vir hom lyk:

> [10] soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. [11] Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. [12] Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. [13] Hul keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. [14] Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid. [15] Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. [16] Verwoesting en ellende is in hulle paaie, [17] en die weg van vrede ken hulle nie. [18] Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie.

Ons kyk eers na Jesus wat die standaard vir ons gestel het waarteen ons lewens gemeet word. Ons gaan vers vir vers deur die lys van sondes hier bo genoem en sien hoe Jesus, eerder as om daardie sondes te doen, volmaak en perfek opgetree het: Jesus, alhoewel hy in alle opsigte aan ons gelyk geword het om volkome mens te wees, versoek is net soos ons, was hy nogtans sonder sonde. Hy was regverdig. Jesus was baie verstandig: Nie een van ons het soos Jesus, selfs toe God hom aan die kruis verwerp het, aanhou om God te soek nie en uitgeroep "*my* God *my* God, waarom het U my verlaat?" Hy het dit gedoen, want Hy het gesmag na God met alles in hom. Jesus het nooit van die pad afgedwaal nie, maar het, as die goeie Herder wat hy is, ons op ons dwaalspoor kom opsoek en teruggebring. Al wat Jesus gedoen het was net goed. Sy hele lewe was een waarin hy die barmhartigheid van die Samaritaan oortref het. Wanneer Jesus met 'n gespot beswadder is, het Hy nie met sy tong teruggeslaan nie. Sy woorde was vol van die aangename geur wat vanuit sy binneste versprei. Eerder as om Sy vyande te vervloek, het Hy vir hulle gebid "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Hoe soet was die trap van sy voete wat die goeie nuus bring! Hy was haastig om sy eie bloed te stort in die plek van sondaars. Daarom wanneer ons terugkyk op die spoor wat Jesus gelaat het sien ons lewe, genesing en vergiffenis. Hy is die Prins van vrede, want sy regering is gebou op die fondament van geregtigheid. Dit is omdat Jesus, na sy menslikheid, God altyd voor oë gehou het en steeds doen. Hy weet wie God is, want dit is juis Hy wat God aan ons kom openbaar het. Hy het God se wil vir ons volkome kom openbaar. Hy is die fokus waarop die hele Bybel saamtrek – die hoogtepunt van openbaring. So is Hy dan die maatstaf wat God gegee het waarteen ons ons lewens moet meet. Nie Gamaliël was die "skoonheid

van die wet nie." Jesus is dit, want Hy is die wet wat vlees geword het en dit vir ons kom demonstreer in alles wat Hy gedoen het.

Kyk nou die groot kontras tussen Jesus se lewe en ons s'n: Die wette wat God op ons harte geskryf het, is verontagsaam. Die van ons wat in die kerk groot geword het, het net nog meer skuld omdat ons nog meer openbaring onder ons voete vertrap het. Niemand het God gesoek met alles binne hulle nie. Eerder as om God te soek in tye van nood, is hy deur ons verwyt in ons gedagtes. Nie een van ons het op die pad gebly wat God vir ons aangedui het in sy wet om ons vreugde net in Hom te vind nie, maar ons het almal gedink dat die gras groener aan die ander kant van God se wet is. Almal, soos skape, het weggeloop op soek na beter weivelde, en so wys ons ons veragting vir ons Herder se wysheid. Ja, ons beskou wysheid as dwaasheid en dit wat goed is, is sleg in ons oë. Daarom is daar nie eers een van ons wat goed doen nie – selfs nie eers een nie. Die keel wat die Here vir ons gegee het, om lieflike klanke te maak, stink eerder van die vrot wat die binneste doodsheid verklap. Ons tonge waarmee ons God moes dank, gebruik ons om ons naaste te vloek. Die woorde wat ons soos 'n heilsame drankie moes aanmeng om vertroosting te bring aan die terneergedrukte, het ons gemeng in 'n giftige brousel waarmee ons die arme siel nog verder in die graf in help. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Soos sieklike braak moet ons al die vloeke en bitterheid afvee wat uit ons mond gestroom het. Die vlugtige voete, wat bedoel was om goeie nuus te dra, was al te rats aangewend om van ons roeping af weg te hardloop. Eerder hardloop ons in ons rebellie teen God om nog meer ons naaste te vertrap in ons selfsugtige ywer om 'n naam te maak. Kyk ons terug oor ons lewe, en volg ons ons lewensspore, dan sien ons oral lê alles stukkend! Gebroke! Verwoes! Dit is net 'n bevestiging dat ons nie in vrede gewandel het nie. Ons is net 'n klomp boosaards wat geen ontsag het vir dit wat goed, reg en mooi is nie. Daarom kon ons ook nie die Bron van alles wat goed, reg en mooi is voor ons oë verdra nie. Ons het wie God is in ons denke verdraai sodat ons nie die gevolge van ons sonde in berekening hoef te bring nie. Ons dade bevestig dat daar geen vrees van God in oë was nie, want die ware God was nie in aanskou nie. Ons almal het God verag en sy waarheid verruil vir leuens! In hoogverraad het ons gemaak asof ons God is en ons rug op hom gedraai en hom verwerp.

Dit is wat God van ons in ons sonde dink. En wat God dink is wat geld, dit maak nie saak wat jy van jou oulike eie self dink nie. God self sê dat ons nie naby Sy standaarde kom nie. Miskien was die boonste lys nog nie genoeg om ons te oortuig hoe walglik ons in God se oë is nie. Ons kan wel begin om 'n vae idee te kry hoe afskuwelik ons in God se oë moet wees, as ons na ons eie reaksies teenoor sonde kyk. God, wat moreel perfek is, se oë is te rein om onreg te aanskou en dit te duld. Wanneer ons na ons eie afsku van sonde kyk en weet hoe gruwelik dit ons walg, ons wat self deurdrenk is met die sonde, hoeveel te meer moet dit nie God vertoorn nie.

Wanneer ons op ons morele hoë perd sit, bespeur ons die korruptes rondom ons en haat dit. Met minagting kyk ons neer op ons korrupte regeerders; ons wat self moontlik nie al ons inkomste verklaar nie. Met woede hoor ons van ‘n verkragter; dit terwyl ons self mag of manipulasie gebruik om ons sin te kry. Waansinnige haat borrel warm wanneer ons hoor van ‘n klein weerlose dogtertjie wat deur haar eie pa gemolesteer word; dit terwyl ons self nie seksueel rein in ons gedagtes is nie. Ons skree blou moord wanneer ons hoor van eenheid 731 en Japan se biologiese oorlogvoering eksperimente op Chinese kinders; dit terwyl wreedaardige gedagtes ook in ons rondspeel. O, die hele wêreld staan saam om Hitler te veroordeel vir die Holocaust. Sy naam is soos die gruwelikste vloekwoord in die geselskap van die vroomste engele. Sal ek nog uitbrei oor afgryslike dinge van die Boere-oorlog se konsentrasie kampe? Sal ek die ou koeie van die Apartheid onregte uit die sloot haal of sal ek hulle sommer nou slag dat hulle bloed meng met vandag se weerlose boere?

As ons woede oor sonde en onreg so groot is, ons wat self daardeur besmet is, hoeveel te meer moet Hy, wat heeltemal daarvan vry is, nie daaroor vertoornd wees nie? Ons kleinste sonde lyk in sy oë nog erger as wat die grootste sonde van iemand anders in ons oë lyk. As ons, wat nie die reg het om wraak te neem nie, wraaksugtig is, hoeveel te meer sal Hy, aan wie die wraak toekom, dit nie opneem nie? Graag wil ‘n familielid sien dat ‘n moordenaar geregtigheid kry. Gemeenskappe, gevul met die begeerte dat geregtigheid geskied, verloor alle vertroue in die regering se vermoë en stenig self die oortreder. Moet egter nie bekommer nie: onder God se regering is dit nie so nie. Soos ek met die grootste ywer ‘n pofadder uit my huis verwyder, so verdelg God met nog groter ywer alle ongeregtigheid uit sy koninkryk uit.

As dit nie genoeg is om ons te oortuig van ons sonde en hoe afskuwelik ons in God se oë is nie, is daar nog ‘n manier. Dit is om te kyk hoe groot die straf is wat God vir sondaars uitdeel. As ons wil sien hoe groot God se woede oor die sonde is, kom ons kyk hoe groot sy toorn is wat hy oor hulle uitgiet. In Rom. 2:5 hoor ons Paulus sê aan die mens wat volhard in sy sonde dat hy met elke sonde, asof hy ‘n skat vergader, nog meer en meer oordeel vir homself weglê in die dag wat God uiteindelik sy volle regverdige oordeel oor die sondige mensdom sal laat losbars. Dit is asof ‘n mens se sonde in riviere stroom om God se dam van oordeel net voller en voller te maak. Die gewig van die oordeel druk hard teen die damwal van God se lankmoedigheid. En moet vir geen oomblik dink dat God nie die sluise sal oopmaak en enige sondaar nou met sy regverdige oordeel sal wegspoel nie. Die enigste rede hoekom die sluise nie vir ‘n onbekeerlike sondaar oopgaan nie, is omdat God nog tyd gee om te bekeer. God het wel ‘n dag bepaal waarop hy die sluise gaan oopmaak en sy oordeel gaan neerstort in volle vloed. Hier kan ons ‘n idee kry van hoe geweldig God sonde haat:

> [14] Naby is die groot dag van die Here, naby en baie haastig. Hoor! die dag van die Here! Bitterlik skreeu die held daar. [15] Dié dag is ’n dag van grimmigheid, ’n dag van benoudheid en angs, ’n dag van woestheid en verwoesting, ’n dag van duisternis en donkerheid, ’n dag van wolke en wolkenag, [16] ’n dag van basuingeklank en

> krygsgeskreeu teen die versterkte stede en teen die hoë hoekvestings. 17 En Ek sal die mense in benoudheid bring, en hulle sal rondloop soos blindes, omdat hulle teen die Here gesondig het; en hulle bloed sal vergiet word soos stof en hulle ingewande soos drek. 18 Hulle silwer of hulle goud sal nie in staat wees om hulle op die dag van die grimmigheid van die Here te red nie, maar deur die vuur van sy ywer sal die hele aarde verteer word; want Hy bring vernietiging, ja, 'n verskriklike, oor die inwoners van die aarde.[2]

Die Bybel noem hierdie finale oordeel wat kom die hel – en, terloops, Jesus het die meeste daarna verwys. Dit is waar God, nie Satan nie, die rebelle straf.[3] Satan word by hierdie oordeel ingesluit.[4] Daarom sidder selfs die duiwels van angs, en enige mens wat by sy gesonde verstand is, behoort dit ook te doen.[5] Die hel word beskryf as 'n poel van vuur, as 'n plek waar die vuur nie geblus word nie en die vleis-etende wurm nie doodgaan nie, waar almal vieslike gedrogte is, as 'n plek van geween en gekners van tande, as 'n plek van uiterste duisternis.[6] Daar is nog baie ander beskrywings, maar hierdie is genoegsaam om die punt oor te bring: God straf die sonde verskriklik. Hy straf aan liggaam en aan siel, nie net die siel nie.[7] In hierdie verskriklike oordeel is dit God wat mense en engele verwerp.[8]

In 2 Tes. 1:9 word dit ook duidelik gemaak dat die oordeel nie net vir 'n tydjie is nie, maar ewig in duurte is. Dit is 'n straf wat nooit 'n einde kry nie. Die pyniging hou net aan en aan en aan met 'n nimmereindigende duurte. Waarom sal God die sonde tog so geweldig straf? Die antwoord is eintlik maklik, maar moeilik om te verwerk, want ons ken nie so Iemand nie. Om die waarheid te sê, ons het nog ons hele lewe probeer weg kom van die Iemand. Ons hou nie daarvan om ons eie boosheid te sien nie, daarom het ons probeer om alle standaarde laer te maak. Noudat mens in die evangelie (ja, dit is deel van die evangelie: Rom. 2:16) hiermee gekonfronteer word, walg dit ons. Kyk net hoe verdorwe is ons: dat iets wat goed en reg is, ons walg. Dit is soos die profeet Jesaja gesê het: "Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter."[9] Die antwoord hoekom God die sonde so verskriklik oordeel, is: "want God is só goed dat hy die sonde só haat."[10]

---

[2] *Sef. 1:14-18.*
[3] *Op. 20:15.*
[4] *Op. 20:10.*
[5] *Jak. 2:19.*
[6] *Op. 20:14; Jes. 66:24; Luk. 13:28.*
[7] *Je. 66:24; Joh. 5:29.*
[8] *2 Tes. 1:9.*
[9] *Jes. 5:20.*
[10] *Die ironie wanneer ons in 'n poging om 'n "vriendeliker" en meer "liefdevolle" god te skep deur afstand daarvan te doen dat God sonde so geweldig haat, is dat mens noodwendig sy goedheid minder maak. Ons sit dan juis met 'n god wat minder vriendelik en liefdevol is. Die wonderlike wanneer mens egter nie meer probeer om hierdie waarheid van wie God is, te onderdruk nie, begin ons al meer en meer al God se goedheid sien. Ons kan Hom dan werklik al meer en meer sien wie Hy is en hom geniet.*

Die sterkste argument om vir ons uit te wys net hoe sondig elkeen van ons is, is egter weereens wat ons aan die kruis sien. Hierdie moet vir ons die duidelikste wys hoe totaal boos en verlore ons in ons sonde was. Ons was so sondig, dat God mens moes word en doodgaan sodat ons sondeskuld betaal kon word. Niks minder as Jesus, die God-man, kon ons van ons sonde verlos nie. Die mag van die sonde was so kragtig dat die Almagtige dit moes kom breek. Die skuld was so groot dat net die kosbare bloed van God se Eniggeborene dit kon vereffen. Die straf was so lank van duurte dat net die Ewige dit kon voltooi. Die beker van God se toorn was so diep dat net die Oneindige dit kon ledig. Ja, ons was so sondig dat God in ons plek moes kom sterf om ons te red.

As hierdie geweldige straf iets is wat 'n goeie God doen, dan moet ons werklik gruwelik boos wees. Dit is wat 'n goeie God doen met slegte mense soos ons. Wil ons hier teen die waaragtige God se woord ingaan en net nog meer bevestig dat ons werklik so sondig en leuenagtig is? 'n Sot hou eerder sy mond as om dit oop te maak en te bevestig dat hy dwaas is. Nee, ons swyg voor Hom wanneer hy praat en ons buig ons harde nekke om Hom te erken. Ons aanvaar dat dit werklik ons toestand voor Hom is. Ons berus ons daarby dat dit goed en reg is wanneer God die deklarasie maak "Onregverdig!" en die oordeel van die ewige hel as vonnis vel.

In homself is daar geen hoop vir die mens nie. Geen verlossing is in vooruitskouing nie. Daar is nie 'n silwer rantjie vir die donker wolk van God se oordeel nie. Daar is nie lig aan die einde van die hel se tonnel nie. Daar is nie 'n opstaan nadat God jou plat geslaan het nie. Hierdie maak jou dood, nie sterker nie. Dis verby. In jouself is jy totaal hopeloos. Voel jy dit?

Dit is waar Paulus die ganse mensdom wil bring aan die einde van Romeine 3:20. Dit is die hopelose mens wat na elke strooihalmpie gryp om dalk nog lewe en vreugde te mag hê. Paulus se doel was ook om te wys dat alle menslike pogings juis strooihalmpies is en daarom ook maar hopeloos is. Daar is net een ding wat ware hoop bied. Of liewers, een Persoon waarin daar hoop te vinde is. Hy is nie 'n strooihalmpie om aan vas te hou nie, maar die ewige Rots. Dit is Jesus die Christus. Daar is nie verlossing buite Hom nie. Dit geld vir alle mense, alle tye en alle plekke, "want daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God."[11]

Voor ons aan beweeg, gaan ons net kortliks na Rom. 3:23 kyk. Dit vorm nog deel uit van Paulus se argument om te wys dat alle mense sondaars is. Die vers se "daar is nie onderskeid nie", want die feit is dat alle mense Jesus nodig het as Verlosser. Daar is nie 'n ander verlosser vir die Afrikaner, die Zulu, Xhosa of watter groep mense ons ook al wil noem nie. Of mens nou 'n Jood is of 'n heiden, ons almal is gelyk hierin: almal van ons "het gesondig en dit ontbreek ons aan die heerlikheid van God."

---

[11] *Rom. 3:22-23.*

Die woord "ontbreek"[12] is 'n belangrike woord om te verstaan in hierdie vers. In sommige Engelse vertalings kry ons nog 'n ryker idee van hierdie woord, omdat dit vertaal word met "fall short of."[13] Met ander woorde, dit kom nie by die punt uit waarna daar gemik is nie. In die Grieks is hierdie woord partykeer gebruik om te wys dat iemand se pyl nie genoeg krag gehad het om 'n teiken te tref nie; hy val kort. Partykeer is dit gebruik om te wys dat iemand nie genoeg geld het om 'n item te koop nie, want die prys (eis) is te hoog vir die beskikbare fondse. In die konteks van God wat as regter ons lewe gaan meet om te bepaal of ons die standaard bereik, is "skiet te kort" 'n goeie vertaling. Ons het te min geregtigheid in die sin dat ons nie God se volmaakte standaard, 100% wetsonderhouding, bereik het nie. Omdat ons nie geregtigheid het nie, skiet ons te kort, of ontbreek ons daaraan om te mag deel in God se heerlikheid.

Vanuit die konteks kan ons ook bepaal wat hierdie "heerlikheid van God" is. In die kosmiese hof ondersoek die Regter elke persoon se lewe om te bepaal of die persoon met die ewige lewe beloon gaan word of met die ewige oordeel gevonnis moet word. Die "heerlikheid van God" is dan die loon van die ewige lewe vir iemand wat geregtigheid het (ons gaan in meer diepte hiervan leer wanneer Rom. 5:2 behandel word). Nou leer ons egter uit hierdie verse dat niemand God se wet volmaak gehoorsaam het dat hy geregtigheid het en gevolglik as 'n regverdige deur God gereken sal word nie.

Tog het ons in Rom. 5:1 gelees dat sulke sondige mense deur God in sy kosmiese hof regverdig verklaar is. Het God homself dan verraai en leuenagtig opgetree deur nie te sorg dat daar aan geregtigheid voldoen word nie? As Hy wat ongeregtigheid so haat, nou skielik maak asof niks daarmee fout is nie, sal hy 'n twee-gesig wees. Deur te verklaar dat onregverdiges regverdig is, sal tog vals wees. Niemand sal so 'n god kan vertrou nie (Trouens, so 'n god moet nie vertrou word nie, want dit is 'n valse god). Of het God 'n ander manier waarop hy genade aan sondaars kan gee en regverdig bly? Is daar 'n manier dat Hy sy verskriklike ewige oordeel regverdig kan straf soos dit hoort en tog die sondaar daarvan spaar? Is daar 'n manier hoe God ons sondaars, wat te min geregtigheid van ons eie het om die ewige lewe te beërwe, dalk van so 'n volmaakte geregtigheid kan voorsien? Want, onthou, God kan nie sy standaard laer maak nie. Dus, om aan God se geregtigheid te voldoen, is dan hierdie twee dinge nodig: (1) Die sondes moet presies gestraf word soos dit hoort; (2) As iemand deur God regverdig verklaar word, moet hy aan die standaard volkome voldoen en werklik 'n regverdige wees.

Ons gaan nou in Rom. 3:21-22 sien dat God genade gee in Jesus Christus. Die genade is dat Jesus geregtigheid verwerf het en dit aan die gelowige gee as die gelowige se eie. So voldoen die gelowige, met Jesus se geregtigheid, aan God se hoë standaard. Jesus neem ook die

---

*[12] In die Grieks is dit ὑστερέω/hystereō (Str. 5302)*
*[13] Cf. die ESV.*

gelowige se ongeregtigheid op homself asof dit sy eie is en God giet sy volle oordeel op Jesus uit. Jesus het die gelowige se hele oordeel gedra sodat daar nie meer enige straf oor is nie. Dit is Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid wat aan gelowiges toegereken word as hul eie. Op grond daarvan, dat die gelowiges nou werklik aan alle geregtigheid voldoen, kan God hulle opreg en waaragtig regverdig verklaar.

## Regverdigmaking is genade

In ons behandeling van Rom. 3:19-23, om die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof vanuit die Skrif te bewys, het ons tot dusver gesien dat regverdigmaking 'n eens-en-vir-altyd forensiese deklarasie is. Ons het ook, wat eintlik baie skokkend is, gesien dat God, die regverdige regter, die uitspraak maak oor sondaars dat hulle regverdig is. Dit kan net wees omdat God genade bewys sonder om sy geregtigheid te skend. Ons gaan nou in Rom. 3:21-22 ondersoek hoedat God dit kan doen:

> 21 Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, 22 die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo.

Dat 'n mens regverdig gemaak word sodat God hom werklik regverdig kan verklaar, is genade. Dit is omrede nie een mens in homself regverdig is nie. Ons het in die vorige verse die hopelose toestand van die hele mensdom gesien. Al wat die mens uit sy eie werke van die wet voor die heilige God verdien, is om met die hel gestraf te word. Tog hoor ons in die eerste woorde van Rom. 3:21 'n verandering in Paulus se argument. Tot dusver het hy gewys dat daar geen hoop vir die mens in homself is nie. Nou wys hy dat daar wel hoop is, maar dit kom van 'n ander oord af as onsself. Die woorde "maar nou" dui vir ons op hierdie wending. Die mens word nie aan sy hopelose toestand oorgelaat nie, want daar is 'n "maar nou." Daar is iets wat God gaan doen sodat ons armsalige sondaars die lewe kan hê. God is die bron van die hoop.

Die woord "maar" dui daarop dat daar nou iets in teenstelling van die vorige gedeelte volg. Die vorige gedeelte het gegaan oor die hopeloosheid van die mens in homself. Hierdie gedeelte, soos die "maar" vir ons aandui, is dan in teenstelling daarmee dat die mens hopeloos is. Daar *is* hoop en ons sal nou sien hoe dit moontlik is. Die woord "nou" moet nie temporeel verstaan word nie. Met ander woorde, dit moet nie verstaan word dat dit net geldig was die oomblik toe Paulus die brief aan die Romeine geskryf het nie. Hierdie genade was al lankal in die "wet en die profete" aangekondig. Dit was daarom al geldig nog voor Jesus gekom het, ook in Paulus se tyd en in ons tyd, solank as Jesus nog nie weer gekom het nie. Die "nou" moet eerder verstaan word as 'n aanduiding dat daar 'n wending in Paulus se argument kom. Dit sluit dan aan by die gebruik van die "maar." Kom ons kyk nou wat is hierdie teenstelling met die mens se hopeloosheid in homself.

Die volgende woorde in die Griekse teks, na die "maar nou" is "sonder die wet."[1] Ons weet nou dat daar hoop vir die mens kom en hierdie hoop vir die hopelose mens in homself is dan "sonder die wet." Sonder die wet gaan 'n sondaar iets kry. Die iets wat hy kry is "die geregtigheid van God." Hier sit ons nou wel al weer met die woord "wet" en moet uitpluis hoe Paulus dit gebruik. Gelukkig is dit makliker om Paulus se gebruik hier te bepaal. Dit kan nie die kanonieke openbaring van die Ou Testament beteken nie. Met ander woorde, dit beteken nie dat die Ou Testament nêrens van hierdie genade wat kom, praat nie. Die volgende gedeelte van vers 21 maak dit vir ons duidelik, want dit sê juis dat die Ou Testament van hierdie genade gepraat het: "die wet en die profete getuig daarvan." Die gebruik van die woord "wet" in die laaste aanhaling moet verstaan word as die kanonieke openbaring van die Ou Testament aangesien dit saam met die profete geplaas word.

God het hierdie "geregtigheid van God" al lank voordat Jesus gekom het in die Ou Testament aangekondig. Dawid roep uit in blydskap: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die Here die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."[2] Dawid, die egbreker en moordenaar, reken homself as 'n regverdige en sê: "Wees bly in die Here en juig, o regverdiges! En jubel, alle opregtes van hart!"[3] Hoe kan Dawid dit van homself dink? Dit is natuurlik in die offerdiens vir hom uitgebeeld. Ons sien dit al mooi in die eerste offer van die Bybel. God, omdat hy Adam en Eva se skaamte vanweë hul sonde wil bedek, maak klere van vel en trek dit vir hulle aan. Natuurlik moes 'n bok eers sy bloed stort voordat sy vel Adam en Eva se naaktheid kon bedek.[4] Daarom kan Jesaja ook later sê: "want Hy het my beklee met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel."[5] Met ander woorde, God voorsien geregtigheid en beklee ons daarmee sodat ons werklik regverdig is. Al hoe dit wel kan gebeur, is as Iemand in my plek kom en die wet volmaak gehoorsaam asook my sondes op hom neem. Daarom profeteer Jesaja ook aangaande Jesus:

> [4] Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. [5] Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom ... [11] Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit

---

[1] *Sien byvoorbeeld die NIV wat hierdie volgorde oorbring: "But now apart from the law the righteousness of God has been made known, to which the Law and the Prophets testify." Die enigste rede hoekom ek dit uitwys, is omdat dit die logiese vloei van die argument waarmee ons besig is, beter pas. Dit maak nie 'n verskil in die betekenis nie.*

[2] *Ps. 32:1-2.*

[3] *Ps. 32:11.*

[4] *Gen. 3:21.*

[5] *Jes. 61:10.*

> sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hý sal hulle skuld dra.[6]

Jeremia bevestig dit dat God vir ons geregtigheid verskaf in Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid deur een van Jesus se name aan te kondig: "die Here ons geregtigheid."[7] Jeremia sê dus, Jesus is my geregtigheid, nie my eie goeie werke nie. Hieruit sien ons dat die hele Ou Testament baie duidelik vir gelowiges, voordat Jesus nog gekom het, al geleer het van "die geregtigheid van God." Ons kan daarom nie die woorde "sonder die wet" verstaan as dat die kanonieke openbaring van die Ou Testament nie daarvan getuig het nie.

Die woord "wet" aan die begin van vers 21 het daarom niks te make met openbaring van God se redding nie. Dit het eerder weer daarmee te make dat daar aan 'n standaard voldoen moet word. Wat hierdie egter uitsonderlike goeie nuus vir ons verdorwe sondaars maak, is dat "die geregtigheid van God" na ons toe kom sonder dat ons aan enige standaard voldoen het. Die gebruik van "wet" hier moet ook hier verstaan word as dieselfde in vers 20 "werke van die wet."[8] Ons hoef nie iets te doen om die geregtigheid wat van God af kom, te ontvang nie. Ons hoef nie iets te doen om God te beweeg om dit vir ons te gee nie. Ons hoef ook nie iets te doen om dit te hou nie. Die regverdigmaking wat ons kry het daarom niks met ons eie werke uit te waai nie. Dit moet ons weer daaraan herinner dat regverdigmaking 'n totale objektiewe werk buite ons is. Ons het geen subjektiewe aandeel daarin nie. Dit is God alleen wat dit bewerk.

Dit is presies wat genade is. Dit is onverdiend. Genade staan in kontras met verdien. Genade gaan nie oor wat ons gedoen het, nou doen of nog gaan doen nie, maar oor dit wat Jesus gedoen het. Ons lees later in Rom. 3:24 dat ons "sonder verdienste" geregverdig word. Dit hang dus nie van ons dade af nie. Weer in Rom. 4:4 sien ons dat genade in teenstelling met verdienste en werke geplaas word: "Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste." Hier het ons weer 'n ongelukkige vertaling. Die woord "guns" moes eerder vertaal word met "genade"[9] soos dit tog konstant in die res van die brief vertaal is. Gelukkig sien ons dit wanneer ons ander vertalings vergelyk soos die KJV met die woorde: "not reckoned of grace." Dieselfde vertaling kry ons in die Statevertaling: "toegerekend naar genade." Rom. 4:4 leer vir ons dat wanneer iemand vir iets werk, dan is dit sy loon wat hy verdien. Dit is egter nie die geval met genade nie. In albei gevalle, met genade en loon, kry die persoon iets. In die een geval (loon) verdien die persoon dit en in die ander geval (genade) nie. Met genade kry mens iets sonder om dit te verdien. Genade is dus 'n antoniem van "loon" en "verdienste."

---

[6] *Jes. 53:4-5, 11.*
[7] *Jer. 23:6.*
[8] *Sien ook Murray (1997:109-110).*
[9] *Die Grieks hier is χαρίς/charis (Str. 5485).*

Hoe wonderlik is dit nie om te weet dat ons, wat werklik niks kan doen vir ons redding nie, nie iets hoef te doen nie! Ons kan dit verniet kry. Jesus roep ons uit om dit te kom kry: "o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!"[10] Hou dan op om jouself te probeer red deur jou eie goeie werke. Dit is in elk geval niks werd nie: "Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie?"[11]

Hier sien ons in Romeine dat genade verniet is vir die persoon wat dit ontvang. Ons het egter vroeër gehoor dat genade wel verniet is vir die begenadigde, maar nie vir die een wat genade gee nie. Kom ons kyk nou na dit wat God uit genade vir ons gee en wat dit vir God gekos het om hierdie genade te gee. Daaruit sal ons ook 'n dieper besef en belewenis van sy liefde hê.

## Regverdigmaking is in Jesus se werk

Met die volgende woorde in Rom. 3:21, nadat ons gehoor het dat daar genade is, hoor ons wat die genade is wat ons kry. Dit is "die geregtigheid van God."[1] Ons moet nou hierdie belangrike frase van nader bestudeer. Hierdie is sekerlik die belangrikste frase in die hele boek Romeine, aangesien Paulus die inhoud van die evangelie hiermee opsom. Hy sê dat hy hom nie skaam vir die evangelie nie, "want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar."[2] Ons moet daarom noukeurige aandag skenk terwyl ons hierdie frase bestudeer, sodat ons die rykdom van die evangelie nog beter verstaan. Hierdie is sonder twyfel die belangrikste hoofstuk in die hele boek. As ons hierdie mis, mis ons die rede waarom ons regverdig voor God gemaak kan word – mis ons hierdie en ons mis die evangelie.

Voordat ons die frase van nader bestudeer moet ons net eers seker maak van die konteks waarin die vers verkeer. Ons het onder die vorige hoof gesien dat hierdie vers in die konteks van genade is. Elke mens het hierdie genade broodnodig, want die hele mensdom is hopeloos in hul sonde. Ons het gesien hoe groot ons sonde is toe ons dit aan die wet gemeet het. Ons weet ook dat ons, wat so vrot is van die sonde, voor die heilige Regter van die wêreld staan. Dit is Hy wat die forensiese ondersoek doen aan die hand van sy perfekte standaard om 'n deklarasie oor ons te maak. Ons weet dat ons verdien om die uitspraak "onregverdig" te hoor en dat ons die vonnis van die ewige hel moet kry. Voor God, die Regter, het ons nou twee probleme: (1) ons het sonde wat gestraf en God se heilige woede oor ons sonde wat tot bedaring gebring moet word, en (2) ons het nie in onsself geregtigheid om aan God se standaard te voldoen om die ewige lewe te beërwe nie. Die genade wat God gee moet dan hierdie twee probleme oplos sodat God goddelose sondaars regverdig kan deklareer. Ons gaan nou sien hoedat "die geregtigheid van God" juis dit doen.

---

*[10] Jes. 55:1.*
*[11] Jes. 55:2.*
*[1] Die woord vir geregtigheid hier kom van δικαιοσύνη/dikaiosunē (Str. 1343) in die Grieks.*
*[2] Rom. 1:17.*

Deur die frase "die geregtigheid van God" uit sy konteks uit te haal, sal ons verstrengel raak in baie detail gesprekke.[3] Dit is wel nie nodig om elke moontlikheid wat die frase kan beteken uit te lig en met 'n proses van eliminasie te begin om te wys watter verstaan pas in die konteks in en watter doen nie (alhoewel ek in groot versoeking is om dit te doen). Hoe die frase verstaan moet word, kom duidelik genoeg vanuit die onmiddelike konteks na vore. Die onmiddelike konteks is dat "die geregtigheid van God" die subjek is van die passiewe werkwoord "is geopenbaar."[4] Met ander woorde, "die geregtigheid van God" is iets wat bekend gemaak is. Dit het 'n inhoud wat nou kenbaar is, wat voorheen nie was nie. Wat sal hierdie inhoud wees wat "die geregtigheid van God" is? As ons verder kyk in die vers, kry ons nog meer van die antwoord. Hierdie inhoud wat nou geopenbaar is, is al lankal aangekondig deur die "wet en die profete."

Ons het reeds dit wat die wet en die profete getuig het, aangeraak in ons behandeling van die woord "wet" toe ons gesien het dat regverdigmaking genade is. Dit is duidelik dat die hele Ou Testament, al net nadat Adam en Eva hulleself en hulle ganse nageslag in die sonde gedompel het, dat God genade gaan gee. Hierdie genade het hoofsaaklik twee dinge wat dit doen en ek som dit graag op in Jesaja se woorde: "my Kneg, die Regverdige, [1] sal baie regverdig maak; en Hý [2] sal hulle skuld dra."[5] Die twee dinge wat gebeur is dat die Messias, die lang beloofde Een wat kom, die skuld van sy volk sal dra en dit betaal sodat daar niks meer skuld oor is nie (dit is die passiewe gehoorsaamheid). Dan sal Hy, wat regverdig is, ook hulle regverdig maak. Met ander woorde, hy het volkome die wet gehoorsaam en hy gaan sy wetsgehoorsaamheid gee om die mense vir wie hy sterf, regverdig te maak met die gevolg dat hulle ook deur God as gehoorsames aan die wet gesien word (dit is die aktiewe gehoorsaamheid). Omdat die Ou Testament hiervan getuig, en Paulus ons aandag nou ook daarop vestig, moet ons dit verwag in die gedeelte van Romeine wat volg. Die gelowiges van die Ou Testament wag al lankal om te sien presies hoe God dit gaan doen. Selfs die engele was begerig om te sien hoe God dit gaan reg kry![6] Hierdie misterie is nou geopenbaar. Kom ons kyk hoe God dit gedoen het.

Wanneer ons die konteks nog verder bespied, sien ons dat die frase "geregtigheid van God" ook weer in vers 22 genoem word: "die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus

---

*[3] Hierdie gesprekke word opgesom deur Moo (1996) wanneer hy Rom. 1:17 hanteer. Sien ook Murray (1997:ad loc.) vir 'n opsomming hieromtrent.*

*[4] In die Grieks πεφανέρωται van die stam φανερόω/faneroō (Str. 5319). Hierdie werkwoord is ook in die perfektum tyd wat beteken dat dit 'n afgehandelde handeling is met 'n effek op die hede. Hierdie is ook 'n sterk argument om te wys dat "geregtigheid van God" hier nie bloot verstaan kan word as die uitoefening van God se eienskap om die sonde te straf nie (distributiewe geregtigheid). Ons weet dat God die sonde volkome moet straf met die hel. God het nog nie die sonde volkome gestraf nie, maar die gebruik van 'n perfektum werkwoord sou aandui dat God wel die sonde reeds volkome gestraf het en dit afgehandel het. Nou is dit wel nie die geval nie, en gevolglik kan ons ook nie die "geregtigheid van God" suiwer verstaan as sy distributiewe geregtigheid nie. Met dit in gedagte, dat ons met 'n perfektum werkwoord te make het, moet ons soek vir iets soek wat reeds afgehandel is met 'n effek op die hede om die "geregtigheid van God" reg te verstaan.*

*[5] Jes. 53:11.*

*[6] 1 Pet. 1:10-12.*

Christus."[7] Die woord "naamlik" dui vir ons aan dat hierdie 'n verdere verduideliking is van "die geregtigheid van God" in die vorige vers. Ons het dus nou nog meer konteks om vir ons presies aan te dui wat "geregtigheid van God" beteken, want dit is "deur geloof in Jesus Christus."[8] Ons kry dus hierdie "geregtigheid van God" deur in Jesus Christus te glo. So, hier word dit nou vir ons duideliker waar ons sal leer wat die "geregtigheid van God" is. Dit lê opgesluit in Jesus Christus, in wie al die skatte van kennis en wysheid verborge is.

Wanneer daar na Jesus verwys word as die Christus, is dit altyd met verwysing daarna dat Hy die Messias is. Hy is die Een wat in die Ou Testament beloof is om die Priester, Koning en Profeet te wees wat God se volk gaan kom red, regeer en in die waarheid lei. Hy gaan dus 'n werklike mens wees net soos ons. Tog is Hy ook Immanuel, God met ons. Die persoon Jesus, wat van ewigheid af tot ewigheid God is en bly, het addisioneel tot sy Goddelike natuur, nog 'n volkome menslike natuur ook aangeneem.[9] Wanneer ons dus "Jesus Christus" hoor, moet ons dink aan die tweede Persoon van die drie-eenheid wat sy werk as Messias (of as Christus) doen.[10]

Soos ons verder gaan in hoofstuk 3 van Romeine, raak dit vir ons duidelik wat Jesus as die Christus kom doen het. Aan die einde van vers 22 sien ons dat daar geen onderskeid is tussen alle mense van die aarde nie. Daarom, as hulle deur God die Regter regverdig verklaar wil word, is "die geregtigheid van God" wat in Jesus die Christus gevind word, die enigste oplossing. Die rede hiervoor word in vers 23 gegee "want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." Ons het gesien dat dit basies beteken dat niemand genoegsame geregtigheid van hulle eie het om deur God regverdig verklaar te word nie. Hulle kort 'n ander geregtigheid. Hulle kort 'n geregtigheid wat van 'n ander oord af kom. Dit is die geregtigheid wat van God af kom en in Jesus bewerk is.

---

*[7] 'n Meer letterlike vertaling sou wees "die geregtigheid van God deur geloof in Jesus Christus." Die woord "naamlik" is 'n geldige vertaling, maar interpreteer dat die woord "geregtigheid" hier in apposisie (epeksegeties) is tot die vorige gebruik van "geregtigheid." Dit is dan ook so 'n kombinasie met δέ/de (Str. 1161) wat gebruik kan word om te wys dat daar nou weer voortgesit word om iets te verduidelik waar die verduidelik van tydelik onderbreek is deur parentese. Dit is egter ook natuurlik om te verstaan dat Paulus nie nou skielik van 'n ander tipe "geregtigheid van God" praat nie, maar eerder nog meer uitbrei wat hy bedoel met "geregtigheid van God" in vers 21. Paulus is dus besig om net nog meer te vertel presies wat hierdie "geregtigheid van God" is.*

*[8] Ek is goed bewus dat hierdie ook vertaal kan word as "deur die getrouheid van Jesus Christus", maar ek verkies egter die interpretasie dat dit geloof in Jesus is. Sonder om nou in gedetailleerde argumente in te gaan kan die leser gerus na White (2001:186-187) en Moo (1996:ad loc.) kyk. Hoe 'n mens dit ook al interpreteer op die ou end, maak dit wel geen verskil aan die uitkoms nie. Dit kom steeds neer op Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid. Dit sal tydmors wees om die algemene leser met sulke fyn detail besig te hou wat nie eers 'n verskil aan die verstaan van die teks gaan maak nie.*

*[9] Die leerstelling van die twee nature van Christus (hipostatiese eenheid) kan nie nou deeglik verklaar word nie. Hier is kortliks 'n opsomming: Addisioneel tot Sy volkome goddelike natuur, het die een persoon, Jesus, ook 'n volkome menslike natuur aangeneem. Die een persoon Jesus het dus twee nature wat onderskei word van mekaar, maar nie geskei word van die een Persoon nie. Die een persoon Jesus deel ten volle in die twee nature, maar tog word die nature nie met mekaar vermeng nie. Jesus is ook nie twee persone wat elk 'n ander natuur besit nie. Sien die belydenis van die kerk in die belydenisse van Athanasius en van Chalcedon. Vir 'n verdere verklaring daarvan lees Oliphint (2012:133-178).*

*[10] Christus is die Griekse vertaling van die Hebreeus vir Messias.*

Ons het gesien dat daar uit genade ‘n ander geregtigheid vir ons gegee word. Ook het God dit al lankal aangekondig. Verder weet ons nou dat hierdie geregtigheid van God net in Jesus te vinde is. Nou gaan ons begin sien wat presies “die geregtigheid van God” is. In vers 24[11] lees ons dat ons regverdig gemaak word, en dat dit ‘n geskenk is – genade – “deur die verlossing wat in Jesus is.” Die woord “verlossing” is ‘n belangrike woord in ons studie hier in Romeine van regverdigmaking. “Verlossing”[12] is ‘n ekonomiese term wat basies ‘n ruil proses aandui. Gewoonlik word geld geruil om iets te koop. Dit kan wees om ‘n slaaf los te koop of selfs om ‘n vriend van jou, wat moeilikheid veroorsaak het, los te koop uit sy moeilikheid deur die benadeelde party te vergoed vir die skade berokken. Daar is ook altyd iets wat geruil word in verlossing en dit is ‘n “lossing” of ‘n “losprys.”[13] In Jesus het daar egter ook ‘n ruiling plaasgevind. Dit is as gevolg van hierdie ruiling dat ons geregtigheid kan kry sodat ons deur God die Regter regverdig verklaar kan word. Presies wat geruil is as lossing weet ons nog nie, maar dit word in die volgende vers vir ons aangedui.

Vers 25[14] wys vir ons waarin die verlossing lê waaraan ons deur middel van die geloof kan deel kry. Dit lê daarin dat God vir Jesus as “versoening” voorgestel het en wat hiermee saamgaan is dat dit in Jesus se “bloed” is. Die woord wat gebruik word vir “versoening”[15] is die kern belangrike woord om hierdie gedeelte mee te verstaan. Ons kan sommer dadelik wegdoen met “versoening” as ‘n onvoldoende vertaling van so ‘n kosbare woord. Die vertaling “versoening” doen geen reg aan die Griekse woord hilastērion nie. Ons kan dit eerder vertaal met “wraak-stiller” of “toorn-blusser.”[16] Wat hierdie woord vir ons leer is dat Jesus deur God gegee is om Sy heilige woede en toorn oor ons sonde op Jesus uit te giet eerder as op die gelowiges. Jesus dra dan die volle toorn van God totdat daar niks meer oor is nie. Jesus blus God se vlammende toorn uit. Hy stil God se geweldige woede. Omdat Jesus hierdie gedoen het, is daar niks meer toorn wat teen ons brand nie en niks meer woede wat teen ons druis nie. God is tevrede gestel deur Jesus se offer aan die kruis.

---

[11] *“en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.”*

[12] *Die Grieks is ἀπολύτρωσις/apolutrōsis (Str. 629)*

[13] *Die woord in die Grieks vir ‘n lossing is λύτρον/litron (Str. 3083). Oor Lutron en apolutrōsis is daar al boeke geskryf en daar is ongelooflik baie om te noem. Die Ou Testament is ryk met hierdie woorde. Ons sal egter nie tyd hê om dit in diepte te bespreek nie, maar weereens gee die konteks vir ons ‘n genoegsame verstaan van presies hoe hierdie woord hier deur Paulus gebruik word. Sien Kittle (1964) vir ‘n uiteensetting van die gebruik van lutron en apolutrōsis.*

[14] *“Hom het God voorgestel in sy bloed as ’n versoening deur die geloof”*

[15] *In die Grieks ἱλαστήριον/hilastērion (Str. 2435). Ek spreek graag my hoogste ontevredenheid oor hierdie onvoldoende vertaling uit.*

[16] *Sien Packer & Dever (2007:29-43) asook Morris (144-213) vir ‘n volledige uiteensetting van die woord hilastērion. Die Engesle vertaling van hierdie woord in “propitiation” (soos die ESV en KJV) wat die konsep insluit dat dit God se heilige woede en toorn oor ons sonde tot bedaring bring. Ons moet nie bang wees om woorde wat vreemd is in ons eie taalgebruik, maar eie is aan die evangelie, te gebruik nie. Eerder die evangelie met meer moeite en woorde suiwer oor dra as om dit in die proses te verdraai om so kontemporêr as moontlik te wees nie.*

Ons sal nou weer kom by presies wat bedoel word met Jesus se "bloed." Ons gaan nou eers die konteks nog verder bespeur sodat ons baie duidelik sien dat die woord hilastērion werklik "toorn-blusser" beteken. Dit is ook in hierdie woord waar ons gaan sien watter duur prys Jesus betaal het om genade verniet aan ons te gee. Hierin gaan ons sien hoe groot God se liefde vir ons is. Soos ons verder in vers 25 beweeg, lees ons dat God vir Jesus as 'n "toorn-blusser" voorgesit het met die doel "om sy geregtigheid te bewys." God se geregtigheid word hier anders gebruik as in verse 21 en 22, maar is nie los daarvan nie. God se geregtigheid hier in vers 25 is soos 'n onderafdeling wat saamgevat word in "die geregtigheid van God" in verse 21 en 22. Die konteks maak weer vir ons duidelik wat Paulus bedoel met "sy geregtigheid."

Die antwoord is in die res van vers 25 en die begin van 26: God het sy toorn nou op Jesus uitgegiet "deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God — om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd." Met ander woorde, die sondes wat God voorheen nie gestraf het nie, het God juis nou op Jesus gestraf soos dit hoort. Dit doen Hy om te wys dat hy regverdig is en nie die sondes maar net duld en onder die mat in vee nie. Dit laat 'n mens weer aan Habakkuk se uitroep dink toe dit gelyk het asof God sonde maar ongestraf laat bly. Omdat Habakkuk geweet het dat God sonde haat, was hy verbaas dat dit lyk asof God dit nie straf nie. Dieselfde verbasing moet by ons op kom wanneer ons hoor dat Abraham lieg deur sy tande – en daar niks met hom gebeur nie. Jakob oortref sy oupa daarin om mense te bedrieg en tog word hy die vader van God se volk. Ons moet uiters geskok wees wanneer God juis Moses, die moordenaar, gebruik om sy volk te red uit Egipte. Wat van Dawid die egbreker? Hy bly wragtig nog koning! Regdeur die geskiedenis kan ons sien dat God by sondaars is, dat Hy homself as hulle God identifiseer en hulle as sy volk aanneem. Die Heilige assosieer met onheiliges. Hy gaan sover om hulle selfs sy oogappel te noem.[17] Dit moet ons met verbasing laat uitroep: Is daar dan nie ongeregtigheid by God nie!

Hierdie verse wys weer vir ons die antwoord helder en duidelik: Nee! God is so regverdig dat hy selfs nie eers se eie Seun gespaar het nie. God het al sy toorn oor die sonde van die Ou Testamentiese gelowiges opgegaar en dit alles op een slag op Jesus uitgegiet aan die kruis.[18] Jesus is wel nie net vir die Ou Testamentiese gelowiges doodgemaak nie, maar ook almal wat in die tye leef na die kruisiging. Dit is omdat Jesus een offer gebring het vir alle tye.[19] Hy het vir alle sondes van gelowiges gesterf van die begin van die wêreld af totdat hy weer kom. Alle

---

[17] *Sag. 2:8.*

[18] *Net 'n sydelingse opmerking, hierdie verse maak dit ook vir ons duidelik dat die offers in die Ou Testament nooit bedoel was, en nooit kon nie, om die sondes van die volk weg te neem nie. Hulle het altyd net heengewys na die volmaakte offer wat kom. Hulle was skaduwees wat 'n mens te kenne gee dat daar 'n substans is waarna hulle wys. Al die Ou Testamentiese offers is wysers na Jesus die Christus. So ook die hele Ou Testament wys heen na Jesus toe. Die hele Ou Testament word eintlik opgesom in Johannes die Doper, die laaste profeet van die Ou Testament, wat met sy vinger wys na die vleesgeworde Christus en sê (Joh. 1:29): "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."*

[19] *Rom. 6:13; Heb. 9:28.*

gelowiges van alle tye se sondes is op Jesus gelaai en God se enorme toorn as gevolg van die sonde het op Jesus se kop los gebars. Daar aan die kruis het Jesus se bloed vir alle sondes van gelowiges gevloei. Met ander woorde, Hy het die sondes wat ons gedoen het, nou doen en nog gaan doen, op hom geneem en klaar daarvoor 2000 jaar terug betaal. Aan die kruis het Jesus homself gegee as die losprys om ons van God se heilige woede te bevry deurdat hy *homself* (Hy is die lossing) geruil het in ons plek in:

Ons het vir ons sondes verdien om deur God gestraf te word. Dit moes ons bloed gewees het wat spat, maar eerder was dit Jesus s'n soos die gesels sy rug in flarde slaan. Die skandelike vernedering moes na ons toe gekom het, maar eerder het dit as 'n doringkroon op Jesus se hoof gehang. Om deur mense verwerp te word, is wat ons verdien het, maar eerder word Jesus deur die gesig geslaan en op gespoeg. Ons het verdien om deur God verwerp te word, maar Hy het eerder sy aangesig in skaamte van Jesus af weggedraai sodat Hy in genade na ons kan kyk. God se aangesig straal op ons, omdat Jesus ons duisternis vir homself aangetrek het. Hy is daarin toegetrek met die diepste depressie. Die Vader het die Eniggeborene verlaat sodat Hy by ons kan wees. Jesus het soekend uitgeroep "my God my God, waarom het U my verlaat" sodat ons wat vroeër sonder hoop en sonder God in hierdie wêreld was nou kan sê "ek het gevind wat ek nie gesoek het nie." In my plek veroordeeld staan Hy, sodat ek geseënd kan wees in syne. Hy hang aan die kruis, sodat ek voor God mag staan. Die ewige dood was sy lot sodat ek die ewige lewe mag beërwe. Die bittere beker van God se toorn was op sy lippe, sodat ek uit die horing van heil mag drink.

Jesus het gesê dat hy nie gekom het om deur mense bedien te word nie, maar hy het aarde toe gekom en vlees aangeneem om "sy lewe te gee as 'n losprys [lossing] vir baie."[20] Die prys wat Jesus betaal het om vir ons die genade verniet te gee, was bitter duur. Ons moet nie vir een oomblik dink dat dit vir Jesus of vir die Vader maklik of 'n klein sakie was nie. Toe Jesus voor sy kruisiging in die tuin van Getsemane was, was hy doodsbenoud. En moet nie vir een oomblik dink dat Jesus 'n lafaard was nie! Jesus, die God-man, bewe van vrees omdat die gewig van God se volle toorn vanweë ons sondes oor hom hang en wag om in volle vloed op hom los te bars. Bloed pers deur sy porieë omdat Hy in geweldige angs verkeer. Hy was nie vreesbevange om in die hande van sy kruisigers te beland nie, maar om uit die hande van sy Vader te val. Daar is baie gelowiges in die geskiedenis wat met lofgesange op brandstapels hul belydenis in Jesus met hulle bloed beseël het. Hulle dood was só, omdat Jesus se dood vir hulle anders was. Hulle het geen vrees om God se oordeel te dra nie, want Jesus het reeds met sy angstige dood. Tog het Jesus verby al hierdie skaamte en lyding gekyk, alhoewel dit verskriklik was om deur sy Vader, met wie hy van ewigheid af in volmaakte liefde saamwoon, verwerp en veroordeel te word. Hy het verby gekyk na dit wat hy gaan bereik met sy dood aan die kruis. Dit wat Hy gesien het, het hom gedryf om deur te druk en vas te byt. Hy het geweet dat hy sy bruid gaan loskoop met sy bloed. Want Hy het "vir die vreugde wat Hom

[20] *Mar. 10:45.*

voorgehou is, die kruis verdra."[21] Die hoeveelheid lyding wat Jesus bereid was om vir ons te verduur, wys vir ons hoe groot sy liefde is. En dit is geweldig!

Vir die Vader was dit ook geen klein en onbenullige taak nie. Dit was nie 'n koud en kliniese transaksie nie. Die Vader het sy kosbare, eniggebore Seun geruil. Ons lees dat Jesus ewig in volmaakte liefde en intimiteit met sy Vader leef. Die Vader hou Jesus, soos ons dit in ons gebrekkige taal kan stel, naby sy hart, want hy *is* in die boesem van sy Vader.[22] Die Vader koester sy kosbare Seun ewig in sy hart. Tog het Hy nie Jesus teruggehou nie, maar hom oorgelewer in ruil vir ons – vir ons, weet jy! Die Vader was sonder Seun en die Seun was sonder Vader. Wat 'n ondenkbare verskrikking! Tog 'n liefdevolle realiteit. Mens kan sien hoe graag iemand 'n sekere ding wil hê deur te kyk na die prys wat hy bereid is om daarvoor te betaal. Kyk hoe graag wil die Vader sy volk by Hom hê dat hy só 'n duur prys betaal het. Inderdaad, daar is nie 'n duurder prys nie.

Om volkome te verstaan wat hilastērion (toorn-blusser) beteken moet ons nou 'n vraag beantwoord: Aan wie is Jesus as losprys betaal? Was ons sondaars dalk in besit van die duiwel en God moes eers regverdig 'n transaksie met die duiwel afhandel asof daar 'n wet buite God is waaraan hy moet voldoen? Die antwoord is eintlik eenvoudig, daar is niks buite God waaraan hy gebind is nie. Inteendeel, alles wat bestaan, is gebind aan hom; As daar 'n wet is, is dit omdat dit van God af kom. God is daarom nie onderhewig aan enige wet buite homself nie, maar net om getrou te bly aan sy eie karakter (want dit is wie Hy is).[23] Ons het ook nie aan die Satan behoort sodat hy tot sy vermaak oor ons in die hel kan regeer nie. Ons was nooit sy eiendom nie, maar het wel saam met hom gerebelleer. Daarom was ons en die Satan, saam met die duiwels wat agter hom aan gegaan het, onderhewig aan God se straf. Selfs die duiwels is bang vir hierdie oordeel.[24] Die hel is dan nie Satan se koninkryk nie, maar die plek waar ook hy vir ewig geoordeel gaan word.[25] Die Satan het dus geen seggenskap oor ons nie, behalwe dat hy ons op grond daarvan dat God regverdig is, kan aankla.[26] Dit is wel deur die vrees vir die dood en hopeloosheid wat die Satan mag oor ons kry,[27] maar dit beteken nie ons aan hom behoort nie. God hoef daarom nie Jesus as losprys aan die Satan te betaal het nie.

God het die losprys aan homself betaal. Omdat God nie homself kan verraai en onregverdig optree nie, moes daar aan Sy standaarde van geregtigheid voldoen word. Die Heilige God kan nie by onheiliges bly nie, daarom moes hy hulle eers heilig maak. Die regverdige God kan nie sondes ongestraf laat bly nie, daarom moes hy dit eers vergeld. Die God wat die goeie lief het,

---

*[21] Heb. 12:2.*
*[22] Joh. 1:18. Interessant is dat hierdie vers nie sê dat Jesus, nadat hy vlees geword het, hy in die boesem van die Vader was nie. Toe Jesus op aarde was, is hy steeds in die Vader se hart. Sy Vader dra hom in sy hart rond.*
*[23] Eks. 3:14*
*[24] Jak. 1:19*
*[25] Op. 20:10.*
*[26] Sag. 3.*
*[27] Heb. 2:14-15.*

kan nie die bose verdra nie, daarom moes sy gloeiende toorn eers geblus word. Daarom het God Jesus as toorn-blusser voorgesit, sodat hy beide genade kan bewys en regverdig wees op dieselfde tyd. Daarom sluit vers 26 af met die woorde: "sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is." Hy is regverdig, want hy het werklik die sondes gestraf soos dit hoort, maar hy is ook genadig, want hy maak gelowige sondaars werklik regverdig sonder dat hulle dit met hul eie dade verdien het.

Aan die kruis kom God se liefde en toorn na vore, sy geregtigheid en sy genade, sy heiligheid en sy barmhartigheid. Sonder Jesus se kruisiging is dit onversoenbare begrippe. Sonder die kruising kan God nie genade gee en regverdig wees op dieselfde tyd nie; Hy kan nie sonde straf soos dit hoort en dit vergewe nie. Ons kry hierdie ook in geen ander geloof nie. Dit is net in die Christelike geloof waarin God volkome al sy eienskappe perfek en ter gelyke tyd kan wees sonder om leuenagtig op te tree nie. By die kruis kom al hierdie eienskappe saam om in 'n helder lig van heerlikheid ons te wys wie God is. Prys Hom!

'n Besondere troos, omdat ons weet dat God nooit sy karakter verraai nie, is dat Hy werklik homself nou assosieer met sy volk. Hy is nie skaam om hierdie spul wat vroeër vrot sondaars was, nou sy kinders te noem nie. Hy kan vir hulle sê dat hy hierdie klomp onheiliges lief het, en steeds heilig bly, Hy het heilige liefde. Hy kan dit doen, want hulle is dit nie meer nie. Hulle is nie meer sondaars nie. Hulle is nie meer onheilig nie. Dit is omdat Jesus werklik al hulle sondes gedra het, wat hulle gedoen het, nou doen en nog gaan doen. Jesus se werk aan die kruis was effektief en volmaak. Jesus is in staat om perfek te red en Hy het dit ook gedoen. Hy doen sy naam, wat Verlosser beteken, gestand. Die feit dat God homself nou met ons assosieer, bevestig dat Jesus se werk volmaak was. As 'n seël daarvan, kom woon die Heilige Gees, ook God self, in ons.

Watter wonderlike waarhede is daar tog nie in hierdie een woord hilastērion opgesluit nie! God het Jesus geruil en hom voorgesit om sy toorn op Jesus uit te giet totdat daar nie meer 'n enkele druppel oor is vir die wat deel aan Jesus het nie. Daar is geen meer veroordeling vir die gelowiges van God se kant af nie. Hy is nie meer woedend oor hulle nie. Hy is nie meer hulle Vyand nie. Sy wraak is gestil. Jesus het die vlamme van die hel aangedurf en dit geblus.[28]

---

[28] *Vir die oplettende persoon mag hierdie 'n kopkrapper wees: hoe is dit moontlik dat Jesus God se toorn, wat 'n ewige straf is, dra en dit klaar maak dat daar niks meer oor is nie? Hoe kon Jesus God se ewige vlammende toorn blus? Die enigste manier hoe dit moontlik kan wees dat Jesus aan ons straf, as mense, kan deel kry, is as hyself volkome mens is. Goed, hy het mens geword en het ons straf op hom geneem, maar hoe kon hy dit klaar maak? 'n Mens kan tog nie 'n ewige straf dra en dit klaar maak nie, want hy kan nie ten alle tye in ewigheid teenwoordig wees nie. 'n Mens is tydgebonde. Dit beteken al sou iemand al 'n duisend jaar in die hel wees, is daar steeds 'n ewigheid oor. Hy gaan dit nooit kan klaar maak nie. Daar gaan altyd nog 'n ewigheid oor wees. Daar gaan altyd nog straf oor wees. Selfs al neem een mens 'n ander mens se straf op homself, sal hy dit nooit kan klaar dra nie. Miskien dra hy die straf al vir 70 jaar en in die tyd gaan die ander persoon vir wie hy die straf dra, dood. Daar is steeds 'n ewigheid van straf oor vir beide en daarom sal altwee maar in die hel verkeer om hulle straf uit te dien. Die enigste manier hoe 'n mens vry kan kom van die hel, is as die ewige straf tot in ewigheid klaar gedra is. Al*

Hierdie dinge het gebeur omdat Jesus sy lewe gegee het in ruil vir ons s'n, want die toorn blusser was "in sy bloed." Ons weet dat die lewe in die bloed is, en ook dat daar geen vergifnis van sonde sonder die vergieting van bloed is nie.[29] Bloed moes vloei, want God se toorn moet gestil word en sondes regverdig gestraf word. Tog wys die offers van die Ou Testament (wat heenwys na Jesus se offer aan die kruis) en Jesus se kruisiging dat daar 'n ruiling plaasvind. Jesus het werklik ons plek kom in neem. Sy bloed het gevloei terwyl dit ons s'n moes wees. God se toorn moes op ons koppe neerkom, maar tog het dit op Jesus s'n. Dit is nie omdat Hy self sonde gehad het wat gestraf moes word nie, maar omdat Hy werklik ons sondes op hom geneem het. Hy het ons ongeregtigheid op hom geneem en dit aangetrek soos 'n kleed. Daarom het God sy gesig van vyandskap oor ons sondes na Jesus gedraai en hom ook dienooreenkomstig hanteer as 'n onregverdige sondaar. Dit is sodat God sy gesig van vreugde nou na ons kan draai en ons geniet, want toe Jesus in ons plek kom staan het, het ons in sy plek gaan staan. Toe Jesus ons kleed van ongeregtigheid aangetrek het, wat al ons sondes van ons hele lewe is, verlede en toekoms, het hy ook sy volkome kleed van geregtigheid vir ons aangetrek. Die wonderlike ruiling het plaasgevind. Dit was aan die kruis:

> Want Hy (die Vader) het Hom (Jesus) wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.[30]

In 2 Kor. 5:21 word dit vir ons nog duideliker wat aan die kruis gebeur het. Die Vader het Jesus voorgesit as die toorn-blusser. Die vers noem dat Jesus "geen sonde geken het nie." Dit beteken egter nie dat Jesus onkundig oor sonde was nie. Dit beteken bloot dat hy dit nooit subjektief ervaar het nie.[31] Met ander woorde, sê hierdie vers, dat Jesus nooit gesondig het nie. Ons weet ook dat dit onmoontlik is om neutraal te wees en niks te doen nie. Want om niks te doen nie is ook sonde, omdat die wet ons leer om 'n naaste te wees. Die wet is ook om iets te doen, nie net dinge te vermy nie. Ons moet barmhartigheid bewys. So, in hierdie negatiewe stelling, dat Jesus nie gesondig het nie, bevestig Paulus die positiewe dat Jesus regverdig geleef het. Hy het juis gekom en is onder die wet gebore sodat hy geregtigheid kan verwerf deur sy gehoorsame lewe om dit vir ons te gee sodat ons "die geregtigheid van God in Hom" kan word.[32]

---

*hoe dit moontlik is, is as jy 'n Persoon kan kry wat ook ewig is en oral in tyd kan teenwoordig wees ter gelyke tyd. Dit het ons in Jesus. Omdat Hy werklik ten volle God is, kon hy teenwoordig wees in elke sekonde van ewigheid om die straf te dra en dit klaar te dra. Ons weet dat Hy die straf klaar gedra het, omdat hy uit die dood uit opstaan. Die loon vir die sonde is die dood, as Jesus nie meer dood is nie, beteken dat daar ook nie meer 'n loon oor is om uit te dien nie. Jesus het werklik die ewige hel verduur en dit klaar gemaak sodat gelowiges dit nooit hoef te beleef nie. Prys Hom!*

[29] *Lev. 17:11; Heb. 9:22.*

[30] *2 Kor. 5:21.*

[31] *Die Grieks vir om te ken in hierdie vers is γινώσκειν (Str. 1097) en dui nie net op intellektuele kennis, maar ook om iets intiem te ken of dit te ken deur belewenis.*

[32] *Jes. 53:11; Gal. 4:4; Rom. 8:4 en 2 Kor. 5:21.*

Hierdie vers sê dan dat die Vader Jesus, die Regverdige, *sonde gemaak het*. Dat die Vader Jesus sonde gemaak het, kan nie beteken dat Jesus in 'n sondaar verander is en sondig begin optree het nie. Ons kan tot aan die bitter einde sien dat Jesus regverdig gebly het.[33] Hy hou aan om die ware God opreg te soek - sondaars doen dit nie – en roep "my God, my God." Toe hy sterf het hy nie God gevloek nie, maar getrou uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor!"[34] Jesus het deur sy hele lewe lank niks anders gedoen as om net die wet volkome te gehoorsaam nie. Al was hy net soos ons onderworpe aan swakheid, het hy nie gesondig nie.[35] Al is hy erger as ons versoek, het Hy nie ingegee nie. Hy het volmaak gehoorsaam gebly deur sy lydinge tot die einde toe en daarom het hy die oorsaak geword hoekom ons gered kan word.[36] Dit bevestig dus vir ons dat Jesus volkome regverdig tot die dood toe was. Wat egter hier bedoel word met "sonde gemaak" is dat die Vader gelowiges se sonde op Jesus gesit het en dit vir hom aangetrek het asof dit sy eie is. Met ander woorde, ons sonde is aan Jesus toegereken. Jesus het toe afgryslik geraak in God se oë en is daarvoor volledig gestraf soos die sonde gestraf behoort te word.

Jesus is deur die Vader sonde gemaak "vir ons." Dit kan anders vertaal word sodat die idee van plaasvervanging nog duideliker na vore kom met "in ons plek."[37] Hierdie woorde wys vir ons dat Jesus ons *strafdraende Plaasvervanger* is. Hy kom staan in ons plek, neem ons sondes aan as sy eie en word gestraf soos ons gestraf moes word. Kyk die kontras: Jesus is regverdig, maar word hanteer soos 'n sondaar; Ons is sondaars, maar word hanteer soos regverdiges. Aan die kruis is ons ongeregtigheid aan Jesus toegereken, sodat sy geregtigheid aan ons toegereken kan word en "ons kan word geregtigheid van God in Hom." Die ruiling het plaasgevind aan die kruis. Die verlossing het plaasgevind.

Hier aan die kruis sien ons ook wat geruil word. Dit is Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid. In Sy passiewe gehoorsaamheid is daar iets aan hom gedoen. Ons sondes is aan Hom toegereken, God se toorn het op Jesus ontvlam en het God se woede oor ons sonde

---

*[33] Interessant hier is dat die subjektiewe objektiewe onderskeid weer bevestig word. As Jesus subjektief sondig gemaak is, sou Hy begin het om aan die kruis vir God te vloek en sy naaste te haat. Hy het dit nie begin doen nie, want hy is nie subjektief sondig gemaak nie. Hy is objektief sondig gemaak. Hy het ander mense se sondes op hom geneem asof hy dit gedoen het, sonder dat hy self verander word. Dit is belangrik vir ons om hierdie subjektief-objektief onderskeid konstant in gedagte te hou wanneer ons met die leer van regverdigmaking deur die geloof werk.*

*[34] Luk. 23:46.*

*[35] Heb. 4:15.*

*[36] Heb. 5:7-9. Vers 9 is hier van belang: "nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword." Die woord "bewerker" moet eerder vertaal word as "oorsaak" of "rede." Die Grieks is αἴτιος/aitios (Str. 158). Sien ook die KJV, ESV en Statevertaling hoe hierdie begrip in die vertaling duideliker deurkom.*

*[37] Sien byvoorbeeld die vertaling van die ESV "for our sake." Die vertaling kom van die voorsetsel ὑπέρ/hiper + die genitief. Sien Harris (2012:421) vir 'n uiteensetting om te wys dat ὑπέρ + die genitief op 'n plaasvervanging funksie mag dui.*

tevrede gestel. Jesus het dan vir gelowiges bereik dat daar geen meer toorn vir hulle oor is nie. God het die sonde regverdig gestraf en daar is nou geen meer veroordeling oor nie. In Jesus se passiewe gehoorsaamheid word die ongeregtigheid van die gelowiges weggeneem en aan Jesus gegee sodat Hy die regverdige straf daarvoor ontvang. In Jesus se aktiewe gehoorsaamheid werk dit anders. Hier word Jesus se geregtigheid van hom weggeneem en aan die gelowiges gegee sodat hulle geseën kan word daarvoor. Jesus se aktiewe gehoorsaamheid is hoe hy regverdig geleef het sy hele lewe volmaak gehoorsaam aan die wet. Hy het geregtigheid verwerf wat hy dan aan gelowiges gee en aantrek as hul eie.

Ons kan nou met die inligting wat ons by die kruis gemyn het op ons spore deur die konteks van Romeine 3 terugwerk om presies te verstaan wat "die geregtigheid van God" beteken. By die kruis in verse 25 en 26 het ons gesien dat Jesus 'n strafdraende Plaasvervanger was, omdat hy gelowiges se ongeregtigheid op hom geneem het en sy geregtigheid vir hulle gegee het. In Jesus se passiewe gehoorsaamheid het hy God se toorn tevrede gestel as 'n toorn-blusser en in sy aktiewe gehoorsaamheid het hy vir ons die ewige lewe verwerf. Dit is dan Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid wat die inhoud is van die ruiling waarvan daar in vers 24 gepraat word, dit is die lossing. Ons het gesien dat hierdie ruiling genade is en dat dit net in Jesus te vinde is, Hy bewerk die verlossing. Die effek van Jesus se ruiling vir gelowiges is tweeledig. Eerstens, dat hulle gebrek aan geregtigheid nou opgevul is. Tweedens, God se toorn vanweë hulle sonde, is nou gestil. Hierdie genade wat in Jesus te vinde is, los dus ons twee probleme op wat ons in vers 20 gesien het wanneer ons voor God die Regter staan en regverdig verklaar wil word. Gelowiges se straf is klaar gedra en hulle het nou genoeg geregtigheid om God se noukeurige forensiese ondersoek te slaag en regverdig gedeklareer te word. Dus, in alle opsigte is daar aan God se geregtigheid voldoen. God se standaarde is nagekom en hy het nie sy karakter verraai in die proses van genade gee nie.

Daarom kan ons nou met reg sê dat "die geregtigheid van God" beteken dat God dit genadiglik in Jesus *bewerk* het sodat sondaar gelowiges aan sy geregtigheid kan voldoen.[38] Met ander woorde, God *sorg* dat ons aan sy standaarde van geregtigheid voldoen. Hy doen dit nie omdat ons iets gedoen het om hom te beweeg om dit vir ons te doen nie, dit is uit genade. Ons goeie werke het niks hiermee te make nie, maar Jesus se werke alleen het alles daarmee te make. Dit is sy aktiewe en passiewe gehoorsaamheid wat maak dat ons aan God se geregtigheid voldoen. Die geregtigheid van God is dus iets wat van hom af kom en wat hy in Jesus bewerk het sodat ons die ewige lewe mag hê. Hierdie is die geregtigheid wat van 'n ander oord af kom, sodat ons aan God se standaarde kan voldoen en deur Hom regverdig verklaar kan word. Ons eie werke was nie genoeg nie. In onsself was ons hopeloos. Hier is dan ons hoop: die geregtigheid van God!

---

*[38] Daarom is "van God" (τοῦ ϑεοῦ) in die frase "geregtigheid van God" 'n genitief van produsent. Met ander woorde, die feit dat geregtigheid (δικαιοσύνη) daar is, is omdat God dit bewerk het en dit gee. Dit kom van God af. Hy is beide die bron en die oorsaak van hierdie geregtigheid dat ons aan sy standaarde voldoen. Sien Wallace (1996) in verband met die gebruik van die genitief as produsent (genitive of producer).*

## Regverdigmaking is dubbele toerekening

Ons moet egter vra: Hoe is dit moontlik dat die regverdige Regter oor 'n onregverdige sondaar die deklarasie maak dat hy regverdig is? Is dit omdat God onkundig is? As God nie onkundig is nie, is hy nie dan besig om te lieg nie? Dit sou die geval wees as die sondaar nog 'n onregverdige is. In die middel daarvan dat God sondaars regverdig verklaar, staan Jesus se genadige werking in sy aktiewe en passiewe gehoorsaamheid wat as 'n dubbele toerekening aan die gelowige gemaak word. 'n Mens moet aktuele geregtigheid hê, sodat God dit kan bevestig met deklaratiewe geregtigheid. Ons gaan nou verder bestudeer hoe ons aktuele geregtigheid kry.

Ons sien tog dat God sondaars werklik regverdig verklaar, want in Rom. 5:1 lees ons "noudat ons geregverdig is, het ons vrede met God." Van God se kant af is daar nou vrede met ons teenoor wie Hy vroeër vyandiggesind was. Moet nie vir een oomblik dink dat dit is omdat God nie weet van ons verskuilde sondes in ons harte nie. Hy weet van alles, en tog is Hy, die heilige God, ons nie meer vyandiggesind nie. Die feit dat ons nou vrede met God het, beteken dat Hy ons lewe ondersoek het en daarmee tevrede is. Die bewys dat Hy ons werklik regverdig verklaar het, is bevestig met sy gesindheid van vrede. Aangesien God nou vrede het met ons, alhoewel hy van al ons sondes weet, word ons miskien verplig om te dink dat God sy heilige karakter verraai het? Nee, God sal dit nooit doen nie. Die enigste geldige konklusie wat ons kan maak, is dat gelowiges, nou al, werklik regverdig is.

Vir God om die deklarasie te maak dat iemand regverdig is, moet die persoon 'n aktuele geregtigheid hê.[1] God sal nie in 'n deklarasie iets bevestig wat nie werklik so is nie. Met ander woorde, 'n mens sal nooit deklaratiewe geregtigheid as bevestiging van aktuele geregtigheid hê, as daar nie waarlik aktuele geregtigheid is nie. Aktuele geregtigheid is die basis vir deklaratiewe geregtigheid. Of andersom, deklaratiewe geregtigheid is 'n bevestiging van aktuele geregtigheid wat reeds daar is. Wanneer ons dan lees dat ons vrede met God het, omdat ons reeds regverdig verklaar is, beteken dit dat ons werklik aktuele geregtigheid gekry het. En God sê dit, want hy wil hê gelowiges moet dit weet. Hy wil hê gelowiges moet weet dat hulle werklik in sy oë regverdig is.[2]

In Romeine 3:26 sien ons dat God regverdig en genadig is. Met ander woorde hy het sonde gestraf soos dit hoort en nie sy karakter verraai nie, maar steeds verklaar hy ook gelowiges sondaars regverdig: "sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig verklaar wie uit die geloof

---

[1] *Aktuele geregtigheid beteken dat 'n persoon geregtigheid het as produk/meriete omdat hy volkome volgens God se wet geleef het. As jy regverdig leef volgens God se wet het jy geregtigheid as produk daarvan. As jy onregverdig teen God se wet leef, het jy ongeregtigheid as produk daarvan. Ons het wel aktuele geregtigheid nie as produk van ons gehoorsaamheid aan God se wet nie, maar ons het aktuele geregtigheid as produk van Jesus se gehoorsaamheid aan die wet wat hy vir ons gee.*

[2] *Bestudeer die Appendix A om te sien hoe die Here bevestiging gee of 'n mens waarlik 'n gelowige is.*

in Jesus is."[3] Hoe het dit gekom dat die sondaars van verse 19-20 aan wie gesê is dat "uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie" nou geregverdig is in vers 26? Die antwoord lê in die verse tussenin. Daar het ons gesien dat dit genade is wat aan die sondaars voorsien word. Hierdie genade is te vinde in Jesus alleen, want net hy het die aktiewe en passiewe gehoorsaamheid bewerk sodat hy dit aan sondaars kan gee om hulle tweeledige probleem op te los. In Jesus se passiewe gehoorsaamheid ontvang hulle vergifnis van sonde en in sy aktiewe gehoorsaamheid ontvang hulle geregtigheid met die gevolg dat hulle aan God se standaard voldoen om die ewige lewe te beërwe. Die aktiewe en passiewe gehoorsaamheid moet egter aan 'n sondaar toegereken word dat dit sy eie is en hy 'n aktuele geregtigheid het. Sonder dat Jesus se geregtigheid aan die sondaar toegereken is, het die sondaar geen aktuele geregtigheid nie. Dit is net op grond van die aktuele geregtigheid dat hy die bevestigende deklarasie van God kan ontvang dat hy regverdig is en die ewige lewe beërwe. Sonder Jesus het niemand aktuele geregtigheid nie, eers as hulle deel het aan Jesus, het hulle aktuele geregtigheid. Die dubbele toerekening moet dus êrens deur die loop van die persoon se lewe plaasvind sodat hy 'n aktuele geregtigheid kan hê.

Rom. 3:21 wys al reeds vir ons dat ons 'n aktuele geregtigheid kry om op grond daarvan regverdig verklaar te word. Hierdie geregtigheid is egter nie ons eie goeie werke nie, soos ons kon sien dat dit "sonder die wet" is. Eerder as ons eie werke en ons eie verdienste, is dit genade. Dit sê ook vir ons dat dit van 'n ander bron as onsself af kom. Dit is 'n vreemde geregtigheid. Die oord vanwaar dit kom is "van God." Dit is God wat dit vir ons in Jesus bewerk het en dit aan ons gee. God is die bron van hierdie aktuele geregtigheid. In vers 22 het ons vroeër gesien dat hierdie geregtigheid buite onsself in Jesus die Christus beskikbaar is. Dit is "vir almal en oor almal wat glo."[4] Niemand wat glo sal uitgesluit word nie. God belowe hier dat hy dit vir elkeen gee wat in Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid glo deur daarop staat te maak om voor God regverdig verklaar te word.

Wanneer ons in Jesus glo, kry ons deel aan hom. Ons word met hom verenig. Ons word een met Hom. Dit is die leerstelling van eenheid met Christus waaraan ons ongelukkig nie nou meer tyd kan spandeer nie. Dit is egter voldoende om te weet dat hierdie eenheid, ten minste met betrekking tot regverdigmaking, daarin bestaan dat Jesus homself so nou verbind met

---

[3] *Hierdie is my eie vertaling. Ek verskil met die OAV aangesien dit daarin vertaal word as "regverdig maak" en ek dit vertaal met "regverdig verklaar." Daar is verskeie redes wat ek hiervoor kan aanvoer, maar die duidelikste is omdat dit die konklusie is van Paulus se argument oor hoe 'n mens voor God regverdig verklaar kan word. In vers 20 het hy gewys dat dit nie uit ons eie werke van die wet kan kom nie. Hy wys toe hoe dit moontlik gemaak is in Jesus se werk, en die uiteinde is dat 'n mens nou werklik deur God regverdig verklaar kan word, sonder dat hy sy geregtigheid skend.*

[4] *In die Grieks kom hierdie idee egter duideliker oor. Die voorsetsel "vir" kom van die Griekse εἰς/eis (Str. 1519) af. Dit hou die idee in van beweging na 'n spesifieke oord toe. Dit kan te make hê met fisiese spasie, soos om van een dorp na 'n ander te beweeg, of dit kan logies verstaan word om na 'n spesifieke doel te beweeg. In hierdie geval is dit 'n logiese gebruik waar Jesus se geregtigheid beweeg na die sondaar se rekening toe sodat Jesus se geregtigheid die sondaar se eie word. Dit is toegerekende geregtigheid.*

sondaars dat hulle ongeregtigheid syne word en sy geregtigheid hulle s'n. Ons het aan die kruis gesien dat hierdie 'n realiteit is. Jesus het homself werklik so nou verbind met sondaars, want hy word aan die kruis gestraf. God oordeel nie onregverdig nie. Hy straf net as daar sonde is wat gestraf moet word. Wanneer Jesus aan die kruis hang, word hy vir werklike sondes gestraf. Ons het reeds gesien dat dit nie vir sy eie sonde kan wees nie. As hy dan gestraf word, moet dit wees omdat hy werklik die gelowiges se sonde op homself geneem het. Hier in vers 22 leer ons ook dan dat Jesus nie net homself so nou verbind dat hy gelowiges se sonde op homself neem nie (vers 25), maar ook dat hy sy geregtigheid vir hulle gee. Dit is werklik 'n band van eenheid. Dit is in hierdie binding van eenheid waar dubbele toerekening plaasvind. Jesus roep elke mens om na hom te kom vir hierdie genade en as iemand na hom kom, het hy Jesus se passiewe gehoorsaamheid as vergifnis van sy sonde en Jesus se aktiewe gehoorsaamheid om die ewige lewe te beërwe.

Wanneer die gelowige aan Jesus deel kry en Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid as sy eie toegereken word, het die gelowige aktuele geregtigheid, en eers dan, om aan God se eise van geregtigheid te voldoen. Die gelowige is nou werklik 'n regverdige en wanneer God sy lewe forensies ondersoek, kom hy tot die konklusie dat die gelowige regverdig is en maak die dienooreenkomstige uitspraak.

Hier is egter eers 'n paar dinge wat ons weer vanuit die Bybel moet duidelik maak wat regverdigmaking nie is nie. Die eerste, en waarskynlik die belangrikste onderskeid, is dat *Jesus* se geregtigheid aan die gelowige toegereken word om hom 'n regverdige te maak en dat niks anders as net Jesus se geregtigheid die gelowige regverdig maak nie. Dit is 'n "geregtigheid van God" af en nie uit ons eie werke nie, want dit is "sonder die wet." Paulus maak hierdie ook baie duidelik wanneer hy eksplisiet sê dat hy voor God regverdig verklaar wil word "nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof."[5] Paulus maak dit baie duidelik dat dit nie sy eie werke is wat hom regverdig maak nie. Dit is ook nie eers, soos die Roomse valse kerk leer, die gelowige se eie werke wat hy nou doen omdat hy deur Jesus se genade daartoe in staat gestel is nie.[6] Dit is ook nie 'n mengsel van ons eie goeie werke en dat Jesus se goeie werke net 'n aanvulling tot ons gebrek is nie. Dit is totaal en al 'n ander geregtigheid van 'n ander oord wat maak dat 'n gelowige regverdig is voor God. Dit is 'n vreemde geregtigheid, naamlik, Jesus se geregtigheid.

Die tweede punt wat ons hier moet bevestig is dat aangesien dit Jesus se volmaakte geregtigheid wat aan sondaars as hulle eie toegereken word, almal ewe regverdig is. Daar is

---

[5] *Fil. 3:9*

[6] *Sien Trent (1547) se uitspraak aangaande regverdigmaking hoofstuk 7. Hulle leer dat regverdigmaking is wanneer God 'n mens op grond van die genade wat deur Jesus verwerf is 'n mens subjektief meer regverdig maak. Geregtigheid word dus in 'n mens geïnfuseer met die gevolg dat 'n mens nou in staat is, sê die Roomse kerk, om God se standaarde te haal en op grond van jou eie goeie werke by God aanvaar mag word.*

nie vlakke van regverdigmaking nie.[7] Almal het Jesus se volmaakte geregtigheid en word deur God as volmaakte doeners van die wet gesien. Ons kan dit sê, want God se standaard waaraan hy mens meet om sy uitspraak te maak nie verander nie en volmaak is. As God die uitspraak maak, soos ons in Rom. 3:26, 5:1 en 8:33 gesien het, beteken dit dat die persoon reeds werklik aan God se onveranderlike volmaakte standaard voldoen het en God bevestig dit met sy uitspraak. Regverdigmaking is dus nie die mens wat subjektief regverdig gemaak word om meer en meer regverdig op te tree nie. Dit nie iets wat subjektief *met* die mens gebeur en *aan* die mens gedoen word nie. Regverdigmaking, as toegerekende geregtigheid, is iets wat objektief *vir* die mens gedoen word en *oor* hom bevestig word met 'n forensiese uitspraak. Alle gelowiges is dus ewe regverdig en ewe waardig om by God te mag wees.

Die derde punt is dat hulle dadelik regverdig is. Regverdigmaking is nie 'n proses om meer en meer regverdig te word nie. Wanneer Jesus se geregtigheid aan 'n mens toegereken word, is dit sy volle geregtigheid en is 'n mens dadelik regverdig. Dit is omdat, wanneer 'n mens aan Jesus deel kry, jy nie net aan 'n deeltjie van Jesus deel kry nie, Jesus kan nie in deeltjies opgedeel word nie. Mens kry altyd aan Jesus volkome deel. Daarom verander 'n gelowige se verhouding dadelik met God. Dit is eensklaps en 'n gelowige, wat vroeër 'n onregverdige sondaar was, het as gevolg van Jesus se dubbele toerekening 'n regverdige kind geword. Daarom kan ons sê dat regverdigmaking nie 'n proses is nie, maar 'n dadelike eens-en-vir-altyd afgehandelde saak is.

Laastens moet ons daarop let dat die gelowige nooit hierdie toegerekende geregtigheid kan verloor nie. Soos ons gesien het in die kruis, het Jesus homself werklik gebind tot 'n eenheid met gelowiges. As 'n mens eers aan Jesus deel het, kan 'n mens nooit weer uit hom uitval nie. Hierdie gaan ons veral sien in die res van Romeine 5:1-11. Ons kan egter vir nou kortliks hierop uitbrei deur dit te bevestig dat wanneer iemand aan Jesus deel het, hy 'n nuwe skepsel is. Hy is lewend gemaak met dieselfde krag as waarmee Jesus uit die dode opgewek is. Hierdie nuwe skepping staan ook bekend as die wedergeboorte. Ons weet dat iemand wat wedergebore is, nooit weer dood kan gaan of uit die geloof val nie.[8] As 'n mens waarlik in Jesus ingeplant is, kan 'n mens nooit weer uit hom uitgeruk word nie. Geen skepsel nie, die gelowige ingesluit, kan gelowiges "skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie."[9] Die ander argument wat ons ook kan gebruik dat gelowiges nooit hulle regverdigmaking, buiten die argument van eenheid met Christus, kan verloor nie, is dat God nooit 'n valse uitspraak lewer nie. Ons het al vroeër hieraan geraak, maar dit pas weer hier in. God, wat nie kan lieg nie, het 'n deklaratiewe uitspraak gemaak op grond van die aktuele geregtigheid wat as dubbele toerekening, in Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid, aan die gelowige gegee is. God trek nooit sy woorde terug nie. Daarom sal 'n gelowige regverdig bly en dit nooit

---

[7] *Sien Trent (1547) se uitspraak aangaande regverdigmaking hoofstuk 10. Hulle verwar en meng heiligmaking met regverdigmaking.*

[8] *2 Kor. 5:17; Gal. 6:15; Ef. 2:10; 1 Pet. 2:22-23; Fil. 1:6.*

[9] *Rom. 8:39.*

verloor nie. God sal sorg, soos ons verder in Rom. 5:1-11 sal sien, dat sy kinders in die geloof bly.

Die pastorale implikasies hiervan is groot. Omdat dit ‘n vreemde geregtigheid is wat ons objektief voor God regverdig maak, kan ons niks subjektief doen om dit te verander nie. Met ander woorde, selfs al sondig ek nounet, gruwelik, is ek steeds regverdig voor God – simul iustus et peccator.[10] Omdat regverdigmaking objektief is, beteken dit dat gelowiges voor God regverdig is of hulle dit voel of nie. Gelowiges het Jesus se volmaakte geregtigheid as hulle eie, daarom hoef hulle nooit te voel dat hulle nog iets hoef by te dra om hul verhouding met God reg te maak nie. Hulle het klaar alles wat nodig is daarvoor in Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid wat nou hulle eie is. Hulle hoef nie deur ‘n proses te gaan om goed genoeg te wees nie. In Jesus is hulle saak dadelik reg met God en mag hulle met vrymoedigheid na Hom toe gaan. Gelowiges hoef nooit te vrees wanneer hulle sien hoe swak hulleself is, hoe begeerlik die wêreld en hoe lustig die Satan is, dat hulle hul regverdigmaking voor God sal verloor nie. Selfs al het hulle hoe gruwelik gesondig, bly hulle geregtigheid om voor God te staan ewig vas in Jesus se volmaakte werk en nie hul eie nie. Hulle hoop is so seker en vas soos Jesus se werk volmaak is.

## Regverdigmaking is deur geloof alleen

Na die harde realiteit van Rom. 3:19-20 dat ons eie geregtigheid nooit genoeg sal wees om voor God regverdig verklaar te word nie, is dit die beste nuus ooit om te hoor dat daar ‘n “geregtigheid van God” is. “Geregtigheid van God” beteken dat God sorg dat daar vir sondaars aan al sy eise van geregtigheid voldoen word sodat hulle die ewige lewe kan beërwe. Ons hoef niks te doen om hierdie geregtigheid te kry nie. Dit is genade. Dit hang nie af van wat ons doen nie, maar van wat Jesus gedoen het. Sy aktiewe en passiewe gehoorsaamheid is die oplossing vir ons tweeledige probleem voor die heilige God en Regter van die heelal. Hierdie aktiewe en passiewe gehoorsaamheid kan aan mense toegereken word sodat hulle ‘n aktuele geregtigheid het en op grond daarvan voor God regverdig verklaar kan word. Die vraag is nou egter hoe ‘n mens met Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid toegereken kan word. Dit is deur middel van geloof in Jesus Christus.

In Rom. 3:22 lees ons dat “die geregtigheid van God” toegereken word “vir almal en oor almal wat glo” en dat dit so is “deur die geloof in Jesus Christus.” Ons het tot dusver gesien wat die geregtigheid van God in Jesus is. Hier in vers 22 sien ons vir watter mense dit gegee word en hoe. Dit word gegee vir elke mens wat glo en hulle ontvang dit deur geloof. Ons gaan nou eers sien dat dit ‘n belofte van God is aan alle mense dat, as hulle in Jesus glo, Jesus se aktiewe en passiewe geregtigheid aan hulle toegereken sal word. Daarna gaan ons kyk wat dit is om te glo.

---

[10] *Dit beteken “gelyktydig ‘n regverdige en ‘n sondaar.”*

Paulus lê groot klem daarop dat die geregtigheid van God vir enigiemand is wat glo, "want daar is nie onderskeid nie." Dit is vir Jood en Griek. Maak nie saak jou herkoms nie, maak nie saak jou ekonomiese klas nie, dit hang nie af van jou geslag nie, maak nie saak hoe verskriklik sondig jy is nie. Dit is juis vir goddelose sondaars wat nie meer op hulle eie pogings wil staat maak nie, maar hoop buite hulleself soek. In Romeine 1:17 waar Paulus verduidelik hoekom hy hom nie skaam vir evangelie nie, het hy al hierdie groot klem op geloof geplaas: "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar *uit geloof tot geloof*."[1] Met ander woorde, wat Paulus hier sê is dat as 'n mens voor God regverdig wil wees, strek jou opsies *van geloof tot geloof*. Jy kan of deur geloof in Jesus gered word, of deur geloof in Jesus, of deur geloof in Jesus. Daar is dan maar eintlik net een opsie hoe 'n mens regverdig voor God kan staan en dit is om in Jesus te glo. Ons kan nie uit ons eie werke geregverdig word nie, "want almal het gesondig en hulle skiet te kort aan die heerlikheid van God."[2] Daarom is daar nie 'n ander manier nie, nie Mohammed nie, nie Boeddha nie, nie jou eie, oulike self nie – niks anders as net Jesus nie. Hy alleen is die weg, die waarheid en lewe. Daar is geen ander naam op hierdie aarde in wie daar verlossing is nie, as net Jesus Christus.

Ons moet wel onthou soos ons Romeine lees dat dit nie maar net Paulus se woorde is nie. Om seker te wees, dit is Paulus se woorde, maar deur die werk van Heilige Gees is dit ook ten volle God se woorde. Dit is daarom nie net Paulus wat hier groot klem daarop lê dat ons deur geloof alleen in Christus alleen uit genade alleen gered word nie. God sê dit. Ons weet nou al dat God nie kan lieg nie. As Hy dit sê, dan bedoel hy dit werklik. God sal jou regtig red, as jy in Jesus glo. God wil jou daarvan verseker daarom sê hy dit oor en oor en oor. Nie minder as sewe keer nie word dit in Rom. 3:21-31 genoem dat 'n mens deur geloof in Jesus gered word en nie uit jou eie goeie werke nie. In Romeine 4 word Abraham as voorbeeld voorgehou dat ons net uit geloof gered word. In Romeine 9-11 word die fisiese Israel vir ons as voorbeeld voorgehou wat gebeur as 'n mens op jou eie werke staat maak om voor God regverdig te wees en nie deur die geloof in Jesus se werke nie. Paulus sê met groot hartseer oor sy volksgenote, die Jode:

> 2 Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. 3 Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. 4 Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.[3]

Romeine is vol daarvan dat ons regverdig kan word deur in geloof op Jesus staat te maak eerder as op eie werke. Dit is nie net in Romeine nie, maar ook die hele Ou Testament. Abraham het geglo en hy is deur God regverdig gereken.[4] Habakkuk sê dat die regverdige uit

---

[1] *Beklemtoning my eie.*

[2] *Rom. 3:23 (vertaling my eie).*

[3] *Rom. 10:2-4.*

[4] *Gen. 15:6.*

die geloof sal lewe.[5] In Hebreërs sien ons ‘n hele lys van mense in die Ou Testament wat deur God regverdig gereken is omdat hulle geglo het.[6] Aangesien dieselfde God wat nie kan lieg nie ook die Nuwe Testament geskryf het, weerspreek hy nie homself nie en sien ons gevolglik ook in die Nuwe Testament dat mens deur geloof gered word. Jesus bevestig dit wanneer mense na hom kom en vra watter werk hulle moet doen om gered te word. Hy sê aan hulle dat die werk wat hulle moet doen, is dat hulle nie moet werk nie, maar slegs glo in hom.[7] Later sê Jesus aan hierdie selfde mense: “Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.”[8] Wanneer Jesus hierdie sê, lê hy baie sterk daarop klem dat hy die een wat gelowig na hom toe kom, nie sal weggooi nie. Ons kan dit ook vertaal as “Ek sal hom wat na My toe kom, hoegenaamd nooit weggooi nie.” Hy sê dit so sterk, want hy belowe dit. Vat Jesus op sy woord en gaan na Hom toe om geregverdig voor God te word. Sal jy nog op jou eie goeie werke staat maak of sal jy in geloof jou volle gewig op Jesus gooi om voor God staande te bly?

Ons weet nou dat wanneer God belowe dat, as ons in Jesus glo, Hy werklik Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid aan ons sal toereken en gevolglik regverdig verklaar. Nou moet ons kyk wat dit beteken om te glo. Aangesien “geloof in Jesus Christus” die enigste middel is waardeur ‘n sondaar regverdig gemaak kan word, is dit belangrik om te verstaan presies wat dit is. Daar is nie ‘n ander manier nie, so ons moet ‘n goeie begrip van hierdie enigste manier hê.

Wanneer ons “geloof in Jesus Christus” bespreek in Rom. 3:22, is dit belangrik om te let dat ons praat van ‘n handeling. Daar is ‘n handeling opgesluit in die naamwoord “geloof.” Dit is geloof *in* Jesus nie die geloof *van* Jesus nie. Die geloof van Jesus sou beteken dat geloof daar bedoel word as slegs ‘n inhoud; dit het Jesus as inhoud, maar daar is nie noodwendig ‘n persoonlike assosiasie nie. Wanneer ons egter van “geloof in Jesus”, praat is dit anders. Vir seker is daar steeds ‘n inhoud, maar dit is meer as net inhoud. Daar is persoonlike assosiasie. Daar is ‘n handeling opgesluit en hierdie handeling, soos ons sal sien, is vertroue wat heeltemal oorgee.

Kom ons begin nou eers deur te wys dat die handeling om te glo altyd ‘n inhoud het. Wanneer iemand glo, glo hy altyd in iets. As daar nie ‘n inhoud is nie, is daar niks om op te vertrou of staat te maak nie. Geen inhoud geen vertroue. Geen inhoud geen geloof. Wanneer iemand geld bank, doen mens dit in die goeie geloof dat die bank in staat is om dit beskerm. Om die geld te bank is ‘n handeling van vertroue, want ‘n mens wil nie sommer net geld weggooi nie. Mens sal egter net gedryf word om jou geld te bank as jy weet dat die bank betroubaar is. Op grond van die kennis aangaande die integriteit van die bank loop die handeling van vertroue oor om die geld te bank. So ook andersom, wanneer die inhoud verdag is, is die vertroue slap.

---

[5] *Hab. 2:4.*

[6] *Heb. 11.*

[7] *Joh. 6:28-29.*

[8] *Joh. 6:37.*

Dit is net as gevolg van onkunde dat ‘n mens sal val vir kits-beleggings. Iemand wat met groot hoop en vertroue sy hele pensioen aan die “nuutste fantastiese finansiële verwikkeling” toevertrou, noem ons dwaas, want hy is totaal onkundig. As hy geweet het watter gevaar dit is, sou hy nie sy vertroue daarop geplaas het nie, maar nou het hy tog volle vertrou in iets wat nie betroubaar is nie. Hy plaas sy volle gewig op ‘n wankelrige fondasie. Ongelukkig is dit die geval dat mense vir sulke slinkse plannetjies val en daarmee saam stort hul hele lewe in duie. Hulle betaal die prys vir hulle dwaasheid. So is dit ook met geloof – net erger. Staan op die verkeerde fondasie en jy sak af met ‘n geweldige spoed onder die druk van God se toorn tot in die ewige hel. Kry die enigste betroubare inhoud om in te glo. Kry die enigste stewige fondasie om jou gewig op te plaas. Kry Jesus Christus.

Daar is iets soos valse geloof. Natuurlik is dit ‘n valse geloof wanneer ‘n mens die verkeerde inhoud het. Die inhoud van ‘n mens se geloof om voor God regverdig verklaar te word, kan iets anders as Jesus wees. Dit kan een of ander valse profeet wees, ‘n verkeerde Jesus wat een of ander valse kerk verkondig of jou eie goeie werke. Dit is egter nie al nie, ‘n geloof wat nie red nie mag Jesus as inhoud hê, maar nie jouself aan hom toevertrou vir redding nie. Dit is ‘n weet-van-geloof. Ons sien hierdie in Koning Agrippa wanneer Paulus voor hom gebring word.[9] Koning Agrippa glo in die profete, tog wil hy nie hom aan Jesus toevertrou nie. Met ander woorde, hy glo werklik dat wat in die profete staan God se woord is, dat Jesus die vervulling daarvan is, maar nie homself aan Jesus toevertrou nie. Valse geloof kan selfs die regte inhoud hê en werklik glo dat dit waar is, maar nooit oorgaan in vertroue nie. Die duiwels is ook ‘n goeie voorbeeld hiervan. Hulle glo ook werklik dat God een is, maar hulle sidder van angs. Met ander woorde, hulle weet dat God alleen God is asook dat hulle teen hom gerebelleer het en as gevolg daarvan die ewige straf verdien. Hulle het werklik kennis van God en het selfs genoegsame kennis dat hulle die implikasies daarvan besef, maar hulle onderwerp hulself nie aan daardie kennis nie.[10]

Ongelukkig is dit ook so in die kerk. Daar is mense wat vreeslik kundig is op verskeie leerstellings, selfs op moreel en etiese sake en sterk daaroor voel, maar dit verander nie hul lewens nie. Hulle lewens verander nie, want hulle gee nie werklik hulself aan Jesus oor nie. Hulle weet van Hom, maar ken Hom nie intiem en persoonlik nie. Hulle is soos Talkative in John Bunyan se Pilgrim’s Progress. Hy kan land en sand praat oor enige onderwerp, maar wanneer hy gevra word hoe hy dit in sy eie lewe beleef en hom verander, wil hy liefs die onderwerp skuif of die geselskap breek.[11] Die rede vir ‘n gebrek aan vertroue by ‘n mens wat wel die kennis het en selfs glo dat dit die waarheid is, is hoogmoed en haat teen Jesus. Ons sal hierdie egter saak weer later in hierdie gedeelte bespreek.

---

[9] *Hand. 26:27.*

[10] *Jak. 2:19. Dit is een van die belangrikste artikels van ons geloof soos ons sien in Deut. 6:4.*

[11] *Sien Bunyan (1684:61-70).*

Ons het in Rom. 3:22 gesien dat ons nie regverdig gemaak word deur middel van geloof *van* Jesus nie, maar geloof *in* Jesus. Dit is nie net kennis nie, maar sluit ook vertroue met oorgawe in. Ware reddende geloof bestaan dan uit beide kennis en vertroue. Ons sien hierdie vertroue op die inhoud van die evangelie, naamlik dat Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid genoeg is om voor die heilige God regverdig verklaar te word, in Rom. 3:28: “Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.” Hier het ons weer die beeld van die kosmiese hof. God ondersoek elke mens aan die hand van sy volmaakte wet om aan die einde van sy forensiese ondersoek die bepalende deklarasie te maak. Paulus sê hier dat al manier hoe ‘n mens deur hierdie regverdige Regter regverdig verklaar gaan word is “deur geloof sonder werke van die wet.” Ons moet onthou, die Regter wil sien of die persoon aktuele geregtigheid het sodat hy op grond daarvan ‘n waaragtige uitspraak kan maak. Hierdie vers sê dus vir ons dat ons aktuele geregtigheid kry deur middel van geloof. Dit is nie net om enigiets te glo nie, dit is die geloof in Jesus Christus waarvan Rom. 3:22 praat. Deur middel van geloof ontvang die gelowige Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid sodat hy ‘n aktuele geregtigheid het en God nou eerlik kan deklareer: “Regverdig!”

Wat Rom. 3:28 egter ook vir ons wys is dat geloof teenoor werke van die wet staan. Met ander woorde, as ek in Jesus glo, maak ek geensins staat op my eie goeie werke nie. Geloof klou vir lewe aan Jesus vas om op grond van Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid voor God die Regter staande te bly. Die teenoorgestelde van geloof in Jesus is om op jou eie twee bene staat te maak om (1) God se geweldige toorn te dra en (2) aan die hoë standaard van sy wet te voldoen. ‘n Gelowige sondaar weet hoe verskriklik vrot hy in die volmaakte God se oë is, daarom sal hy nie sy lewe bank op sy eie geregtigheid nie. Hy bank sy lewe op Jesus Christus se geregtigheid.

Paulus is vir ons ‘n goeie voorbeeld van hoe ‘n gelowige dink. As Paulus gevra word wat hy sal kies om voor God regverdig verklaar te word, antwoord hy: “Ek ag al my geregtigheid as drek sodat ek Jesus kan kry.”[12] Vir die wat nie weet nie, drek beteken menslike uitwerpsel of enige vrot ding wat jy nie naby jou wil hê nie, maar wil weggooi. Paulus sê hier dat sy eie geregtigheid soos drek is om vir God voor te hou en te verwag dat Hy ‘n mens op grond daarvan regverdig moet verklaar. As die stank van jou eie drek jou walg, hoeveel te meer sal jou vrot geregtigheid nie vir God nie! Nee, gelowiges hou nie ‘n drek-geregtigheid in hul eie hande en koester dit styf teen die bors nie. Hulle doen afstand daarvan af en wil nie daarmee geassosieer word nie. Maar steeds kort hulle ‘n aktuele geregtigheid om by God regverdig verklaar te word. Daarom wil hulle vir Jesus hê. Vir ‘n gelowige is Jesus kosbaarder as die lewe self. Hy wil homself met Jesus assosieer en nie net naby Hom wees nie, maar begeer, soos Paulus sê, om “in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof.”

---

[12] *Fil. 3:8 (My eie parafrase).*

Ware reddende geloof maak dus nie op eie werke staat nie, maar op Jesus se werke, naamlik sy aktiewe en passiewe gehoorsaamheid.

Tot dusver het ons gesien dat reddende geloof beslis twee komponente het, naamlik kennis en vertroue. Reddende geloof is nie net kennis nie, want dan is mens maar net soos een van die duiwels. Reddende geloof is ook nie, net vertroue nie, want daar moet altyd iets wees waarin vertroue gestel word. Met vertroue sonder kennis is ons soos 'n dwase belêer. Dat ware geloof beide kennis en vertroue is, kan ons uitbeeld as om te weet dat daar 'n fondasie is, maar ook om daarop te staan. 'n Wyse persoon sal egter eers sy huis bou as hy weet dat die fondasie stabiel is. So ook sal mens werklik eers vertrou as mens oortuig is dat die inhoud van die geloof betroubaar is. Ons kan dit met 'n skema voorstel:

> Reddende geloof = kennis en vertroue → in inhoud (Jesus Christus) → omdat die bron daarvan betroubaar is (God se woord en belofte).

Reddende geloof is nie iemand wat onseker is en maar 'n risiko neem nie. Ware geloof is om oortuig te wees dat die inhoud waarin geglo word werklik betroubaar is. Niemand by sy nugter verstand gaan uit 'n vliegtuig spring as 'n boosaardige persoon 'n gewone rugsak met 'n toutjie vir die fop vir hom gee nie. Ongelukkig is dit so met baie mense wat 'n valse Jesus aangebied word deur valse profete. Net 'n onverantwoordelike waaghals wat sy lewe nie lief het nie, sal 'n rugsak aantrek en uit die vliegtuig spring as 'n wild-vreemdeling vir hom sê "hierdie is miskien 'n valskerm." So is dit ongelukkig dat daar baie dwase is wat geen waarde heg aan hul lewe en hul ewige bestemming nie. Dit sal egter 'n ander geval wees as, byvoorbeeld, jou vrou, wat jou baie lief het en jou lewe koester soos haar eie, vir jou 'n valskerm gee met die woorde "ek het self gepak en dubbeld seker gemaak dat alles in orde is. Jou primêre skerm is reg, maar die tweede een het ek ook gepak en dubbeld seker gemaak vir ingeval ek iets nie kon antisipeer nie." Met jou vrou se bewys van liefde as waarborg op jou rug spring jy met groot gemoedsrus uit. Daar is egter nog onsekerheid, want jou vrou is nie volmaak nie. Sy kan 'n fout maak. Sy is nie alwetend of alwys nie. Die materiaal van die valskerm is dalk nie meer sterk genoeg nie. Dalk was daar 'n fout met produksie. Nie so met God nie.

God wat nie omkant getrap en verras kan word nie, het verlossing vir ons gepak. Van ewigheid af het Hy dit al beplan. Van die ontstaan van tyd af het Hy dit begin uitvoer. Alles is deur Sy magtige hand gestuur sodat geskiedenis presies volgens plan verloop. Alles is noukeurig in plek gehang, sodat Jesus aan die kruis in sy plek gehang kan word. Ja, die Vader het die verlossing met groot liefde toeberei toe Hy sy eniggebore Seun vlees laat word het. Met groot liefde het Jesus die wet volmaak gehoorsaam en met groot liefde die gelowiges se oortreding daarteen gedra. Die Heilige Gees het met groot liefde Jesus Christus na sy menslikheid bekragtig om sy roeping uit te voer. Dit is met groot liefde dat die Heilige Gees mense wedergebore maak om deel te hê aan die verlossing in Jesus. God drie-enig is meesterlik aan

die werk. Die materiaal van ons redding is perfek, naamlik Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid. Sy twee bene gaan nie onder die gewig van die gelowige meegee nie. God wat, nie kan nie lieg, en belowe het dat Hy werklik Jesus se geregtigheid vir elkeen sal gee wat glo, sal dit doen. Ons kan gevolglik God, wat Jesus vir ons aanbied, ten volle vertrou. Daarom kan en mag die een wat glo, weet dat Jesus se geregtigheid aan hom toegereken is en dat hy reeds op grond daarvan by God regverdig verklaar is en nou vrede met God het.

Geloof is dan kennis en vertroue omdat die gelowige oortuig is dat die inhoud betroubaar is. Die inhoud is betroubaar, want die bron daarvan is God wat nie kan lieg nie en nooit sy woord breek nie. Die skrywer van Hebreërs wys hierdie ook vir ons in Sara as voorbeeld van 'n gelowige wanneer hy sê: "Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, *omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het*."[13] Sara se geloof word beskryf as 'n handeling dat sy God getrou geag het wat beloof het dat sy 'n kind sal kry, alhoewel sy onvrugbaar was. Hier is 'n mooi voorbeeld van kennis en vertroue: Die inhoud wat Sara geglo het, was dat God vir haar 'n kind sal gee; Sy het egter nie net kennis daarvan geneem nie, maar het met vertroue God getrou geag dat hy die belofte sal uitvoer. Hier in Rom. 3:22 belowe God dat "die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo" is. Jesus sal jou nie weggooi nie, kom na Hom toe. Maak nie saak hoe sondig jy is nie, "want daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." Tog word hulle "deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is." Glo jy dit?

Dit is vroeër genoem dat dit die geval kan wees dat iemand kennis van Jesus het en selfs glo dat dit die waarheid is, maar nie hul vertroue in Jesus stel nie. Dit is nie geloof nie, maar ongeloof. Dit is om nie op Jesus te vertrou nie, maar om in opstand teen hom te wees. Hulle het die regte kennis, maar wil hulself nie daaraan onderwerp nie. Selfs gebruik hulle nou hierdie kennis om hulself daarmee te regverdig. Só maak die kennis opgeblase en hoogmoedig. Ongeloof is dus sondige rebellie. Ek het ook genoem dat hierdie ongeloof hoogmoed is. Iemand wat nie op Jesus wil staat maak om voor God geregverdig te word nie, is 'n selfregverdigende, hoogmoedige fariseër. Daarom vra Paulus in Rom. 3:27 vir iemand wat iets sou wou sê teen die leer van regverdigmaking deur die geloof: "Waar is dan die roem?" Paulus weet dat die persoon nie alleen op Jesus wil staat maak nie, want hy wil nog bietjie roem en eer vir homself hê. Hy wil goed genoeg wees dat hy nie Jesus nodig het nie.

Paulus ken hierdie hoogmoed persoonlik baie goed. Hy was ook 'n selfregverdigende, trotsaardige fariseër voordat hy tot geloof in Jesus gekom het. Hy sê teenoor dwaalleraars dat hy nou "in Christus Jesus roem en nie op die vlees vertrou nie."[14] Let op dat "roem in Jesus" hier tenoor "vertrou op die vlees" gestel word. Wat met "vlees" bedoel word is jou eie

*[13] Heb. 11:11 (beklemtoning my eie).*
*[14] Fil. 3:3.*

geregtigheid, of dit nou herkoms of wetsgehoorsaamheid is, soos Paulus in die volgende verse dit duidelik maak. Vertrou en roem is dus uitruilbare terme. Eerder as wat Paulus staat maak op sy eie geregtigheid om in homself te roem, maak hy nou staat op Jesus se geregtigheid en roem in Hom. As gevolg van die sondige natuur van die mens, weet Paulus dat die mens nie al die eer aan God wil gee nie. Daarom moet hy herhaaldelik die klem daarop laat val dat die mens nie in homself kan roem nie: “Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.”[15]

Ons sien nou dat hoogmoedigheid die rede is hoekom iemand nie sy vertroue op Jesus wil stel nie, maar op sy eie geregtigheid. Hy wil op homself roem. Dit is vir hierdie persoon nodig om te hoor “God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.”[16] Daar moet vir die een wat in sy eie geregtigheid roem, gesê word “Spreek nie voortdurend alte hoog nie, laat vermetele taal nie uit julle mond uitgaan nie; want die Here is ’n God van diepe kennis, en deur Hom word die dade beproef.”[17] Die hoogmoedige een moet weer besin met presies Wie hy te make het en voor wie se oë sy hele lewe so oop soos ‘n boek lê. God verstaan die grammatika van jou gevoelens en die semantiek van jou gedagtes.

Hier is egter die dieptepunt van die sonde van hoogmoed: Dit wil nie rekening hou met wie God is nie. Want as die persoon God erken vir wie Hy in sy heiligheid is, word die trotsaard se eer verpletter. Mens kan lekker spog met hoe helder jou lantern van eie geregtigheid in die donker skyn totdat die son op kom. So ook, as God in al sy heerlikheid verskyn, is alle ander lig niksseggend. Die hoogmoedige persoon wil die standaard van God se geregtigheid verlaag, want dan kan hy moontlik ‘n geregtigheid hê wat goed genoeg is. Hy wil die waarheid van God in die donker hou, sodat hy trots kan skitter in sy selfgemaakte duisternis. Paulus beskryf juis dit wanneer hy sê dat sondaars die waarheid van God onderdruk in hulle ongeregtigheid.[18] Omdat hulle onregverdige sondaars in hulle harte is, hou hulle nie van die waarheid van wie God is nie, en daarom probeer hulle om dit weg te kry.

Dit is juis vanweë hierdie hoogmoedige eiewaan dat die fariseër persoon Jesus haat. Dit is tweeledig, die feit dat Jesus vlees geword het, beteken dat Hy God ten volle kom openbaar het voor ons oë. In die eerste plek, in Jesus se lewe het die standaard van die wet duidelik geword. Jesus se lewe skitter van geregtigheid en heiligheid en die fariseërs kon dit nie verdra dat die helderheid van Jesus se heerlikheid hulle eiewaan uitdoof nie. Die aangename geur van die Christus-gesalfde kontrasteer sterk met die stank van hulle drek-geregtigheid. In vergelyking met die hoë standaard wat Jesus handhaaf, lyk hulle eie harte vrot. En waar die hart van vol is, loop die mond van oor en sweer hulle saam om Jesus aan die Romeine oor te lewer. Hulle wou so graag van Jesus ontslae raak dat hulle hom dood gemaak het. Hulle

---

[15] *Ef. 2:8-9.*

[16] *Jam. 4:6.*

[17] *1 Sam. 2:3.*

[18] *Rom. 1:18.*

hoogmoed het hulle gedryf hom Jesus te haat. Die ironie is egter dat selfs in hulle wettelose ywer van haat Jesus se regverdige, warm barmhartigheid net nog meer prominent na vore kom. Daar hang Jesus, die almagtige God, uit liefde juis om sondaars soos hulle te red. Dit is die tweede rede hoekom hulle Jesus haat. Hulle wil nie hoor of sien dat hulle 'n Redder nodig het nie. Hulle wil nie genade ontvang nie, hulle wil 'n loon verdien. Hulle wil as gelykes met God handeldryf. Dit is as gevolg van hierdie twee redes dat dit vir hulle moontlik is om Jesus op 'n afstand te bestudeer, maar hulle hou hom daar ver. Dit is omdat hulle nie wil hê dat die Lig van die wêreld naby moet kom en hulle duistere harte oopvlek nie. Tog los Jesus hulle nie net so nie. Jesus roep elke keer weer deur sy woord wat verkondig word:

> This is somewhat of the word which he now speaks unto you: Why will ye die? why will ye perish? why will ye not have compassion on your own souls? Can your hearts endure, or can your hands be strong, in the day of wrath that is approaching? . . . Look unto me, and be saved; come unto me, and I will ease you of all sins, sorrows, fears, burdens, and give rest to your souls. Come, I entreat you; lay aside all procrastinations, all delays; put me off no more; eternity lies at the door . . . do not so hate me as that you will rather perish than accept of deliverance by me.[19]

Hierdie haat was nie net in die fariseërs se harte nie, maar is in elke mens se hart.[20] Daarom sê Johannes ook oor die hele wêreld dat hulle eerder die duisternis liefgehad het as die lig.[21] In Rom. 3:10-18 het gesien hoe boos die mens in hulle sonde is. Dit is so met elke individuele mens. Goed, ons weet nou dat ons boos is, maar hoe boos? Die antwoord is glad nie lekker om te hoor nie. In onsself is ons so boos dat ons nie eers in staat is om God te gehoorsaam nie. Ons is so kwaadaardig dat ons nie eers sy oproep tot geloof met gehoorsaamheid sal beantwoord nie, maar steeds verder rebelleer.[22] Dit is soos Rom. 3:18 afsluit: "Daar is geen vrees vir God voor ons oë nie." Ons kan "vrees vir God" opsom met dat dit juis vrees vir God is wat ons dryf om Hom te gehoorsaam. Die vers sê nie dat ons maar net min vrees of 'n bietjie van 'n gebrek daaraan het nie. Dit sê dat enige dryf om God te gehoorsaam totaal en al afwesig is. Die onwedergebore mens sal dus nie in God glo uit homself uit nie. Hy wil nie die kennis van God hê nie en wil homself nie aan Jesus onderwerp en oorgee in vertroue nie.

Die goeie nuus is egter steeds dat "die geregtigheid van God" verskyn het. Ons het gesien dat die frase beteken dat God die sorg dra en hy verskaf alles wat nodig is sodat ons aan sy geregtigheid sal voldoen en gevolglik deur hom regverdig verklaar word. Dit is dan nie net dat hy Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid bewerk nie, maar Hy sorg ook dat dit aan ons toegereken word. Dit doen Hy deur die werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees bewerk die wedergeboorte waardeur Hy 'n mens laat deel kry aan die nuwe lewe wat in Jesus

---

[19] *John Owen, 'n puritein, soos aangehaal deur Packer (1961:104).*

[20] *Rom. 1:30.*

[21] *Joh. 3:19-20.*

[22] *Rom. 8:7-8.*

is.[23] Hy plant 'n mens as't ware in Jesus Christus in. Hy neem 'n dooie sondaar "takkie" en plant hom in Jesus die "wingerdstok" in, sodat die lewe wat in Jesus is in die takkie in vloei. Noudat die takkie aan Jesus deel het, kan hy begin om vrug te dra wat tot eer van God is. Nou eers kan hy God begin gehoorsaam en glo.[24] Nou kan hy begin om God te behaag, want voorheen kon hy "God nie behaag nie."[25] So, deur die Heilige Gees wat die wedergeboorte bewerk, stel God die mens in staat om te glo. Hy verander hulle harte sodat hulle ophou om teen hom te rebelleer. Om te kan glo is dan 'n geskenk uit God se hand en hy moet elke dag daarvoor gedank word. Soos Paulus sê, die hele pakkie van redding, insluitend geloof, is 'n geskenk van God af: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."[26]

Alhoewel die Heilige Gees die wedergeboorte bewerk, doen Hy dit deur middel van die evangelie wat verkondig word.[27] Daarom sê Paulus ook dat "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."[28] God het dit so in sy wysheid bepaal dat die evangelie verkondig moet word, mense moet opgeroep word om te bekeer en te glo en deur middel daarvan bewerk die Heilige Gees die wedergeboorte soos Hy wil. Ons moet egter nie probeer rondkrap in God se verborge raadsplan en wonder of dit in God se plan is dat iemand anders of ek self gered gaan word nie. Ons moenie wonder oor dit wat nie geopenbaar is nie. God beveel ons uitdruklik om net te bly by wat hy wel geopenbaar het en dit is om te doen wat hy ons beveel het.[29] Elkeen het dus die verpligting om te bekeer en glo en dra self die verantwoordelikheid of hy God in hierdie opsig gehoorsaam het of nie. As iemand vir God die skuld wil gee omdat hy nie glo nie, wys dit net nog meer hoe boos sy hart is. Dat hy dink God is verplig om genade te gee, bevestig net dat die persoon nie die vaagste benul het wat genade is nie en dink boonop steeds so baie van homself dat God dit aan hierdie vrotspul verskuldig is. Skaam hom vir sy ongeloof en hy moet dit eerder staak om homself totaal aan Jesus toe te vertrou.

Om terug te kom na Rom. 3:27 toe, vra Paulus: "Waar is dan die roem?" Is daar iemand wat op sy eie werke wil roem dat hy op grond daarvan voor God regverdig verklaar gaan word? "Waar is die roem?" Is daar iemand wat, anders as alle ander mense, uit hulself glo? Waar is die roem? "Dit is uitgesluit" sê God. Niemand het enigiets uit hulself om op te roem nie, selfs nie eers hulle geloof nie. Daarom, soos ons beveel word: "Laat die een wat roem, in die Here roem."[30]

---

[23] *Joh. 3:8; 6:63*

[24] *Joh. 15:1-7.*

[25] *Rom. 8:8.*

[26] *Ef. 2:8-9.*

[27] *1 Pet. 1:22-25; Jak. 1:18.*

[28] *Rom. 10:17.*

[29] *Deut. 29:29.*

[30] *1 Kor. 1:31 (vertaling my eie). "Let the one who boasts, boast in the Lord." (ESV)*

Tot dusver het ons gesien dat ons met Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid toegereken word deur *in* Jesus Christus te glo. Dit is ‘n belofte van God wat hy sal nakom. Die handeling om te glo bevat kennis van Jesus se volmaakte werk en vertroue dat dit goed genoeg is. Gevolglik vertrou die gelowige hom geheel en al toe aan Jesus vir redding. Hy maak nie staat op sy eie werke nie, maar roem in Jesus. Verder het ons gesien dat hierdie geloof nie uit onsself is nie, maar ‘n geskenk van God deur die werk van die Heilige Gees is. Nou moet ons kyk wat dit beteken dat ons met Jesus se geregtigheid toegereken word *deur middel* van geloof.

Wanneer ons in Rom. 3:22 hoor dat ons geregverdig word voor God “deur geloof in Jesus Christus” is daar twee moontlike maniere om “deur geloof” in Afrikaans te verstaan.[31] Die een moontlikheid is dat ons *deur middel* van geloof geregverdig word terwyl die ander moontlikheid is dat ons *op grond van* geloof geregverdig word. Beide interpretasies het verreikende implikasies. Gelukkig maak die konteks vir ons reeds duidelik wat dit moet wees selfs al het ons net die Afrikaans tot ons beskikking. Die Grieks maak dit egter net makliker. Die interpretasie van *op grond* van geloof vir “deur geloof” is nie moontlik nie.[32] Ongelukkig is Grieks wel nie tot die beskikking van almal nie en kan ons die argument nie so vinnig afhandel nie. Ons moet uit die konteks wys presies hoe ons “deur geloof” hier moet verstaan.

As ons “deur geloof” verstaan as dat ons “op grond van geloof” voor God geregverdig word, beteken dit dat die geloof self die gronde is hoekom ons geregverdig word. Met ander woorde, wanneer God sy forensiese ondersoek instel kyk hy nie meer of jy die wet gehoorsaam het nie, maar net of jy geglo het. Wanneer Hy sien jy glo, verklaar hy mens regverdig op grond van jou geloof. Jou geloof het dus die nuwe goeie werk geword wat jy moet doen sodat jy aan God se standaard voldoen. As ‘n mens mooi luister, kom ‘n mens agter dat God sy standaard verander het. Eers was sy standaard gehoorsaamheid aan die wet, nou het sy standaard geword of ‘n mens glo. God kan nie sy standaarde verander nie. Sy standaarde is juis so hoog en volmaak omdat hy so heilig en perfek is. Sy standaarde is gekoppel aan Sy karakter. God se karakter sal nooit verander nie en daarom ook nie sy standaarde nie.[33] Gevolglik kan en mag ons nie hierdie “deur geloof” as “op grond van geloof” verstaan nie. Dit is eintlik lasterlik om te dink dat God sy standaarde sal verander.

Die moeilikheid as ‘n mens dink dat jy voor God regverdig verklaar word op grond van jou geloof as ‘n goeie werk, is dat jou geloof nie altyd ewe sterk is nie. Hoe moet jy nou weet of jy hard genoeg glo? Is jou geloof sterk genoeg dat dit aan hierdie valse god se wispelturige standaarde voldoen? As jou gronde oor hoekom God lief vir jou moet wees of jou aanvaar, is

---

[31] *Die Griekse voorsetsel is διά/dia + die genitief.*
[32] *Sien Griekse grammatika boeke soos Jordaan (2014) en Wallace (1996) vir die gebruik van διά + gen.*
[33] *Num. 23:19; Jak. 1:17.*

dat jy 'n goeie gelowige mens is, het jy jou hoop weer op jouself gebou en nie op Jesus nie. Dit is weer jou eie prestasie. Gevolglik hang dit dan van jou gevoelens van gelowigheid of van jou dade van gelowigheid af: Hoe lekker jy voel as jy sing; hoe gereeld jy Bybel lees; hoe gereeld jy kerk toe gaan; hoe gereeld jy evangeliseer; hoe gereeld jy 'n behoorlike sonde belydenis sessie in het; hoe gereeld jy hartseer is oor sonde; hoe gereeld jy bly is in wie God is en wat hy doen.[34] Jou geloof gaan 'n knou kry, veral in moeilike tye, en wat dan? Dan het jy nêrens om heen te gaan nie. Niks hoop vir jou nie. Omdat jy nie na God toe kan gaan vir hulp nie, gaan mens dan maar na afgode. En hoe lelik is die sondes van 'n hopelose mens wat homself verlustig in dinge wat nie kan versadig nie!

Gelukkig word ons nie geregverdig "op grond van geloof nie," maar "deur middel van geloof." Wanneer ons praat van 'n middel, moet ons sommer dadelik verstaan dat dit nie die middel self is wat die rede is hoekom ons geregverdig word nie. 'n Middel is juis net om die regte ding by 'n mens uit te bring. Wanneer ek van bankdienste gebruik maak is hulle nie my geld nie, maar die middel wat my geld van een rekening na 'n ander oorplaas. Net so ook is my geloof nie my geregtigheid nie, maar die middel wat God gee sodat Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid aan my toegereken word. Geloof is dan soos hande waarmee ek aan Jesus vir lewe vas gryp. Ware geloof is dan nie om my eie drek-geregtigheid op my hande te neem en aan God voor te hou as rede dat hy my moet regverdig verklaar nie. Ware geloof is ook nie om maar net my hande op te hou as rede dat God my regverdig moet verklaar nie. Ware geloof is om Jesus met my hande te omhels en Hom as rede voorhou dat God my moet regverdig verklaar – En dan doen God dit, want Hy het belowe.

> Nothing in my hand I bring,
> Simply to thy cross I cling;
> Naked, come to thee for dress,
> Helpless, look to thee for grace;
> Foul, I to the Fountain fly;
> Wash me, Saviour, or I die.[35]

Die konteks van Rom. 3:22 maak dit vir ons duidelik dat ons "deur geloof" moet verstaan as "deur middel van geloof" en nie "op grond van geloof" nie. Ons het gesien in verse 21-26 dat

---

*[34] Om seker te wees, hierdie is aanduidings of jy werklik deel aan die nuwe lewe in Jesus het, maar is nie die gronde hoekom God jou as regverdig aanvaar nie. Jesus se geregtigheid is die enigste gronde. Die lys van dinge is alles deel van heiligmaking en dit word meer en meer in en wissel in en tussen gelowiges. Heiligmaking vind plaas omdat 'n mens deel aan Jesus het en Hy 'n mens al meer soos homself maak. Ons moet net altyd onthou dat heiligmaking en regverdigmaking twee verskillende dinge is. Heiligmaking is nie regverdigmaking nie en regverdigmaking is nie heiligmaking nie. Albei is gawes wat 'n mens in Jesus kry, maar mag nie verwar word nie. Dit veroorsaak baie verwarring in 'n gelowige se lewe. Ons moet wel ook sê dat, omdat albei in Jesus gevind word, en Jesus nie in stukke opgedeel kan word nie, is dit die geval dat albei teenwoordig moet wees as iemand werklik deel het aan Jesus.*

*[35] Dit is die gesang "Rock of Ages."*

"die geregtigheid van God" juis Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid is wat God vir gelowiges gee sodat hulle aan sy geregtigheid kan voldoen. As ons vers 22 sou verstaan as "op grond van geloof" maak ons Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid nikswerd asof dit nie nodig is nie. Hieroor sê Paulus dat die gevolg daarvan is dat "Christus tevergeefs gesterwe" het.[36] Dit sal dit dag wees! Dit is eerder die geval dat aangesien God hoë standaarde van geregtigheid het en dit net Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid is wat kan maak dat ons daaraan voldoen, dit nodig is. Dit is die enigste manier hoe God genadig kan wees terwyl hy regverdig bly. Daarom het God 'n geregtigheid wat van Hom af kom vir ons voorsien in Jesus aan wie ons deur middel van geloof kan deel kry.

Dit is wonderlik om te weet dat geloof net die middel is waardeur mens Jesus se geregtigheid ontvang. Geloof self is nie my geregtigheid nie. Maak nie saak hoe swak of sterk my geloof is nie, dit beïnvloed nie of Jesus se werk volmaak is of nie. Die gehalte van my geloof beïnvloed nie die gehalte van Jesus se geregtigheid nie. Ek kan dus geregverdig wees of ek dit voel of nie, want my geloof is nie die gronde vir regverdigmaking nie. Ek kan geregverdig wees of my geloof swak is of nie. Dit gaan nie oor my werke nie, maar oor Jesus s'n. My geloof is nie my geregtigheid nie, maar Jesus is. Geloof is nie die rede om voor God geregverdig te word nie, maar kan 'n aanduiding wees of jy werklik aan Jesus deel het of nie. Hoe dit ook al sy, vir die een wat sterk is in die geloof en vir die een wat swak is, bly die oproep: Vertrou jou geheel en al op Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid toe as enigste rede waar op grond van God jou regverdig sal verklaar.

## Regverdigmaking is tot God se eer alleen

Laat die een wat wil roem in die Here roem, want elke rede wat die mens kan vind om op homself te roem is uitgesluit. Die geregtigheid is van God. God het in Jesus alles gedoen wat nodig is dat ons aan sy geregtigheid kan voldoen. Hy het sy regverdige toorn teen ons sondes laat bedaar deur Jesus aan die kruis voor te sit as 'n toorn-blusser. Aan sy hoë standaard is voldoen deur Jesus se volmaakte wetsgehoorsaamheid. God belowe dat Hy hierdie aktiewe en passiewe gehoorsaamheid van Jesus vir elkeen wat glo sal gee as sy eie. Die gelowige ontvang aktuele geregtigheid as gevolg van die dubbele toerekening. Die aktuele geregtigheid is Jesus se geregtigheid wat slegs deur middel van geloof aan die gelowige toegereken word. Hierdie geloof wat Jesus omhels is ook 'n geskenk van God af. Gevolglik kan niemand dink hulle is beter as ander, omdat hulle deur hul eie werke geregverdig is nie. Dit is net Jesus se geregtigheid wat goed genoeg is. Niemand kan dink dat hulle beter as ander is omdat hulle in Jesus glo nie. Geloof is 'n gawe van God. Ja, alles wat nodig is vir redding kom van God af. Geregtigheid is van God. Soos die profeet Jona sê: "Die heil behoort aan die Here."[1] God red. Klaar.

---

[36] *Gal. 2:21.*

[1] *Jon. 2:9.*

Ons kan dus beaam saam met gelowiges deur die eeue: Sola Scriptura, die Skrif alleen, want die Skrif alleen, en die hele Skrif, mag bepaal wat ons glo. Uit die Skrif leer ons: Sola gratia, genade alleen, want ons het niks gedoen dat God geregtigheid vir ons bewerk nie; Sola fide, geloof alleen, want dit hang glad nie van ons werke af nie; Solus Christus, Christus alleen, want in Hom het ons alles vir redding en het niks anders nodig nie; Soli Deo gloria, aan God alleen die eer, want dit is God drie-enig alleen wat alles bewerk het. Hieruit sien ons dat deeglike studie van die Skrif en formulering daarvan in leerstelling ons dryf tot aanbidding. Hierdie aanbidding spoel oor tot 'n lewe wat al meer vernuwe word om in elke aspek van die lewe eer aan God te gee. Goeie dogmatiek lei tot warm doksologie:

> [33] o, DIEPTE van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! [34] Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? [35] Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? [36] Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.[2]

[2] *Rom. 11:33-36.*

# Deel B: Hoop

# 5. Die gevolge van regverdigmaking

Rom. 5:1-11

> 1 Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here
> Jesus Christus; 2 deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie
> genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God. 3 En nie
> alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die
> verdrukking lydsaamheid werk, 4 en die lydsaamheid beproefdheid en die
> beproefdheid hoop; 5 en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte
> uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. 6 Want toe ons nog swak was,
> het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. 7 Want nouliks sal iemand vir
> ’n regverdige sterwe — vir ’n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te
> sterwe — 8 maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het
> toe ons nog sondaars was. 9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy
> bloed, deur Hom gered word van die toorn. 10 Want as ons, terwyl ons nog vyande
> was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe
> gered word nou dat ons versoen is. 11 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God
> deur onse Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het.

Noudat ons die eerste vier woorde (in die Grieks) van Romeine 5:1-11 verklaar het, kan ons verder in die gedeelte gaan (ons gaan wel nou spoed op tel). Die basis vir ons hoop, regverdigmaking deur die geloof, is goed gelê vanuit ons studie in Rom. 3:19-28. Nou gaan ons fokus op die gevolge wat gebou word op die fondasie van regverdigmaking, naamlik, hoop. Ons gaan nou ons vers-vir-vers behandeling van Rom. 5:1-11 voortsit.

## Die inhoud van die hoop

Paulus wil nou vir ons wys hoe vas en seker hierdie fondasie van regverdigmaking deur die geloof eintlik is, deur die gevolge daarvan uit te wys. Hy weet dat hy dit eers vir die gelowiges baie duidelik moet maak dat hulle werklik hoop op die ewige lewe het voordat hy begin praat oor geloofsgroei en om teen sonde te veg. Want die enigste sonde wat oorwin kan word, is ‘n sonde wat reeds vergewe is. Dit is die geval omdat sonde juis sy krag uit hopeloosheid kry en hopeloosheid kom uit sonde wat veroordeel word onder die wet. Daarom word sonde se krag gebreek wanneer ‘n mens hoop het. Hoop gee die krag om nou al anders te leef: “En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself.”[1] Hierdie hoop gee ‘n vaste fondasie vir die gelowige om uit die dryfsand van sy hopeloosheid op te staan en is soos ‘n magneet wat hom uit die smeerboel van sy sonde uittrek.

---

[1] *1 Joh. 3:3.*

**Rom. 5:1**

Daarom, omdat ons uit die geloof geregverdig is, het ons vrede met God deur ons Here, Jesus Christus;[2]

Ek is van oortuiging dat hierdie vers amper soos ‘n saadjie is wat alle potensiaal het wat nodig is om ‘n boom te kan word. In hierdie vers is die potensiaal om die inhoud van die hele boek Romeine op te som. Hier is soveel skatte om te myn! Ongelukkig sal ons nie nou by alles kan uitkom nie. Ons sal net fokus op dit wat van toepassing is op die teks waarmee ons tans besig is, Rom. 5:1-11.

In die vorige gedeelte van die boek het ons na die bywoordelike bysin, “omdat ons deur middel van die geloof geregverdig is,” gekyk. Nou gaan ons na die hoofsin van hierdie vers kyk, “daarom het ons vrede met God.”[3] Dit is al vroeër gewys dat vrede met God die gevolg is van regverdigmaking. Nou gaan ons dit meer breedvoerig bespreek. Wanneer ‘n mens wil kyk hoe effektief iets werk, kyk ‘n mens na die gevolge daarvan. Dit is goed en wel om ‘n mooi kar te hê en hom van naby te bestudeer, maar as ‘n mens wil kyk of hy werk, vat ‘n mens hom om die blok. So ook as ons wil weet of regverdigmaking deur die geloof effektief is, kyk ons na die gevolge daarvan. Die eerste ding om dan op te merk by die gevolge van regverdigmaking, is dat “ons vrede het met God,” is dat die werkwoord in die teenswoordige tyd is. Dit is “ons het vrede met God,” nie “ons het vrede met God gehad” of “sal vrede hê” nie. Ons het nou al vrede met God. Het ons nog altyd hierdie vrede met God gehad? Nee.

Daar is ‘n rede hoekom ons nou eers vrede met God het, want daar is ‘n “daarom” in die sin. Die “daarom” wys uit dat iets gebeur het wat die rede is waarom ons nou vrede met God het. Dit impliseer tog dat ons nie vrede met God gehad het nie en as ons nie vrede gehad het nie, het ons vyandskap gehad. Ja, vroeër was God ons vyandiggesind gewees. Ons is Sy vyande genoem.[4] Sy toorn was vroeër teen ons ontvlam en sy swaard uitgetrek om ons te slag. Dit is nie omdat God wispelturig is nie, maar omdat hy die koning is wat nie rebelle in sy land duld nie. Ons het teen Sy heerskappy in opstand gekom en gemaak asof ons self in beheer is. Daarom is God se wraak gestook, want Hy kan nie lieg en maak asof hy self nie koning is nie en hy kan ook nie leuens goedkeur nie. Ons was in ‘n baie, baie gevaarlike posisie: ons was in die hande van God, ons grootste Vyand.

---

[2] *Vertaling my eie.*

[3] *Die vrede waarvan daar hier in Rom. 5:1 gepraat word is nie die gevoel wat ‘n mens beleef nie. Die vrede hier is iets buite die mens. Dit is die verhouding tussen God en die mens. In hierdie verhouding kan daar of vrede of vyandskap wees. Natuurlik, wanneer ‘n mens in ‘n sekere verhouding teenoor God staan, beïnvloed dit ‘n mens se gemoed om of vrede of vrees vir straf te beleef. Ons kan nie die subjektiewe gevoel los maak van die objektiewe realiteit nie, maar hierdie vers het die objektiewe realiteit in fokus.*

[4] *Rom. 5:10.*

Tog hoor ons in die "daarom" dat daar iets gebeur het dat ons nou vrede met God het. Dit is wat in die vorige hoofstukke hanteer is waar Paulus, veral in Rom. 3:19-28, ons geleer het wat regverdigmaking deur die geloof is. Ons hoor dit opgesom in die frase "omdat ons geregverdig is." Regverdigmaking het dus veroorsaak dat God se gesindheid teenoor ons drasties verander het. Verder leer Rom. 5:1 ook vir ons dat hierdie regverdigmaking "deur ons Here, Jesus Christus" is. Jesus het iets gedoen dat God nie meer ons vyandiggesind is nie, maar ons nou as burgers van sy koninkryk aanvaar. Ons het gesien dat dit Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid is. God het al sy vyandskap teen die gelowiges op Jesus gerig en sy volle toorn-gloed op Jesus uitgegiet en hom met sy swaard geslag. Jesus se bloed wat gestort is in sy passiewe gehoorsaamheid het vergifnis gebring vir al ons sondes. God is nou nie meer kwaad vir ons nie. Jesus se werk het egter nie daar gestop nie, maar hy het ook verseker dat ons burgers van God se koninkryk kan word en bly. Hy het deur sy aktiewe gehoorsaamheid vir ons die nodige geregtigheid verwerf om die ewige lewe te mag beërwe en dit vir ons gegee. God het bevestig dat Jesus se werk vir ons genoeg is met sy uitspraak: "Regverdig! Getroue burger van My koninkryk!"

Ons hoef nie meer van God af weg te hardloop uit vrees nie. Ons hoef nie meer onsself as goed genoeg aan God te bewys nie. Ons hoef nie meer te probeer om sy goedgunstigheid te wen nie, ons het dit klaar. Nou al het ons dit werklik deur Jesus Christus. As ons hierdie vrede wat ons nou het egter beter wil verstaan, moet ons na die Ou Testament toe gaan. Paulus haal nie 'n nuwe konsep hier uit sy hoed uit nie. Hierdie vrede is al lankal aangekondig in die *shalom* gedagte van die Ou Testament. Een van die eerste tekste in verband hiermee wat gewoonlik na gedagte kom, is die priesterlike seën:

> 22 En die Here het met Moses gespreek en gesê: 23 Spreek met Aäron en sy seuns en sê: So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê: 24 Die Here sal jou seën en jou behoed; 25 die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; 26 die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. 27 So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ék sal hulle seën.[5]

Die kern van hierdie seën is dat die Here vir die mense oor wie hierdie seën uitgespreek word, sal vrede gee. Dit is belangrik om te let wie hierdie seën mag uitspreek. Nie sommer enigiemand mag hierdie seën uitgespreek het nie. Dit is spesifiek net gebind aan Aäron en sy seuns, die priesters. Net die priesters mag hierdie seën uitgespreek het, want net hulle het die offers gebring.[6] Dit is belangrik dat die uitspreek van die seën gekoppel is aan die bediening van die offers. Net deur die offer kan dit bewerk word dat God sy heilige aangesig na vuil sondaars draai en met sy rein oë na hulle kyk met 'n stralende gesig van vreugde. God sal gevolglik net vir ons vrede gee, as ons eers vrede met Hom het. Dit wat in die offer gebeur,

[5] *Num. 6:22-27.*
[6] *Num. 3:10; 16:40.*

is wat maak dat ons vrede met God kry. Ons weet egter dat die offers tydens die Ou Testament nooit die sondes kon wegneem en vrede gee nie, soos ons in Rom. 3:25 gesien het. Hierdie offers het nog altyd slegs heen gewys na die ware Lam van God wat kom om ons sondes weg te neem. Selfs Aäron en sy seuns, die priesters, was nie bedoel om ewig as priesters te dien nie, maar het altyd heen gewys na die een Hoëpriester wat kom en die offer in sy eie bloed gaan bring.[7] Dit is Jesus se offer aan die kruis wat werklik die vrede bewerk en die gelowiges van die Ou Testament het vrede met God gehad omdat hulle vooruit in die geloof Jesus verwag het en in Hom geglo het.

Omdat dit die offer is wat God se disposisie teenoor ons verander, kan die uitspreek van die seën eers kom na die offer gebring is en op grond van die offer. Die offer wys vir ons dat die enigste rede hoekom God sy aangesig draai na dié oor wie die seën uitgespreek word, genade is. Dit is omrede Hy sy oë weg van die offer gedraai het, wat die plek van die gelowiges met hul sonde inneem, om sy toorn daar in verwerping uit te giet, sodat hy sy aangesig van vrede oor die gelowige kan laat straal in aanneming. So het God dan sy aangesig in afguns van Jesus aan die kruis weggedraai sodat Hy na ons met welbehae kan kyk. Nadat Jesus die offer aan die kruis gebring het, bevestig hy dat dit werklik vrede gebring het vir sy dissipels wanneer hy weer aan hulle verskyn en sê: "Vrede vir julle!" Jesus, ons Hoëpriester, lig sy hande op waaruit sy bloed gevloei het, sodat God se seën vir sy dissipels daaruit stroom. Noudat ons vrede met God het, bewerk hy ook vir ons vrede.

Hier in Rom. 5:1 sien ons dat ons gelowiges nou vrede met God het. Dit beteken dat Jesus ook oor elke gelowige die seën uitspreek op grond van sy offer. Hierdie vers gaan nog verder en sê dat ons dit *het*. God het sy offer aanvaar en Hy sal sy aangesig oor die gelowige laat skyn en hom genadig wees. Hy sal sy aangesig oor die gelowige verhef en vir hom vrede gee. Belangrik om te let, is dat om vrede met God te hê nie net is dat hy nie meer kwaad vir 'n mens is nie, maar ook dat Hy nou vir ons is.[8] Deurdat God ons regverdig verklaar beteken nie net dat hy ons waardig ag om in sy koninkryk te mag kom nie, maar ook bevestig hy daardeur dat hy ons koning *wil* wees. Ons is nou deel van sy volk en hy is ons God.

Hierdie idee van vrede met God, dat hy vir ons is en vrede vir ons bewerk, word nog verder uitgebrei in die Ou Testament deur die profete. In hierdie tekste is dit duidelik dat God vir die welstand van sy volk sal sorg. Baie prominent in hierdie vrede gedagte is dat God hulle rus en vrede sal gee van hulle vyande.[9] Die konsep van *rus gee* en *vrede bring*, is uitruilbaar met mekaar soos ons dit in Jesaja se gebruik sien: "en die werking van die geregtigheid sal *vrede* wees, en die voortbrengsel van die geregtigheid *rus* en veiligheid tot in ewigheid."[10] Die

---

[7] *Heb. 10:1-18.*

[8] *Rom. 8:31*

[9] *Sien, byvoorbeeld, Esg. 34:25-31 en Jes. 54:10-17.*

[10] *Jes. 32:17 (beklemtoning my eie). In Hebreeuse poësie kry ons die gebruik van parallelismes. Dit is wanneer dieselfde konsep twee keer genoem word in verskillende woorde. Of 'n konsep word in die eerste frase gestel en*

profete het hierdie konsep, dat God vir ons vrede gaan bewerk en rus bewerkstellig, geneem van God se belofte aan Dawid en dit verder uitgebou. Daar gaan 'n koning uit Dawid se nageslag gebore word, Hy is die Prins van vrede, wat God se volk gaan rus gee.[11] Hy gaan dit bewerk dat geen vyand die gelowige meer lastig val nie.

Ons sien hierdie konsep op verskeie plekke in Romeine buiten 5:1-11. Ons lees: "En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle!"[12] God wat vir ons vrede bewerk gaan Satan onder ons voete vertrap, omdat Jesus ons Here is. Ons gaan oorwin, want ons is "meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het."[13] Omdat Jesus, ons koning reeds oorwin het, is Hy besig om dinge vir ons te bewerk dat ons ook finaal gaan oorwin. Hieruit sien ons dat Jesus die vervulling van God se belofte aan Dawid is. Deur Jesus se werk word Satan se greep op ons deur die vrees vir die dood gebreek. Jesus maak ons werklik vry van die heerskappy van ons sondes. Jesus word ook vir ons kosbaarder as die hele wêreld saamgevoeg. As die Seun ons vry maak, is ons waarlik vry.[14]

Ons het nou wel nog nie volle rus en vrede van al ons vyande, naamlik, ons eie sonde, die wêreld en die Satan nie, maar God, met wie ons nou vrede het, gaan dit vir ons bewerk. Hoewel dit egter eers volkome die geval sal wees wanneer Jesus terugkom, is God reeds nou al besig om dit vir ons te bewerk. Ons kan nou al meer en meer van die vrede proe soos die Heilige Gees ons lei om ons sonde te oorwin. Dat God vrede vir ons bewerk, beteken wel nie dat ons vry is van lyding nie, inteendeel. God gaan ons wel bewaar en ons veilig by ons eindbestemming bring. Daarom kan ons saam met Paulus sê "ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is."[15] Omdat God vir ons vrede bewerk, gebruik Hy selfs die slegte dinge om ons nou al meer te laat groei in die geloof en in die geloof te hou. Hy gaan ons by die eindbestemming bring, naamlik, om te wees soos Jesus en om te wees waar Jesus is.[16] Hiervan sal ons nog meer sien wanneer ons die res van Rom. 5:1-11 behandel.

---

*in die tweede frase verder uitgebrei. Parallelismes kan ook gebruik word vir kontras; die tweede frase staan in direkte kontras met die eerste (sien Kaiser & Silva, 2007:140-142). In hierdie geval is dit egter dat dieselfde konsep twee keer gestel word in verskillende woorde.*

*Vir interessantheid en verdere studie is dit ook goed om hier te let dat vrede bring nie geskei van die geregtigheid van God is nie. Die geregtigheid van God sluit dit ook in dat God vrede met sy volk het (nie meer hulle Vyand is nie) en dit vrede vir hulle bewerk (nou hulle Vriend is). Dit is goed om hierdie in gedagte te hou wanneer die Ou Testament bestudeer word.*

[11] *2 Sam. 7:8-13; Jes. 9:5.*

[12] *Rom. 16:20.*

[13] *Rom. 8:37.*

[14] *Heb. 2:14-15; Rom. 6:14; Mat. 13:44; Joh. 8:36.*

[15] *Rom. 8:28.*

[16] *Rom. 8:29.*

Hierdie vrede met God, dat hy nie meer vir ons kwaad is nie, maar nou vir ons is om ons in die geloof te bewaar, is die gevolg van regverdigmaking. Deur God se verklaring dat ons regverdig is, bevestig Hy dat hy nie meer ons Vyand is nie, maar ons Vriend. Hy veg nie meer teen ons nie, maar nou veg Hy vir ons beswil: "Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees?"[17] Dit is ook mooi in lyn met wat ons gesien het toe ons regverdigmaking deur die geloof behandel het, naamlik, dat as God so 'n uitspraak gemaak het, trek hy dit nooit terug nie. Hy sal sorg dat dit so bly. Kyk net hoe mooi is die hele Skrif 'n eenheid!

**Rom. 5:2**

deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God.

In die vorige vers het ons gehoor dat ons nou vrede met God het as gevolg daarvan dat ons geregverdig is. In hierdie vers gaan dit nog verder uitgebrei word wat dit is om vrede met God te hê as 'n uitwerking van regverdigmaking deur die geloof.

Die eerste woorde van die vers, "deur wie ons ook," sluit aan by die vorige vers dat dit "deur Jesus" is. Dit is deur Jesus alleen dat ons vrede met God kan hê. Paulus gebruik die woord "ook" nie om nog 'n gawe wat ons in Jesus kry uit te wys nie, maar om groter klem daarop te lê dat die genade wat ons kry net in Jesus se werk lê.[18] Daar is nie 'n ander manier om vrede met God te kry nie. Jesus is die enigste weg, waarheid en lewe. Dit is net deur Hom wat 'n mens na die Vader mag gaan. Daarom kry ons ook die woorde "deur die geloof." Omdat Jesus die enigste manier is om vrede met God te hê, nie 'n mens se eie werke nie, nie Mohammed nie, nie Boeddha nie, vertrou die gelowige homself geheel en al aan Jesus alleen toe wat goddelose sondaars voor God regverdig kan maak.

Deur middel van geloof word ons werklik geregverdig en hoor ons nou nog verder wat die gevolge van regverdigmaking is: "ons het toegang verkry tot hierdie genade waarin ons staan." Wanneer ons na die werkwoord "het verkry" kyk, moet ons nie dink dat dit iets is wat gebeur het en nou verby is nie.[19] Ons het iets gekry wat nou nog geld, want ons staan nou daarin. "Staan" is 'n teenswoordige tyd werkwoord wat beteken dat ons dit nou in die hede doen. Dit is nie net iets wat nou en dan gebeur nie, dit is 'n voortdurende handeling of toestand. Dit word nie soms weggeneem en teruggegee nie. Hierdie iets wat ons gekry het, het ons heeltyd.

---

*[17] Rom. 8:31.*

*[18] Murray (1997:ad loc.). Sien die bywoordelike gebruik van καί/kai (Str. 2532).*

*[19] Die Grieks is ἐσχήκαμεν van ἔχω/echō (Str. 2192) is die werkwoord in die perfektum tyd. Dit beteken dat iets in die verlede gebeur het, afgehandel is, maar nou voortdurende gevolge vir die hede het.*

Dit wat ons gekry het wat ons heeltyd het en nooit verloor nie is "toegang."[20] Hierdie woord kom net drie keer in die hele Nuwe Testament voor. Elke keer hou dit die gedagte in dat mens toegang het tot God om met hom te mag praat.[21] Om hierdie woord egter beter te verstaan, moet ons onthou deur wie ons dit ontvang het, want dit lê opgesluit in wat Hy gedoen het. Jesus Christus, ons Hoëpriester, het hierdie vir ons bewerk.[22] Die woord het die idee in dat as jy iemand belangrik wil gaan sien, jy nie sommer uit jou eie na hulle toe kan gaan nie. Gewoonlik het die groot konings dienaars by die poorte gehad om iemand in die koning se teenwoordigheid in te bring as hulle geskik is en indien die koning hulle wil sien. Sou die koning jou wou sien, gaan die dienaar, kry jou en lei jou na die koning toe en bring jou in sy teenwoordigheid in.

Hierdie sien ons duidelik in Jesus, ons Hoëpriester, se werk. In die eerste plek moet ons onthou dat God die koning is van die heelal. Ons moet ook onthou dat Hy heilig is en sonde nie kan verdra nie. Ons sondaars kan gevolglik nie sommer met 'n gejuig net in sy teenwoordigheid in wals nie. God sal ons verpletter. Tog weet ons dat God ons goedgesind is en dat hy ons in sy teenwoordigheid wil hê, nie om met ons die spot te dryf of op ons neer te sien nie. Hy wil ons by Hom hê as sy eie kinders. Ons weet God wil dit so hê, want Hy self het die Hoëpriester aangestel en hom gestuur. God neem uit genade die inisiatief. Die Vader het vir Jesus gesê: "Gaan haal my kinders. Maak hulle waardig om by my te kan wees." Uit liefde vir sy Vader gaan Jesus gewillig en word mens. Hy neem ons vlees aan sodat Hy ook ons sondes op hom kan neem en daarvoor kan sterf. Hy word onder die wet gebore sodat hy dit volmaak kan nakom. Jesus offer homself as die vlekkelose Lam wat ons regverdig maak. Omdat Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid genoeg is om ons waardig te maak om in God se teenwoordigheid is, vat Hy ons aan die hand en lei ons na die Vader en sê: "Hier is Ek en die kinders wat God My gegee het."[23] Die Vader kyk na Jesus en almal by hom en sê: "My kinders in wie ek 'n welbehae het!" Want Jesus skaam hom nie om ons sy broers te noem nie en die Vader is nie skaam om ons God genoem te word nie.[24] Ons het nou toegang om by God te wees en by Hom te bly.

Kyk hoe effektief is regverdigmaking: Ons, sulke vrot sondaars, kan in die heilige God en Koning van die heelal se teenwoordigheid ingaan en daar bly. Hy skop ons nie weer uit nie. Selfs al sondig ons weer, mag en kan ons steeds by God bly, want Jesus het al ons sondes gedra van verlede, hede tot toekoms. Dit is ook op grond van Sy geregtigheid dat ek waardig is om by God te wees, nie my eie goeie werke nie. Dit maak dus nie saak hoe slap jou godsdienstige lewe is nie, of hoe liefdeloos jou hart op die oomblik is nie. Jou toegang tot God

---

*[20] Die Grieks is προσαγωγή/prosagōgē (Str. 4318). Sien Kittle (1964) vir 'n volledige hantering van hierdie woord en sy verwante woorde.*

*[21] Sien ook Ef. 2:18 en 3:12. Louw & Nida (1989).*

*[22] Sien ook hoe die werkwoord vorm προσάγω/prosagō (Str. 4317) in 1 Pet. 3:18 gebruik word.*

*[23] Heb. 2:13.*

*[24] Heb. 2:11; 11:16.*

hang nie van jou af nie, maar van Jesus. Gaan dan met vrymoedigheid na God toe en praat met Hom. Hy wil jou hoor. Moenie meer jou vreugde op ander plekke soek nie, maar vra jou Vader in die hemel om vir jou te gee wat jy nodig het en om vir jou te leer wat goed is vir jou. Moenie meer op jou eie voortsukkel nie. Gaan na Hom toe, gelowige. Jy mag.

Die woord "toegang" wys vir ons nog meer uit wat hierdie "vrede met God" is. God stel werklik belang in ons. Hy wil hê ons moet by hom wees. Hieruit sien ons dat ons werklik 'n lewende verhouding met God het. Vroeër het ons nie hierdie verhouding gehad nie en ons kon ook nie uit ons eie uit nie, maar God het homself met ons deur Jesus versoen. Selfs toe ons nog God se vyande was, het sy liefde Hom gedryf om ons met Hom te versoen.[25] Beantwoord sy liefde en soek Hom nou op.

Omdat ons vrede met God het, dat Hy nou vir ons veg en ons toegang tot Hom het, dat hy wil hê ons moet by hom wees, "roem ons in die hoop op die heerlikheid van God." Hierdie is die dieptepunt van die inhoud van ons hoop. Hierdie hoop verander 'n mens se hele lewe. Dit is waarop vrede met God en toegang tot God uitloop.

Ons almal het dinge waarop ons roem. Ek roem wanneer ek bly is dat ek iets het of daarmee geassosieer wil word. Byvoorbeeld, wanneer iemand se sportspan 'n goeie seisoen het, praat hy graag oor hul briljante taktiek of fyn tegniek. Hy roem in hulle. Wag egter net totdat dinge moeiliker vir hulle begin gaan. Die persoon wil nie sy neus in enige geselskap steek waar daar moontlik oor sy span se optrede gepraat kan word nie. Hy sak sy kop in skaamte en teleurstelling. Nie so met ons hoop op die heerlikheid van God nie. Ons kan aanhou roem daarin, want soos ons gesien het, God sal sorg dat ons die volheid daarvan kry. God sal nie misluk nie. Hy sal nie teleurstel nie. Hy is onoorwonne.

Om in die hoop op die heerlikheid van God te roem is egter een van die mees prominentste eienskappe van 'n ware gelowige. Hulle wil daarmee geassosieer word en hulle glo werklik dat Jesus se werk so volmaak is dat hulle dit sal kry. Petrus skryf vir gelowige wat hierdie hoop het: "julle verbly [julle] met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap."[26] Paulus skryf aan Timotheus dat gelowiges die dag wanneer Jesus terugkom lief het.[27] Hulle sien uit daarna, want dit is wanneer ons die volheid van die heerlikheid van God ontvang. Voor Jesus opvaar na die hemel sien die dissipels al soveel uit na die volheid daarvan dat hulle met afwagting vra: "Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?"[28] Gelowiges sien uit dat dit so gou as moontlik moet wees en roep uit: "Kom, Here Jesus!" En Hy antwoord: "Ja, Ek kom gou!"[29]

---

[25] *Rom. 5:10.*
[26] *1 Pet. 1:8.*
[27] *2 Tim. 4:8.*
[28] *Hand. 1:6.*
[29] *Op. 22:20.*

Kom ons kyk nou wat die inhoud is waarvoor ons so baie rede het om op te hoop en te roem. Om hierdie frase te verstaan is geen maklike taak nie. Ons moet dit weereens lees binne die konteks van Paulus se argument en soos ons dit ook in die res van die Skrif sien. Die woord "heerlikheid"[30] kan soms ook vertaal word met "aanprysing" en dit moet hier in berekening gebring word. Ons gaan 'n bietjie tegnies raak vir 'n kort oomblik. Sit dus jou konsentreer-keps vir 'n ruk op en span jou dink-varkies weer in:

(1) Die eerste moontlikheid om hierdie frase te verstaan is dat ons hoop is om in die ewige lewe God vir ewig te kan loof en prys. Ons sien God se heerlikheid en reageer daarop met lofprysing. Ons kan die frase dan vertaal met "hoop op die verheerliking/aanprysing vir God" omdat die interpretasie meer staat maak op die inherente handeling binne die naamwoord.
(2) Die tweede moontlikheid is dat dit iets is wat God teenoor ons doen. Dit maak ook staat op die interpretasie dat die inherente handeling binne die naamwoord bedoel word. Dit kan dan vertaal word as "hoop op die aanprysing wat van God af kom."
(3) Die derde moontlikheid is dat dit iets konkreets is wat van God af kom. Met ander woorde, God gee iets wat ons s'n word. Dit is Hy gee vir ons heerlikheid dat ons self inherent heerlik is. Dit kan vertaal word met "hoop op die heerlikheid wat van God af kom."
(4) Die laaste moontlikheid is dat dit 'n toestand is wat God bewerk wat heerlik is om in te woon. Met ander woorde, God bewerk dit so dat die omstandighede waarin ons is, heerlik is. Dit kan vertaal word met "hoop op die heerlikheid wat God bewerk."[31]

Dit is nie noodwendig dat wanneer 'n mens een opsie kies dat die ander uitgesluit is nie. Die konteks moet weereens vir ons wys wat hiermee bedoel word. Ek is van oortuiging vanuit die konteks dat al die moontlikhede eintlik in bereken gebring moet word wanneer ons op hierdie frase mediteer. In kort sal ek opsom wat ek onder die vers verstaan: Die heerlikheid van God hier beteken dat God sy volle heerlike self in span tot sy kinders se beswil.

Daar kom 'n dag wanneer God sy volle heerlikheid gaan wys vir die hele wêreld. Op daardie dag gaan die aarde so vol wees van kennis van die heerlikheid van God soos die see vol is van water. Die dag kom wanneer Jesus op sy wit perd triomfeer en sy koninkryk ten volle gaan oprig hier op aarde. In daardie dag gaan Koning Jesus al sy burgers red van die vyande wat hulle teister. Omdat God lief is vir sy kinders en die beste vir hulle wil hê, is hy woedend oor al hulle vyande wat hulle lewe versuur.[32] Hy gaan al die rebelle se opstand tot 'n einde bring

---

*[30] In die Grieks is die δόξα/doksa (Str. 1391). Aanprysing kom van die gedagte af dat 'n mens iemand se waarde skat. Doksa is baie keer gebruik om te wys hoe iemand iets sien of beleef, daarom "aanprysing" as die persoon dink dat die voorwerp wat hy bestudeer inherent groot waarde het.*
*[31] Sien ook Murray (1997) en Moo (1996) in hul bespreking van Rom. 3:23 vir 'n soortgelyke lyste.*
*[32] Ps. 94.*

wanneer hy almal wat nie die knie wil buig nie, se knieë sal verpletter sodat elke knie sal buig en elke tong sal bely "dat Jesus Here is tot eer van God die Vader."[33] Hy gaan al die gelowiges in sy stad vergader, onder hulle woon terwyl hy konstant sy goedheid oor hulle stort en die ongelowiges gaan hy buite die stad hou sodat hulle nie sy kinders kan lastig val nie.[34]

Jesaja skryf oor die heerlikheid wat die Here bewerk deur die Messias. Deur die Messias maak God dit moontlik dat al die "losgekooptes" na Hom toe mag kom. Hy gaan sorg dat hulle na hom toe kom en dan gaan hulle vir ewig sonder kommer en gesug wees. Net blydskap en vreugde sal hulle ewig beleef, want die Here gaan kom met wraak en sy goddelike vergelding en ons volkome verlos van al ons vyande. Hy gaan vrede vir ons bewerk:

> [1] Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n
> narsing; [2] dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die heerlikheid van die Líbanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron; *hulle dáár sal sien die heerlikheid van die Here, die sieraad van onse God.* [3] Versterk die slap hande en maak
> die struikelende knieë vas. [4] Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom
> en julle verlos. [5] Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit
> word. [6] Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. [7] En die gloeiende
> grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies. [8] En dáár sal 'n grootpad
> wees en 'n weg wat die heilige weg genoem sal word; geen onreine sal daarop voorttrek nie, maar vir húlle sal dit wees; wie die weg bewandel — selfs die dwase sal nie dwaal nie. [9] Dáár sal geen leeu wees nie, en geen verskeurende dier sal daarop
> kom of daar aangetref word nie; maar die verlostes sal daarop wandel; [10] en die
> losgekooptes van die Here sal teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg.[35]

Veral in die konteks van die vrede met God en dat die Here vir ons vrede bewerk wat ons in Rom. 5:1 gesien het, moet ons "die heerlikheid van God" verstaan as dat die Here al sy eienskappe uitoefen om vrede vir ons te bewerk. Ons kan nie wie die Here is los maak van wat hy doen nie. Ons kan ook nie wat God doen losmaak van die effek wat hy bereik nie. Ons kan ook weer nie die effek wat bereik word, los maak van die Here wat dit wou bereik nie. Ons kom dus weer volle sirkel terug: Omdat God goed is, wil hy die goeie bewerk vir sy kinders

---

[33] *Jes. 45:23; Fil. 2:10-11.*
[34] *Op. 21.*
[35] *Jes. 35 (beklemtoning my eie).*

en bewerk hy ook presies dit. Daarom mag ons nie net een van die opsies vir die verstaan van "heerlikheid van God" kies en maak asof die res uitgesluit is nie.

God span sy volle heerlike self in tot die beswil van sy kinders. God wil volle vreugde en vrede vir sy kinders hê omdat hy werklik lief is vir hulle. Hier begin ons al God se heerlikheid sien in sy optrede: Hy het ons gered van ons sondes uit genade. In liefde het Hy sy Seun geruil. Sy Seun moes die straf van die hel verduur, want God is heilig en haat sonde. God is so regverdig dat selfs sy eie Seun nie gespaar is nie. Ons sien sy almag, want selfs die magtigste vyand, die dood, word oorwin. Ons sien sy ewigheid, want Jesus het die ewige straf gedra en klaar gemaak. Verder sien ons God se liefde dat Hy nou vir ons veg omdat Hy ons werklik by hom wil hê. Daarom haat hy alles wat probeer om ons van hom af weg te ruk. Hy haat die Satan. Hy haat die wêreld wat ons probeer verlei. Hy haat ons sonde wat ons van Hom wegtrek. Gevolglik gaan Hy Satan in die ewige poel van vuur gooi. Hy gaan ons van die wêreld skei dat die bose mense en dinge van die wêreld nie meer ons oë trek nie. Hy gaan ons sonde vernietig deur vir ons verheerlikte liggame te gee. Hierdie dinge alles doen hy sodat ons net oë het vir hom en al sy heerlikheid sien en dit geniet vir ewig. Gevolglik gaan ons sondeloos lewe en hy gaan volkome vreugde vind in ons aanprysing gaan van Hom af wees. Dit is die beste vir ons.

God wys dus sy heerlikheid wanneer Hy vir ons beswil optree (interpretasie 1) en ons hom daarvoor prys. Hy gee vir ons verheerlikte liggame (interpretasie 3) sodat ons Hom kan prys.[36] Met die verheerlikte liggame kan ons nooit weer sondig nie en gaan ons net tot sy eer leef. Hieroor gaan Hy ons prys (Interpretasie 2).[37] Hierdie heerlike toestand dat ons volkome vreugde in God vind en dat Hy volkome vreugde in ons vind, is wat God bewerk het (Interpretasie 4).[38] Dit is werklik alles saam en ons sien dit in die konteks van die res van Romeine sowel as die res van die Skrif. Wat 'n wonderlike hoop! Roem daarin gelowige!

---

[36] *Rom. 8:23; Fil. 3:21.*

[37] *Rom. 2:29.*

[38] *Rom. 5:1.*

## Die belewenis van die hoop

**Rom. 5:3**

En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk,

In die volgende twee verse van Romeine kry ons 'n ketting met verskeie skakels. Ons kan dit selfs uitbeeld as 'n rat-stelsel. Daar is verskeie ratte in hierdie stelsel, maar elkeen is gebind aan die volgende een. As die een draai, draai al die ander. Daar kan nie net een rat wees wat draai of net een wees wat nie draai nie. Almal draai gelyk. Aan die einde van hierdie rat-stelsel word daar iets gebou of versterk. Ons gaan in hierdie verse sien hoe verskeie "ratte" draai en aanleiding gee dat die gelowige se subjektiewe belewenis van hoop nog meer groei.

Die "dit" in "nie alleen *dit* nie" verwys terug na die vorige vers waar die gelowiges roem oor die hoop op die heerlikheid van God. Die vorige vers het inhoud wat nog in die toekoms gaan gebeur. Dit het nog nie ten volle gerealiseer nie. Alhoewel, die gelowiges kry in hierdie vers ook rede om nou al in hierdie lewe te roem.

Dit waarin die gelowiges ook nou al in hierdie lewe roem, is verdrukkinge. Nou hoekom op aarde sal iemand in verdrukkinge bly wees? Om dit te begin antwoord moet ons na die woord "verdrukkinge"[1] kyk. Hierdie woord kom in verskeie kontekste voor. Dit kan dui op die pyn van kindergeboorte.[2] In Hand. 7:10 word die woord verdrukking gebruik om Josef se lyding te beskryf wat as gevolg van sy broers se sonde teen hom gekom het. Dit word gebruik om droogte te beskryf.[3] Die woord word ook verskeie kere gebruik om te dui op enige lyding wat kom as gevolg van vervolging.[4] Hierdie woord word selfs gebruik om God se oordeel oor die sonde te beskryf.[5]

Hoe moet ons verstaan word hierdie woord dan deur Paulus in Romeine 5:3 gebruik? Daar is dan so baie moontlikhede. Omdat Paulus dit nie verder omskryf nie, wil hy nie 'n spesifieke nuanse van die verstaan van verdrukking oorbring nie. Die algemene betekenis wat die woord in al die bogenoemde tekste het, is enige vorm van *lyding*. Dit mag verskillende oorspronge hê, maar die gevolg is altyd lyding. Paulus sê dus hier dat gelowiges bly is oor lyding. Lyding van enige aard; of dit vervolging is, droogte in die land, siekte, rassediskriminasie, dood in die familie, bespotting vanaf vriende, enigiets (natuurlik nie meer oordeel van God nie, want Hy is nie meer kwaad oor ons sonde nie). Die vraag bly steeds: hoe kan 'n mens bly wees hierin?

---

[1] *Die Griekse woord is θλῖψις/thlipsis (Str. 2347).*
[2] *Joh. 16:21.*
[3] *Hand. 7:11.*
[4] *Hand. 11:19.*
[5] *Rom. 2:9.*

Die antwoord is dat jy nie bly is in die verdrukking self nie, maar omdat jy weet wat dit in jou lewe doen. Ons sien hier in Rom. 5:3 dat "verdrukking lydsaamheid bewerk." Hier leer ons dat ons bly is oor verdrukking, want dit bewerk lydsaamheid. Waarom is lydsaamheid dan so kosbaar dat ek bereid is om verdrukking te beleef om dit in my lewe te sien? Nou moet ons eers weer kyk na die woordjie "lydsaamheid."[6]

Gelukkig is hierdie woord bietjie meer spesifiek in sy gebruik as "verdrukking." Lydsaamheid het te make met uithouvermoë (volharding). Daar is altyd 'n rigting waarin die persoon wat lydsaam is, beweeg en iets wat hom wil keer om uit te kom by die bestemming waarna die persoon mik. As die persoon dan aanhou te midde van die weerstand, is hy lydsaam. Ons kan dink aan 'n atleet wat die Comrades hardloop. Hy het die doel om by die wenstreep uit te kom, maar spierpyn, moegheid, krampe, dors en gedagtes probeer die atleet keer om by die wenstreep uit te kom. Dit is 'n moeisame ding om te doen, dit kom nie sommer maklik nie. As iemand dit klaar maak, dan was hy lydsaam.

Die weerstand wat die persoon beleef kan verskillende vorme aanneem. Hoofsaaklik, maar nie altyd nie, kry ons die idee van vervolging wat die gelowiges weerstand bied om vir Jesus te ontken en eerder weer te leef soos hulle vroeër geleef het.[7] Hoe dit ook al sy, daar is weerstand in die vorm van verskeie verdrukkinge wat iets wil beëindig in gelowiges, maar ware gelowiges sal dit deurstaan. Wat is hierdie "iets" wat verdrukkinge in gelowiges wil beëindig? Daarvoor moet ons na die volgende vers gaan, want die antwoord lê juis in dit wat deur lydsaamheid bewerk word.

**Rom. 5:4**

en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop;

In hierdie vers sien ons wat dit is wat lydsaamheid bewerk. Ons sal ook nou sien hoekom lydsaamheid wat deur verdrukking bewerk word, kosbaar is. Gevolglik sal ons ook sien hoekom verdrukkinge dan 'n rede is om oor te roem.

Lydsaamheid bewerk op sy beurt weer "beproefdheid".[8] Hierdie woord word hoofsaaklik op twee maniere vertaal, maar kom op die ou end by dieselfde punt uit: albei het 'n toets deurstaan en dit is bevestiging van 'n sekere eienskap. In die Engelse vertalings kry mens soms dat dit vertaal word met "character"[9] of met "approvedness,"[10] met laasgenoemde wat ooreenstem met ons Afrikaanse vertaling "beproefdheid." Wat word bedoel met

---

[6] *Die Grieks is ὑπομονή/hipomonē (Str. 5281).*
[7] *Luk 21:19.*
[8] *Die Grieks is δοκιμή/dokimē (Str. 1382).*
[9] *C.f. die ESV*
[10] *C.f. die ASV*

"character"? Jy ken iemand se karakter as hy onder baie druk is, maar steeds trou bly aan sy waardes.

Sê nou 'n polisieman by die grenspos kry 'n trok met drie klein dogtertjies in wat onwettig weggevoer word. Duidelik is dit 'n geval van mensehandel. Dit is 'n bose ding: Daardie dogtertjies gaan waarskynlik verslaaf gemaak word aan dwelms en dan uitgebuit word om geld in te bring vir een of ander pimp deur prostitusie. Die polisieman weet wat hier aangaan. Maar die trokdrywer hou vir hom in die geheim R50 000 in kontant voor. Die trokdrywer verlei die polisieman met dit wat hy alles met die geld kan doen. 'n Persoon wat nie karakter het nie, sal waarskynlik nie eers nodig gehad het om oortuig te word om die R50 000 te vat nie. Iemand met bietjie meer karakter sou dalk met oortuiging en verleiding die geld vat. Gestel nou dat in die proses het die trokdrywer en sy assistent uitgevind waar die polisieman se gesin bly. Die trokdrywer sit die geld weg en tik 'n boodskap op sy foon in met die adres waar die polisieman se gesin bly. Die trokdrywer dreig hierdie polisieman met sy gesinnetjie se lewe. As die polisieman karakter het en trou bly aan die waardes waarvoor hy daar op die grenspos staan en om die dogtertjies te beskerm, sal hy steeds die trokdrywer in hegtenis neem. Dit selfs al druk die trokdrywer "stuur" op die boodskap. Hoe groter die toets wat deurstaan is, hoe meer oortuig is mens van die karakter. Ware karakter sal selfs die strafste toets deurstaan. Dit is ook wat beproefdheid beteken. Dit het 'n toets deurgegaan en geslaag. Karakter en beproefdheid beteken dan dieselfde ding: Dit het 'n toets deurstaan en is eg.

Ons weet nou wat dit beteken om beproefdheid, of karakter, te hê, maar ons het steeds nie vasgestel wat dit is wat in 'n gelowige getoets word nie. Dit kom egter duidelik na vore in ander gedeeltes van die Bybel. In 1 Petrus 1:7 kry mens dieselfde gedagte. Hier in Petrus word dit egter duideliker gesê: dit is die gedagte van geloof wat op die proef gestel word deur beproewings. Mens kry hier die beeld van goud wat deur vuur verhit word om die onsuiwerhede van die ware goud te skei. Hoe warmer die vuur hoe suiwerder die goud. Net so, wanneer verdrukking kom, word die ongelowiges van die gelowiges geskei. Die egtheid of beproefdheid van 'n ware geloof word sigbaar wanneer daar verdrukking kom.

In Jakobus 1:2-4 kry ons ook so 'n ketting of 'n rat-stelsel idee. In hierdie ketting wat deur Jakobus genoem word, maak hy dit sommer van die staanspoor duidelik wat maak dat 'n mens lydsaamheid het: Dit is wanneer mens 'n beproefde, met ander woorde, 'n ware geloof het: "Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk."

Ons het baie praktiese voorbeelde in kerkgeskiedenis van hierdie louteringsproses waar ongelowiges van gelowiges geskei word. In die eerste 300 jaar van die kerk se geskiedenis is die Christene erg vervolg. Volgens die tradisie van kerkgeskiedenis is al die apostels behalwe

Johannes gedood omdat hulle nie opgehou het om te sê "Jesus is Here" nie.[11] Baie gelowiges het in die apostels se voetspore, wat inderdaad ook die voetspore van Jesus was, agter die Lydsman aangeloop en die wêreld het hulle vermoor. Hiervan kan talle voorbeelde regdeur die geskiedenis genoem word.

Een so 'n voorbeeld in die geskiedenis is John Lambert wat in die Smithfield fires gedurende 1538 'n marteldood gesterf het. Gedurende die vervolging van die protestante in Engeland was daar een leerstelling wat sentraal gestaan het met meeste van die martelare. Dit was die leerstelling rakende transubstansiasie in die Roomse mis.[12] Die gevolg van hierdie leerstelling was dat die kerk die middel raak waardeur mens aan Jesus se redding deel kry. Dit is dus nie meer die geloof wat mens met Christus verenig nie, maar die kerk se sakramente. Dit trek mense van die leer van die Bybel af en gevolglik lei dit mens weg van die verlossing af. Transubstansiasie is 'n gruwelike leerstelling wat al miljoene mense weg van Jesus af gelei het hel toe. Bykomend is dit egter ook die geval dat, wanneer die kerk hierdie mag het om die verlossing so te sê uit te deel, kan hulle mense manipuleer. Hierdie manipulasie sal dan behels om menslike tradisies te gehoorsaam eerder as om God se bevele in die Skrif te gehoorsaam. Vir die hervormers in Engeland was dit onaanvaarbaar. Hulle wou nie hulle verlossing weggooi nie en ook die vryheid hê om God alleen te aanbid soos Hy beveel.

Volgens Foxe is John Lambert voor die koning van Engeland gebring.[13] Aan die regterhand van die wit beklede koning was al die kardinale en regsgeleerdes in pers geklee. Aan die koning se linkerhand is sy edeles. Voor hierdie angswekkende raad het die klein Lambert verskyn. Hy is met 'n streng stem deur die koning gevra wat hy glo omtrent die transubstansiasie leer. Lambert het sag geantwoord dat hy nie glo dat die brood en die wyn werklik Jesus se bloed en liggaam word nie. Hiervoor is John Lambert tot dood veroordeel om verbrand te word. Van al die martelare wat verbrand is in die Smithfield fires was Lambert s'n die wreedste. Nadat sy bene tot stompies verbrand is, het sy martelaars die vuur kleiner gemaak onder hom sodat hy stadiger sou doodbrand. Hulle het hom deurboor met hulle pikke om hom regop te hou bo die vuur. Lambert het toe met sy hande begin waai, waarvan die vinger punte vlammend was omdat sy vet uitkook en aan die brand slaan, en uitgeroep: "Niemand behalwe Christus nie! Niemand behalwe Christus nie!" Hiervoor het die wagte hom van hul pikke af in die vuur laat val. Só het John Lambert sy belydenis van Christus alleen, deur geloof alleen, uit genade alleen met sy bloed beseël tot God se eer alleen.

Vandag ook word van ons broers en susters vermoor vir hulle geloof, omdat hulle nie sal ophou om Jesus as Here te bely nie. In lande waar die Sharia wet van Moslems in plek is, moet

---

[11] *Foxe (1981:13-20).*

[12] *Die mis is die Roomse kerk se gruwelike verdraaiing van die heilige nagmaal. Dit leer dat die brood en wyn van die nagmaal totaal en werklik verander in Christus se liggaam, bloed en been wanneer die mis bedien word (Horton, 2015:805).*

[13] *Foxe (1981:285-289)*

Christene óf onbereikbare hoë belasting betaal óf hulle koppe rol. As ‘n Christen in ‘n Hindoe dorp bely dat daar net een God is, word hy moontlik gestenig of van sy kinders beroof. As jy in Kanada ‘n openbare stelling maak dat homoseksualisme verkeerd is, word jy in die tronk gestop. As jy in Amerika weier om ‘n koek te bak vir ‘n gay troue, word jou besigheid toegemaak. Hier in Suid-Afrika, as jy bely dat Jesus die enigste weg is om gered te word, dan word jy van geestelik hoogmoedig beskuldig en as voorveroordeeld afgemaak.

Dit is soos Jesus leer, dat as die wêreld Hom gehaat het, sal hulle verseker ook die mense wat Hom volg, haat.[14] Paulus sê ook aan Timotheus dat indien iemand begeer om ‘n godvrugtige lewe in Jesus te leef, hy vervolg sal word.[15] Vervolging is deel van elke Christen, wat volger van Christus beteken, se lewe in hierdie wêreld. Dit is omrede hierdie wêreld Jesus Christus haat. As jy vrede met God verklaar, is daar nou oorlog met die wêreld. Want vriendskap met die wêreld is vyandskap teen God en vriendskap met God is vyandskap met die wêreld.[16]

Dit is egter nie net vervolging wat die kaf van die koring skei nie, maar ook ander vorme van verdrukking. Moontlik het jy al gesien hoe swaar iemand gekry het wat gesê het dat hy ‘n gelowige is. Dalk het die persoon ‘n finansiële knou beleef deur sy werk te verloor of swak besigheid het; Moontlik ernstige siekte aan die persoon self of iemand naby hom; Miskien die dood van ‘n jong kind ervaar. Gewoonlik is dit enigiets wat negatief ervaar word en wat buite die persoon se beheer is. Dit gebeur baie keer dat hierdie persoon afvallig van die Here word en dit teen Hom hou. Die persoon voel hy “verdien” beter, want hy het dan so hard probeer om gehoorsaam aan die Here te wees. Daarna begin die persoon weg te bly van die kerk. Die uiterste geval, wat baie gebeur, is dat die persoon homself verklaar as ‘n ateïs en selfs aktief die Christelike geloof teenstaan en aanval.

Die feit is dat daar mense uit die gemeenskap van die gelowiges uitgaan. Dan word dit wel sigbaar dat hulle nooit werklik deel was van die gelowiges nie.[17] Met ander woorde, hulle was nooit ware gelowiges in die eerste plek nie – hulle het net skyngeloof gehad. Daar mag selfs mense wees wat nou nog in die gemeenskap van gelowiges is, maar nie ware geloof het nie. Die gelykenis van die saaier, in Lukas 8:4-15, maak die laasgenoemde duidelik. Daar is een ding wat gelowiges van die ongelowiges skei in die gelykenis. Ons sien dit in vers 15: “En wat in die goeie grond val — dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in ’n edele en goeie hart hou en met *volharding* vrug dra.” Die woord volharding is dieselfde een as wat in Rom. 5:3 vertaal word met lydsaamheid.[18] ‘n Ware geloof is een wat die woord van Jesus gehoor het, dit gelowig vashou en dan ook, natuurlik, aanhou vashou.

---

*[14] Joh. 15:18-20.*

*[15] 2 Tim. 3:12.*

*[16] Jak. 4:4.*

*[17] 1 Joh. 2:19.*

*[18] Die Grieks is ὑπομονή/hipomonē (Str. 5281).*

Die ware gelowiges in hierdie gelykenis is anders as die ongelowiges. Teenoor die eerste groep ongelowiges is hulle anders, want hulle hoor nie net die woord nie, maar neem dit ook aan in hulle harte. Teenoor die tweede groep ongelowiges is hulle anders, want as daar beproewing (verdrukking en vervolging) kom, dan verlaat hulle nie die geloof nie. Teenoor die derde groep is hulle anders, want hul aandag om God te gehoorsaam en Hom te geniet, word nie deur die begeerlikhede en valse vreugde van die wêreld afgetrek nie.

Die onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges is lydsaamheid (volharding). Ware gelowiges is bereid om aan te hou en aan te hou en aan te hou vashou aan die ware inhoud van die geloof. Maak nie saak hoe hard die wêreld probeer om die gelowige te dreig of te verlei nie, die gelowige het iets baie meer kosbaar as al hierdie dinge. Die gelowige is bereid om alles te verruil vir hierdie een ding wat so kosbaar is. Dit is die ewige lewe, naamlik om God te ken en in gemeenskap met Hom te leef (die hoop op die heerlikheid van God).[19] Dit is die rigting waarin die ware geloof iemand stuur. Die eindpunt is gemeenskap met God. Dit is net soos Paulus sê: "ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."[20]

Daar is drie dinge in hierdie lewe wat 'n "gelowige" gaan probeer keer in sy geloofswedloop. Dit is, in die eerste plek, die gelowige se eie sonde wat teen hom oorlog voer en probeer om die geloof te vernietig.[21] In die tweede plek, verleiding om vreugde in die wêreld te vind eerder as in God. Net soos die trokdrywer probeer het om die polisieman om te koop, sodat die polisieman nie in sy doel kan slaag nie, so ook probeer die wêreld se begeerlikhede die gelowiges stop in hul wedloop. Die wêreldse dinge is natuurlik ook net so aanloklik omdat die daar sonde in ons harte is. Laastens, probeer vervolging, onder aanhitsing van die duiwel, ook die gelowiges stop in hul wedloop. Dit kom in dreigemente van dood, dood self, bespotting en marginalisering. Net soos die trokdrywer die polisieman gedreig het met sy gesin se lewe. O, en hoe hard probeer Satan, die brullende leeu,[22] nie om die gelowiges te verskeur nie!

Die laaste spul paragrawe behoort hierdie vrae by ons op te bring: Is jy bereid om te ly omdat jy gehoorsaam aan Jesus se woorde wil wees? Is jy selfs bereid om in die tronk gegooi te word omdat jy nie die waarheid van die Bybel wil afmaak nie? Sal jy selfs so ver gaan as om jou hele lewe te verloor, jou familie, vriende, stokperdjies, selfs jou liggaam aan die dood afstaan om eerder Jesus te kry? Is jou hoogste vreugde, selfs al vergaan jou liggaam, selfs al sterf jou kind, selfs al verlaat jou huweliksmaat jou, nog steeds dat jy die Here mag ken en liefhê? Is dit so dat selfs al verloor jy alles, het jy nie jou vreugde verloor nie, want buiten die Here is daar niks

---

*[19] Joh. 17:3; 1 Joh. 1:3-4.*
*[20] Fil. 3:14.*
*[21] 1 Pet. 2:11.*
*[22] 1 Pet. 5:8.*

wat jy begeer nie?[23] Het jy al ooit hierdie vrae vir jouself gevra? Dit is belangrik om dit vir jouself uit te maak, want dit is tog wat Jesus van sy dissipels verwag as hulle Hom wil volg.[24]

Miskien sukkel jy om die antwoord te gee op die vorige vrae? Dit is die geval by baie jong gelowiges. Dit is vandag ongelukkig nie net so met jong gelowiges nie, maar ook gelowiges wat al jare lank vir Jesus bely, maar in gemaksug verval het. Miskien wonder jy of jou geloof in Jesus se woorde eg is en dat jy bereid is om al hierdie beproewinge te weerstaan in lydsaamheid ter wille daarvan om Jesus te kry. Rom. 5:3-4 gee die antwoord op hierdie moeilike situasie: *In verdrukkinge word die beproefdheid van jou geloof bevestig deur lydsaamheid*. Daarom roem die ware gelowiges oor verdrukking, want dit gee vir hulle sekerheid of hulle ‘n ware geloof het. Hoekom het mens vreugde as jy weet dat jy ‘n egte geloof het? Want dan weet mens dat jy geregverdig is deur geloof alleen in Jesus alleen en daarom ook die hoop het op die heerlikheid van God. Dan weet jy of jy werklik aan Jesus deel het of nie. Vra dat jou geloof beproef sal word en dat jy sekerheid sal kry of jy werklik aan die verlossing in Jesus deel het. Moenie probeer weghardloop van lyding af ten koste van gehoorsaamheid aan die Here nie.

Wat nou van ware gelowiges wat gruwelik in sonde val? Dawid was ‘n ware gelowige en kyk net hoe swaar het hy teen die Here gesondig. Hy het Uria laat vermoor sodat sy sonde van egbreuk met Batseba nie bekend word nie. Beteken dit dat Dawid nie lydsaamheid gehad het en daarom nie ‘n ware gelowige was nie? Hy het immers nie heeltemal volhard in sy stryd teen sonde nie. In daardie oomblik mag dit lyk asof Dawid nie ‘n ware gelowige was nie. So kan dit ook met enige gelowige gebeur. ‘n Gelowige kan in duistere sonde val. Miskien het jy in gruwelike sonde verval? Moontlik het jy, net soos Petrus, Jesus al verraai? In Petrus en Dawid het ons voorbeelde hiervan, dat hulle vir ‘n oomblik in hul wedloop van geloof gestruikel het. Die feit is egter dat hulle nie daar gebly het nie. Met trane het hulle teruggekeer na die Here. Met groot hartseer het hulle hul sonde teenoor die Here bely. Verseker van die Here se vergiffenis, het hulle weer opgestaan en volhard in hul wedloop om die Here lief te hê met hele hart, siel en verstand.

Wanneer mens vir volharding soek, dan kyk jy nie slegs na ‘n klein oomblik in ‘n persoon se lewe nie. Groter dele moet in perspektief gehou word. ‘n Atleet mag besig wees met ‘n lang wedloop. Êrens langs die pad mag hy dalk struikel en hom nerf-af val. Die bloed pers deur die stukkende vel en maak klein riviere van rooi teen sy knie af. As mens na die atleet op daardie oomblik kyk terwyl hy in pyn op die grond lê, gaan mens nie tot die konklusie kom dat hy nie volharding het nie; Hy mag dalk net opstaan en hinke-pink die wenstreep kruis. Net so moet ons nie net op een tydstip na iemand kyk en tot ‘n konklusies kom oor sy geloof nie. Miskien

[23] *Ps. 16:2, 11; Ps. 73:25-26.*
[24] *Mar. 8:34-38.*

het jy jouself nerf af geval in die wedloop van geloof. Dalk twyfel jy of jy ‘n ware gelowige is of nie.

Wat ons in hierdie teks in Romeine 5 hoor, is dan nie ‘n troos boodskap wat sê “jy is oraait” nie. Hierdie teks sê dat daar volharding in ‘n ware gelowige se lewe is. Met ander woorde, as die geloof-atleet geval het, gaan hy nie bly lê nie. Hy gaan opstaan, met stukkende knie en al, sy sonde bely en al stamelende met betraande oë weer begin om te hardloop in die rigting waar Jesus is. So ook roep hierdie teks jou op om nie te bly lê in die sonde nie. Staan op, bely jou sonde, haat dit soos die duiwel self, en hardloop weer die wedloop van geloof. Hierdie teks is dan ook ‘n oproep tot bekering en volharding vir elkeen wat geval het.

Ons kom weer terug na die sentrale tema van hierdie gedeelte: die ketting van geloof. Nou moet ons nog sien hoekom beproefdheid van geloof hoop bewerk. Die hele rat-stelsel werk juis saam om hoop te versterk. Dit mag egter soos ‘n snaakse sprong klink vir sommige mense. Hoekom sal beproefdheid van geloof juis hoop bewerk? Hoekom sal dit nie eerder geestelike hoogmoed bewerk nie? As jy mos nou so oulik is om al hierdie moeilike dinge te deurstaan en ander doen nie, dan het jy dalk rede om op jouself te roem. “Ek is tog so gelowig, en al hierdie mense wat so uitsak in die geloofswedloop is sommer ‘n klomp leeglêers” mag iemand dink. Dit sou inderdaad die uitkoms gewees het as ware geloof uit jouself gekom het. Nou is dit wel so in Rom. 5:3-4 dat die uitkoms juis nie hoogmoed is nie, maar eerder hoop. Hoop het ‘n ander bron as jouself. Hoop is buite jouself.

Kom ons staan net vir ‘n oomblik stil en dink hoe is dit dat iemand ‘n ware geloof kan hê. Vroeër in die brief aan die Romeine, van 1:18-3:20, word die verdorwenheid van die mens se natuur uitgepluis. Die verdorwe mens soek nie God nie (Rom. 3:11). Hy wil altyd die waarheid van God onderdruk in sy ongeregtigheid (Rom. 1:18). Hy is dood vir God (Ef. 2:1). Sy verstand is verduister vir die evangelie (2 Kor. 4:4). Die evangelie se inhoud is dwaasheid vir hom (1 Kor. 2:14). Hy is juis besig om teen God se koningskap te rebelleer en stap eerder agter Satan aan (Ef. 2:2). Hy is immers in die koninkryk van duisternis (Kol. 1:13). Sy hart is so sondig dat hy niks kan doen om dit te verander nie (Jer. 13:23). Die lewe het hom nie so verander of beïnvloed nie, maar is so van konsepsie af (Gen. 8:22; Ps. 51:7). Die verdorwe mens se wil is dus totaal en al rebels teen God. Hy wil nie God gehoorsaam nie, trouens, hy kan nie eers nie (Rom. 8:6-7). Met alles wat hy doen, wek hy net nog meer oordeel vir homself op (Ef. 2:3). So, hoe gebeur dit dat iemand homself nou wil onderdanig stel aan God, wat God weer as koning erken en in Jesus se werk soek om met God versoen te word? Waar kom hierdie geloof vandaan? Want dit kom beslis nie uit die verdorwe natuur van die mens uit nie. Dit is onmoontlik vir die verdorwe natuur om waarlik te bely dat Jesus Here is.

Die antwoord is dat ware geloof ‘n geskenk van God is. Paulus sê in Fil. 1:29 dat dit ‘n geskenk is om in God te glo.[25] Dieselfde idee kom voor in Ef. 2:8-9. ‘n Baie duidelike voorbeeld is in 1 Kor. 12:3 wat sê dat niemand in staat is om te sê: “Jesus is Here” behalwe deur die Heilige Gees nie. Met ander woorde, niemand kan Jesus as Here erken en bely nie, tensy die Heilige Gees in hom werk. Dit is dan ons antwoord: die Here gee vir ons die ware geloof as ‘n geskenk deur die werk van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees gee nuwe lewe.[26] Hy wederbaar mens.[27] ‘n Nuwe hart van vlees word in die plek van die ou hart van klip deur die Heilige Gees verskaf.[28] Deur die werk van die Gees maak Hy mense wat vroeër dood was vir God, weer lewendig vir God.[29] Hy gee vir hulle ‘n nuwe wil;[30] die wil om graag in vrede met God te leef. Dit is ook hierdie rede waarom gelowiges se lewens verander en nie in hul sonde bly nie. Hulle is dood vir hulle ou manier van lewe en wandel nou, deur die werk van die Gees, in ‘n nuwe lewe.[31] Die Heilige Gees, deur die wedergeboorte, bewerk dit dat mense kan glo. Sonder hierdie werk van die Heilige Gees kan niemand in ware geloof bely dat Jesus Here is nie (soos ons in 1 Kor. 12:3 gesien het). Om te kan glo is dus ‘n geskenk van God af.

Die Heilige Gees gee nie net vir ons geloof nie, maar bewaar ons ook in die geloof. In 2 Kor. 1:22 lees ons dat gelowiges deur die Heilige Gees verseël is. Ons kry in laasgenoemde vers ‘n beeld: verseëling. Wat in hierdie metafoor bedoel word, is soos ‘n brief wat toegevou word en toe verseël word. Dit is wanneer iemand warm was, soos kerswas, sou drup op die brief en jou seëlring se stempel daarop afdruk sodat dit nie oopgemaak kan word sonder om die seël wat met jou merk gemerk is, te breek nie. Die inhoud van die brief word dan veilig bewaar sodat dit net die persoon bereik aan wie dit bedoel is. As iemand anders dit sou lees, moet hy die seël breek voor hy dit kan lees. Wanneer so ‘n seël egter gebreek is, het die persoon wat die brief gedra het, se lewe daarvan afgehang. Daarom kan daar gesê word dat so ‘n seël iets veilig kan bring na die bepaalde eindpunt toe. Paulus pas ook die beeld op homself toe wanneer hy sê dat hy die seël is wat verseker dat die geld, wat deur gelowiges in Macedonië gegee is vir die Joodse gelowiges in Judea wat finansieel swaar gekry het, veilig by hulle sal uitkom.[32] Wat die beeld in 2 Kor. 1:22 dan vir ons wys is dat die Heilige Gees ons beskerm om veilig by ons eindbestemming, die ewige lewe, uit te kom. In Rom. 5:5 gaan ons onder andere sien hoe die Heilige Gees dit doen.

---

[25] *Interessant, hy noem ook dat dit nie net ‘n geskenk is om in God te glo nie, maar ook ter wille van Jesus te ly is ‘n geskenk!*
[26] *Joh. 6:63.*
[27] *Joh. 3:8.*
[28] *Esg. (36:26).*
[29] *Esg. 37.*
[30] *Fil. 2:13.*
[31] *Rom. 6:1 en 4.*
[32] *Rom. 15:28.*

Ons moet nou weer terugkom na die belangrike vraag: Hoekom bewerk die wete dat die ware beproefde geloof, wat van God af kom, hoop? "Want," is die antwoord, "as God 'n goeie werk in iemand begin het, voer Hy dit enduit deur."[33] Hy is in staat om die mense in die geloof te bewaar teen enige struikeling.[34] As hy die geloof gegee het, gaan hy dit ook in stand hou. Ons sien ook duidelik in 1 Pet. 1:5 dat God die mense, wat Hy wedergebore gemaak het,[35] bewaar in Sy krag deur die geloof. God bewaar die mense wat Hy wedergebore gemaak het in sy eie krag! En hoe doen Hy dit? Deur hulle geloof te gee en dit te onderhou. Dit, het ons gesien, doen Hy deur die Heilige Gees. As God self, in sy eie krag, geloof gee en dit bewaar, kan enigiets dit breek? Kan selfs die magtigste aanslae van Satan, die brullende leeu, die krag van God oorrompel? Nee.

Dit is hoekom beproefdheid van geloof hoop bewerk. Dit is nie omdat jy oortuiging kry van jou eie kragtige vermoëns nie (dit sou tot hoogmoed eerder as hoop lei). Dit kon in elk geval ook nie uit ons eie kragte kom nie vanweë ons totaal verdorwe natuur. Eerder is dit omdat ons weet dat 'n egte geloof genadiglik van God af kom deur die werk van die Heilige Gees en dat Hy dit in stand hou. Dit beteken dat niks – nie vervolging, verdrukking, naaktheid, gevaar, swaard, enige engel, mag of gesag, hoogte of diepte, nee, nie eers enige skepsel nie – dit kan breek nie. Ons is werklik meer as oorwinnaars. En dit nie deur onsself nie, maar deur Hom wat ons in Jesus lief het, en Hom alleen.[36] Selfs ons geloof hang van God af en nie van onsself nie. Daarom, as iemand wil roem, kan Hy net in God roem .[37] So, ons roem nie net in die hoop op die heerlikheid van God nie (Rom. 5:2), ons roem nie net in die verdrukkinge nie (Rom. 5:3), maar ons roem ook in God wat ons geloof gee en ons deur die Heilige Gees bewaar (Rom. 5:11). Dit is waaroor hoofstuk 5:1-11 gaan. Vanaf verse 5-11 sien ons wat die Heilige Gees doen om ons in die geloof te bewaar.

Die hoop waarvan daar hier in Rom. 5:4 gepraat word, is 'n subjektiewe ervaring van die gelowige. Met ander woorde, die gelowige voel dat daar hoop vir hom persoonlik is. Die objektiewe hoop wat deur Jesus bewerk is aan die kruis en sy opstanding is nie hier ter sprake nie. Natuurlik is die objektiewe hoop die basis van subjektiewe hoop, want daarsonder is daar geen basis om die subjektiewe hoop op die bou nie. Wat egter met objektiewe hoop bedoel word is dat dit iets is wat buite die gelowige bewerk is en nie deur die gelowige se subjektiewe gevoelens beïnvloed word nie. Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid het 'n volmaakte objektiewe verlossing bereik. Dit kan, met ander woorde, nie verbeter word of minder effektief word op verskillende tye in die geskiedenis of selfs in 'n gelowige se lewe nie. Daar kan niks verander word aan Jesus se verlossing nie, want dit is volmaak. Daarom, wanneer daar van hoop *bewerk* gepraat word in hierdie vers, kan dit nie verwys na Jesus se

---

[33] *Fil. 1:6.*
[34] *Jud. 1:24.*
[35] *1 Pet. 1:3.*
[36] *Rom. 8:35-39.*
[37] *1 Kor. 1:31 en Ef. 2:8-9.*

volmaakte objektiewe verlossing wat reeds volmaak bewerk is nie. Die objektiewe hoop deur Jesus bewerk kan nie verbeter word nie. Dat hoop bewerk word verwys eerder daarna dat die gelowige subjektief ervaar en dat die besef daarvan groei dat hy deel het aan die objektiewe verlossing in Jesus. Hierdie subjektiewe hoop is die gelowige wat besef dat hy persoonlik werklik aan Jesus deel het. Dit noem ons sekerheid van saligheid.

Dit is egter nie nou ter sprake om ‘n volle uiteensetting te gee hoe ‘n gelowige moet dink oor lyding nie. Die Bybel leer nog baie meer daaroor. Wat nou beskryf is van lyding is egter van toepassing op hierdie gedeelte in Romeine. Hoewel, hoeveel anders is hierdie nie as soveel valse prediking vandag dat dit altyd goed sal gaan met gelowiges nie! Hulle gaan direk daarteen in dat gelowiges roem in verdrukking. Vir hulle is die kosbaarste in die lewe gemak, geld, aansien, gesondheid en aardse voorspoed. Dit is soos Paulus sê aangaande dwaalleraars: “hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge.”[38] Oppas vir hulle. Ware gelowiges se vreugde lê egter elders. Hul vreugde is God self. Hulle weet hulle kan net deel hê aan God se heerlikheid as hulle geregverdig is. Hulle weet hulle kan net geregverdig word deur geloof alleen in Jesus alleen. Hoe weet hulle dat hulle ware geloof het? Verdrukking bewerk lydsaamheid en lydsaamheid bewerk beproefdheid van geloof en beproefdheid van geloof werk hoop. Hierdie hoop is vir hulle kosbaar, want hulle weet dat hulle by God sal wees. Daarom roem hulle in verdrukking en nie in rykdom, voorspoed of gesondheid nie, maar in God wat hul geloof gee en dit bewaar sodat hulle by Hom kan wees.

Daar mag dalk ‘n vraag opkom, “Hoekom sal God hulle geloof wil bewaar? Watter waarborg het die ware gelowige dat God sy geloof in stand sal hou en wil hou? Want as God dit nie doen nie, sal die persoon beslis uit die geloof val.” Hierdie vrae word in die volgende verse verduidelik en dien tot groot bemoediging vir die gelowige wat besef hoe swak hy self is en dat hy nie in homself in staat is om al hierdie verdrukkinge te deurstaan nie. Hierdie wat volg is dan ook die manier hoe die Heilige Gees gelowiges bewaar.

[38] *Fil. 3:19.*

## Die sekerheid van die hoop

**Rom. 5:5**

en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

In die vorige vers het ons gehoor dat beproefdheid van geloof ‘n subjektiewe hoop bewerk. Hierdie hoop het dieselfde inhoud as in Rom. 5:2, naamlik, die hoop op die heerlikheid van God. Die subjektiewe hoop is nie net om te weet dat daar ‘n objektiewe hoop is wat beskikbaar is vir mense nie, maar om te weet dat jy persoonlik daaraan deel het. Die subjektiewe hoop word egter versterk deur die bevestiging van ‘n beproefde geloof. Die rede hiervoor is dat ware geloof, wat bevestig word deur lydsaamheid te midde van strawwe verdrukking, ‘n geskenk van God is. Wanneer die Here so ‘n geskenk gee, so ‘n goeie werk in ‘n mens begin het, voer Hy dit enduit deur. Met ander woorde, niks sal God keer om hierdie mense in die geloof te hou nie – selfs nie die mees geveinsde aanvalle van Satan nie. God sal hulle uitbring om deel te hê aan sy heerlikheid. Die gelowiges sal in God se volle teenwoordigheid wees. God sal hulle red, en hulle volkome red.

Hier in vers 5 gaan ons nog verder hieroor leer. Die eerste woorde in vers 5 “die hoop beskaam nie” klink vreemd op ons ore. Dit is bietjie duideliker in die ESV: “hope does not put us to shame.” Met ander woorde, die hoop wat ons het, sal nie maak dat ons skaam kry nie.

‘n Beeld kan hierdie mooi verduidelik. As jy so 3000 jaar terug geleef het, en oorlog gevoer het met ‘n vyandige volk, het konings baie keer ooreengekom dat die kampioene teen mekaar moet veg. Die kampioene het dan eerder geveg as wat die hele weermag teen die koste van baie lewens moes veg. Die kant wie se kampioen verloor, moes dan onderdanig wees aan die eise wat die oorwinnende kant gestel het. Dit is soos Dawid en Goliat.[1] Die kampioene veg tot die dood toe; soos gladiators. Die verloorkant sal onderdane wees van die wenkant. Elke gewone soldaat plaas dan sy hoop op die kampioen, want as hy wen, wen die hele weermag. As hy verloor, verloor die hele weermag. Jou hoop berus op daardie magtige kampioen, wat in elk geval sterker en beter is as jy. Indien jou kampioen wen, is jou hoop bevestig. Alhoewel, sou jou kampioen verloor, beskaam jou hoop jou. Dan is jy net soos daardie vuil spul honde van die Filistyne en druk stert tussen bene en vlug weg in skaamte onderwyl die spotstem van die Israeliete “waar is jou kampioen nou?” weergalm.

Die eerste frase van Rom. 5:5 leer ons dat dit nooit met ware gelowiges sal gebeur nie. Niemand gaan eendag vir die gelowige kan sê “waar is jou Jesus nou? Waar is jou God?” nie. God is die Kampioen van die gelowiges. En Hy verloor nooit nie. Daarom sal gelowiges, wat hul hoop in God plaas, nooit beskaamd staan nie. Ja, hulle wat hul hoop op hulself plaas sal

---

*[1] C.f. 1 Samuel 17.*

beskaamd staan. Daar is baie voorbeelde daarvan in die Ou Testament. As die Israeliete hul hoop plaas op hul eie weermag, op perde, strydwaens en boogskutters, is hulle verpletter. As die Israeliete hul hoop plaas op ander volke rondom hulle, word hulle en die volke waarop hulle hul vertroue plaas, in ballingskap weggevoer.[2] So ook, elkeen wat op sy eie vermoëns staatmaak, sal beskaam word, want hy het in elk geval niks om op te roem nie, behalwe sy eie mishoop van sonde en mislukkings. Die ware gelowige besef dit en probeer nie sy eie kampioen wees nie, maar vertrou geheel en al op God – die enigste kampioen – alleen. Die ware gelowige berus in Jesus vir regverdigmaking, vertrou die Vader wat hom geweldig lief het en bewaar deur die werking van die Heilige Gees. Hierdie hoop sal niemand ooit laat beskaamd staan nie.

Die teks gaan nou verder verduidelik hoekom hierdie hoop dat, God die Vader deur Jesus en die Heilige Gees Sy kinders veilig na Hom toe sal bring, nie leeg is nie. Die "omdat" in Rom. 5:5 gee die rede waarom die hoop, naamlik dat God gelowiges bewaar, nie sal beskaam nie. Die hoop sal nie beskaam nie "omdat *die liefde van God* in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is." In hierdie sin sien ons twee belangrike dinge. Die eerste is dat gelowiges 'n belewenis kry van God se liefde, want *die liefde van God is in hulle harte uitgestort*. Die tweede ding is dat hierdie belewenis deur die werk van die Heilige Gees is, want die liefde van God word *deur* die Heilige Gees in ons harte uitgestort. Dit is 'n passiewe sin en die agent (doener) van 'n passiewe sin word in Afrikaans aangedui met "deur."

Ons moet net vinnig iets uitklaar voor ons aangaan. Dit kan maklik gebeur dat "die liefde van God" verkeerd verstaan word in hierdie gedeelte. As mens met so 'n frase sit, kan dit gewoonlik verskeie dinge beteken, maar die konteks maak dit egter duidelik. Kom ons kyk net eers na die moontlikhede. Die eerste moontlikheid kan wees dat "liefde van God" beteken dat ons God lief het. Dit sal dan dieselfde beteken as "die liefde van piesangs." Ons weet mos dat piesangs onpersoonlik is en hulle nie kan liefhê nie. Dit is eerder dat hulle liefgehê word. Die tweede moontlikheid is dat "die liefde van God" beteken dat dit iets is wat van God af kom. God gee dan 'n tipe liefde vir mense in hulle harte waarmee hulle God en ander mense kan liefhê. Die derde moontlike verstaan van "die liefde van God" is dat God die Doener is. Dit is God wat besig is om lief te hê met Sy besonderse kosbare liefde.

Wat maak ons nou met hierdie drie moontlikhede van verstaan? Hoe moet ons weet wat hier bedoel word? Ons gaan na die omliggende konteks kyk. Hierdie vers wil 'n rede gee hoekom ons hoop nie ons sal beskaam nie, want God is ons Kampioen. Ons verwag op grond van die vorige deel van die vers en die vorige verse om te sien wat God, ons Kampioen gaan doen. In die verse hierna sien ons ook weer 'n beskrywing van dit wat God gedoen het en hoe Hy lief gehad het. Die konteks maak dit dan vir ons duidelik dat ons nie "die liefde van God" kan verstaan as (1) ons wat Hom lief het nie, (2) 'n tipe liefde wat ons van Hom ontvang en uitvoer

---

[2] *Sien Jesaja 30.*

nie, maar eerder (3) God wat die doener is. Dit gaan dus oor God se liefde vir ons. Ons gaan meer daarvan sien soos dit in die volgende verse verder beskryf en bevestig word.

Die tweede waarheid wat ons hier in vers 5 sien, is dat ons die belewenis van die liefde wat God vir ons het, kry deur die werk van die Heilige Gees. Dit is nie verniet dat die Heilige Gees "die Trooster" genoem word nie.[3] Die Heilige Gees doen iets sodat ons gevul kan word met die liefde van God. Hy doen iets sodat ons God se liefde ook kan beleef. Ons sien hierdie ook in Ef. 3:14-19, waar Paulus bid dat die gelowiges tot die besef mag kom en gevul mag word met die liefde van God. Hy bid dat dit juis deur die werk van die Gees is (Ef. 3:16). Vroeër in Efesiërs sien ons dit ook. Hy vra dat die Vader die Gees van wysheid en openbaring aan die gelowiges sal gee (Ef. 1:17). Dit is 'n baie prominente en eie deel van die Heilige Gees se werk. Hy kom en verseker God se kinders van Sy liefde vir hulle en troos hulle daarmee as Trooster.

In Rom. 5:4 het ons reeds al gepraat oor die werk van die Heilige Gees en dat Hy die wedergeboorte teweegbring. Dit is dan nie nodig om dit weer breedvoerig te herhaal nie. Wat die Heilige Gees doen om ons te oortuig van God se liefde is dat Hy ons blinde oë oop maak om die ware Jesus te sien. Hy verhelder ons verstande om nie meer die waarheid wat in Jesus openbaar word, te onderdruk nie. Hy haal ons harde klip-harte, wat strak en koud was vir God, uit en gee vir ons harte van vlees wat warm van liefde vir God klop. Hy buig ons harde en rebelse nekke om ons te onderwerp aan God se Koningskap. Die Gees se werk is egter nie net die eens-af gebeurtenis van die wedergeboorte nie, maar ook die voortdurende vertroosting wat die gelowige in die geloof bewaar.

Wanneer ons na die volgende verse kyk, is die inhoud van hierdie verse ook presies dit waarop die Heilige Gees God se kinders fokus. Dit is die boodskap waarmee Hy hulle kom troos in hulle verdrukkinge. Wanneer jy afgetrek word deur twyfel of God goedgesind is teenoor jou, kom beur die Gees jou hiermee op. As 'n donker wolk van skuldgevoel oor jou trek, laat die Gees hierdeur vir jou lig skyn. In droë tye van bedruktheid, borrel die Gees hierdeur 'n bron van vreugde vir jou op. Mag ek en jy deur die Heilige Gees getroos word wanneer ons hierdie verse bestudeer.

**Rom. 5:6**

Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe.

Ons moet nou onthou dat ons van verse 6 tot 11 gaan sien wat God se liefde vir ons is. Die kennis van die liefde van God wil ons verseker dat ons hoop ons nie sal beskaam nie. Hierdie is natuurlik wat Paulus wil beredeneer, naamlik, dat God sy kinders se geloof in stand sal hou en hulle sal bring by Sy heerlikheid, want kyk net hoe lief het Hy hulle! Die fokus is daarom op God se handelinge eerder as ons s'n. Verder moet ons ook onthou dat hierdie juis is wat die

[3] *C.f. Johannes 14:16-17.*

Heilige Gees doen – Hy fokus ons op dit wat die Vader vir ons in die Seun gedoen het. Vir hierdie rede begin vers 6 ook met "want." Die "want" dui die rede aan waarom God se liefde in ons harte uitgestort word deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. Dit is dan die inhoud van hierdie vers asook die volgende verse waarop die Heilige Gees gelowiges se aandag vestig.

Wanneer mens Rom. 5:6-8 lees, is die vergelyking wat Paulus tref opvallend. Hy vergelyk mense se liefde met die liefde van God. Dit is duidelik in die vergelyking dat God se liefde anders is as mense s'n. Verse 6 en 8 handel oor God se liefde terwyl vers 7, so in die middel in gedruk, handel oor mense se liefde. Ons kan vanuit die struktuur sê dat hierdie verse weereens ook die klem laat val op God se liefde. In die Griekse teks staan die woord "Hy het gesterf" aan die einde van elke sin. Dit verwys na Jesus se dood. Dit staan aan die einde van elke vers om klem te plaas op Jesus se dood. Dit moet die inligting wees wat bly in 'n mens se gedagte. Net soos ons sê "die laaste woorde is die woorde wat onthou word." Dit is die gedagte wat die Heilige Gees wil hê moet in ons gedagtes weerklink elke sekonde van elke dag. Daarom moet Jesus se dood sentraal wees in ons gedagtes wanneer ons God se liefde vir ons wil leer ken.

Hier in vers 6 begin die vergelyking. Dit stel dat Jesus vir ons gesterf het toe ons nog *swak* was. Hierdie woord "swak" moet gelees word saam met "goddeloos" en "sondaars," want dit word alles gebruik om ons toestand, waarin ons was toe Jesus vir ons gesterf het, te beskryf. Ons het reeds van hierdie verdorwe toestand in Rom. 1:18-3:20 geleer. Swak word dus in die konteks, saam met die ander woorde wat gebruik word om ons toestand te beskryf, in 'n negatiewe hoedanigheid gebruik. As 'n mens swak is, is jy nie sterk en in staat om iets te doen nie. "Swak," saam met "goddeloos" en "sondaars," moet dan verstaan word dat ons nie in staat was om iets te doen wat God kon dryf om ons lief te hê nie. Ons kon nie iets doen om sy guns te wen nie. Met ander woorde, niks wat ons gedoen het, het God gedryf om Jesus te stuur om vir ons te sterf nie. Inteendeel, God het eerder slegs rede gehad om ons te vernietig. Ons moes sterf. Steeds, ondanks ons swakheid, het Jesus vir ons gesterf. Hierdie moet ons dryf om die fokus van onsself af te haal, asof die rede hoekom Jesus gesterf het dalk binne onsself is, en dit eerder by God soek. Hierdie gedeelte leer ons juis dat ons nie so "oulik" was dat God ons lief het nie. Die fokus is op God se liefde en Hom alleen. Kyk na Sy liefde. Watter tipe liefde is dit wat nie beweeg word deur dit wat ons doen nie? God se liefde is nie afhanklik van ons dade nie. Ons dade kan nie sy liefde vir ons verander of bepaal nie. Jou sonde, maak nie saak hoe groot dit is nie, het nie 'n impak op God se liefde vir jou nie.[4] Hy het vrywillig lief. Want toe ons nog swak was het Jesus vir ons gesterf.

*[4] Hiermee word verwys na God se spesiale tipe liefde wat hy vir die uitverkorenes in Christus het. Dit is nie met verwysing na sy Vaderlike ontevredenheid wanneer sy kinders in sonde val en Hy hulle daarvoor tugtig nie. Selfs in sy Vaderlike ontevredenheid en tugtiging is Hy steeds lief vir sy kinders. Inderdaad, dit is juis omdat God hulle lief het dat hy hulle tugtig (Heb. 12:4-11).*

Ons gaan nie nou in detail op die betekenis van “op die regte tyd nie” ingaan nie. Ek verstaan dit as ekstra klem op die feit dat ons goddeloos was op die tyd wat Jesus vir ons gesterf het. Dit is egter nie nou nodig om met tegniese en komplekse verduidelikings van grammatika bemoeienis te maak nie.[5]

Die vers sluit daarmee af dat Jesus vir ons gesterf het. Ons moet altyd onthou dat Jesus moes sterf weens die feit dat ons goddeloos was. Dit is ons sonde teen die heilige God wat Sy regverdige toorn opgewek het. Omdat God regverdig is, moet die sonde gestraf word. Dit sou goed en reg gewees het as God ons gestraf het vir ons sondes en dat ons daarvoor gesterf het. Alhoewel, ons leer in hierdie gedeelte dat God ons nie oorgelaat het aan ons lot nie – en dit omdat Hy ons lief het. Weereens, net om klem te lê: God het vrywillig lief en nie omdat ons enige goedheid binne onsself het wat gemaak het dat Hy ons lief het nie.

Voor ons verder gaan moet ons net twee belangrike feite vas maak wat in hierdie vers voor kom: (1) Jesus het sy lewe vir ons afgelê in ons plek. (2) Toe Jesus sy lewe vir ons afgelê het, was dit nie omdat ons sou “oulik” was dat Hy nie anders kon as om hierdie “groot geleentheid” te laat verby gaan nie. Nee, ons was swak en goddeloos. Ons kon niks doen om sy aandag te trek nie. Inteendeel, ons optrede moes eerder net gemaak het dat Hy ons verwerp. Toe Jesus sy lewe vir ons afgelê het, was dit toe ons nog walglik was.

**Rom. 5:7**

Want nouliks sal iemand vir ’n regverdige sterwe — vir ’n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe —

In kontras met God se liefde word ‘n voorbeeld nou gegee van ons mense se liefde. Die woord “nouliks” kom daarop neer dat dit hoogs onwaarskynlik is dat enige mens sy lewe in ruil sal gee vir ‘n regverdige mens. Dit is so onwaarskynlik dat dit eintlik nie eers sal gebeur nie. Dit is ‘n uitsondering eerder as die reël. ‘n Regverdige mens is iemand wat goed is vir die samelewing, want hy is juis besig om God se wil, wat goed is vir die mens, uit te voer. ‘n Mens mag dalk, wat baie onwaarskynlik is, redeneer dat hy sy lewe sal gee in ruil vir die regverdige persoon, want “dié persoon sal beter wees vir die samelewing as ek.”

Die volgende gedeelte is al meer waarskynlik as die vorige, maar is steeds hoogs onwaarskynlik. Dit word uitgelig deur die woorde “miskien” en “moed hê.” Omdat hierdie gedeelte ‘n bietjie meer waarskynlik is as die vorige gedeelte moet ons “goeie mens” anders verstaan as “regverdige.” Daar is ‘n fyn onderskeid. Wat is die verskil dan tussen ‘n regverdige mens en ‘n goeie mens? Is ‘n regverdige mens slegter as ‘n goeie mens? Nee, ‘n regverdige is nie moreel slegter as ‘n goeie mens nie. Anders is hy mos nie regverdig nie. ‘n Regverdige is immers iemand wat God se wet volkome onderhou; hy kan nie moreel slegter wees nie. Ons

---

[5] *Sien Moo (1996:ad loc.) en Murray (1997:167) vir ‘n deeglike uiteensetting hieromtrent.*

moet nie "goeie mens" verwar met iemand wat moreel nog beter is as 'n regverdige mens nie. Ons moet "goeie mens" eerder verstaan as iemand wat nader aan jou is. Iemand aan wie jy nog meer waarde heg. Hiervan het ons voorbeelde in die wêreld van mense. Een makker wat sy lewe vir 'n ander gee op die slagveld. 'n Man wat sy lewe gee vir sy vrou. Dat mense so selfopofferend lief het, is skaars, maar ons kan dink aan stories van sulke heldhaftige of hartroerende opofferings van liefde en broederskap. En hoe hartroerend is die stories nie! Die inhoud van die volgende vers is egter nog meer hartroerend.

**Rom. 5:8**

maar God bewys sy liefde tot ons[6] daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

Hierdie vers van God se liefde staan weer in kontras met vers 7 waar mense se liefde beskryf word. Daar is stories van mense se liefde wat 'n mens se hart laat smelt. Dink aan die brandweermanne in 9/11 wat selfopofferend keer na keer terug hardloop in die torings in om nog een meer Amerikaner te red. Dit was nou totdat hul laaste asem hul ontsnap in 'n stik vol donker rook of in 'n hik uit geforseer word soos 'n groot massa gewig hul verpletter. Hoeveel te meer moet dit ons nie tref dat Jesus Christus sy laaste asem uitblaas onder die groot gewigtige massa van God se toorn nie. En dit om sy vyande te red! Dit sodat ons sondaars nie self daardeur vernietig hoef te word nie! O, hoe moet ons harte nie smelt in die warmte van sy liefde nie!

Die verskil tussen vers 7 en 8 is dat dit in vers 7 gaan oor "regverdige" en "goeie" mense wat gered word. In vers 8 gaan dit egter oor swak, goddelose sondaars wat gered word. Dit is een ding om jou lewe vir iemand te gee wat regverdig en goed is. Dit is 'n ander ding om jou lewe vir mense te gee wat niks anders gedoen het as om jou te belieg en te beswadder nie. Ons het teen God gerebelleer; sy waarheid verruil vir die leuen, sy heerlikheid vertrap asof dit nikswerd is nie. Ons het sy Naam ontheilig in woord en daad. Elke sonde getuig van aktiewe rebellie wat nie vir God in die prentjie wil hê nie. Ja, dit is 'n ander ding om jou lewe vir sulke mense te gee wat hulself as vyande teenoor jou gedra. Dit, dat Jesus vir sulke slegte mense gesterf het, is God se liefde wat nie afhanklik is van ons dade nie, maar vrywillig uit Homself kom. Hy het ons lief nog voordat ons Hom lief gehad het.[7] Die gelowige moet hier troos neem dat niks wat hy kan doen, God se liefde in Christus vir hom kan verander nie.

---

*[6] Net kortliks 'n herinnering, die "ons" waarvan daar in hierdie vers gepraat word dui op die mense wat roem in die hoop op God se heerlikheid. Die "ons" moet deur hierdie gedeelte (Rom 5:1-11) konsekwent verstaan word as slegs die gelowiges, want die ongelowiges roem nie in die hoop op die heerlikheid van God nie.*

*[7] 1 Joh. 4:10.*

Die historiese feit[8] dat Jesus vir ons gesterf het toe ons nog swak, goddelose sondaars was, is God wat Sy liefde aan ons "*bewys*." Ons kan die woord "bewys"[9] ook vertaal met "bevestig." Waarop dit dan neerkom is dat God wys dat Hy regtig lief is vir Sy kinders. Ons kan terugkyk in die geskiedenis na 'n konkrete feit en sê: "Ja, God het my regtig lief, want Jesus het regtig gesterf." Dat die woord "bevestig" of "bewys" in hierdie gedeelte, wys dat God ook *wil hê* dat Sy kinders moet weet dat Hy baie lief vir hulle is. Hy is so lief dat Hy nie sy eniggebore Seun teruggehou het nie, maar Hom oorgelewer het in ruil vir hulle. God wil aktief Sy liefde vir ons bewys en dit sien ons in wat Hy vir ons gedoen het met Sy kosbare Seun aan die kruis. Daar aan die kruis hang die magtige Een vir swakkelinge; die Godvresende vir goddeloses; die Regverdige vir onregverdiges; die kosbare Seun vir kinders van die toorn. Hierin sien ons die Vader se liefde vir ons.

Ons moet ook nie dink dat die Vader dit op die Seun af geforseer het teen die Seun se wil nie. Jesus het uit sy eie vrye wil ingestem om Sy lewe neer te lê vir Sy skape: "Niemand neem [My lewe] van my af nie, maar ek lê dit uit Myself af."[10] Jesus se wil en die Vader s'n is een en dieselfde.[11] Jesus het dus gewillig die vlamme van die hel aangedurf sodat gelowiges nie vir ewig verlore sal gaan en van Hom geskei sal wees nie. Jesus het die gelowiges so lief dat Hy, eerder as om sonder hulle te wees, die oordeel van die hel namens hulle verduur het. Gelowige, besef jy dit? Was jy al ooit in die teenwoordigheid van Iemand Wie se oë só van liefde brand dat Hy eerder die vlamme van die hel wou verduur as om sonder jou te wees? Dit is die Seun se liefde vir ons.

Laat ons nie nalatig wees oor die werk van die Heilige Gees nie. Die enigste rede hoekom 'n gelowige die liefde van die Vader en die Seun kan ken en beleef is omdat die Heilige Gees hom lief het. Die Heilige Gees is ook God – en God is liefde – en omdat God nooit ontrou in die optrede is aan sy wese nie, weet ons dat wanneer die Heilige Gees optree, hy dit ook uit liefde doen. In die Heilige Gees se liefdevolle werking troos Hy ons met die openbaring van die Vader en die Seun se liefde in hierdie verse; Hy giet God se liefde in ons harte uit. Dit is die Heilige Gees se liefde vir ons. Hierin ken en beleef gelowiges die liefde van die drie-enige God.

Ons sien hierdie liefdevolle werking van die Drie-eenheid weer in Rom. 8:26-39. Daar lees ons van die Heilige Gees se intrede vir gelowiges. Ons lees ook van Jesus se intrede as Hoëpriester namens God se volk. Verder lees ons van die Vader wat nie net Sy kosbare Seun verruil het vir ons goddelose mense nie, maar ook vir ons alles gee wat nodig is om in die geloof te bly.

---

*[8] Selfs van die mees vyandig gesinde mense, soos Bart Ehrman, erken dat die kruising van Jesus 'n historiese feit is. Ehrman sê, soos aangehaal deur White (2013:132): "one of the most certain facts of history is that Jesus was crucified on the orders of the Roman prefect of Judea, Pontius Pilate."*

*[9] Die Griekse woord is die werkwoord συνίστησιν wat van die stam συνίστημι af kom (Str. 4921).*

*[10] Joh. 10:18.*

*[11] Joh. 5:30; 10:30.*

Vanuit sy oneindige liefde is die drie-enige God aktief aan die werk om sy volk te red. Elke Persoon van die drie-eenheid sorg daarvoor dat gelowiges sal volhard.

Voor ons verder gaan, moet ons net weer vasstel hoekom God vir die gelowiges wil verseker van sy liefde soos ons hier in Rom. 5:8 hoor in die woorde "*bewys* Sy liefde tot ons." In die kruisiging van Jesus wys die Vader vir ons deur die verligtende werk van die Gees[12] dat God ons werklik lief het. Dit is 'n konkrete historiese feit. Daarom is God se liefde vir die gelowiges ook 'n konkrete feit. Dit moet gelowiges versekering gee dat ons "hoop ons nie sal beskaam nie." Omdat God ons so lief het, sal Hy seker maak dat ons bewaar word in die geloof. Hy sal ons alles gee wat nodig is om die aanslae van die Duiwel, die wêreld en ons eie sonde te weerstaan. Die liefde van God, soos dit geopenbaar word aan die kruis, is dan die gelowige se waarborg dat God hom nie sal laat gaan nie. Die Vader hou sy skape so styf vas in sy arms dat niemand hulle uit sy greep van liefde kan ruk nie.[13] Hiervan gaan ons nou verder bevestiging kry in die volgende verse.

**Rom. 5:9**

Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.

Wanneer ons die woord "dan"[14] sien, weet ons dat 'n stelling nou gemaak gaan word wat gegrond is in voorafgaande inhoud. Die woord "dan" sê vir ons dat Paulus nou 'n reeks vergelykings gaan tref wat verstaan moet word in die lig van God se liefde vir ons. God se liefde in die vorige verse is die basis waarom God die dinge sal doen wat in die volgende gedeelte gebeur.

Hier in verse 9 en 10 kry ons 'n gewilde argument wat rabbi's in daardie tyd gebruik het. Dit is 'n argument van 'n mindere na 'n meerdere toe of van 'n meerdere na 'n mindere toe. 'n Voorbeeld van 'n mindere na 'n meerdere argument is: as dit sondig vir 'n man is om selfs na 'n vrou kyk en haar seksueel te begeer, hoeveel te meer is dit nie sondig as hy 'n daad van owerspel met haar pleeg nie. Paulus gebruik hier in vers 9 egter die argument van 'n meerdere na 'n mindere.

Hier volg 'n illustrasie van hoe so 'n argument werk: Daar is 'n gesin in Suid-Afrika. Hulle is baie lief vir operas. Die pa van die gesin beplan om sy gesin te neem na 'n opvoering wat net eenkeer gaan plaasvind in Amerika. Dit is die beste opvoering wat hierdie gesin ooit sal sien in hul hele lewe. Die kaartjies is bitter duur, maar dit is waaragtig 'n eenkeer-in-'n-leeftyd

---

[12] *Dit is wat die Heilige Gees doen om te maak dat ons nie meer God se waarheid probeer verdraai, verander of ignoreer nie. Ons het in Rom. 1:18-32 geleer dat ons in ons sonde probeer om God se waarheid te onderdruk. Dit is slegs deur die werk van die Heilige Gees dat nie meer gebeur nie. Dit noem ons die verligtende werk van die Heilige Gees.*

[13] *Joh. 10:29.*

[14] *In die Grieks is dit οὖν/oen.*

gebeurtenis. Na ‘n lang gewik en geweeg besluit die pa tog om hierdie duursame kaartjies vir sy, nou baie opgewonde, gesin te koop. Almal is uit hul velle, hulle gaan die beste opera ooit kyk. Al wat nou moet gebeur is dat die tyd moet aanbreek vir hulle om Amerika toe te vlieg. Uiteindelik kom die dag wat hulle vlieg. Nog ‘n paar duur kaartjies – maar nie so duur soos die opera kaartjies nie – en hulle is in Amerika. Nou, die pa sal tog nie besluit dat die vliegkaartjies te duur is nie en daarom sommer net alles laat vaar nie. So, hulle vlieg. Daar aangekom, moet hulle by ‘n hotel inboek. Dit is duur, maar nie so duur soos die opera kaartjies nie. Nou, die pa sal tog nie besluit dat dit net te veel kos en alles laat vaar nie. Noudat hulle by die hotel ingeboek is, moet hulle nog ‘n kar huur om by die opvoering uit te kom. Dit is duur om die kar te huur, maar nie so duur soos die opera kaartjies nie. Nou, die pa sal tog nie besluit dat die kar te duur is en alles laat vaar nie. Almal is in die kar op pad na die opera. Die atmosfeer is ekstaties. Die kar moet geparkeer word. Dit kos ook geld, maar dit is nie so duur soos die kaartjies na die opera nie. Al hierdie moeite is nou net te veel en die pa is keelvol. Hy draai die kar net daar om, ry hotel toe, pak die tasse en vlieg sy gesin huis toe.

Wat? Dit is absurd! Natuurlik, as die pa so ‘n duur prys betaal het, sou hy sekerlik ook mooi beplan het en seker maak dat hulle die opvoering kan kyk. Hy gaan nie dat sulke klein nietighede maak dat hy al die geld en moeite verniet gemors het nie. As hy die duur opera kaartjies gekoop het, hoeveel te meer sal hy nie alles anders wat nodig is om die opera te kyk, ook voorsien nie.

As ons Vader in die hemel die duurste prys ooit betaal het, Sy kosbare Seun, om ons by Hom te bring, hoeveel te meer sal hy nie alles anders gee wat nodig is om ons by Hom te bring nie. Dit is die argument hier in verse 9 en 10. Ons Vader is nie soos een wat ‘n huis wil bou, maar nie mooi die kostes bereken het nie. Hy sal nie halfpad ophou bou nie. Nee, Hy beplan soos die Alwetende en as Hy ‘n huis bou, kry Hy altyd klaar. Hy het nie ‘n probleem met berekeninge nie, want Hy het die wette van orde geskryf. God bepaal die toekoms, daarom weet Hy ook presies wat dit inhou. Onverwags word Hy nie betrap nie, want Hy vang selfs die slinkste mense met hul eie strikke. Die Vader is so lief vir sy Seun dat Jesus se bloed nie verniet en tevergeefs gegiet is nie. Nee, hierdie tempel van gelowiges sal verrys totdat elke steen gelê is en Hy onder Sy volk kan woon en elkeen van Sy kinders by Hom is. Nie een van Sy skape sal deur wolwe verskeur word nie, maar elkeen sal veilig en in rus en vrede onder Sy sorg bly. As Hy ‘n goeie werk begin het, voer Hy dit enduit deur.

Hier in vers nege hoor ons ‘n meerdere na mindere argument. Dit begin met “veel meer” wat vir ons aandui dat hierdie ‘n argument van meerdere na mindere toe is. Die eerste stelling dien as die basis waarom die volgende stelling definitief gaan gebeur. In hierdie vers is die eerste stelling dat ons geregverdig is deur Jesus se bloed. God se oordeel teen ons is reeds weggeneem en ons is beklee met Jesus se geregtigheid deur geloof. Daar is geen meer rede hoekom die gelowige wat nou al geregverdig is, die toorn wat kom, hoef te vrees nie.

Ons weet dat daar 'n dag van toorn kom, want ons het dit al in Romeine 2:5 gelees. Die wat geregverdig is gaan egter in daardie dag geseën word met die volheid van die ewige lewe, soos ons in Rom. 2:6-7 lees. Die wat nog in hul sonde is, vir hulle gaan God se regverdige en heilige woede in volle gloed tref. Dit lees ons in Rom. 2:6 en 8. Hoe gaan 'n mens gered wees van daardie dag van toorn wat kom? Net as 'n mens geregverdig is in Jesus Christus deur die geloof. As jy 'n gelowige is, het jy niks om te vrees nie. As jy egter 'n ongelowige is, moet die aller donkerste vrees jou gryp in die hart en jou neergooi in sonde belydenis van jou rebellie teen die waardige Koning.

Die argument wat Paulus al voer van vers 3 af, kom nou weer op: "Maar wat as ek uit die geloof uit val? Kan ek my regverdigmaking verloor?" Soos ons in vers 4 geleer het, is die antwoord "nee." As God die goeie werk van 'n ware geloof in jou lewe begin werk het, sal Hy dit enduit deurvoer. Hy het ware gelowiges verseël met die Heilige Gees. Dit is deur die Heilige Gees dat Hy ons verseker van Sy vrywillige liefde in Sy Seun sodat ons oortuiging kan hê dat ons hoop, naamlik, dat God ons sal bewaar en bring in Sy volle heerlikheid in, ons nie sal beskaam nie. Hy sal ons, die ware gelowiges, ook red van die toorn wat kom. Hy sal nie toelaat dat enige van die verdrukkinge, waarvan ons in vers 3 gelees het, ons uit Sy liefdesgreep ruk nie. Al bring Satan die ergste vervolging van pyn en dood, die Heilige Gees sal maak dat ons nie die mens vrees wat die liggaam kan verniel nie, maar eerder Hom wat beide liggaam en siel kan vernietig in die hel.[15] Al kom die wêreld met die aantreklikste versoekings, die Heilige Gees sal oortuig dat Jesus meer begeerlik is as die hele wêreld saamgevoeg.[16] Al kom ons sonde met die strafste oorlog in ons ledemate, die Heilige Gees sal ons dryf om die sonde dood te maak.[17] Ja, ook al kom al die swaarste verdrukkinge van die wêreld gelyktydig, niks sal ons van die liefde wat die Vader vir ons in Christus het, skei nie.[18] Ons sal nie uit die geloof uitsak nie. Ons is meer as oorwinnaars; nie omdat ons so goed is nie, maar omdat Hy ons so lief het. Omdat Hy ons lief het, sal ons hoop ons nie beskaam nie. Ons sal ook gered word van die toorn wat kom, te midde van alles wat ons geloof wil verpletter en ons geregtigheid steel.

**Rom. 5:10**

Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.

In hierdie vers het ons weer te make met 'n "veel meer" argument. Vers 10 stel basies weer dieselfde argument as vers 9, net in ander woorde. As God die duur prys van sy Seun betaal het, sal Hy definitief ook sorg dat ons veilig tuis kom by sy heerlikheid. Vroeër was ons God se "vyande." In ons sonde was Hy ons ook vyandig gesind. Nou, deur Jesus se volmaakte werk aan die kruis, is God ons nie meer vyandig gesind nie – Hy is ons goedgesind. Ons is "versoen"

---

*[15] Mat. 10:28.*
*[16] Mat. 13:44; Mar. 8:35-36.*
*[17] Rom. 8:13.*
*[18] Rom. 8:39.*

met Hom. Ons het weer verhouding met Hom. In waarheid, ons is nou sy kinders.[19] Hy gaan nie teen ons werk nie, maar vir ons.[20] As Hy, die Almagtige vir ons is, wie kan teen ons wees? Niemand nie. Niemand sal die Almagtige se planne in die wiele kan ry nie.

Hierdie vers het egter ook nog 'n belangrike element in. Hier word spesifiek genoem dat ons gered word "deur sy *lewe*." Jesus was dood aan die kruis. Is ons nie juis deur sy dood gered nie? Ja ons is. Ons is gered van God se toorn omdat ons aan Sy offer deel het deur geloof. Die vraag hier is egter, wat gaan jou red van al die verdrukkinge wat jou geloof wil vernietig? Want, as jy jou geloof verloor het, is jy nie 'n gelowige nie en is jy ook nie geregverdig nie. Dit is 'n vreesaanjaende gedagte, maar die antwoord is "ons word deur sy lewe gered." Deur sy lewe sal Jesus die gelowiges daarvan bewaar om uit die geloof te val.

Ons moet egter vra, "wat doen Hy nou dat hy nie meer dood is nie?" Hy het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God in die allerheiligste teenwoordigheid van God as ons Hoëpriester. Ons kry hierdie selfde argument weer in Rom. 8:34. Jesus tree vir ons op grond van sy dood in terwyl Hy lewe. Met ander woorde, as ons Hoëpriester bid Hy vir ons op grond van die offer wat hy gebring het. Hier is drie dinge in Jesus se hoëpriesterlike werk waarop ons moet let: (1) Hy is 'n mens net soos ons, (2) Die Hoëpriester is in die allerheiligste teenwoordig en (3) Hy tree in. Ons gaan baie bondig na hierdie drie punte kyk.

(1) Jesus het waarlik mens geword in alle opsigte.[21] Ons lees in Hebreërs 2:14 dat Hy dit gedoen het spesifiek ook met die doel sodat Hy ons sondes op Hom kan neem, die dood daarvoor sterf en God se toorn daaroor tot bedaring bring.[22] Jesus se menswording was met die doel om Hom aan mense te bind en hulle te red. In Jesus se menswording het hy homself tot so 'n noue eenheid gebind met die gelowiges dat hulle sondes syne word en sy geregtigheid hulle s'n word. Dit noem ons eenheid met Christus. Jesus se menswording moet dus gesien word saam met gelowiges se eenheid met Christus. Wanneer ons dus dink aan Jesus ons Hoëpriester wat waarlik mens geword het, moet ons ook dink aan ons eenheid met Hom. En hierdie band kan ook nie gebreek word nie, want Jesus red volkome.[23]

(2) Hierdie binding van Jesus aan die gelowiges sien ons ook in die hoëpriester onder die ou bediening van die verbond. Die hoëpriester het spesiale klere gedra wat gemaak is net vir sy werk. Onder andere, moes hy twee stene dra wat vasgewerk is op sy skouerkleed. Op hierdie

[19] *Rom. 8:15.*
[20] *Rom. 8:31.*
[21] *Die leerstelling van die twee nature van Christus (hipostatiese eenheid) kan nie nou deeglik verklaar word nie. Hier is kortliks 'n opsomming: Addisioneel tot Sy volkome goddelike natuur, het die een persoon, Jesus, ook 'n volkome menslike natuur aangeneem. Die een persoon Jesus het dus twee nature wat onderskei word van mekaar, maar nie geskei word van die een Persoon nie. Die een persoon Jesus deel ten volle in die twee nature, maar tog word die nature nie met mekaar vermeng nie. Sien die belydenis van die kerk in die belydenisse van Athanasius en van Chalcedon. Vir 'n verdere verklaring daarvan lees Oliphint (2012:133-178).*
[22] *Heb. 2:17.*
[23] *Heb. 7:25.*

twee stene was die name van die twaalf stamme van Israel gegraveer. Dit was sodat die hoëpriester "hulle name op sy twee skouers dra voor die aangesig van die Here om hulle in gedagtenis te bring."[24] Die hoëpriester bring as't ware die volk in die allerheiligste teenwoordigheid van die Here in. Jesus ons Hoëpriester het met sy vleeswording ons met hom verbind sodat wanneer Hy nou in die hemel is na sy menslikheid, word dit van ons gesê dat ons saam met Hom daar sit.[25] Hy het ons ook in die allerheiligste van God ingedra.

Onder die ou bediening van die verbond kon die hoëpriester nie in die allerheiligste bly nie. Hy het een keer 'n jaar ingegaan op die dag van versoening,[26] maar mag nie daar bly nie, want hy is sondig en die volk wat hy verteenwoordig is ook sondig. En ons weet dat God nie sonde duld nie. Daarom kon die hoëpriester werklik sterf as hy nie geheilig is nie.[27] Vervolgens wys die feit dat die hoëpriester nie in die allerheiligste mag bly nie ook dat die offers wat gebring was, nie die offers is wat bedoel is om sondes werklik weg te neem nie.[28] Die onvolmaakte offers het slegs heengewys na die volmaakte offer wat kom. Soos 'n skaduwee bevestig dat daar 'n substans is, so wou die Here vir sy volk deur die skaduwee van die onvolmaakte offers bevestiging gee van die volmaakte offer wat kom.[29] Jaar na jaar is die hoëpriester en die volk van hierdie feit herinner as die hoëpriester die spatsels van die ou bloed sien wat al op die versoendeksel hard geword het.

Die volmaakte offer het wel gekom in die vlees van Jesus. Die feit dat Jesus se offer volmaak is, word vir ons bevestig dat hy nou in die ware allerheiligste van God ingegaan het. Dit het Hy ook gedoen met sy menslike vlees.[30] Nie alleen het Jesus net in die ware allerheiligste ingegaan nie, maar Hy bly ook daar. Nee, Hy sit[31] daar, want sy offer het bereik wat dit moes, die sondes is vergewe.[32] Hy kan daar bly sit, en lewendig bly, want God is nie toornig teenoor Hom en die volk wat Hy verteenwoordig nie. Hy sit, want God het sy offer aanvaar. Dit is egter nie net Jesus wat daar sit nie, maar ons ook omdat ons deur ons Hoëpriester verteenwoordig word.[33] Besef jy dit gelowige: deur jou eenheid met Jesus is jy in die volle teenwoordigheid van God. En hy laat jou toe om daar te bly! Nie net mag die gelowiges daar bly nie, maar hulle sal ook daar bly, want Jesus aan wie hulle gebind is, bly daar tot in ewigheid.

(3) Terwyl Jesus lewe in die volle teenwoordigheid van die Vader as ons Hoëpriester is, bid hy vir die gelowiges. As Hoëpriester weet hy ook waarvoor om te bid. Hy het medelye met ons.[34]

---

[24] *Eks. 28:12.*
[25] *Ef. 2:6; Kol. 3:3.*
[26] *Lev. 16:34.*
[27] *Eks. 28:35.*
[28] *Heb. 10:1.*
[29] *Heb. 10:1.*
[30] *Heb. 6:19-20.*
[31] *Dit is in kontras met die priesters volgens die orde van Levi wat moes staan (Heb. 10:11).*
[32] *Heb. 19:12.*
[33] *Ef. 2:6.*
[34] *Heb. 4:15.*

Omdat Jesus hom tot so 'n noue eenheid gebind het met gelowiges, het hulle sonde werklik op Hom neergekom. Hy het die straf daarvoor gedra. Hulle pyn as gevolg van sonde, het Hy aan die kruis tot die uiterste toe beleef; Hy is totaal afgesny van God se seënende teenwoordigheid. Hy was net soos ons honger en dors. Net soos ons was Hy hartseer. Hy het ook geliefdes aan die dood afgestaan. Vyande het hom konstant lastig geval. Satan het Hom ook versoek. Sy naby vriende het hom ook verraai. Sy Vader het hom ook verlaat. Hy het ook donker dieptes beleef, inteendeel, Hy het tot die donkerste dieptes toe weggesink. O, Hy ken ons smart! Hy ken dit meer intiem as wat ons ooit sal. Hy weet hoe ons voel. Daarom weet Hy waarvoor om te bid. En wanneer Jesus bid, word Hy altyd verhoor.[35] Ons is in veilige hande; dit is die hande waarin die spyker merke as bewys van sy liefde vir ons is. Hy sal sorg deur sy gebede dat ons alles ontvang wat ons nodig het om bewaar te word in die geloof. Só red Hy ons deur sy lewe. Jesus red volkome.

[35] *Joh. 11:42.*

## 6. Roem in God

**Vers 11**

En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur onse Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het.

Hier kry ons weer dieselfde frase as wat ons in vers 3 gekry het: “en nie alleen dit nie.” In vers 3 het die “dit” daarna verwys dat ons roem in die hoop op die heerlikheid van God. Gelowiges is bly oor die volheid van die ewige lewe wat vir hulle wag. Vers 3 het egter vir ons geleer dat gelowiges nie net bly is in die hoop op die heerlikheid van God nie, maar ook roem in die verdrukkinge. Dit is omdat deur middel van die verdrukking die egtheid van ons geloof sigbaar word. Hierdie besef van die egtheid van geloof bewerk hoop, want ware geloof is ‘n geskenk van God. Wanneer God so ‘n geskenk gee, ‘n goeie werk begin het in iemand, voer Hy dit enduit deur. Verder, van vers 5 af, het ons geleer dat die hoop, dat God die geloof van sy kinders bewaar, glad nie die gelowiges sal beskaam nie. Nee, God het hulle so lief, Hy sal hulle nooit laat gaan nie. Hy sal alles gee wat nodig is, sodat hulle veilig by sy heerlikheid uit kom. Dit is om hierdie rede dat Paulus met ‘n jubelende hart sê: “ons roem ook in God.”

Ons roem nie net in die hoop op die heerlikheid nie. Ons roem nie net in die verdrukkinge nie. Ons roem veral ook in God. Hy is ons Kampioen en Hy sal ons nie laat skaam staan nie. Hy sal ons nie teleurstel nie. Hy is nie soos Goliat van die Filistyne nie. Hy is nie soos ons eie nietige kragte nie. Hy is nie soos ons nietige pogings tot regverdigmaking nie. Nee, Hy is ons Vader in die Hemel; die Almagtige. Ons roem in Hom, want Hy het ons geregverdig in Jesus se bloed. Hy het ons geloof gegee. Hy het ons vrede gegee. Hy het ons hoop gegee. Hy bewaar ons geloof. Roem in Hom, gelowige, roem in Hom alleen!

## Appendix A: Jakobus 2:14-26

Omdat dit maklik is om Jakobus 2:14-26 verkeerd te verstaan, is hierdie moeilike teks een van die tekste wat al die meeste misbruik is in die geskiedenis om valse leer te regverdig. Gevolglik het hierdie teks baie teologiese bagasie. My doel is egter nie om al die bagasie uit te pak en te evalueer nie; daar is talle ander werke wat dit in meer detail doen.[1] Ek gaan bloot vers-vir-vers deur die teks werk en vanuit die onmiddelike konteks wys hoe ‘n mens dit behoort te verstaan.

Ons kan sommer dadelik die skynbare probleem van hierdie teks besigtig. Vanuit ons studie uit Romeine het ons geleer dat ‘n mens voor God “geregverdig word deur geloof sonder die werke van die wet,”[2] maar hier in Jakobus 2:24 lees ons iets wat lyk soos ‘n blatante teenstrydigheid teen dit wat Paulus leer: “Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?” Paulus sê ‘n mens word geregverdig deur geloof alleen, sonder werke - dit lyk of Jakobus sê ‘n mens word geregverdig nie net uit geloof nie, maar ook saam met goeie werke. Is dit dat Jakobus en Paulus verskillende evangelies verkondig het? As hulle verskillende evangelies verkondig het, wat presies die teenoorgestelde van mekaar sê, kan albei tog nie waar wees nie? As een van hulle vals is, hoekom is dit in die Bybel? Want God kan tog nie lieg nie en kan homself ook nie weerspreek nie. Hy sal tog nie op een plek een ding sê en op ‘n ander plek presies die teenoorgestelde sê nie.

As Jakobus werklik aangaande die regverdigmaking iets leer wat van Paulus verskil, met ander woorde, as daar ‘n teenstrydigheid is, kan beide nie God se woord wees nie. Ons weet laasgenoemde opsie is vals. Die waarheid hierteenoor is ons weet dat beide God se woord is, en omdat God nie kan lieg en homself so kan weerspreek nie, daar nie sulke teenstrydigheid in die Bybel kan wees nie. Die gevolg hiervan is dat wanneer dit vir ons lyk of daar ‘n teenstrydigheid is, beteken dit dat ons die teks nog nie genoeg bestudeer het nie en daarom nog nie ‘n diep genoeg begrip daarvan het nie. Dit is dan ook hoe ons hierdie teks gaan benader. Omdat Jakobus deel van God se woord is, net soos Paulus se briewe, weet ons daar kan nie teenstrydigheid wees nie. Ons sal ‘n dieper studie moet maak van Jakobus om hom reg te verstaan.

Van die staanspoor af kan ons sommer weet dat drie woorde in hierdie studie van Jakobus 2:14-26 baie belangrik gaan wees. Hierdie drie frases kom voor in ons aanhalings van Paulus in Rom. 3:28 “Ons neem dus aan dat die mens *geregverdig word* deur die *geloof* sonder die *werke* van die wet”, en in Jakobus 2:24 “Sien julle dan nou dat die mens *geregverdig word* uit die *werke* en nie alleen uit die *geloof* nie?” Die drie frases is “geregverdig word”, “die werke”

---

*[1] Sien, byvoorbeeld, Floor (2005:92-105) vir meer hieroor.*

*[2] Rom. 3:28.*

en "die geloof". Ons sal binne die konteks van Jakobus kyk hoe hy hierdie drie frases gebruik. Ons gaan sommer dadelik in die teks inspring. Goeie kommentare kan gebruik word om 'n beter begrip vir die konteks van Jakobus te kry, maar dit is nie vir ons huidige studie geoorloof weens tyd nie.

> [14]Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die
> werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie? [15]As daar nou 'n broeder of suster naak
> is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, [16]en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen
> in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig
> is nie — wat baat dit? [17]Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself
> dood. [18]Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof
> apart van jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon. [19]Jy glo dat God één
> is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder. [20]Maar wil jy weet, o nietige
> mens, dat die geloof sonder die werke dood is? [21]Is Abraham, ons vader, nie uit die
> werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? [22]Sien jy dat die
> geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die
> werke? [23]En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot
> geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem. [24]Sien julle dan nou dat die
> mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie? [25]En is Ragab,
> die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en
> met 'n ander pad weggestuur het nie? [26]Want soos die liggaam sonder gees dood is,
> so is ook die geloof sonder die werke dood.[3]

---

[3] *Ek het een aanpassing gemaak aan die OAV by vers 18. Die oorspronklike lees "Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke.* ***Toon my jou geloof uit jou werke****, en ek sal jou uit my werke my geloof toon." Die vetgedrukte deel is waaraan ek verander het. Eerder as "toon my jou geloof uit jou werke" interpreteer ek die teks as "****toon my jou geloof apart van jou werke****". Ek het hier vanuit die Textus Receptus (TR) gewerk, aangesien die OAV daarvan af vertaal is en hier 'n verskil is tussen die TR en die eklektiese tekste (soos NA 28). Ander vertalings vanaf die TR is, byvoorbeeld, die KJV en die Statenvertaling. Die Statenvertaling se interpretasie stem ooreen met die OAV: "Maar, zal iemand zeggen: Gij hebt het geloof, en ik heb de werken. Toon mij uw geloof uit uw werken, en ik zal u uit mijn werken mijn geloof tonen." My interpretasie van die teks stem weer eerder ooreen met die KJV: "Yea, a man may say, Thou hast faith, and I have works: shew me thy faith without thy works, and I will shew thee my faith by my works." Die rede vir die verskil in interpretasie op hierdie vers is die frase "δειξον μοι την πιστιν σου εκ των εργων σου" waar die verskil lê by die verstaan van die voorsetsel ἐκ. Die voorsetsel kan of verstaan word om die bron (m.a.w. dit is hoe jy sal weet dat die persoon geloof het; soos die OAV dit interpreteer) aan te dui of om verwydering aan te dui (m.a.w. die persoon moet sy geloof probeer wys sonder om werke te doen; soos die KJV dit interpreteer). In die konteks moet ons dit eerder verstaan as die laasgenoemde interpretasie, aangesien die denkbeeldige opponent volhou dat 'n ware geloof kan bestaan sonder werke en Jakobus van andere oortuiging is. Jakobus wil juis vir die opponent wys hoe dwaas die opponent se stelling is dat daar so iets is soos 'n ware geloof sonder werke. Daarom daag Jakobus die opponent uit om sy geloof te wys sonder werke en Jakobus sal uit sy werke vir die opponent wys dat hy geloof het. Die opponent sal sien dat hy geloof het. As 'n mens die interpretasie volg soos die OAV, doen dit afbreek aan Jakobus se redenasie en klink dit asof daar geen verskil tussen Jakobus en die opponent is nie (daar is tog 'n verskil en die verskil lê daarin dat een werke het en die ander een nie). Die OAV interpretasie gee voor dat die opponent ook werke het om sy geloof*

## Ware sekerheid van saligheid

Jakobus fokus in sy brief baie op die praktiese uitleef van die geloof in Jesus Christus. Die veranderde lewe van die gelowiges moet getuig van die krag van die evangelie wat in hulle aan die werk is. Dit is natuurlik omdat die evangelie kragtig is om te red en 'n mens se lewe radikaal te verander om nou eer aan God te bring. In hierdie brief rig Jakobus 'n sterk vermaning aan sy gelowige broers om te onthou waartoe hulle geroep is wanneer hulle nou aan Jesus se verlossing deel het. Hulle lewe kan nie meer soos die wêreld s'n lyk nie en ook kan hulle nie meer aan hulle vorige gewoontes vasklou nie. Die sonde moet uit hul lewens verwyder word en gehoorsaamheid aan God moet al hoe meer posvat. Hulle kan nie meer tot God bid asof hulle twyfel in sy goedheid nie, maar God aanroep as hul Vader wat die gewer is van elke goeie gawe en geskenk. Hulle kan nie meer hulle vreugde in hulle rykdom soek nie, maar eerder om die behoeftiges daarmee te help. Hulle moet nie meer hulle waardigheid daarin vind om met vername mense geassosieer te word nie, maar hulle moet, net soos God, uitreik na die swakkes. Hulle moet leer om hulle tonge in toom te hou. Hulle moet leer wat ware godvrugtige, praktiese wysheid is wat weet hoe om in die situasie op te tree sodat God se naam verheerlik word. Die dinge waarin hulle vroeër vreugde en vervulling gevind het, moet hulle ver van hulself verwyder en hulle moet eerder hulle vreugde daarin vind om God te dien.

In die middel van hierdie brief is dit egter waar Jakobus die hardste praat met die kerke aan wie hy skryf. Dit is ook hierdie gedeelte waarop ons aandag in hierdie studie gefokus is. In hierdie gedeelte wil Jakobus dat elke mens, wat homself 'n Christen noem, ernstig oor sy eie lewe moet besin. Daar is een vraag wat klokhelder lui wanneer mens hierdie gedeelte bestudeer: "Is ek gered?" en dit sal beantwoord word as mens kan bevestig of jy 'n ware of 'n valse gelowige is. Waar jy ewigheid gaan spandeer hang van die antwoord op hierdie vrae af. As jy 'n valse gelowige is, het jy geen beter vooruitsig vir ewigheid as die duiwels self nie. As jy 'n ware gelowige is, is jy so geseënd soos Abraham. Hierdie gedeelte gaan dus baie sterk oor die sekerheid van saligheid. Met ander woorde, dit gaan daaroor of jy seker kan wees en hoe jy kan seker wees dat jy werklik gered is.

Om Jakobus 2:14-26 te verstaan is die voorafgaande konteks van groot belang. In Jakobus 1:19-27 verduidelik Jakobus wat ware godsdiens is, naamlik om swakkes te help en jouself van die besoedeling van die wêreld te bewaar. Daarna vermaan Jakobus, 2:1-13, die gemeentes omdat daar aanneming van die persoon onder hulle is.[4] Hierdie aanneming van

---

*mee te toon, alhoewel die opponent nou net gesê het dat hy nie werke het nie. Daarom doen ons weg met daardie interpretasie en volg die KJV s'n.*

*[4] Dit is wanneer 'n mens op die uiterlike beoordeel en beoordeel wil word. Aanneming van persoon beteken dat jy 'n seker voorkeur het tot sekere mense. Die voorkeur in hierdie gemeentes was om hulself eerder met ryk en vername mense te assosieer as mens die arm swakkelinge. Hulle het hierdie voorkeur om met welgestelde mense*

die persoon, ten koste daarvan om die swakkes te beskerm, bewys dat hulle nie besig is met ware godsdiens nie. Hulle moet ernstig besin oor dit waarmee hulle besig is. Jakobus sluit hierdie vermaning egter met 'n baie streng waarskuwing af: "Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie". Met ander woorde, vir die persoon wie se lewe nie verander het nie is daar nie barmhartigheid en genade nie. Daardie persoon se sondes is nie vergewe nie en is steeds onder God se oordeel en dit sal sonder een enkele krieseltjie barmhartigheid op hom losbars.

Hier moet egter nie 'n misverstand insluip nie. Dit is nie die geval dat die persoon eers moet verander en barmhartigheid bewys aan swak mense voordat God genade aan hom sal bewys nie. Dit sal nie genade in die eerste plek wees nie, maar 'n betaling vir die goeie werke (sien ons behandeling hiervan in Rom. 3:19-28 onder die opskrif *Regverdigmaking is genade*). Genade en barmhartigheid moet genade en barmhartigheid bly. Ons moet hierdie frase anders verstaan. Hierdie praat tog met die veronderstelling dat iemand wie se lewe verander het nou God begin gehoorsaam. Ons weet dat 'n onwedergebore persoon nie in staat is om God te gehoorsaam nie. Ons weet ook dat 'n onwedergebore persoon nie deel aan Jesus het nie. Omdat die persoon nie deel aan Jesus het nie, kan sy lewe nie verander nie en kan hy nie God gehoorsaam nie. "Want" soos Jesus sê: "sonder My kan julle niks doen nie."[5] Lewensverandering word dus voorafgegaan om aan Jesus deel te hê. Of andersom, wanneer 'n mens aan Jesus deel het, sal jou lewe vir seker verander.[6] Wat Jakobus dan hier sê is dat die persoon wie se lewe verander het om nou aan God gehoorsaam te wees, verseker kan wees dat hy barmhartigheid ontvang en dat sy sondes vergewe is, want hy het reeds aan Jesus deel. Die gelowige se gehoorsaamheid aan God verseker nie dat hy barmhartigheid sal ontvang op grond daarvan nie. Die gelowige se gehoorsaamheid aan God gee eerder bevestiging en troos dat hy reeds aan Jesus deel het. En as hy aan Jesus deel het, beteken dit dat Jesus reeds al sy sondes gedra het en dat daar geen meer veroordeling vir die gelowige oor is nie. Jesus se volmaakte werk aan die kruis is en bly altyd alleen die gronde vir ons verlossing. Vir die persoon wat wel nou nie aan Jesus deel het nie, wat bevestig word deur sy gebrek aan gehoorsaamheid aan God, is daar geen barmhartigheid in die vooruitskouing van oordeelsdag nie. Want daar is geen ander gronde vir verlossing as net Jesus nie; G'n Jesus, geen verlossing. Dit is nou as die persoon daarin volhard om Jesus te vermy en nie homself aan Jesus oorgee nie.

Hierdie harde woorde van Jak. 2:13 het verdere verduideliking nodig en dit is presies wat Jakobus nou in 2:14-26 doen. Hy gaan nou verduidelik wat 'n ware geloof en 'n valse geloof is, sodat 'n mens die belangrike vraag kan beantwoord: "Is ek werklik gered?"

---

*geassosieer te word, want hulle verlang na die eer wat daarmee saam kom. Hulle is eintlik hoogmoedig in hulle harte.*

[5] *Joh. 15:5.*

[6] *Wanneer 'n mens aan Jesus deel het is jy 'n nuwe skepsel (2 Kor. 5:17 en Gal. 6:15). Die Christen is nou radikaal ander as die wêreld.*

## Die nutteloosheid van ‘n sê-so-geloof

**Jak. 2:14**

Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?

Die vraag “wat baat dit” bring vir ons dadelik die gedagte op dat iets op die spel is. Iets kan jou baat of dit kan nikswerd wees nie. In hierdie geval is die ding wat kan baat of nie hier ter sprake ‘n sê-so-geloof. Dit is iemand wat sê dat hy glo, maar dit bly by praat. Daar is geen werke wat wys dat hy dit glo wat hy sê nie. Wat bereik so ‘n sê-so-geloof vir die persoon? Jakobus beantwoord sy eie retoriese vraag met nog ‘n vraag. Die laaste vraag in die vers is egter nie ‘n retoriese vraag nie, maar dit is ‘n vraag wat ‘n negatiewe antwoord verwag. Ons kon dit ook vertaal met “so ‘n geloof kan hom tog nie red nie, kan dit?”. Met ander woorde, Jakobus se antwoord is dat so ‘n sê-so-geloof nikswerd is nie: daardie persoon is nie gered nie. Hy is daardie persoon van vers 13 wat geen barmhartigheid gaan ontvang nie, want hy het geen barmhartigheid getoon nie.

Hier sien ons klaar ten minste een manier hoe Jakobus die woord geloof gebruik in hierdie gedeelte: Dit is ‘n geloof wat net kennis is en geverbaliseer kan word met ‘n valse belydenis, maar dit gaan nie gepaard met dade van vertroue nie (soos ons later in die voorbeeld van Abraham se lewe sal sien). Dit is ‘n valse weet-van-geloof wat net kennis het, maar geen vertroue nie. Hierdie sê-so-geloof het inhou maar geen oorgawe aan daardie inhoud nie. Ons moet hierdie gebruik van Jakobus van die woord “geloof” in gedagte hou terwyl ons deur die teks werk. Jakobus gebruik die woord “geloof” as net kennis sonder vertroue wat bevestig word deur dade. Ons sien nou dat Jakobus van Paulus verskil in die manier hoe hy die woord “geloof” hier gebruik (Paulus het in Rom. 3:19-28 die woord “geloof” gebruik as kennis en vertroue). ‘n Mens gebruik soms een woord om na verskillende dinge te verwys. Ons moet altyd vanuit die konteks duidelikheid kry hoe die woord gebruik word.

Dit is ook opvallend dat Jakobus baie neerhalend praat van hierdie sê-so-geloof wat net kennis is en nie gepaard gaan met dade van vertroue nie. Hier in vers 14 sien ons dat hy eintlik sê dat dit nikswerd is nie, want dit baat nie die persoon nie. Die persoon wat ‘n sê-so-geloof het, het nie redding nie.[7] In vers 17 en 26 noem hy so ‘n geloof dood. In vers 19 word dit duidelik dat dit maar dieselfde tipe geloof is as wat die duiwels het. Natuurlik is dit dan geen goeie ding nie. Dit is eerder gevaarlik. Dit is so gevaarlik dat baie mense met hierdie valse tipe geloof

---

[7] *Terloops, wanneer Jakobus hier praat van redding het hy die ewige redding van God in gedagte. Dit is nie maar net ‘n tydelike nuttigheid waaruit iemand voordeel put nie. Dit is omrede die redding waarvan hier gepraat word, gekoppel is aan geloof en die geloof waarvan daar hier gepraat word, word met Abraham en Ragab se geloof vergelyk van wie ons weet dat hulle reddende geloof gehad het wat bewys dat hulle ewige saligheid het (sien Heb. 11:17 en 37).*

‘n valse versekerdheid oor hulle redding het. Daarom kan Jakobus hierdie gevaarlike geloof nie verdra nie, want mense wat hulself so flous, gaan ewig verlore. Hulle is verlore! Dit is hierdie mense wat verbaas gaan wees daardie lieflike dag wanneer Jesus weer terugkom en oordeel:

> [21]Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. [22]Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? [23]En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk![8]

Ongelukkig is dit ook so dat baie mense in ‘n lui sluimer op die donker stroom van dooie ortodoksie rustig voort dryf na die hel. As die lou-warm Christen tog net sal ag slaan op die groot gevaar waarin hy verkeer! Moenie ‘n valse sekerheid van jou saligheid koester nie. Sorg dat sulke leuens saam ‘n gesplete tong jou nie aan die slaap sus nie. Moenie so roekeloos met jou siel omgaan nie. Waarom sal jy eerder ewig verlore gaan as om nou van jou gemaksug te bekeer en jou lewe aan Jesus oorgee en ewig saam met Hom lewe?

**Jak. 2:15-16**

As daar nou ’n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie — wat baat dit?

In hierdie twee verse gee Jakobus nou ‘n voorbeeld om te demonstreer hoe nutteloos dit is om net iets te sê, maar nie dit met jou dade bevestig nie. Deur net iets te sê beteken nie dat dit so is nie. Jakobus skets vir ons die nutteloosheid van ‘n sê-so-geloof met arm mense wat by ‘n gemeente aankom. Hulle klere is vol gate en die gedeeltes wat nog skaflik lyk, is die lappies waarmee hulle ou gate die vorige winter mee toegewerk het. Boonop is hulle so honger mens kan dit sommer sien. Hulle mage grom, hulle wange is ingesink en hulle liggame benerig. Hulle loop stadig, want hulle is al swak. Gestel nou iemand kom met ‘n warm glimlag na hulle aangestap en met die mees beleefde stemtoon wat drup van barmhartigheid streel hy arme mense se ore: “gaan heen in vrede, word warm, word versadig”. Die persoon spreek sy begeerte uit dat die mense beter word. Dit lyk asof hy hulle belange op sy hart het. Die arm mense se hoop lig. Hulle oë begin vir ‘n klein oomblik weer straal en hulle harte begin vinniger klop sodat daar bloed na hulle mage kan gaan. Hulle gaan kos kry. Die opwinding is egter van korte duur. Ongelukkig het hulle onnodig van hul kosbare energie gemors, want hulle word geen kos aangebied nie en niks warm klere word oor hulle gegooi nie. Hulle het koue skouer gekry. Nou is dit duidelik dat die vriendelike persoon nie werklik die begeerte gehad het dat hulle kos moes kry of warm word nie. Dit was ‘n skyn-begeerte. As die persoon werklik dit

[8] *Mat. 7:21-23.*

begeer het, sou hy plan gemaak het en hulle gehelp het. Wat baat dit? Niks nie. Dit het niemand gehelp nie. Dit het eintlik net meer skade gemaak. Dit is nutteloos.

**Jak. 2:17**

Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.

Hier voltooi Jakobus sy demonstrasie van die vorige twee verse. Net soos die vriendelike persoon wat sy skyn-begeerte vir die arm mense se gesondheid uitgespreek het, is 'n sê-so-geloof 'n valse belydenis. Jy kan met 'n glimlag sê dat Jesus jou enigste Verlosser is, maar steeds probeer jy om jouself te red. Jy sê met groot kundigheid dat Jesus se geregtigheid jou waardig voor God maak, maar steeds probeer jy God se goedgesindheid wen deur jou eie goeie werke. Jy kyk neer op mense wat nie kerk toe gaan nie, maar bewaar die predikant wat jou net vyf minute langer as gewoonlik voor die aangesig van die Here in die prediking bring. Jy sê Jesus is jou goeie Herder, maar laat sy spore nou net deur 'n donker vallei van lyding loop en hy is nie meer waardig om gevolg te word nie. Jy sê jy is Jesus se dissipel, maar jy wil nie by Hom leer nie. Jy sê dat God se wet vir jou kosbaar is, maar jou gedagtes is bandeloos. Jy sê Jesus is jou skat, maar Hy moet net nie van jou verwag om jou geld vir Sy koninkryk te gebruik nie. Jy sê Jesus is jou vreugde, maar jy raak geïrriteerd wanneer Hy van jou verwag om "iets lekkers" ter wille van Hom op te gee. Jy sê Jesus is jou rus, maar dis vir jou uitputtend om in sy teenwoordigheid te wees. Jy sê jy is lief vir Jesus, maar jy verlang meer na mense se liefde as na Syne. Dit is geveinsde valsheid. Moenie jouself so flous nie.

Die toets vir die opregtheid van woorde is die gepaste dade daarmee saam. As jy sê jy is 'n vriend van iemand, sal dit vreemd wees as jy hom nie help wanneer hy in nood is nie. Daardie persoon mag dalk met goeie rede betwyfel of jy werklik sy vriend is. Daarom sien mens ook in swaar tye wie werklik jou vriende is en wie nie. Wat help dit jy sê herhaaldelik dat jy iemand lief het, maar jou dade wys herhaaldelik dat jy nie omgee nie. Die persoon kan met reg jou bedoelings betwyfel. Nou, ons weet dat ons mense swak en sondig is. Ons doen nie alles perfek en ook nie soos ons altyd graag wil nie. Dit is egter net nog meer bewys hoe nodig ons Jesus se verlossing het. Dit is nou wel die geval dat wanneer Jesus iemand red, dat Jesus hom werklik red en 'n nuwe skepsel maak. Sonder Jesus kan ons niks doen nie, maar met Jesus kan en sal ons werklik begin om 'n lewe te leef wat gehoorsaam aan God is. Natuurlik is dit nie perfek nie, ware gelowiges sondig nog.[9] Dit is wel die geval dat ware gelowiges nie sonde duld nie.[10] Omdat die Heilige Gees wat hulle, nie net nuwe lewe gegee het nie, maar ook nou in hulle bly, word hulle al meer heilig gemaak deur die loop van hulle lewe.[11] Dit is om hierdie rede dat Paulus ook kan sê dat mense wat die Heilige Gees het werklik vrug dra, al is hulle nie perfek nie, maar die vrug is daar.[12] Daarom kan Jesus ook sê dat jy 'n boom ken aan sy vrugte.

---

[9] *1 Joh. 2:1-2.*

[10] *Rom. 8:12-13; 1 Joh. 3:3.*

[11] *Rom. 6:22; 1 Tes. 4:7-8.*

[12] *Gal. 5:22.*

Dit is ook met hierdie voorveronderstelling, dat mense wat gered is, se lewens verander, waarmee Jakobus werk.

Ek kan hierdie nie genoeg beklemtoon nie. Omdat die werk van die drie-enige God ‘n realiteit in hierdie wêreld is, kan jy dit sien. Dit is werklik. Elke dag loop daar wonderwerke voor die oë van mense en engele rond: Mense wat vroeër dood was in hulle sonde en nie God kon behaag nie, word lewendig vir God. Mense wie se harte vroeër kliphard was teenoor God, kry nou harte van vlees wat warm van liefde vir Hom klop. Mense wie vroeër nie kon begryp wat so wonderlik is aan die evangelie nie, word behep daarmee, dit is al waaroor hulle wil praat. Mense wat vroeër onheilig gelewe het, wil nou heilig wees soos die Here heilig is. Selfvoldane fariseërs wat trots rondloop en met hulself spog word leergierige dissipels wat net oë en ore vir Jesus het. Die Here is wonderlik genadig oor ons dooie sondaars!

Ons moet wel nou onthou dat Jakobus nie besig is om te vra waar geloof vandaan kom nie, hy is besig met die vraag of daar ware geloof in die persoon se lewe teenwoordig is. Hy wil nie nou weet vanwaar dit kom nie, maar of dit wel daar is. Dit is egter belangrik om in ons studie te onthou waar geloof vandaan kom (Jakobus veronderstel dit). Soos ons in ons behandeling van Rom. 3:19-28 gesien het, is geloof, as ‘n daad van gehoorsaamheid aan God se bevel om te glo, ‘n geskenk wat van God af kom. ‘n Onwedergebore persoon kan nie God gehoorsaam nie en by implikasie dan ook nie glo nie. As ‘n persoon kan glo beteken dit dat hy wedergebore is. Sonder Jesus kan jy niks doen nie, ook nie glo nie. Met Jesus kan en sal jy God begin behaag, ook glo. En daar is nie ‘n toestand in die middel nie, óf jy het Jesus óf nie. Daar is nie ‘n tipe genade wat voorsien word buite Jesus en alle mens in staat stel om te kan glo as hulle wil nie. Daar is nie so iets soos genade buite om Jesus nie. Geloof is dan ‘n genadige geskenk van die Here wat deur die wedergeboorte bewerk word en is ‘n bevestiging dat die persoon reeds aan Jesus deel het.

Ons kan dan Jakobus se fokus ook anders verwoord: Hy konsentreer nie nou op waar verlossing vandaan kom nie, maar of dit wel daar is. Omdat Jakobus weet dat ware geloof ‘n bevestiging daarvan is dat mens reeds aan Jesus deel het en dat hulle lewe dan werklik verander, wil hy nie hê mense moet valse versekering van verlossing op verkeerde maniere kry nie. Hy wil nie hê hulle moet geflous word met hierdie valse beskouing van geloof nie. Hy weet dat ‘n ware geloof gesien kan word in die veranderde lewe en sodoende kan mens ware versekering hê van jou saligheid. Die regte manier om versekering van verlossing te kry, is om die vrugte wat jy dra te toets aan God se woord om te sien of jy in die geloof is.[13] Jakobus wil

[13] *Hierdie is nie ‘n vreemde konsep nie. Paulus vermaan mense in die kerk om hulle lewens te ondersoek of hulle in die geloof is (2 Kor. 13:5). Gelowiges deur die eeue het die belangrikheid daarvan besef. Selfs in die tyd net na die reformasie toe die leerstelling van regverdigmaking deur die geloof baie sentraal gestaan het in harte en gedagtes, het hulle nie afbreek daaraan gedoen dat ware gelowiges se lewe verander nie. Ons sien ‘n voorbeeld hiervan, dat mens jouself kan toets om te sien of jy in die geloof is, in die Heidelbergse Kategismus Sondag 32. Die vraag word gestel: “Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van*

sy lesers aanspoor om dit te doen, beide om dié in wie se lewe God se werk sigbaar is, vertroosting te bied en ook om dié wat lou-warm is, wakker te skrik om erns te maak met hulle saligheid. Dit is egter elke persoon se plig om hierdie sekerheid van saligheid na te jaag.[14]

Hierdie is inderdaad harde woorde om te hoor en daarom ook woorde wat ons nie graag wil hoor nie. Gevolglik is dit ook woorde wat maar bra min gepreek word, want ongelukkig leef die sondige vrees vir mense ook in die harte van predikers. Die profete van ouds het soos manne die vrees deurgestaan, daardie vrees het nie die oorhand by Jakobus gekry nie, Paulus het dit afgeskud en Jesus het dieselfde versoeking oorkom. Hulle het reguit tot die hart van lou-warm Christene gepraat en hulle streng gewaarsku: "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug."[15] Mag die Here weer predikers oprig wat ware manne is en nie sal terugdeins wanneer gevaar sy stert begin swaai en sy lippe aflek nie!

Nou is dit ook so dat ware gelowiges vir 'n tyd lank diep in sonde kan val en dit nie vir hulle uit hulle werke duidelik is of hulle werklik aan Jesus deel het of nie. Ons sien voorbeelde in die Bybel dat gelowiges gruwelik in sonde kan val in die lewe van Dawid of Petrus. Dit gebeur ook soms in die ervaring van gelowiges vandag nog, maak nie saak hoe lank hulle al die pad met die Here gestap het nie. Gevolglik kan hulle ook vir 'n tyd lank die sekerheid verloor dat hulle werklik aan die genade in Jesus deel het. Hulle wonder of hulle werklik gelowiges is. Hulle wonder of hulle werklik uitverkies is. Dit is jammer dat hierdie mense vir 'n tyd lank in 'n verskriklike onrus en depressie verkeer.[16] Dit is egter ook belangrik dat hierdie waarheid wat ons hier in Jakobus hoor nie vir hulle weggesteek of versag word nie. Hulle moet hoor op watter gevaarlike grond hulle is as hulle lewe nie wys dat die Heilige Gees in hulle woon nie. Om dit van hierdie mense te ontneem is juis om die geneesmiddel wat die Here gee van hulle af weg te hou. Dit is nie liefdevol nie, inteendeel. Hierdie mense moet nie valse sekerheid gebied word en met leë woorde getroos word nie. Dit is gevaarlik.

---

*ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?" Waarop een van die antwoorde op die vraag is: "Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry." Die brief 1 Johannes is spesifiek geskryf sodat gelowiges hulself kan toets of hulle in die geloof is. Dit sal goed wees om 1 Johannes deur te werk as jy jouself wil toets. Verder is Jesus se bergpredikasie in Mattheus 5-7 ook 'n goeie toets om te kyk of jy werklik 'n burger is van Jesus se koninkryk, want Hy is besig om in die bergpredikasie te wys hoe burgers van sy koninkryk lyk.*

[14] *2 Pet. 1:10.*

[15] *Op. 3:15-16.*

[16] *Ek glo dat hierdie tyd onbepaald is. Vir sommiges is dit 'n paar dae na 'n paar weke. Ek is ook van oortuiging dat dit vir sommiges jare kan neem. Moontlik is dit ook so dat sommiges nooit in hierdie lewe tot die volle versekering van hulle saligheid kom nie, selfs al is hulle werklik God se kinders. Dit laat ek oor aan God se wysheid hoekom Hy dit so doen. Hy is in geen manier verplig om aan hulle die genade te skenk om sekerheid van saligheid te gee nie. Hy is ook in geen manier verplig om hulle van die sondes te bewaar. Wanneer dit gebeur is dit die gelowige se eie skuld.*

Dit help nie dat die persoon wat nie seker is of hy 'n ware gelowige is of uitverkies is om aan te hou om daardie vrae te vra nie. Om dit te doen is om vir openbaring te soek wat die Here nie vir ons gegee het nie. Hy het nie die boek waarin al die uitverkorenes se name staan vir ons gegee sodat 'n mens daarin kan gaan kyk of jou naam daar staan nie. Dit is nie geopenbaar nie. Die Here beveel ons ook uitdruklik om onsself nie besig te hou met die dinge wat Hy nie geopenbaar het nie. Ons moet onsself eerder besig hou met dit wat Hy wel beveel het.[17] In hierdie tye van twyfel moet die persoon nie staat maak op enige sogenaamde openbarings van buite die Bybel nie. Jou predikant of ouderling kan nie vir jou sê dat jy 'n uitverkorene is of nie. Op grond van watter gesag doen hulle dit? Hulle mag net met dit wat geopenbaar is, naamlik, die Bybel kom, en waar gaan hulle dit vir jou in die Bybel wys? Een van die grootste foute wat hulle ook kan maak is om vir jou te sê dat die blote feit dat jy wonder of jy uitverkies is, bevestig dat jy uitverkies is. Dit gee mense valse sekerheid en neem hulle daarvan weg om hulle harte aan God se woord te meet om te sien of hulle nuwe harte het. Wie weet watter bose begeertes en wanpersepsies in mense se harte leef oor wat dit is om uitverkies te wees? Dit is dwaas om te dink dat die blote feit dat iemand wonder of hy uitverkies is, bevestig dat hy uitverkies is. Kyk maar net hoe steun die fariseërs daarop dat hulle deel is van God se uitverkore volk, maar hulle het geen agting vir Jesus nie. Dus moet ons nie ons begeertes vertrou nie, want die hart is bedriegliker as enigiets anders. Meet liewer alles aan God se woord as die enigste riglyn vir ons geloofslewe.

Nee, die Here bring ons tot sekerheid van ons saligheid deur die Heilige Gees wat ons harte na die Woord toe bring en ons daaraan onderdanig maak. En wat gaan die moedelose sondaar daar sien? Hy gaan die Here hoor sê: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee";[18] Jesus belowe: "Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie";[19] ja, die Here belowe dat Hy nie die sondaar wat na Hom toe kom sal weggooi nie: "Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie."[20] Die persoon moet nie hoor dat hy "oraait" is nie. Hy moet God se belofte hoor dat Jesus sondaars red wat in Hom glo. Hulle aandag moet op God se beloftes eerder as hulself gefokus word. Dit is dan ook tekste soos hier in Jakobus 2:14-26 wat mens van enige valse versekering moet stroop sodat die enigste versekering wat 'n mens het, God se beloftes in Jesus is en weet dat jy persoonlik aan Hom deel het soos jou geloof bevestig word met dade wat ooreenstem met dit wat die Skrif daaroor openbaar. Hierdie harde woorde van Jakobus moet dan nie van twyfelende en worstelende mense weerhou word nie, want dit is juis veronderstel om hulle te dryf om weer na Jesus toe te gaan.[21]

---

[17] *Sien Deut. 29:29.*

[18] *Mat. 11:28.*

[19] *Joh. 6:37.*

[20] *Jes. 42:3.*

[21] *Kyk na die Dortse leerreëls om te sien hoe gelowiges deur die eeue die belangrikheid hiervan verstaan het. Die artikels van belang is 1:12 en 16 en 5:4-7. So ook die Westminster Confession of Faith hoofstuk 18 wat toegewy is aan die tema van sekerheid van verlossing.*

## Die dwaasheid van 'n sê-so-geloof

**Jak. 2:18**

Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof apart van jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon.

In die vorige vers het Jakobus gesê dat 'n geloof wat nie bevestig word met werke nie, nikswerd is. Dit is dood. Dit is nie 'n reddende geloof nie. Daardie persoon met 'n sê-so-geloof is verlore. Nou antisipeer Jakobus dat iemand teen hierdie stelling van hom sal wil stry. Jakobus hou vol dat 'n ware geloof nie van die gepaste werke daarby geskei kan word nie. As daar nie werke is by dit wat jy sê nie, bedoel jy nie regtig wat jy sê nie. Jakobus antisipeer nou dat iemand ware geloof van werke wil skei: "jy het die geloof en ek die werke." Hierdie opponent van Jakobus is van mening dat 'n mens 'n ware geloof wat red kan hê, sonder dat dit in jou lewe wys deur die werke wat jy doen. In die res van die vers en die volgende verse gaan Jakobus drie argumente gee om vir sy opponent te wys hoe dwaas daardie stelling is dat werke van die geloof geskei kan word. Die eerste argument wat Jakobus teen sy opponent voer is 'n uitdaging, die tweede is 'n vergelyking en die derde is voorbeelde uit die Ou Testament.

In die res van vers 18 daag Jakobus nou sy opponent uit om te sien of die dwase stelling water hou. Jakobus sê as't ware: "Goed, jy sê dat 'n mens geloof van werke kan skei sodat iemand die werke het en die ander die geloof, so asof geloof en werke nie saamgaan nie. Wys dan vir my jou geloof sonder jou werke en jy sal sien wat ek glo wanneer jy kyk na dit wat ek doen. Jy sal sien waarvan ek oortuig is dat dit belangrik is wanneer jy kyk met hoeveel ywer ek dit nastreef." Jakobus se opponent sal nie hierdie uitdaging kan slaag nie. Hoe sal mens dan nou sien dat hy glo as hy niks het om te wys nie? Maar is dit nie 'n onregverdige verwagting van Jakobus in hierdie uitdaging nie? Geloof is mos iets baie persoonlik en 'n saak van die hart, ander mense gaan dit nie noodwendig sien nie. Dit is juis hierdie laasgenoemde, simpel voorveronderstelling wat Jakobus wil vernietig met sy uitdaging. Jy kan nie jou hart wegsteek nie, want ons lees: "Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe."[22] Al die maniere hoe jy in die lewe optree, het hul oorspronge uit die hart. Ons lees ook dat soos 'n mens se gesig gereflekteer word in water, so reflekteer die hart van 'n man die man self.[23] Kyk na die man en jy weet, as gevolg van die refleksie, wat in sy hart aangaan. Ja, dit waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Die hart is 'n fontein wat borrel en die stroom daarvan kan nie teruggehou word nie. Dit borrel op in die lewe en bring of vars water vir jou naaste om te drink of is 'n giftige brousel wat in almal se neuse – en God s'n die meeste – stink.

---

[22] *Spr. 4:23.*

[23] *Sien Spr. 27:19.*

Dit is om hierdie rede dat die hele Bybel vol is daarvan dat die hart nie van die werke geskei kan word nie. God sê aan die volk dat hulle hul harte moet besny sodat hulle in hul dade gehoorsaam kan word aan sy wet. Hy sê hulle moet vir hulself nuwe harte kry sodat hul kan bekeer. Hy sê hy gaan vir hulle nuwe harte gee sodat hulle sy wet sal hou. Hy sê dit is juis as gevolg daarvan dat hulle harte nie besny is nie, dat hulle ongehoorsaam is aan Hom. Dit is juis die mense wie se harte besny is wat nou vir God in opregtheid aanbid.[24] Daarom skryf Paulus ook dat dit niks saak maak of jy uiterlik besny is, maar nie die wet gehoorsaam nie. Hy is nie ‘n Jood wat uiterlik besny is nie, maar wat dit innerlik in sy hart is, omdat sy lewe daarvan getuig.[25]

In hierdie tekste waarna daar nounet verwys is, hoor mens van ‘n uiterlike besnydenis en ‘n innerlike besnydenis. Een besnydenis wat deur mense hande verrig word en een wat, nie deur mense gedoen word nie, maar deur die Here self aan die hart gedoen word. Die uiterlike besnydenis is ‘n verkondiging in beeld-vorm van die genadige werking van die Here in mense deur die evangelie asook die gevolge van hierdie genadige werking. Dit verkondig hoe Jesus mense red en hulle nuut maak sodat hulle nou vry is van sonde se heerskappy. In kort verkondig dit die wedergeboorte net soos die doop dit doen. Dit sê vir jou jy moet wedergebore word. Dit druk jou om die kern belangrike vraag te vra: “Is ek wedergebore? Is ek gered?” Hoe lyk jou hart as jy na jou dade kyk? Wat wys jou dade is jy in jou hart oortuig dat dit die kosbaarste is?

**Jak. 2:19**

Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.

Jakobus raak nie sagter met sy opponent se simpel stelling nie. Hy reageer so hewig, want hierdie dwase voorveronderstelling dat geloof ‘n saak van die hart is en nie sigbaar word in ‘n mens se lewe nie, is gevaarlik. In hierdie vers tref Jakobus ‘n vergelyking tussen die duiwels se geloof en iemand se sê-so-geloof. Die vergelyking is een wat presies dieselfde is. Die duiwels se geloof is gelyk aan ‘n sê-so-geloof. Dit is nie dat daar net ooreenkomste in sommige gedeeltes is nie. Dit is een en dieselfde ding. En niemand wil hê dat hulle geloof vergelyk moet word met die van duiwels s’n nie, want ons weet wat hulle einde is. Selfs hulle sidder van angs daarvoor.

Hier gee Jakobus vir ons nog meer inligting van sy opponent. Ons weet dat die opponent die belangrikste artikel van die geloof bely. As hierdie artikel in plek en suiwer is, vloei die res van die inhoud van ons geloof as een gesonde stroom daaruit. Dit is die belydenis van geloof wat ons in Deut. 6:5 lees: “Hoor, Israel, die Here onse God is ’n enige Here.” Dit word ook die *Shema* genoem, omdat dit die eerste woord in die Hebreeuse teks is wat beteken “Hoor!” Die

[24] *Deut. 30:6; Jer. 7:25-26 en 31:33; Esg. 18:31 en 36:26-27; Fil. 3:3; Kol. 2:11.*

[25] *Rom. 2:25-29.*

artikel wat so belangrik is om ag daarop te slaan is dat God een/enig is. Dit beteken dat daar niemand soos Hy is nie, dat Hy alleen net bestaan en lewe in Homself het. Hy is onafhanklik en alles anders wat bestaan is van hul bestaan van Hom afhanklik. Omdat Hy die bron van alle lewe is, moet Hy daarvoor erken, gedank en aanbid word.

Jakobus prys ook die opponent vir die regte belydenis omdat dit ‘n goeie ding is om die inhoud van die geloof reg te hê, want dit is nie by almal nie. Ongelukkig is dit die geval dat baie mense ook die inhoud van die ware geloof verdraai. Ten minste doen hierdie opponent dit darem nie, tog is Jakobus glad nie beïndruk met hom nie, let wel. Hoe sou Jakobus reageer as die opponent die inhoud van die geloof verdraai het? Dit sal nie ver wees van Paulus se “o, onverstandige Galate!” of sy “Let op die honde; let op die slegte arbeiders; let op die versnyding!” Dit is net so sleg om die inhoud van die geloof verkeerd te hê as om die inhoud reg te hê, maar dat dit nie jou lewe verander nie. Beide is dodelik en dienooreenkomstig sien ons ook hoe die Here sy skape teen die gevaar beskerm met sulke harde woorde wat met ‘n gebulder kom.

Hier kom nou die verskriklike vergelyking, “die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.” Die duiwels glo ook soos hierdie opponent van Jakobus. Hulle glo ook dat God een is. Hulle het selfs genoeg kennis daarvan dat hulle die implikasies besef. Hulle het teen hierdie God, aan wie alle dank en aanbidding in erkentenis van sy goddelikheid toekom, gesondig. Alhoewel hulle hierdie kennis het, het hulle nie hulself daaraan onderwerp nie, maar het teen God gerebelleer om hul eie koninkryk te probeer stig. Hulle het kennis, maar geen oorgawe daaraan nie. Daarom is hulle onder God se oordeel van die ewige hel – en hulle sidder. In ‘n sekere opsig is die duiwels dan selfs beter as mense wat ‘n sê-so-geloof het, maar geen besef het van die groot gevaar waarin hulle verkeer nie. Ten minste besef die duiwels dat hulle in gevaar is.

Uit hierdie vergelyking sien ons dat die opponent se sê-so-geloof dieselfde as die duiwels se geloof is. Beide het kennis aangaande die inhoud van die geloof, maar nie een het oorgawe daaraan nie. Hul lewens is nie daaraan onderwerp nie en hulle dade getuig daarvan. Die persoon wat net ‘n sê-so-geloof het, het dieselfde morele probleem as die duiwels. Hy is net soveel ‘n rebel as die duiwels. Dit is ‘n valse geloof wat net bestaan uit kennis, maar ‘n ware geloof wat red, bestaan uit kennis en vertroue. Gelukkig is daar nog hoop vir die dwase mens wat teen God gerebelleer het, maar daar is geen verlossing vir die duiwels nie.[26] Die persoon met ‘n sê-so-geloof moet sy rebellie eerder nou staak en hom bekeer terwyl hy nog die kans het.

In hierdie vers kry ons ook verdere bevestiging dat Jakobus die woord “geloof” in hierdie gedeelte gebruik om net daarna te verwys dat die persoon kennis het. Met ander woorde,

---

[26] *Heb. 2:16.*

Jakobus gebruik soms die woord geloof sonder om daarmee te bedoel dat vertroue daarby ingesluit is. Hierdie onderskeid moet ons nou mooi in gedagte hou wanneer ons verder deur die gedeelte beweeg.

**Jak. 2:20**

Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?

Jakobus het nou al twee kragtige argumente gebruik om die dwaasheid van sy teenstander uit te wys en sy gevaarlike standpunt te vernietig. Hy los die beste een vir laaste. Jakobus spreek sy uiterse veragting uit oor die gevaarlike standpunt dat ‘n mens geloof kan hê en dit privaat hou sonder dat dit deurslaan in jou lewe. Dit doen hy deur te sê “nietige mens.” Ons kan dit ook vertaal met “leë mens.” Dit is nie die geval dat dit wat die persoon sê geen effek het nie en dat dit ‘n niksseggende impak het nie en dat dit in daardie sin leeg is ie. As dit die geval was, sou Jakobus nie so sterk daarteen uitgevaar het nie. Jakobus reageer juis so hewig, want dit is van die gevaarlikste leuens wat mense in die kerk bedreig. Kyk maar hoe hard praat Jesus teen hierdie selfde sonde wanneer hy die Fariseërs en skrifgeleerdes berispe.[27] Hierdie sonde mag nie geduld word nie. Daar moet nie ligtelik oor dooie ortodoksie gepraat word nie. Is dit die geval dat ons ligtelik praat oor kanker wat mense lewendig opeet en met uiterse pyn skok? Dan mag ons nie ligtelik praat van hierdie geestelike kanker wat mense se harte laat vrot nie. Gaan dokters ligtelik daarmee om as ‘n kwaadaardige tumor aan iemand se brein vreet? Nee, met die grootste erns en onder die swaar besef dat mense se lewens uitmekaar geruk word daardeur doen hulle navorsing hoe om dit te dokter. Hulle sny selfs diep om die persoon se lewe te red. Hoeveel te meer moet predikers nie hiermee erns maak wanneer mense se ewige lewe daarvan afhang nie. Daarom sien ons hierdie sterk woorde by God se woordverkondigers regdeur die Bybel asook regdeur die eeue. Dit is hulle wat banger is vir God se ewige oordeel as mense wat die liggaam kan skade maak, en hulle is liewer vir hul medemens se ewige saligheid as hul eie tydelike, aardse bestaan.

Jakobus noem nie die opponent leeg omdat sy woorde nie ‘n effek het nie. Nee, hy noem hom leeg omdat die opponent nie dit wat hy sê mooi deurgedink het nie. Dit is irrasioneel. Hy het geen gronde om op te staan nie wanneer hy hierdie sê. Inteendeel, dit is in stryd met die Bybelse gronde. Dit is leuenagtig omdat dit nie in stryk is met die waarheid nie. Jakobus gaan nou sy opponent na voorbeelde uit die Bybel neem om te sien dat die Bybel iets anders leer as wat die opponent volhou. As die Bybel leer dat geloof nie geskei kan word met dade wat daarmee ooreenstem nie, is dit vals om te meen dat geloof van die gepaste dade geskei kan word. Indien die Bybel anders leer oor reddende geloof as wat die sê-so-geloof is, is die sê-so-geloof dood en baat dit die persoon niks nie, behalwe om dieselfde oordeel as wat die duiwels tref, vir homself te verseker.

[27] *Mat. 23.*

## ‘n Ware geloof en sekerheid van saligheid

**Jak. 2:21**

Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie?

Die voorbeeld waarna Jakobus ons aandag trek is Abraham, die vader van gelowiges. Hy is ook die groot voorbeeld waarna Paulus gryp om geloof te demonstreer, asook die voorbeeld wat Paulus gebruik om te demonstreer dat ‘n mens uit geloof alleen apart van werke van die wet geregverdig word. Daarom, soos ons hierdie gedeelte behandel, moet ons die geskiedenis van Abraham in gedagte hou.[28] God het aan Abraham belowe dat hy ‘n land sal kry en dat hy ‘n nageslag sal hê wat die land besit. Hierdie nageslag van Abraham sal uit Sara, wat onvrugbaar en al oud is, gebore word. Later sien ons dat Isak wel as ‘n wonderwerk uit Sara gebore word. Dit word ook dan uitdruklik aan Abraham gesê dat die beloofde nageslag uit Isak sal kom.[29] Laasgenoemde belofte is besonders belangrik om in gedagte te hou. Die nageslag sal nie uit nog ‘n kind wat wonderbaarlik uit Sara gebore word, kom nie. Dit sal alleen uit Isak kom. Geen Isak, geen vervulling van die belofte nie.

Dan lees ons in Gen. 22:1 dat “God Abraham op die proef gestel” het. Daarna volg die geskiedenis hoe Abraham vir Isak moes offer. Ons leer ook uit die teks wat die doel van die beproewing was. Omdat Abraham gewillig was, soos ons sien dat hy werklik op die punt was om Isak dood te maak, sê die Here aan hom: “nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie.” Die doel van die beproewing was dat God iets te wete wou kom.[30] Dit is om te weet of Abraham werklik sy beloftes glo. Die skrywer van Hebreërs maak dit vir ons duidelik dat hierdie daad van Abraham ‘n daad van geloof in God se beloftes was, want hy het “deur geloof ... gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek.”[31] Omdat God belowe het dat sy nageslag uit Isak kom, sou God, omdat Hy altyd getrou is aan sy beloftes, selfs vir Isak weer uit die dood opgewek het. Abraham het nie net geweet dat God getrou is om sy beloftes na te kom en magtig is om uit die dood op te wek nie, hy het God ook vertrou dat Hy dit sal doen. Daarom volg sy gelowige dade van vertroue om selfs sy kosbare seun dood te maak.

‘n Belangrike ding om hier op te let is dat die doel van die beproewing was dat God iets te wete wou kom. Ons moet wel nie dink dit is asof God nie alles weet nie of ook nie weet wat

---

*[28] Sien Gen. 12-25 asook Hebreërs 11:8-19.*

*[29] Gen. 21:12*

*[30] Ek weet hierdie is ‘n omstrede punt. Ek is wel van oortuiging dat die teks dit baie duidelik sê, en ‘n mens kan dit nie grammaties manipuleer om iets anders te sê as dat God nou iets te wete gekom het nie. Dit is die debat van God se immanensie en sy transendensie. Ek is van oortuiging dat God werklik immanent is sonder om sy transendensie te verloor. Vir ‘n deegliker uiteensetting hiervan sien Oliphint (2012:192-198).*

*[31] Heb. 11:18*

hy bepaal het moet gebeur nie. God is alwetend en soewerein. Alles gebeur soos dit gebeur omdat God dit weet en dit soewerein so bestem het.[32] Dit kan dan nie wees dat God nie geweet het dat Abraham so gelowig gaan optree nie, Hy het dit dan so bestem. Sonder om nou in te veel detail hierop in te gaan is dit egter genoeg om te sê dat God binne-in tyd bevestiging wou gee dat Hy weet dat Abraham glo. Die Here wil hê dat Abraham moet weet dat Hy weet en dit doen Hy deur dit vir Abraham in tyd te sê. Die Here het hierdie nie net vir Abraham gedoen nie. Dit het Hy ook, byvoorbeeld, aan Abel gedoen deur sy offer te aanvaar "waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was" omdat God weet dat hy glo.[33] Dit is juis hierdie punt wat van groot belang is om te verstaan hoe "geregverdig" hier deur Jakobus gebruik word.

Dit is interessant dat Jakobus, met sy verwysing na Gen. 22 tot die konklusie kom dat Abraham geregverdig is. Die woord geregverdig kom nie eers in die teks voor nie. Of is die konsep dalk teenwoordig in die teks? Onthou dat regverdigmaking ook 'n deel het waarin God iets aan 'n sondaar sê as bevestiging dat die sondaar reeds regverdig is. Dit is die deklaratiewe geregtigheid (wat in Rom. 3:19-28 behandel is onder die hoofstuk *Regverdigmaking is dubbele toerekening*). Hier sê God in 'n waaragtige, bevestigende uitspraak aan die leuenaar Abraham dat Hy weet Abraham geloof het. Hiermee bevestig God Abraham se aktuele geregtigheid waarmee hy toegereken is deur middel van geloof.[34] Jakobus praat dus nie hier oor regverdigmaking as die aktuele geregtigheid wat die gronde is waarop 'n mens regverdig voor God is nie. Hy praat oor regverdigmaking as God se bevestiging dat hy sien 'n mens reeds regverdig is. *Hier in Jakobus gaan dit dan oor 'n bevestiging dat 'n mens reeds regverdig is.* Hoe sien God dat 'n mens reeds regverdig is (en wil dit ook in tyd bekend maak dat hy dit weet)? Dit kan net wees as 'n mens 'n aktuele geregtigheid het. Hoe kry 'n mens 'n aktuele geregtigheid? Dit is as mens deur middel van geloof in Jesus met Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid toegereken is. Hoe sien 'n mens dat iemand geloof het? Jy sien dit in die manier hoe hy leef. Dit is wat hier met Abraham gebeur het.

Wanneer Jakobus met verwysing na Gen. 22 praat oor regverdigmaking, is dit ook nie dat hy onbewus was van dit wat in Gen. 15:6 staan nie, naamlik, "En hy [Abraham] het in die Here geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken." Wanneer is Abraham dan nou geregverdig? Was dit in Gen. 15:6 of eers hier in Gen. 22? Het God dalk die eerste keer gelieg en nou die tweede keer eers die waarheid gepraat? Was hy dalk geregverdig, het dit verloor en is toe later weer geregverdig? Nee, natuurlik nie. God kan nie lieg nie en 'n mens kan so

---

[32] *Ps. 115:3 en Jes. 14:24.*

[33] *Vandag praat die Here nie meer direk met ons of wys vir ons wonders sodat Hy vir ons bevestig dat ons waarlik glo nie. Hy beskik soewerein beproewings in ons lewens sodat ons geloof daardeur getoets kan word en ons dit kan meet aan Sy woord om bevestiging te kry of ons werklik glo (Sien die behandeling van Rom. 5:3-4 onder die hoofstuk 'Die belewenis van die hoop' hieroor). Dit is hoe die Here vandag nog vir sy gelowiges versekering van hul saligheid gee. Hy doen dit wel nie noodwendig aan al sy gelowiges nie. Dit is genade.*

[34] *Sien ook Buchanan (2016:226-232) se behandeling hieroor vir meer detail.*

min jou toegerekende geregtigheid verloor soos Jesus jou kan verloor. Word daar op dieselfde manier van regverdigmaking (dit moet dan as aktuele geregtigheid verstaan word, of dit ten minste insluit, want deklaratiewe geregtigheid kan nie plaasvind sonder aktuele geregtigheid nie) gepraat op die twee afsonderlike gebeurtenisse? Nee, want mens word net eenkeer met geregtigheid toegereken. Dit is omdat geregtigheid net in Jesus te vinde is, daar is net een Jesus en wanneer mens aan hom deel het, het jy ten volle aan hom deel. Jy kan daarom nie minder of meer regverdig wees met die gevolg dat dit aangevul moet word nie. In Jesus is jy volkome regverdig. En weereens, as jy aan Jesus deel het, kan jy nooit uit hom uitval nie. Die enigste moontlikheid om hierdie dan te verstaan is dat hier op twee verskillende maniere van regverdigmaking gepraat word. Die een, in Gen. 15:6, is die aktuele geregtigheid wat aan die sondaar toegereken word deur middel van geloof, soos bevestig word in die woorde “en Hy het dit hom tot geregtigheid toegereken.” In Gen. 22 gee die Here egter weer vir Abraham bevestiging daarvan dat hy regverdig is in sy uitspraak “nou weet Ek” as deklaratiewe geregtigheid. Hiervan gaan ons nog meer sien in die volgende verse.

Ons moet nou in gedagte hou dat wanneer Jakobus van “geregverdig” praat hy daarmee deklaratiewe geregtigheid bedoel, of, in ander woorde, dat God bevestiging gee dat iemand reeds regverdig is (reeds aktuele geregtigheid het omdat hy reeds aan Jesus deel het).

**Jak. 2:22**

Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke?

Jakobus fokus nou met die woorde “sien jy” sy opponent se aandag weer daarop dat ‘n ware reddende geloof (die tipe geloof waardeur ‘n mens geregverdig word) nie net kennis is nie, dit gaan altyd gepaard met werke. Nou is dit belangrik om te onthou dat Jakobus se fokus nie hier is om te leer wat regverdigmaking deur die geloof is nie. Jakobus se fokus is om ‘n sekere vraag beantwoord: “Is ek gered?” En die vraag word beantwoord deur te sien of mens ‘n ware geloof het. Ons het dit gesien in sy woorde in vers 14: “Dié geloof [sê-so-geloof] kan hom tog nie red nie?” Jakobus redeneer nou uit die skrif by voorbeeld van Abraham dat dit nie ‘n sê-so-geloof, wat net kennis met geen vertroue, is nie. Hy demonstreer dat ‘n reddende geloof beide kennis en vertroue het. Verder, dat die geloof vertroue het, word bevestig met dade wat daarmee ooreenstem.

Ons moet nou onthou dat wanneer Jakobus die woord geloof gebruik in hierdie verse hy daarmee slegs kennis insluit (sien verse 14 en 19 hiervoor). Ons weet dat ‘n ware reddende geloof altyd gepaard moet gaan met kennis en vertroue (sien die behandeling hiervan in Rom. 3:19-28 onder die hoofstuk *Regverdigmaking is deur middel van geloof*). Daarom moet ons nou op die uitkyk wees hoe Jakobus dit gaan aandui. Dit sien ons juis daarin dat hy op Abraham se dade wys. Dit is nie vir Jakobus nodig om vertroue te noem nie, deur Abraham se dade word dit sommer bevestig dat hy werklik vertrou.

Kom ons kyk dan na Abraham se dade. Die eerste ding om na te let is dat hier in Gen. 22 waarna Jakobus verwys het, geen sprake is om God se morele wet te onderhou nie. Hier sien ons klaar dat Jakobus se gebruik van die woord "werke" verskil van Paulus se gebruik van werke soos ons dit in Rom. 3:19-28 bestudeer het. Paulus het dit selfs nog verder gekwalifiseer as "werke van die wet." Jakobus het dan nie in gedagte dat God se morele wet gehoorsaam moet word om geregverdig te word nie. Wat Jakobus hier met werke bedoel is die ware geloof van Abraham wat sy lewe deursuur om anders op te tree. Dit is goed om die gedeelte oor die geloofsvoorbeelde van Hebreërs 11 in verband hiermee te bestudeer. Abraham is ook een van hierdie geloofsvoorbeelde.[35]

Een so 'n voorbeeld in Abraham se lewe is toe hy nog in Ur gebly het, het die Here hom geroep om na 'n vreemde land te trek (Abraham het die Here toe nog nie eers geken nie). Hebreërs noem dan vir ons dat Abraham deur geloof die Here gehoorsaam en gevolglik getrek het. Hier sien ons dat, omdat Abraham geloof het, daar dade daarop volg. Dan word dit vir ons genoem dat Abraham, op grond van God se belofte, 'n stad, waarvan God die bouer is, verwag. Ons sien dat hierdie belofte vir Abraham kosbaar was en dat hy dit begeer, want hy het nie self begin om 'n stad te bou nie, maar het as 'n vreemdeling in die land gewoon met die verwagting dat God sy belofte gaan nakom. Dit word ook vir ons genoem dat, as Abraham-hulle terugverlang het na die land waaruit hulle getrek het, hulle vry was om terug te gaan. Hulle het wel nie teruggegaan nie, wat juis vir ons bevestig dat hulle 'n beter vaderland soek as die een waaruit hulle getrek het. Deur die geloof was die Here se beloftes kosbaarder as enigiets anders wat die wêreld kon bied, daarom het hulle ook nie in hul dade gesoek wat die wêreld bied nie, maar net dit wat die Here vir hulle gaan gee.

Nog so 'n voorbeeld is Moses.[36] Hy het groot geword in die paleis en was goed bekend met die beste plesier wat die wêreld kan bied. Tog het hy eerder gekies om saam met God se volk te ly as om die kortstondige, sondige vreugdes van sy vorige lewe te hê. Dit het hy gedoen omdat selfs om saam Jesus beswadder te word, beter is as die mees ekstatiese vreugde wat die wêreld kan opdis. As laasgenoemde die geval is, hoeveel meer vreugde is daar nie in die volle heerlikheid wat Jesus vir ons bewerk nie! Dit is hoe 'n mens ware gelowiges uitken. Deur geloof raak dit wat God vir 'n mens gee en wie Hy is, beter as die wêreld. As jy deur geloof die heerlikheid van die Here kan sien, raak die blinkste vreugdes van die wêreld dof in jou oë. Die dade vloei van nature voort vanuit hierdie geloofsoortuigings.

Ons het ook reeds gesien hoe Abraham se oortuiging in God se beloftes en die vertroue dat God hulle sal nakom, hom gedryf het tot daardie werke om Isak te offer. Daarom kan ons met reg sê dat Jakobus met die woord "werke" hier bedoel as die bevestiging dat daar vertroue

---

*[35] Heb. 11:8-19. Let wel, wanneer die Hebreërs skrywer oor geloof praat, sluit hy kennis en vertroue in.*
*[36] Heb. 11:23-26.*

is. Ons kan dit dan verder kwalifiseer as “werke van vertroue” en is dit duidelik dat Jakobus hier iets anders bedoel as Paulus se “werke van die wet.”

Ons sien dan in hierdie vers hoe Jakobus vir ons verduidelik wat reddende geloof dan werklik is. Hy bring kennis en vertroue bymekaar, want “die geloof [kennis] het saamgewerk met die werke [vertroue]”. Dan gaan Jakobus verder en sê “die geloof het volkome geword uit die werke.” Ons moet onthou dat wanneer Jakobus geloof hier gebruik verwys hy primêr na kennis. Om hierdie sin dan reg te verstaan is dit belangrik om die woord “volkome geword”[37] te begryp. Met “volkome” geword impliseer dat daar ‘n punt is waarby iets moet uitkom of ‘n sekere doel moet bereik word. Hieruit wys Jakobus vir ons dat die kennis van geloof ‘n doel het. Hy sê ook vir ons wat die doel is deur vir ons te verwys hoe die doel bereik is. Die kennis van geloof het sy doel bereik wanneer die kennis oorgaan tot dade. As die kennis van geloof nie oorgaan tot dade nie, is dit rebellie en word die doel van die kennis nie bereik nie. Geloof is dan ‘n morele kwessie waarin of gehoorsaamheid of rebellie voor kom. Ware geloof is dan om jou te onderwerp aan dit wat God geopenbaar het.

Onthou die duiwels het ook hierdie kennis van geloof, maar hulle was ongehoorsaam om hulle aan die inhoud daarvan te onderwerp. Hulle het geweet dat God een is, maar nogtans het hulle hom nie geëer en erken as God nie. Net so is die mense wat die kennis van die geloof het, maar nie hulle lewens daaraan onderwerp nie. Net soos die duiwels ‘n morele probleem het, het die mense wat ongehoorsaam is aan dit wat die kennis van God eis ook ‘n morele probleem. Ja, die kennis van God eis dat Hy erken en geëer moet word as God. Wanneer ‘n mens hierdie kennis het, kan jy nie neutraal wees nie. Jy kan of neerslaan in aanbidding voor hierdie heerlike God of jy kan dit probeer ignoreer of aktief teenstaan, maar jy kan nie neutraal bly nie. Jy kan óf ongehoorsaam óf gehoorsaam daaraan wees.

Hier kom ons nou weer by die wedergeboorte. Ons weet dat niemand God kan gehoorsaam uit sy eie nie en sonder Jesus kan ons niks doen of God te behaag nie. Die enigste tyd wanneer iemand gaan begin om homself te onderwerp aan die eis van die kennis van geloof (al is dit hoe gebroke), is wanneer hulle reeds deel aan Jesus het. Deur die wedergeboorte word mens in Jesus ingeplant en kry daardie mens nuwe lewe om nou te begin gehoorsaam wees aan God. Jy kan daarom regtig sien of jy ware geloof het deur te kyk na jou dade. Indien jy ware geloof het, beteken dit jy het reeds aan Jesus deel. Dit beteken, dat wanneer jy reeds aan Jesus deel het, jy ook sy aktiewe en passiewe geregtigheid het as aktuele geregtigheid. Hierdie is belangrik om in gedagte te hou vir die volgende verse.

**Jak. 2:23**

---

*[37] In die Grieks ἐτελειώθη wat van die stam τελειόω (Str. 5048) wat beteken “ek maak volmaak” of “ek bereik ‘n doel.”*

En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem.

Nou haal Jakobus Gen. 15:6 aan. Hy bring nou Gen. 22 met Gen. 15 in verband met mekaar. Die fokus is egter, soos in hierdie hele gedeelte van Jakobus wat ons behandel, die ware geloof soos gedemonstreer deur Abraham. Regverdigmaking self is nie in die fokus nie, maar die geloof wat die middel is waardeur mens met Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid toegereken word. Iets het in Gen. 22 gebeur wat gemaak het dat Gen. 15:6 vervul is. Dit wat in Gen. 22 gebeur het, is juis Abraham se grootste daad van geloof. Omdat hy bereid was om Isak te offer, het ons gesien dat hy werklik ware geloof het wat nie net 'n sê-so-geloof is nie. Abraham het nie in Gen. 15:6 maar net so gesê dat hy glo nie. Hier in Gen. 22 kry ons bevestiging daarvan dat hy werklik geglo het soos sy dade daarvan getuig. Dit is dan ook vanuit hierdie bevestiging deur Abraham se werke dat ons weet hy werklik geglo het, maar verder ook dat hy toe al, in Gen. 15:6, geregverdig is (met Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid toegereken as aktuele geregtigheid).

Dat die Skrif vervul is, beteken nie dat die Skrif dit geprofeteer het dat Abraham geloof gaan kry in of net voordat hy Isak sou doodmaak nie. Gen. 15:6 sê dat Abraham *geglo het*, en die Skrif lieg nie. As die Here sê dat Abraham geglo het, nie eendag sal glo nie, kan ons weet dat hy werklik geglo het. Die woord "vervul" beteken dan nie hier dat die Skrif voorspel het dat Abraham sal glo en dat dit toe werklik so gebeur het nie. Dit is eerder dat ons in Gen. 22 bevestiging kry dat wat in Gen. 15:6 gesê is, nie 'n leuen was nie. Ons moet dan "vervul" verstaan as "bevestig." Dit is dan belangrik om te let dat Jakobus hier praat van 'n bevestiging van Abraham se geloof. Deklaratiewe geregtigheid as 'n bevestiging is dus hier by Jakobus in fokus. Ons moet dit onthou met die volgende vers.

**Jak. 2:24**

Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?

Jakobus roep nou nie net sy opponent om te let op dit wat hy nou gaan sê nie, hy roep al sy lesers op. Die hele gemeente moet nou mooi luister. Hierdie harde woorde is nie net vir die opponent nie, maar ook vir al die ander lidmate. Almal moet hulself teen die leuen bewaar dat reddende geloof nie in die lewe hoef deur te slaan nie. Dit is egter nie net vir elkeen belangrik om hulself van daardie leuen te bewaar nie, maar ons moet ook oor mekaar waak dat daardie kwaadaardige geestelike kanker nie sy tentakels om ons harte slaan nie.

In konklusie met Abraham as voorbeeld wil Jakobus ons aandag hierop vestig: jy het nie bevestiging van jou redding as jy maar net 'n sê-so-geloof het nie. Jy kan alleen sekerheid van jou saligheid hê as jy sien dat jy 'n reddende geloof het wat beide kennis en vertroue het. Die vertroue word bevestig deur die ooreenstemmende dade. Met ander woorde, jy kan net

sekerheid van saligheid kry as jy bevestiging daarvan sien dat jy werklik aan Jesus deel het deur die veranderde lewe (wat ooreenstem met wat God se woord daaroor sê). Jakobus fokus dan almal in die gemeente se aandag op hierdie feit, want dit is belangrik vir almal in die gemeente om sekerheid van saligheid te kry en dan ook om dit op die regte manier te kry.

Omdat Jakobus deklaratiewe geregtigheid in fokus het, van die vorige vers af al, moet ons "geregverdig" hier verstaan as die bevestiging dat 'n mens reeds geregverdig is (of reeds aan Jesus deel het).[38] Daar is dus bewyse dat 'n mens gered is. Die bewyse waarna Jakobus hier verwys is die kennis van geloof en die dade van vertroue wat saam 'n reddende geloof uitmaak. Ons moet egter ook onthou dat God hier aan die woord is en dat dit Hy is wat hierdie dinge sê. Dan moet ons ook hieruit weet dat dit die manier is hoe God vir ons vandag bevestiging gee of ons werklik gered is. Ja, vandag kan ons ook van God bevestiging uit sy mond kry dat ons gered is deur sy Woord te bestudeer. Hy lei ons deur sy Gees om ons lewens aan die woord te meet om te kyk of ons wedergebore is. As dit in ooreenstemming is, troos die Heilige Gees ons met die heerlike waarheid van God se genade. As dit nie in ooreenstemming is nie, word 'n mens van jou sonde oortuig, opgeroep om te bekeer en om in geloof na Jesus te gaan in soeke na die genade wat in Hom alleen te vinde is. Dit moet gedoen word totdat die persoon seker is dat hy aan die genade wat in Jesus is, deel het.

**Jak. 2:25**

En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie?

Die vorige voorbeeld wat Jakobus gebruik het, was 'n eerbare man. Nou gebruik Jakobus 'n voorbeeld wat vuil is in meeste mense se oë. Selfs 'n hoer het, deur die Here se genade, beter geweet as Jakobus se opponent. Dit is een ding dat Abraham die leë man se stelling weerlê, maar om deur 'n hoer weerlê te word, is veel meer vernederend.

Om hierdie laaste voorbeeld wat Jakobus gebruik, reg te verstaan moet ons na die geskiedenis van Ragab gaan.[39] Dit is in die konteks van God wat aan Abraham al belowe het dat die Here Kanaän aan Abraham se nageslag sal gee as besitting. Die Here gaan die goddelose mense op daardie stuk land oordeel en tegelykertyd sy belofte aan Abraham nakom. Dit doen God deur Josua wat beide daardie onheilige volke uitroei en Israel in die beloofde land inlei. Dit is alles

---

*[38] Selfs al sou mens "geregverdig" hier in vers 24 verstaan as dat Jakobus aktuele geregtigheid bedoel, sal dit steeds nie in stryd met Paulus wees nie. Dit is duidelik vanuit die teks dat Jakobus met "werke" nie gehoorsaamheid aan die morele wet bedoel nie, maar vertroue wat daartoe lei dat 'n mens jou lewe aan God se beloftes oorgee. Dit is ook bewys dat Jakobus hier met "geloof" bloot kennis bedoel. Wanneer mens hierdie kennis en vertroue saamvoeg, kry mens wat Paulus bedoel met reddened geloof. Paulus en Jakobus weerspreek nie mekaar nie.*

*[39] Sien Jos. 2 en 6 asook die Hebreërs skrywer se kommentaar daarop in Heb. 11:37.*

net omdat God vir hulle veg, en Hy veg vir die Israeliete, want Hy is besig om sy belofte aan Abraham na te kom.

Dit is juis hierdie belofte waarvan Ragab weet. Sy weet ook dat die Here kragtig is om dit uit te voer. Sy het al gehoor hoe die Here die Rooisee se water gedeel het sodat die Israeliete op droë grond daardeur kon loop. Die Here is magtig om sy beloftes na te kom en verlossing vir sy volk te bring. Hy span sy almag daarvoor in en niemand kan teen hom opstaan nie. Daarvan het Ragab verder ook gehoor soos sy getuig dat sy weet van konings Sihon en Og. Na veertig jaar se rondswerf in die woestyn het die Israeliete, wat swak bewapen is, twee geharde en uitgeruste weermagte verslaan. Ragab sê dat, toe sy dit hoor, haar hart gesmelt het en dat daar gevolglik niks meer moed in haar oor is om teen God op te staan nie. Sy het oorgegee aan God. Eerder as om teen God te veg, help Ragab nou die Here se weermag. Die Here het haar gered en sy is later in die volk opgeneem. God is so genadig! Selfs 'n hoer het deel aan Jesus se verlossing gekry.

Wat opvallend is wanneer ons die geskiedenis van Ragab lees, is dat die woorde "geregverdig" of "geloof" nie een keer genoem word nie. Waarom kom Jakobus dan tot hierdie konklusie dat sy geregverdig is? Dit is omdat die enigste rede waarom Ragab haarself aan die Here oorgegee het, is dat sy 'n nuwe skepsel is. Sy kon nie onderdanig aan die Here wees as sy nie klaar nuwe lewe in Jesus ontvang het nie. Die feit dat sy hierdie werke het, is bewys daarvan dat sy wedergebore is en aan Jesus deel het. As gevolg hiervan kan Jakobus sê dat Ragab geregverdig is (in die deklaratiewe sin) as bevestiging dat sy werklik aan Jesus deel het en gered is (dat sy reeds aktuele, toegerekende geregtigheid het).

Jakobus het hierdie laaste twee verse as vraagsinne aan sy lesers gestel. Daardeur wil hy elkeen oproep om 'n antwoord hierop te maak. Jakobus is oortuig dat die Skrif dit duidelik genoeg maak dat elkeen self hierdie vraag sal kan beantwoord. Hy wil 'n eenvoudige ja of nee antwoord daarop hê of dit die geval is dat geloof nie van die ooreenstemmende werke geskei kan word nie. Dan wil Jakobus ook hê dat elkeen sy geloof toets om te sien of hy deel aan die genade in Jesus Christus het. As 'n mens hierdie vraag nie kan beantwoord nie is dit nie omdat die persoon 'n probleem met sy verstand het om dit te begryp nie, maar omdat hy 'n probleem in sy hart het.

**Jak. 2:26**

Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.

Hier is nou Jakobus se konklusie op alles wat hy nou verduidelik en vanuit die Skrif bewys het. Ons weet dat 'n liggaam wat op sy eie is, daarvan getuig dat daar geen lewe is nie.[40] So ook getuig 'n sê-so-geloof wat op sy eie staan en net kennis het dat daar geen lewe is nie. Dit is

[40] *Sien Gen. 2:7.*

dood soos die persoon self. 'n Geloof wat getuig van lewe is nie net kennis nie, maar ook vertroue soos dit deur dade gedemonstreer word. Wanneer daar kennis en vertroue is, kan die persoon weet dat hy gered is. Net dan, en dan alleen, kan daar sekerheid van verlossing en lewe wees.

In hierdie gedeelte van Jakobus sien ons dan dat Jakobus nie in stryd met Paulus is nie. Paulus fokus daarop om ons te leer hoe ons regverdig gemaak word deur Jesus se aktiewe en passiewe gehoorsaamheid wat deur middel van geloof toegereken word. Jakobus se fokus is om te sien of 'n mens werklik aan Jesus deel het. Die vraag wat Jakobus wil beantwoord is, "hoe kan ek seker wees ek is gered?" Jakobus gaan nie oor hoe ons saligheid kry nie, maar of ek dit het en hoe ek dit kan weet. Ons het gesien dat Jakobus valse sekerheid van saligheid verpes en dit haat. Hy wil dit afbreek met baie harde en dreigende woorde sodat die persoon wat op 'n verkeerde manier sekerheid van saligheid kry, die valse maniere sal afsê en eerder sy lewe aan die Skrif begin meet.

Daar is dan 'n manier wat die Here vir ons gee sodat ons werklik sekerheid van saligheid kan hê. Ongelukkig sal ek nie nou uitgebreid hierop kan ingaan nie, dit is 'n hele studie op sy eie. Ek kan dit opgesom noem, dat 'n mens kyk of die genadige werking van die Heilige Gees in jou lewe teenwoordig is. Ons het wel kortliks in ons studie van Rom. 5:3-4 hierdie genadige werkinge in gelowiges wat onder verdrukking is gesien. Hierdie genadige werkinge kan nie teenwoordig wees in iemand wat nie Heilige Gees het nie, net in mense wat verseël is met die Heilige Gees. Wanneer 'n mens dan sien dat hierdie genadige werkinge in 'n mens teenwoordig is, weet jy dat jy met die Heilige Gees verseël is. Dié wat met die Heilige Gees verseël is, het deel aan Jesus en is God se eiendom. Hulle het dus die ewige saligheid en word so, deur die Gees se werk wat sigbaar in hul lewens is, daarvan verseker. Dit bring groot troos en meer ywer in die Here se diens vir diegene wat begenadig is met die geskenk van sekerheid dat hul geloof eg is en dat hulle dienooreenkomstig werklik aan Jesus deel het (Sien die hoop wat bewerk word deur beproefdheid in Rom. 5:4 onder die hoofstuk *Die belewenis van die hoop*). Tog word almal ook opgeroep, soos ons ook hier in Jakobus gesien het, om ware sekerheid van saligheid te kry.

Ek sluit af met die Westminster Confession of Faith, hoofstuk 18, se woorde hieroor wat dit mooi opsom:

> I. Although hypocrites and other unregenerate [onwedergebore] men may vainly deceive themselves with false hopes and carnal presumptions of being in the favor of God, and estate of salvation (which hope of theirs shall perish): yet such as truly believe in the Lord Jesus, and love Him in sincerity, endeavouring to walk in all good conscience before Him, may, in this life, be certainly assured that they are in the state of grace [hulle het aan Jesus deel], and may rejoice in the hope of the glory of God, which hope shall never make them ashamed.

II. This certainty is not a bare conjectural and probable persuasion grounded upon a fallible hope; but an infallible assurance of faith founded upon the divine truth of the promises of salvation, the inward evidence of those graces [die genadige werking van die Heilige Gees] unto which these promises are made, the testimony of the Spirit of adoption witnessing with our spirits that we are the children of God, which Spirit is the earnest of our inheritance, whereby we are sealed to the day of redemption.

III. This infallible assurance does not so belong to the essence of faith, but that a true believer may wait long, and conflict with many difficulties, before he be partaker of it [m.a.w. jy kan gered wees sonder om sekerheid van saligheid te hê]: yet, being enabled by the Spirit to know the things which are freely given him of God, he may, without extraordinary revelation in the right use of ordinary means, attain thereunto. And therefore, it is the duty of everyone to give all diligence to make his calling and election sure, that thereby his heart may be enlarged in peace and joy in the Holy Ghost, in love and thankfulness to God, and in strength and cheerfulness in the duties of obedience, the proper fruits of this assurance; so far is it from inclining men to looseness.

IV. True believers may have the assurance of their salvation divers ways shaken, diminished, and intermitted; as, by negligence in preserving of it, by falling into some special sin which wounds the conscience and grieves the Spirit; by some sudden or vehement temptation, by God's withdrawing the light of His countenance, and suffering even such as fear Him to walk in darkness and to have no light: yet are they never so utterly destitute of that seed of God, and life of faith, that love of Christ and the brethren, that sincerity of heart, and conscience of duty, out of which, by the operation of the Spirit, this assurance may, in due time, be revived; and by the which, in the meantime, they are supported from utter despair.

## Kontak die skrywer

Ek sal graag enige navrae in verband met die inhoud van die boek hanteer. Enige idees vir verbeteringe sal waardeer word.

Kontak my by fwdewetjr@gmail.com

Ek is gereformeerd in teologie en bely alles wat die drie formuliere van eenheid (Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dorste Leerreëls) leer as dat dit ooreenstem met dit wat die Here vir ons in die Skrif leer. Alhoewel ek hoë agting het vir die Westminster Confession of Faith en die duideliker artikulasie van die leerstellings, vanweë die feit dat hulle meer dwaalleer moes weerlê, waardeer, verskil ek met hul begrip van kerkreg en kerkregering. Ek het ook groot waardering vir die London Baptist Confession of Faith (1689), alhoewel ek van hulle verskil oor die verbond en wie die verbondsvolk van die Ou- sowel as die Nuwe Testament is.

**Bronnelys**

Athanasius belydenis van geloof. 500. Athanasian creed [Engelse vertaling]. https://carm.org/athanasian-creed-500-ad Date of access: 02 Nov. 2017.

Berkof, L. 1939. Systematic theology [Kindle ed.]. Available: http://www.amazon.com

Bible (NIV). 2011. New International Version. Grand Rapids: Zondervan.

Bible (ESV). 2001. English Standard Version. Wheaton: Crossway.

Bible (KJV). 1611. Authorized King James Version. Oxford: Oxford Paperbacks

Bijbel. 1637. Bijbel dat is de gansche Heilige Schrift: bevattende al de canonieke boeken des Ouden en Nieuwen Testaments. Wageningen: Gebr. Somer & Keuning.

Bybel (OAV). 1953. Die Bybel. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Buchanan, J. 2016. The doctrine of justification. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.

Bunyan, J. 1684. The pilgrim's progress. Wordsworth edition. Hertfordshire: Wordsworth Editions Limited.

Carson, D.A. 1996. Exegetical fallacies. *2nd ed*. Grand Rapids: Baker Academic.

Cavendish, R. 2004. Death of emperor Claudius. http://www.historytoday.com/richard-cavendish/death-emperor-claudius Date of access: 25 Oct 2017.

Chalcedon konsilie. 451. The definition of the council of Chalcedon [Engelse vertaling]. http://www.reformed.org/documents/index.html?mainframe=http://www.reformed.org/documents/chalcedon.html Date of access: 02 Nov. 2017.

Chicago Statement on Biblical Inerrancy. 1978. Chicago Statement on Biblical Inerrancy. *In* Sproul, R.C. 2005. Scripture alone: the evangelical doctrine. Phillipsburg: P&R Publishing.

Dortse leerreëls (DL). 1619. Die sinode van Dordrecht [Afrikaanse vertaling]. http://www.enigstetroos.org/pdf/Belydenisskrifte.pdf Date of access: 21 Nov. 2017.

Floor, L. 2005. Jakobus: Brief van 'n broer. Pretoria: Aros Uitgewery.

Foxe, J. 1981. Foxe's book of Martyrs. New Kensington: Whitaker House.

Griekse Bybel. 2014. The Greek New Testament. *5th ed*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.

Grudem, W. 2004. Systematic theology [Kindle ed.]. Available: http://www.amazon.com

Harrison, E.F., & Hagner, D.A. 2008. Romans. *In* Garland, D., & Longman, T. *eds.* 2008. The expositors bible commentary volume 11. Grand Rapids: Zondervan.

Harris, J. M. 2012. Prepositions and theology in the Greek New Testament: an essential reference resource for exegesis. Grand Rapids: Zondervan.

Hays, J.D. & Duvall, J.S. 2011. The Baker illustrated Bible handbook. Grand Rapids: BakerBooks.

Hebreeuse Bybel. 1977. Biblia Hebraica Stuttgartensia. Stuttgart: Deutsche Bibelstiftung.

Heidelbergse Kategismus (HK). 1563. Heidelbergse Kategismus [Afrikaanse vertaling]. http://www.enigstetroos.org/pdf/Belydenisskrifte.pdf Date of access: 02 Nov. 2017.

Heyns, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Hodge, C. 2014. Systematic theology: Three volumes in four parts [Kindle edition]. Delmarva Publications, Inc.

Horton, M. 2011. The Christian faith: A systematic theology for pilgrims on the way. Grand Rapids: Zondervan.

Jonker, W.D. 1976. Die brief aan die Romeine. Elsiesrivier: N.G. Kerk-Uitgewers.

Jordaan, G.J.C. 2014. Die binnewerke van antieke Grieks. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies.

Kaiser, W. & Silva, M. 2007. Introduction to Biblical hermeneutics: The search for meaning. *rev. ed.* Grand Rapids: Zondervan.

Kittle, G., William, G., Bromiley, T. & Friedrich, G. 1964. The theological dictionary of the New Testament. Grand Rapids: Eerdmans.

Kuiper, B.K. 2007. The church in history. Grand Rapids: Eerdmans.

Lewis, C.S. 1942. The weight of glory. https://www.verber.com/mark/xian/weight-of-glory.pdf Date of access: 26 Oct 2017.

Lloyd-Jones, M. 1971. Romans: An exposition of chapter 5, Assurance. Edinburgh: Banner of Truth Trust.

London Baptist confession of faith. 1689. http://www.reformed.org/documents/index.html?mainframe=http://www.reformed.org/documents/baptist_1689.html Date of access: 02 Nov. 2017.

Louw, J.P. & Nida, E.A. eds. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Cape Town: Bible Society of South Africa.

Moo, D. 1996. The epistle to the Romans. Grand Rapids: Cambridge.

Morris, L. 1965. The apostolic preaching of the cross. 3rd *rev. ed*. Grand Rapids: Eerdmans.

Murray, J. 1997. The epistle to the Romans. Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

NGB (Nederlandse Geloofsbelydenis). 1652. Nederlandse geloofsbelydenis [Afrikaanse vertaling]. http://www.enigstetroos.org/pdf/Belydenisskrifte.pdf Date of access: 02 Nov. 2017.

Oliphint, S. 2013. God with us: Divine condescension and the attributes of God. Wheaton: Crossway.

Packer, J.I. 2016. Introductory essay. *In* Buchanan, J. 2016. The doctrine of justification. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.

Packer, J.I. 2007. The heart of the gospel. *In* Packer, J.I. & Dever. M. *eds*. 2007. In my place condemned He stood. Wheaton: Crossway.

Packer, J.I. 1961. Evangelism and the sovereignty of God. Downers Grove: InterVarsity Press.

Parnell, J. & Strachan, O. eds. 2014. Good. Minneapolis: Desiring God.

Septuagint (LXX). 1979. Septuaginta. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.

Sproul, R.C. 1998. The holiness of God. Carol Stream: Tyndale.

Sproul, R.C. 2009. Knowing Scripture. *2nd ed*. Downers Grove: IVP Books.

Sproul, R.C. 2005. Scripture alone: the evangelical doctrine. Phillipsburg: P&R Publishing.

Spurgeon, C. 2015. All of grace [Kindle ed.]. Available: http://www.amazon.com

Stott, J. 1986. The cross of Christ. Nottingham: Inter-Varsity Press.

Textus Receptus (TR). 1550. Stephen's 1550 Textus Receptus. Bellingham: Logos Bible Software.

Trent Council. 1547. The canons and decrees of the sacred and oecemenical Council of Trent [Engelse vertaling]. http://www.documentacatholicaomnia.eu/03d/1545-1545,_Concilium_Tridentinum,_Canons_And_Decrees,_EN.pdf Date of access: 02 Nov. 2017.

Wallace, D. B. 1996. Greek grammar beyond the basics: an exegetical syntax of the New Testament. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

Westminster confession of faith. 1646. The Westminster confession of faith. http://www.reformed.org/documents/wcf_with_proofs/index.html Date of access: 02 Nov. 2017.

White, J.R. 1998. The forgotten trinity. Grand Rapids: Bethany House Publishers.

White, J.R. 2001. The God who justifies. Grand Rapids: Bethany House Publishers.